

Verhaal van Hoop
Lukas
Louis Nel

# Verhaal van Hoop

## 'n Reeks Oordenkinge oor die Evangelie van Lukas

Louis Nel

Oktober 2015

Voorblad:

Dagbreek oor 'n Meer naby mThubathuba

Foto en Ontwerp deur Louis Nel

Saamgestel deur

Mosbolletjie Publikasies

louis@dagstukkie.co.za

082 771 4925

www.dagstukkie.co.za

# Inhoud

## Klik op titel om na hoofstuk te gaan


Voorwoord
Dokter Lukas Vertel
Liewe Vriend van God
Sagaria en die Engel
Gabriël en Maria
Groot Opgewondenheid
'n Baba vir die Here
Die Sensus
Hy Gebruik Eenvoudiges
Jesus en die Wet
Die Seun in die Tempel
Johannes die Doper
Jesus se Doop
Jesus, Seun van God
Versoek deur die Duiwel
Nasaret Verwerp Jesus
Jesus in Kapernaum
Vissers van Mense
Jesus en die Melaatse
Die Verlamde en sy Vriende
Levi die Tollenaar
Sabbatsblapse
Twaalf Apostels
Seëninge
Lééf jou Liefde
Om te Oordeel
Vrugtebome
Fondamente
Twee Wonderwerke
Twyfel
Kritiek
Simon en Dáárdie Vrou
Vroue saam met Jesus
Die Saaier
Die Olielampie
Storm op die See
Die Kaal Man
Twee Dramas
Uitgestuur in die Wêreld
Wie is Hierdie Jesus?
Petrus se Belydenis
Om Jesus Te Volg
Jesus se Verheerliking
Onvermoë
Respek en Nederigheid
Om Jesus te Volg
Uitgestuurdes
Wie is nou Eintlik my Naaste?
Marta, Marta.....
Ons Vader...
Gebed
Jesus en Beëlsebul
Lampe en Bobbejane
Prioriteite
Drie Preke
Gierigheid
Is Jy Gereed?
Die Tyd Raak Min
Waar was God?
Mosterdsaadjie

Liefdesverhouding met Jesus
Jerusalen, Jerusalem!
Beskeidenheid
Die Feesmaal
Bereken Die Koste
Die Verlore Skaap
Die Pa wat sy Seuns Verloor het
Die Slim Bestuurder
Die Wet en die Koninkryk
Lasarus en die Ryk Man
Moeilike Opdragte
Tien Melaatse Manne
Die Seun Kom Weer
Gebed
Jesus en die Kindertjies
Begeertes
Derde Lydensaankondiging
Jerigo se Blinde
Die Mannetjie in die Boom
Tien Goue Muntstukke
Die Groot Intog
Reiniging van die Tempel
Jesus se Gesag
Die Boere en die Wingerd
Belasting?
Is daar lewe na die dood?
Die Grysneushoring
Twee Muntstukkies
Die Val van die Tempel
Eindtye
Verskrikking in Jerusalem
As die Vyeboom Bot
Wees Waaksaam
Judas Struikel
'n Opdrag van die Meester
Die Nagmaal
Wie is Baas?
Petrus, Petrus!
Twee Swaarde
In Getsemane
Pikdonker Duisternis
Petrus se Verraad
Jesus voor die Joodse Raad
Pilatus
Herodus se Ontnugtering
Kruisig Hom, kruisig Hom!
Die Pad na Golgota
Jesus Gekruisig
Twee Misdadigers- Een Belofte
Jesus Sterf
Josef van Arimatea
Hy het Waarlik Opgestaan!
Die Pad na Emmaus
Jesus Is Hier!
Die Hemelvaart



Gaan Na Inhoud

## Voorwoord

Aan die begin van Lukas se boek skryf hy aan die hooggeagte Teofilus: “Ek het dit goedgedink om self alles van voor af te ondersoek en die verhaal noukeurig in die regte volgorde neer te skryf. So kan u te wete kom dat die dinge waaroor u onderrig is, heeltemal betroubaar is.”

Ons ken almal die verhaal van Jesus, en ons het dit dalk al oor en oor gelees. Het ons egter hierdie verhaal ons eie gemaak? Glo ons dat dit wat oor Hom geskryf is, betroubaar is? Met hierdie boek wil ek poog om Jesus se verhaal ‘n persoonlike belewenis te maak vir elkeen wat dit lees.

Waar het hierdie reeks oordenkinge sy ontstaan? Met die draai van die eeu, die jaar 2000, kry die NG Gemeente Noordkus die opdrag om ‘n internetbediening aan te pak. Aanvanklik is dagstukkies, geskryf deur ‘n verskeidenheid leraars, gebruik om na gemeentelede uit te stuur. Sedert 2002 word die dagstukkies egter deur ‘n lidmaat van die gemeente gegenereer, en word die dagstukkies wêreldwyd uitgestuur om so die opdrag van Jesus in Matteus 28 uit te voer.

My innige bede is dat hierdie reeks oordenkinge vir jou ook soveel sal beteken as wat dit vir my beteken het terwyl ek dit geskryf het.

**Louis Nel**

# Dokter Lukas Vertel

## Inleiding tot Lukas

Wanneer laas het jy 'n koerant oopgeslaan en op die voorblad goeie nuus gelees wat jou tone laat omkrul van lekkerkry? En wanneer laas het jy die TV aangeskakel om nuus te kyk, en dan is die hooftrekke oorlaai met wonderlike nuus? Sulke dinge gebeur net eenvoudig nie. Verskeie mense het al vir my gesê dat hulle weier om 'n koerant te koop, want alles wat jy lees maak jou morbied. En om dieselfde rede kyk baie mense ook nie die nuus op TV nie. En ek neem hulle nie kwalik nie! Persoonlik wil ek die nuus sien, want ek wil weet wat in die wêreld aangaan. As gelowiges leef ons immers in die wêreld, al is ons nie van die wêreld nie!

Daar is ‘n honger by mense na iets wat mooi en goed is- iets wat ‘n redding kan bied uit hierdie stinkende modderpoel waarin ons ons bevind. Ons lewe dikwels in vrees en onsekerheid - wanneer gaan daar by my ingebreek word? Wanneer gaan ek ook ‘n slagoffer van aanranding wees? Die vraag is of ‘n mens dan nou maar gelate moet aanvaar dat die wêreld waarin ons leef ‘n wrede plek is sonder hoop op enige verbetering?

Lukas vertel ‘n verhaal waarin hy sê dat daar wél Iemand is wat omgee en ‘n plan het vir die wêreld se ellende. Hierdie is nie maar net nóg een van die talle skemas wat nie werk nie – nee, die Plan waarvan Lukas skryf is die enigste een wat waarlik werk, want hy vertel van Iemand wat ons mense se

geluk en voorspoed op die hart dra. Natuurlik is hierdie Iemand waarvan hy skryf God die Skepper van die heelal, wat duisende jare tevore alreeds aan Adam sy plan van bevryding bekend gemaak het.

Lukas, ‘n mediese dokter, het in ‘n Hellenistiese wêreld grootgeword. Aleksander die Grote het die Griekse taal en kultuur in die wêreld ingedra, sowat 400 jaar voordat Lukas sy boek geskryf het. In Lukas se tyd het daar omtrent 4 miljoen Jode om die Middellandse See gewoon, waarvan ‘n halfmiljoen in Palestina gebly het. Nie minder nie as sesduisend van hulle was Fariseërs. Aleksander se mag was natuurlik al lankal iets van die verlede, en die ganse wêreld rondom die Middellandse See was in die greep van die Romeine. Ten spyte hiervan was daar wél ‘n Joodse koningshuis wat ‘n klein bietjie mag gehad het, en daar was ook ‘n Joodse Raad, die Sanhedrin, waar die Godsdienstige leiers die septer geswaai het.

Op die platteland het dit dikwels baie swaar gegaan, want baie grondeienaars het stede toe getrek. Daar was swaar belastings, en bedelary en rowers was aan die orde van die dag. Dikwels as gevolg van armoede en onderdrukking, het daar opstande gekom en die samelewing verder gedestabiliseer. Baie mense het hulle tot toorkuns, astrologie en allerhande nuwe godsdienste gewend vir ‘n uitkoms.

Alhoewel die wêreld vergrieks was, was daar tóg ‘n baie hoë waardesisteem onder die Joodse bevolking. Die hoë morele

standaarde van die Judaïsme met sy geloof in ‘n persoonlike God en sy streng wette - veral soos die Fariseërs dit vertolk het - was vir baie ‘n uitkoms. Eer en skande het ‘n baie belangrike rol gespeel in die waardes van mense, en dit is dan ook binne hierdie waardesisteem dat ons die Evangelie van Lukas moet verstaan.

Lukas het nie sommer maar net gaan sit en begin skryf nie. Hy was ook nie die eerste een wat so ‘n Evangelie aangedurf het nie. In die eerste verse van sy boek skryf hy dat daar al baie voor hom was wat die verhaal aangedurf het. Ons weet byvoorbeeld dat Markus se Evangelieverhaal toe alreeds die lig gesien het. Lukas het hierdie boek van Markus gebruik as een van sy bronne. Hy het deeglik navorsingswerk gedoen voordat hy begin skryf het. Hy wou baie seker maak dat die inligting wat hy deurgee absoluut korrek en suiwer was, en dat die volgorde van sy verhaal reg was. Die feit dat die volgorde van die ander evangelies nie altyd korrek is nie, maak hulle natuurlik nie minder betroubaar nie. Die klem word net op ander aspekte geplaas. En natuurlik moes Lukas sakkevol inspirasie gekry het van die groot sendeling, Paulus, waar hy hom soms op sy reise vergesel het en vir hom as sekretaris gehelp het met sy briewe. Dalk was hierdie een van die groot aansporings om sélf te skryf. Later het hy dan ook ‘n “opvolgepisode” geskryf toe hy die boek Handelinge die lig laat sien het.

Die Evangelie van Lukas was bedoel om nie alleen die

waarheid oor te dra aan sy lesers, of maar net 'n verhaal te vertel nie, maar om mense hoop te gee in 'n baie deurmekaar wêreld. Vandag is ons wêreld nog meer deurmekaar, en steeds is Lukas se boek vars en nuut en 'n absolute verkwikking in 'n tyd waar ons nie herwaarts of derwaarts weet nie. Lukas vertel vir ons van God se Verlossingsplan, iets wat dalk vir baie mense al ou nuus is. Maar dikwels kry ek nog te doene met mense wat desperaat is vir hierdie wonderlike verlossingsplan. Lukas se verhaal mag dalk 2000 jaar oud wees, maar die inligting en die boodskap is steeds relevant. In ons moderne wêreld van tegnologie en wetenskap bied hierdie boek steeds net soveel hoop as in die Hellenistiese wêreld waarin Lukas en sy eerste lesers geleef het.

Gebed:

Dankie Hemel Vader vir die wonderlike hoop wat U aan ons gee in hierdie onseker tye.

# Liewe Vriend van God

## Lukas 1:1-4

Dokter Lukas sit by die skryftafel, gansveer in die hand. Dit is nie die eerste keer dat hy 'n brief skryf nie, hy het dit al menigmaal gedoen namens Paulus. Maar hierdie keer is dit anders, hierdie slag is dit sy eie skryfwerk.

“Hooggeagte Teofilus!” begin hy sy verhaal.

Lukas glimlag, die man se naam “Teofilus” beteken letterlik “Vriend van God.” Hy het al verskeie kere met Teofilus gesels oor Jesus, en nou het hy besluit om die volledige verhaal van Jesus vir hom neer te skryf presies soos wat dit alles gebeur het. Inderdaad het hy 'n klomp navorsing gedoen en met verskeie ooggetuies gepraat oor presies wat alles gebeur het. Hy het ook Markus se verslag gelees en verskeie ander verslae wat geskryf is oor Jesus. Nou wag daar 'n groot taak op hom om alles te verwerk en dit noukeurig in die regte volgorde neer te skryf.

Lukas besef ook baie deeglik dat hierdie nie maar net ‘n “storie” kan wees nie, maar dit moet ‘n akkurate kombinasie wees van kuns en wetenskaplike rapportering. En die belangrikste is dat dit die boodskap van God aan Teofilus en al die ander mense sal wees wat dit lees.

Vir Lukas het daar ‘n moeilike taak voorgelê om hierdie verhaal te skryf, want hy was nie persoonlik betrokke nie- hy was nie ‘n ooggetuie van wat met Jesus gebeur het nie. Dit is


_Gaan Na Inhoud

soveel makliker as ‘n mens sélf die dinge ervaar het. ‘n Tyd gelede het ek die wonderlike voorreg gehad om te luister na die bekende avonturier Kingsley Holgate, wat die ganse Afrika platgery het. Ek het behoorlik aan sy lippe gehang toe hy ‘n volle uur en ‘n half aanmekaar vertel het van sy avonture in donker Afrika. Elke oomblik daarvan het hy persoonlik beleef, en dit was deel van sy lewe. Dit was maklik vir hom om dit met ons te deel, want hy het bloot sy avonture herleef in sy gedagtes. Vir Lukas was dit anders, en hy moes met talle mense gesels wat die gebeure beleef het, en probeer sin maak van wat hulle vertel. ‘n Lang tyd het reeds verloop sedert die dinge plaasgevind het, en elke persoon se verhaal moes hy evalueer en in perspektief plaas. Belangriker nog - hy moes hierdie verhaal wat voor hom ontvou het soos wat hy met mense gesels, sy eie maak, en dit sélf in sy gedagtes beleef.

Nadat Lukas die honderde brokkies opgeteken het, wag daar nog ‘n groter taak op hom- om sin te maak van alles en dit in volgorde saam te voeg in ‘n verhaal wat kronologies sin maak. Dit was ‘n reuse taak.

Vandag is dit relatief maklik om so ‘n taak aan te pak. Met die moderne tegnologie van Internet, vinnige vervoer, georganiseerde argiewe en opgeleide wetenskaplikes, is navorsing relatief eenvoudig. Ons moet egter onthou dat Lukas nie sulke tegnologie beskikbaar gehad het nie- dit was dus ‘n reuse taak, en ek neem aan dat hy dikwels lang

afstande moes aflê wat weke geduur het om enkele feite te kon boekstaaf.

Wat maak dat ‘n mens soveel moeite doen? ‘n Skrywer hoop gewoonlik dat sy navorsing uiteindelik gaan beteken dat sy boek goed verkoop, en dat hy ‘n paar Rand daaruit sal maak. Lukas het nooit daardie vooruitsig gehad nie. Wat was dan sy doel? Hy wou aan Teofilus al die feite deurgee sodat hy die Christelike waardes wat hy geleer is kon vasmaak met die ware feite.

Daar is egter ‘n ander aspek rondom hierdie verhaal wat ons dééglik in gedagte moet hou. Alhoewel Lukas dit nie pertinent noem nie, weet ons uit ander Skrifgedeeltes dat hierdie asemrowende stukkie werk nooit ooit die lig kon sien as die Heilige Gees nie Persoonlik die inspirasie hier agter was nie. Dit het nie maar toevallig gebeur dat Lukas begin skryf het nie. Hy het met Paulus te doene gekry, en dáár het hy die liefde vir skryf aangeleer toe hy Paulus se briewe namens hom moes skryf om die swaksiende ou man te help. Die tye wat hy saam met Paulus deurgebring het, moes hom ‘n wonderlike insig gegee het oor waaroor dit alles gaan. Dit het hom sekerlik ook in kontak gebring met van die ooggetuies wat eerstehands hierdie dinge ervaar het. Op hierdie wyse het die Here wonderlik voorsien om ‘n begaafde man te kry om die verhaal van Jesus op te teken.

Maar daar het dit baie beslis nie opgehou nie, want elke oomblik van sy navorsing en sortering en deur die hele


Gaan Na Inhoud

skryfproses was die Heilige Gees teenwoordig en het Hy vir Lukas inspirasie gegee om die regte dinge te kon skryf. Nee, Hy het nie woord-vir-woord vir Lukas gedikteer nie. Ons sien duidelik hoedat Lukas se eie persoonlikheid na vore kom in sommige dele. Maar wat ons wel baie deeglik moet verstaan is dat die Heilige Gees vir Lukas gebruik het om die verhaal te skryf.

Jou naam is ook Teofilus - is jy dan nie lief vir God nie? Daarom is hierdie verhaal persoonlik vir jou en my geskryf. Die Outeur is in werklikheid die Heilige Gees, en daarom praat Hy deur hierdie wonderlike verhaal met jou en met my. Kom ons lees dit dus met ‘n oop gemoed, en drink elke woord in wat die Heilige Gees vir ons met hierdie verhaal wil sê. Omdat Hy persoonlik met elkeen van ons hierdeur praat, gaan elkeen se boodskap anders, uniek en persoonlik wees.

Gebed:

Here, dankie vir Lukas, en dankie dat U ook deur sy skryfwerk met my persoonlik praat.



_ Gaan Na Inhoud

## Sagaria en die Engel

## Lukas 1:5-25

Lukas se verhaal begin by die geboorte van Johannes en Jesus.

“Eendag, lank, lank gelede....”, so het ek al menigmaal 'n storie begin vir die kinders. En dan speel die verhaal af iewers in die verre verlede, met fiktiewe karakters daarin. Lukas se verhaal is egter feitelik, en nie een wat in die lug hang nie, dus begin hy deur dit aan ‘n bepaalde tyd te koppel - dit het ‘n besliste plek in die geskiedenis. Dit het afgespeel in die tyd toe Herodus die Grote oor Judea regeer het. Die hooffiguur van hierdie eerste perikoop is ‘n priester met die naam Sagaria. Daar was omtrent 18’000 priesters en Leviete in Palestina in daardie tyd. Sagaria het behoort aan die orde van Abia, die agste van 24 priesterordes. Hierdie ordes het elkeen twee keer per jaar vir ‘n week lank tempeldiens gedoen. Sy vrou, Elisabet, was ook uit die priesterlike geslag.

Sagaria word vir ons voorgestel as ‘n Godsdienstige leier wat vroom was, met ander woorde getrou aan die Wet van God, in groot teenstelling met baie van die Godsdienstige leiers met wie Jesus later te doene sou kry. Die groot verskil was dat sy vroomheid uit sy hart gekom het - ‘n opregte liefde vir God en nie soos met die meeste ander waar dit gegaan het om eiegeregtigheid nie.

Sagaria en Elisabet het een baie groot probleem gehad: hulle



Gaan Na Inhoud

was kinderloos, iets wat in daardie tyd amper ‘n skande was. Dit was 'n hopelose situasie, want albei was al te oud vir kinders. Hoe ironies, dat die ouers van die seun wat die voorloper vir die langverwagte Messias sou word, niks gehad het om te wys nie, niks wat daardie droom sou kon verwesenlik nie.

Die eerste toneel speel af in die Tempel in Jerusalem, en Lukas se verhaal eindig in die heel laaste versie weer in dieselfde Tempel. Dit is baie belangrik, want vir die Jode was dit die woonplek van God op aarde, en dáár het Hy Sy teenwoordigheid onder die volk bekend gemaak met die koms van die Christus.

Daar is egter ook ‘n ander uiters belangrike saak waarop Lukas ons aandag wil vestig: die krag van gebed. Lukas se verhaal begin waar Sagaria in die tempel besig is, en die volk buite besig is om te bid. Alhoewel hulle nie sélf kan deelneem aan die priesterlike handelinge nie, kan hulle deur hulle gebed deel wees daarvan. Vir ons as lesers van die Evangelie skep dit ‘n verwagting: dáár waar mense saam bid kan iets baie dramaties gebeur! Nee, ons kan nie vir God manipuleer deur gebed nie, maar deur ons gebed kan ons besef hoe afhanklik ons in werklikheid van God is, en ervaar ons Sy liefde in sy volle intensiteit.

Op die bepaalde dag word Sagaria aangewys om die wierook op die altaar te gaan brand. Buite kan hy hoor hoe die volk besig is om te bid. Dit is vir hom ‘n doodgewone werksdag,

en met groot toewyding begin hy sy taak verrig, en hy sit ‘n wierookoffer op die altaar soos hy al vir baie jare gedoen het. Maar dan word hy skielik bewus van ‘n gewaarwording wat sy hare laat regop staan: hy is nie alleen in die heiligdom nie! Regs van die altaar staan daar skielik iemand. Sagaria skrik hom boeglam as hy geskok hierdie vreemde persoon aangaap. Dan praat die man, en dadelik weet Sagaria dat hierdie nie maar ‘n gewone man is nie, maar 'n engel van die Here, niemand anders nie as Gabriël, een van die troonengele van God wat namens God mag praat. Dit is iets wat slegs gebeur by baie besonderse geleenthede, en daarom Sagaria se vrees.

Die engel stel Sagaria gerus, en dan kondig hy aan dat sy gebed en dié van Elisabet beantwoord is. Hulle sal op hulle oudag ‘n seuntjie hê, maar hierdie kind sal ‘n baie besonderse plek vervul in God se groot Raadsplan. Hy sal met die Heilige Gees vervul wees van sy geboortedag af, en op sy skouers sal die taak rus om die pad voor te berei vir die Messias, die Seun van God. Hierdie kind het die taak om die volk se gedagtes op God te fokus sodat hulle die Messias sal herken. Die Heilige Gees sal hierdie kind die krag gee om ‘n ware profeet van God te word, een wat selfs Elia se skoene sal volstaan.

Sagaria skud sy kop in ongeloof. “Dis onmoontlik”, dink hy. “Hoe sal ek weet of dit waar is?” vra hy vir die engel. God bewys Sy almag deur Sagaria stom te maak.


Gaan Na Inhoud

Die menslik-onmoontlike gebeur, en Elisabet, ‘n ou vrou  raak swanger. Lukas skets hier dat daar vir God absoluut niks onmoontlik is nie. Sy almag is sonder perke. Terwyl Sagaria sy tong kan afbyt dat hy getwyfel het, jubel Elisabet, want sy het geweet dat God se belofte besig is om in vervulling te gaan.

Wonderwerke het nie opgehou by Sagaria of selfs by Jesus se bediening nie. Dag-vir-dag beleef ek God se ongelooflike wonderwerke in my lewe. Elke dag begin vir my met ‘n wonderwerk, wanneer hierdie dagstukkie gebore word, want ek is nie uit my eie in staat om dit te skryf nie. Sy Vaderlike voorsiening in my lewe is asemrowend- ek is totaal van Hom afhanklik. Ek kan Hom maar net loof en dank.

Gebed:

Dankie Here, dat U my so op U liefderyke hande dra elke dag van my lewe.



Gaan Na Inhoud

# Gabriël en Maria

## Lukas 1:26-38

Ses maande verloop sedert die engel aan Sagaria verskyn het. Die wonderwerk het gebeur presies soos die engel voorspel het, en die bejaarde Elisabet is hoogswanger. Sy en die gryse Sagaria het al lankal vrede gemaak met die feit dat hulle kinderloos sou sterwe. Maar nou het God die absoluut onmoontlike gedoen! Hoe het hulle lewe nie verander nie, in 'n oogwink!

Die toneel skuif nou na ‘n jong meisie met die naam Maria. Soos die gewoonte in daardie jare is sy skaars veertien jaar oud, nog nie eers sestien nie, en sy is verloof aan die skrynwerker Josef, ‘n verlowing wat deur haar pa gereël is. Om verloof te wees, beteken dat daar nou nie meer omdraaikans is nie, alhoewel die huwelikseremonie nog nie amptelik plaasgevind het nie. Alles is reeds gefinaliseer. Lukas beklemtoon die feit dat Maria nog steeds ‘n maagd is.

Anders as vandag, waar min meisies van haar ouderdom nog hulle reinheid bewaar het, was dit in daardie tyd van uiterste belang dat ‘n meisie nooit omgang sou hê nie, tot die dag van haar huwelik. Só gesteld was die gemeenskap oor ‘n rein lewe, dat iemand wat egbreuk pleeg gestenig kon word. Hulle kon met klippe doodgegooi word!

‘n Vrou het ook nie juis ‘n belangrike rol in die samelewing gespeel nie. As sy boonop nog ‘n jong meisietjie soos Maria

was, was sy skaars meer as een van haar pa se karige besittings beskou. Wanneer die engel dus vir Maria groet met "Ek groet jou, begenadigde! Die Here is by jou," skrik sy haar byna dood. Wat het sy, die eenvoudige, onbelangrike meisie gedoen om sulke groot woorde te verdien? Sy is verbysterd, wat kan dit tog beteken? Baie gou stel die engel die arme verbouereerde meisie gerus, en hy deel vir haar die ontstellende nuus mee dat sy swanger gaan word. Maria se knieë word skielik lam, hoe is dit tog moontlik? Die engel gaan kalm voort en beskryf in detail allerhande dinge wat haar verstandjie gladnie wil begryp nie. "Hy sal die Seun van die Allerhoogste genoem word", hoor sy die engel sê.

"Maar dis onmoontlik!", skree haar verstand, "Ek droom!" Die engel gaan rustig voort en vertel vir haar dat haar Seun Jesus (so moet sy Hom noem) op die troon van Sy voorvader Dawid sal sit, en dat Hy vir ewig as Koning sal heers.

Maria se kop draai - alles is net hééltemal te veel vir haar. "Hoe is dit moontlik? Ek het nog nooit met 'n man omgang gehad nie," protesteer sy.

Die engel verduidelik van die Heilige Gees wat die lewe in haar sal wek en dat haar Seun die Seun van God sal wees. Maria se verstand sê vir haar dat dit sekerlik 'n fout moet wees, dit is tog totaal onmoontlik! Maar dan vertel die engel vir haar van haar bejaarde tante Elisabet wat ses maande swanger is. As so 'n wonderwerk met haar kinderlose tante kon gebeur, dan is die wonderwerk wat hier besig is om voor


Gaan Na Inhoud

haar oop te vou ook mos nie onmoontlik nie! Absoluut enigiets is vir God moontlik!

En so berus Maria daarby: “Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het.”

Baie jare later - Maria was al ‘n stokou vrou - het Lukas waarskynlik lang gesprekke met haar gevoer, en sy het alles wat sy in haar hart bewaar het oor daardie ongelooflike gebeurtenis met hom gedeel. Wat tóé vir Maria as jong meisietjie na ‘n onmoontlikheid en totaal onwerklik gelyk het, moes sy later uitvind dat alles absoluut waar was, tot op die laaste kommatjie. Uit die woorde van die engel was dit baie duidelik dat Jesus, Maria se Seun, die Messias was waarna die ganse Joodse volk so lank al uitsien. Die verskriklike onderdrukking wat hulle nou al honderde jare lank moes verduur sou op ‘n einde wees wanneer hierdie Messias kom. Hulle het dit egter totaal verkeerd verstaan, want die Messias sou nie ‘n politieke leier wees nie - Hy sou wél Koning wees tot in alle ewigheid. As Messias is Hy die Seun van God, ‘n feit wat Lukas telkemale in sy verhaal beklemtoon. Dit is dus God wat die sentrale figuur in sy verhaal is.

Lukas vertel die verhale van Jesus en Johannes se geboortes as paralelle - twee groot wonderwerke wat gelyktydig plaasvind. Daardeur wil hy aan sy lesers oordra dat God in die menslike geskiedenis ingegryp het. Deur sy Gees het God gewerk in die geboorte van Johannes en Jesus. Die krag van

God is skeppend, so sien ons ook in die skeppingsverhaal waar die Gees van God oor die watervloed gesweef het en dit beheer het in Sy skeppingsmag.

Daar is mense - selfs geleerdes - wat ‘n probleem het met hierdie maagdelike geboorte. Albei hierdie onnatuurlike swangerskappe blyk onmoontlik te wees. Tóg het dit gebeur! Ons wil vandag al te dikwels beperkings plaas op God se almag. As hy tóé die onmoontlike kon doen, kan Hy dit vandag steeds doen. Gister het ek getuig van wonderwerke in my eie lewe, en ek wil dit vandag beklemtoon, want by Hom is absoluut alles moontlik. “Niks is vir God onmoontlik nie.” (Luk 1:37)

Gebed:

Here, God almagtig, ek wil U vanoggend loof en prys, want aan U almag is daar geen einde nie.



Gaan Na Inhoud

## Groot Opgewondenheid

## Lukas 1:39-56

Om swanger te wees, moet sekerlik ‘n baie groot opgewondenheid in ‘n vrou wakker maak. Binne enkele ure weet almal wat in haar lewe vir haar belangrik is dat sy swanger is. Haar arme man moet dan net bontspring, want sy wil elke liewe tydskrif hê oor babas en swangerskap, en sy wil al wat ‘n babawinkel is deeglik deurtrap. En arme manlief moet saampiekel en as hy durf wys dat hy dit nie terdeë geniet nie, dan is daar móéilikheid met 'n hoofletter “M”! En as die boepie begin wys, dan word hy ekstra geaksentueer en uitgedruk sodat niemand die fout kan maak om dit nié raak te sien nie. Deesdae sal die brawes hier by agt maande rond met die bolmagie ontbloot rondloop om daardie wonderwerk aan die ganse wêreld uit te basuin.

O, en dan is daar mos die saamgekoekery van al die swanger vroutjies, en al hulle gewaarwordinge word tot vervelens toe met hulle mede-verwagtendes gedeel. Dit kekkel en dit kloek erger as ‘n klomp broeishenne bymekaar.

Daardie opgewondenheid kan seker nie anders nie, want elke swangerskap is ‘n wonderwerk op sy eie. Daar is ‘n splinternuwe lewe besig om te vorm in haar buik, ‘n lewe wat God in die klein ongebore kindjie geblaas het.

Vir Maria is hierdie opgewondenheid nog soveel groter: nie alleen is sy swanger nie, maar die klein lewetjie wat sy in



Gaan Na Inhoud

haar dra, is die Seun van God, die langbeloofde Messias waarop haar volksgenote so brandend wag! Sy wil dit uitbasuin, dit uitskreeu aan die wêreld. Maar sy mag nie, want sy in nog nie getroud nie. Die gemeenskap sal haar kruisig!

Sy wil dit deel met iemand wat ook soos sy voel. “Tannie Elisabet,” flits dit deur haar borrelende gedagtes, “Tannie Elisabet het óók ‘n wonder-swangerskap nes ek, die engel het sélf so gesê! Sy sal verstaan......” Haastig pak sy haar goedjies en vertrek na Oom Sagaria en Tannie Elisabet se huisie in ‘n klein dorpie in die berge van Judea. Sy is borrelend van opgewondenheid.

Die bejaarde Elisabet sit ongeduldig die dae en aftel: “Nog net drie maande, dan word my wonder-baba gebore, o blye dag!” Dan hoor sy ‘n vrouestem by die deur: “Shalom, tannie Elisabet!” Op daardie oomblik skop en beweeg die baba in haar moederskoot, al asof hy die stem gehoor het en opgewonde is oor die besoeker. As sy sien dat dit haar niggie Maria is, wel ‘n wonderlike gevoel op in Elisabet, en skielik is dit asof die teenwoordigheid van die Here so oorweldigend is, dat sy nie anders kan nie as om in ‘n lofsang uit te bars. Vol van die Heilige Gees jubel sy dit uit: “Geseënd is jy onder die vroue en geseënd is die vrug van jou moederskoot!” Maria se mond hang oop: “Hoe het sy geweet wat met my gebeur het?”

“Waaraan het ek dit te danke dat die moeder van my Here



_Gaan Na Inhoud

na my toe kom?" wil Elisabet opgewonde weet, en sy babbel voort en vertel vir Maria van haar kindjie wat van pure vreugde in haar beweeg het net toe hy Maria se stem hoor.

Maria is so meegevoer deur hierdie lofbetoning, dat sy sélf uitbars in 'n lofsang wat spontaan diep uit haar hart kom: "Ek besing die grootheid van die Here, ek juig oor God my Verlosser, omdat Hy na my geringheid omgesien het," borrel dit oor die lippe van die jong meisie in 'n Geesvervulde loflied. Sy sing van die groot dinge wat die Here aan haar gedoen het en sy besing Sy heiligheid. Sy besing die grootheid en almag van die Here, en van Sy groot ontferming wat Hy aan haar bewys het.

Vir drie maande kuier Maria by haar tante, en ek kan my voorstel waaroor hulle gesprekke gegaan het. Natúúrlik is daar baie gewonder en gegis oor die twee babas wat aan die kom was, en die wonderlike vooruitsig. Maar niks op aarde kon hulle voorberei vir wat werklik op hierdie twee ongebore seuntjies sou wag nie. Johannes het 'n profeet geword wat uit en uit vir God geleef het. Uiteindelik is hy deur Herodus onthoof, suiwer vir een van sy wrede vrou se gru-grille. En Jesus? Ons ken die pad wat Hy moes stap......

Soos in daardie tyd die verwagting baie groot was vir die koms van die Messias, so is daar vandag 'n baie groot verwagting onder gelowiges vir die wederkoms van Jesus. Al die tekens sien ons daagliks gebeur, die tekens wat voorspel is deur Johannes en die ander profete. Is daar by jou ook so

‘n borrelende opgewondenheid? Ja, met ‘n swangerskap wag daar dikwels baie swaarkry, rugpyn, naarheid, komplikasies, geboortepyne, en uiteindelik die ondraaglike pyn wanneer sy kraam. Net so wag daar vir ons as gelowiges nog baie swaarkry, en hoe nader dit na die eindtyd gaan, hoe erger raak dit. Soms voel dit asof ons wil moed opgee. Maar soos met die swangerskap die vasbyt uitloop op ‘n wonderwerkie van God, ‘n splinternuwe lewetjie, so wag daar ook ná al die swaarkry op ons die wonderlike splinternuwe lewe in heerlikheid saam met Jesus. Maranatha! Kom, Here Jesus, kom gou!

Gebed:

Dankie vir hierdie heerlike inspirerende verhaal Here. Kweek asseblief ook in my die borrelende opgewondenheid oor die wederkoms van my Here.

## 'n Baba vir die Here

## Lukas 1:57-80

Elisabet se swangerskap op haar oudag is groot nuus. Almal het voorheen die arme vrou meëwarig aangekyk wanneer sy gaan water haal: "Foeitog, die arme kinderlose vrou!" Nou het dit egter verander na 'n blik van verwondering: "Wat 'n ongelooflike wonderwerk!" Hierdie woorde is op elkeen se lippe wanneer die bejaarde swanger vrou die straat afstap. Wanneer die groot dag van die wonderbaba se geboorte aanbreek, is die hele dorp daar om hierdie kindjie te sien. Gaan dit darem 'n seuntjie wees? Natúúrlik het Elisabet en Sagaria reg van dag een af geweet dat dit 'n seuntjie gaan wees, die engel het immers sélf so gesê!

Wanneer die baba se eerste skree uit Elisabet se huis weerklink, gaan daar 'n groot gejuig op by Sagaria se huisie in die berge van Judea. En daar word feesgevier tot laataand toe. Agt dae later is die héle dorp weer bymekaar, hierdie keer om te kom sien hoedat Sagaria se seuntjie besny word. Die mense kyk die arme stom Sagaria meëwarig aan: "Foeitog! Dat die arme siel nou so op sy oudag moes stom word!" Hulle skud die kop en klik-klik hulle tonge: "Nege maande nou al wat hy so is!"

Die kindjie moet naam kry, en die ou priester wat die besnydenis behartig neem sommer aan dat die bloedjie na sy pa vernoem word. Sagariatjie, wil hy hom noem. Elisabet keer egter: "Nee, nee, Johannes moet sy naam wees!"



Gaan Na Inhoud

Daar sak ‘n ongemaklike stilte toe oor die skare: “Het die ou vrou nou ook koekoes geword nes haar ou man?”

“Elisabet, daar is mos niemand in julle familie met daardie naam nie? Wat is dit met jou? Wat sê Sagaria?” En dan onthou hulle dat die arme ou drommel mos nie kan praat nie. En as iemand nie kan praat nie, kan hy mos ook nie hoor nie! Met groot gebare beduie hulle vir hom: “W-A-T M-O-E-T H-Y G-E-N-O-E-M W-O-R-D?”

Sagaria beduie vererg dat hy g’n doof is nie, en dat hulle vir hom ‘n skryfbordjie moet bring. Almal rek hulle nekke om te kan sien wat hy skryf. En dan snak hulle na hulle asems: “Johannes,” staan daar in groot letters op die bordjie geskryf.

Die volgende oomblik kry ou Sagaria sy stem terug, en tot groot verbasing (en ontsteltenis) van almal begin hy praat en babbel van pure opgewondenheid. Dan bars hy uit in ‘n loflied. Hy sing Geesvervuld van die almag van God en hy sing van die Sterk Verlosser wat die Here aan Sy volk gegee het. Hy sing van hoe die Here Sy volk gered het en van die verbond wat God met hulle gemaak het. Dan slaan hy oor na ‘n profesie, en hy profeteer oor die kleine Johannes, dat hy ‘n profeet sal wees en dat hy die pad gaan gereed maak vir die koms van die langverwagte Messias.

Almal kom diep onder die indruk van die grootheid van die oomblik. Die nuus versprei soos ‘n veldbrand, en vir ‘n lang ruk gaan elke gesprek om één ding: dáárdie wonderbaba, Johannes. “Wat sal tog eendag van hierdie kindjie word?”

wonder almal.

Lukas merk terloops op: “Dit was duidelik dat die Here by hom was.” (Luk 1:66). Hy som Johannes se kinderlewe en jeug op in een enkele sinnetjie: “Die kindjie het opgegroei en sterk geword deur die Gees.” (Luk 1:80).

As ‘n jong man het hy later in afsondering in die woestyn gaan bly om hom voor te berei vir die reuse taak wat op sy skouers sou rus. Op dertigjarige ouderdom tree hy skielik een mooi dag na vore as ‘n kragtige prediker en profeet. Maar dáároor sal ons later meer vertel.

‘n Baba is altyd ‘n baie groot gebeurtenis in die lewe van ‘n ouerpaar. Daar word die skatlikste kleertjies gekoop en sagte speelgoedjies, en die baba word met groot sorg voorberei vir die lewe. Uiteindelik gee hy sy eerste treetjies, en sê hy sy eerste woordjie. Hy word met groot sorg geleer van al die dinge rondom hom. Dikwels kan ‘n kind skaars praat, dan verstaan hy al hoe om ‘n rekenaar te werk.

Die tragiese is egter dat die meeste ouers só behep is om die kind akademies op die lewe voor te berei, dat daar nooit by die geestelike uitgekom word nie. Dalk het dit ook iets te doen met ons lewensstyl, dat daar bloot nie tyd is om nog aan die geestelike óók aandag te gee nie.

My dierbare neef Louis Nel van Melkrivier vertel dat daar nooit 'n dag in sy lewe was waar hy moes kies vir Jesus nie. Vandat hy kon onthou het hy geweet dat hy 'n kind van die



Gaan Na Inhoud

Here is. Waarom? Omdat Pa Jannie, destyds skoolhoof van die plaasskooltjie op Melkrivier hom van babatyd af ál die dinge van die geloof geleer het!

Ons lewe in ‘n tyd waar daar ‘n mengelmoes van godsdienste in die skole is, en as ‘n kind nie alreeds vóór kleuterskool ‘n goeie geloofsbasis het nie, gaan hy die pad byster raak in die godsdiensdoolhof van Moslem, Hindoe en voorvaderaanbidding, waar die Christendom dikwels tweede viool moet speel. Liewe ouer, ek pleit vanoggend by jou om nie jou kind die ewige verdoemenis in te stuur nie, gee hom asseblief die geloofsfondament wat hom kan staande hou wanneer die aanslae van die lewe kom.

Gebed:

Here, gee ons ouers asseblief die insig en wysheid en deursettingsvermoë om hulle kindertjies vir Jesus groot te maak.

# Die Sensus

## Lukas 2:1-7

Ek sit voor my rekenaar en werk, en skielik verskyn daar uit die bloute 'n vlaggie: “Reuse Deurbraak met Internet!” Ek is nuuskierig om te sien wat hierdie “deurbraak” is, ek maak die webwerf oop: Daar is 'n skakel wat jou kan terug neem in die geskiedenis na 'n spesifieke tyd en plek in die verlede.

My hande bewe eintlik wanneer ek die datum insleutel op die jaar 8vC. “Watter plek?” vra die rekenaar my. Ek dink 'n bietjie, en dan tik ek in “Rome” en “Augustus se paleis.” Ek was nog altyd gefassineer deur die Romeine.

Op my rekenaarskerm verskyn 'n weelderige gebou en 'n omgekrapte goudbehangde man in 'n spierwit gewaad. Hy stap ongeduldig op en af terwyl 'n halfdosyn amptenare, óók in wit gewade al agter hom aanstap. Skielik gaan staan hy stil en in die proses veroorsaak hy so byna-byna 'n kettingbotsing van amptenare. “Ja, ek verstáán dat ons dit nie gewoonlik doen nie, maar ek wil wéét hoeveel onderdane in die ganse Romeinse Ryk is!” tier hy.

Die amptenare is baie ongemaklik met sy splinternuwe gier, om 'n sensus te wil hou dwarsdeur die Ryk. Besef hy ooit wat hy vra? Maar Augustus is nou eenmaal die keiser, en hulle moet maar doen wat hy beveel! “Kry vir Sirenius, die goewerneur van Sirië om die ding te organiseer. Hy laat dinge gebeur!” beveel Augustus, en daarmee is dit



Gaan Na Inhoud

afgehandel.

Ek tik 'n ander datum in: 7vC. en die plek Betlehem. Die program sukkel om die dorp te kry en ek moet verduidelik dat dit in die Palestynse provinsie, Judea is. Op die skerm verskyn ‘n klein stadjie, as jy dit ooit 'n stad kan noem. Die rekenaar verduidelik dat dit ook bekend staan as die stad van Dawid, omdat dit sy persoonlike eiendom was. ‘n Groot menigte mense stroom die stad binne. In die lang tou van mense fokus die skerm skielik op ‘n man wat opmerklik iemand is wat gewoond is om met sy twee rowwe hande te werk, en by hom ‘n hoogswanger meisie op ‘n donkie. Ek is opgewonde: dit kan niemand anders wees nie as Josef, die timmerman van Nasaret en sy verloofde, Maria. Niemand slaan eers ag op hierdie twee eenvoudige mense nie.

Lukas beskryf in ‘n paar sinnetjies die geboorte van Jesus, so asof dit ‘n alledaagse gebeurtenis was. Daar is egter baie, baie meer in hierdie verhaal as wat die oog tref. Eers is daar die hoofspelers: aan die een kant het ons twee magtige politieke figure, keiser Augustus, die magtigste man in die wêreld en sy handlanger, Sirenius wat die goewerneur van die groot streek Sirië was. Aan die ander kant sien ons twee doodgewone mense sonder enige status, Josef en Maria. Augustus se mag was astronomies, en baie mense het hom gesien as ‘n soort god. Hy was in beheer van die ganse wêreld. Josef se eenvoudige lewenswyse was géénsins noemenswaardig nie, en Maria, as vrou, se status was totaal

niksseggend.

Augustus kondig ‘n wêreldwye volkstelling af. Dit was ‘n ongewone bevel van astronomiese omvang. Die Romeine het wél sensusse gehou vir hulle eie burgers asook kleiner sensusse vir die plaaslike bevolking vir belastingdoeleindes. ‘n Wêreldwye volkstelling was egter ongehoord, want die logistieke probleme rondom só ‘n aksie is net eenvoudig te groot. Om dinge te vergemaklik moes elke inwoner na sy voorgeboortelike dorp gaan, wat ‘n totale ontwrigting van die samelewing beteken het.

Ten spyte van die omvang van Augustus se operasie, het die gebeurtenis totaal in die vergetelheid verdwyn, en selfs in die annale van die geskiedenis word dit nie eers vermeld nie. Die parallelle gebeurtenis, die geboorte van die baba van twee feitlik onbekende mensies in die eenvoudige gehuggie van Betlehem, word beskou as die grootste gebeurtenis van alle tye. Waarom?

Die antwoord, in kort, is dat dit alles die werk van God is.

Die feit is dat God vir Augustus gebruik het om hierdie ongewone ding te laat gebeur, want anders sou Josef nooit, óóit vir Maria na Betlehem geneem het in haar toestand nie, en Jesus móés in Betlehem, die Dawidstad gebore word. Tweedens was dit baie belangrik dat Hy in ‘n stal sou gebore word, en dat Sy eerste bedjie ‘n krip sou wees waaruit diere vreet, om só alreeds by geboorte die lydensweg te begin. Dáárom die volkstelling en die horde mense sodat daar

nêrens elders vir hulle plek sou wees as in ‘n vuil stal nie - absolute Goddelike ingryping!

Baie mense wil hierdie dinge verklaar deur te sê dat dit ‘n wonderlike sameloop van omstandighede was. Nee! Die hele gebeurtenis was haarfyn deur God beplan om uit te werk tot op die sekonde en die presiese, regte plek. Elders sien ons dat selfs die sterre en planete presies reg gereageer het volgens God se bevel.

Ons staar ons dikwels blind teen die Kindjie in die krip, en vergeet om die groter prent raak te sien, hoe die almagtige God alles laat gebeur het soos wat Hy dit beplan het. Om dit selfs duideliker vir ons as mense te maak, het Hy hierdie dinge in die Skrif laat opteken deur Sy profete, honderde jare voordat dit plaasgevind het. Voor só ‘n God kan ons net neerval in aanbidding.

Gebed:

Here, vanoggend staan ons in verwondering oor U almag. Ons loof en prys U grote Naam.



Gaan Na Inhoud

# Hy Gebruik Eenvoudiges

## Lukas 2:8-20

Die afgelope rukkie was die wêreld in ekstase: daar is 'n splinternuwe prinsessie gebore in die Britse koningshuis, en almal “oeeee” en “ahhh!” En Sondagaand is die skatlike dingetjie vir die eerste keer op TV aan die wêreld vertoon. Slegs die hoogste adel, die konings en heersers en uitgesoekte kerkleiers word uitgenooi om die baba van naby te sien.

Wanneer die langverwagte Messias waaroor Jesaja en die ander profete vertel het gebore word, behoort dit uitgebasuin te word, en al die Skrifgeleerdes, priesters en kerkleiers moes hiervan weet. Die koning, die keiser en al die belangrike mense moes uitgenooi word om hierdie heugelike gebeurtenis te kom vier.

Maar God werk anders. Die toneel van Lukas se verhaal skuif na die oop veld naby Betlehem. ‘n Klompie doodgewone, eenvoudige skaapwagters sit rustig om hulle vuurtjie en gesels oor die gebeure van die dag- dalk ‘n roofdier wat naby een se troppie skape gewaar is of ‘n skaap wat afgedwaal het. Die volgende oomblik staan daar ‘n vreemde man by hulle. Die manne skrik hulle boeglam. Grootoog staar hulle hierdie wese aan, hy kan nie anders as ‘n “wese” beskryf word nie. Dan praat hy: “Moenie bang wees nie!” Die manne bewe van skok en angs terwyl hy vertel van die Verlosser wat gebore is, Christus die Here. En hy vertel vir hulle dat hulle



Gaan Na Inhoud

Hom in Betlehem sal kry waar Hy in doeke toegedraai lê in 'n krip.

Die arme skaapwagters se monde hang onbeskaamd oop, hulle kan nie glo wat hulle sien en hoor nie. Maar dit was nog maar net die begin: Skielik is dit asof die ganse hemel oopskeur reg rondom hulle, en 'n groot skare van engele om hulle staan. Hemelse musiek vul die valleie en heuwels terwyl die magtige engelekoor die mooiste lied sing wat nog ooit in menseheugenis gehoor is: "Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!"

Verstom staan die skaapwagters en luister na die grootste en aangrypendste kooruitvoering van alle tye. Dit vul hulle ore en liggaam en hele wese terwyl 'n Goddelike glans om hulle skyn. En dan, skielik, is alles verby, en die verdwaasde skaapwagters word alleen agtergelaat met hulle gedagtes. 'n Dringendheid om hierdie Verlosser waarvan die engel gepraat het te gaan sien, brand in hulle, en sonder versuim trek hulle soos een man op na die slapende Betlehem.

By die stal kry hulle vir Josef en Maria en die Kindjie in doeke toegedraai in die krip, presies nét soos die engel dit beskryf het. Vol verwondering is hulle later terug na hulle skape toe, al singende. Dit wat hulle daardie nag beleef het, het hulle wyd en syd vertel aan almal wat hulle teëgekom het, en die mense kon hulle ore nie glo nie, en hulle was vol verwondering oor die ongelooflike gebeure.

Maria, die gelowige vrou wat haarself tot beskikking van die Here gestel het, ten spyte van die gevaar dat haar reputasie kan skade ly, het hierdie dinge alles in haar hart bewaar. Drie en dertig jaar later moes sy aanskou hoe haar Baba, toe ‘n jong Man in die fleur van Sy lewe, gemartel word, gespot word, op gespuug word en aan ‘n kruishout vasgespyker word om onskuldig ‘n wrede en pynlike dood te sterf.

Hierdie verhaal laat ‘n mens baie diep dink: Waarom skaapwagters? Waarom eenvoudige, ongeletterde skaapwagters, en nie ‘n uitgelese klomp Skrifgeleerdes en konings en kerkleiers nie? Daardie magtige koor het hulle hééI beste opvoering gegee net vir ‘n klein ou handjievol manne wat na sweet en rook stink, en met vuil veldklere aan! Ek het dikwels baie voorbereiding gedoen vir ‘n geleentheid waar ek ‘n boodskap moet bring, en dan daag daar net 'n klein handjievol mense op! Dan voel 'n man moedeloos! Was die engele moedeloos? Nee!

God kyk nie na getalle nie, en Hy kyk ook nie hoe geleerd of hooggeplaas of grênd aangetrek mense is nie. Vir Hom is die doodeenvoudige, doodgewone mens nét so belangrik as die hoogsgeleerde teoloog. Die boodskap van die eenvoudige skaapwagters het talle mense in verwondering gehad, en by hulle ‘n afwagting geskep vir wat sou voorlê. Dink nou net: as dit ‘n groep Skrifgeleerdes en kerkleiers was, dan het hulle eers ‘n kommissie van ondersoek ingestel en die hele gebeure gedebatteer tot vervelens toe. Die kanse dat die



Gaan Na Inhoud

(regte) boodskap by die mense sou uitkom, sou uiteindelik baie skraal wees. Kyk maar net wat het hierdie geleerdes later met Jesus gedoen: hulle het Hom vervolg, beledig, betwyfel en uiteindelik ter dood laat veroordeel.

Jesus het later Sélf ook eenvoudige mense gebruik om die Evangelie te versprei. Sy dissipels was doodgewone vissermanne. Hy het per geleentheid ‘n Samaritaanse vrou met ‘n baie slegte reputasie gebruik om ‘n hele dorp in beroering te bring, en ‘n malle wat kaal in die begraafplaas rondgeloop het, het ‘n hele landstreek vir die Evangelie voorberei toe Jesus hom gestuur het.

Vandag maak dit nie saak wie of wat jy is nie, Hy wil jóú ook gebruik!

Gebed:

Here, gebruik my asseblief nés ek is, ek stel myself tot U beskikking.

## Jesus en die Wet

## Lukas 2:21-40

Wat is my verantwoordelikheid as ouer wat ek moet nakom teenoor my kind ten opsigte van die kerk? Baie Christene skuif daardie verantwoordelikheid opsy. Die gevolg is "moeilike" kinders wat in die skool dikwels totaal onbeheerbaar is. En wetgewing maak dat onderwysers se hande afgekap is. Tuis is hulle dikwels hééltemal te veel vir die ouers. En dan wonder hulle wat verkeerd geloop het.

In die geestelike opvoeding van ons kinders is daar twee belangrike aspekte: Ons kinders moet geloofswaarhede leer by die huis, en hulle moet van kleins af 'n liefde aanleer vir die Woord. Die tweede aspek is om ons kinders na die kerk te neem en te laat leer en ook ons kerklike verantwoordelikhede wat betref ons kinders na te kom.

Josef en Maria het hulle pligte getrou nagekom, al het hulle geweet dat hierdie Kindjie baie besonders was en dat Hy anders as enige ander kind behandel behoort te word. Agt dae na Jesus se geboorte is Hy volgens Joodse gewoontes asook God se verbond met Abraham besny en het Hy amptelik die naam Jesus gekry. Sowat drie maande later kom hulle 'n tweede tradisionele Joodse wetsgebruik na, naamlik die reiniging van 'n ma na die geboorte en die "loskoop van 'n eersteling". Lukas haal die Ou-Testamentiese voorskrif eintlik baie vry aan, en hy wys daarmee eerder op die feit dat Jesus nie soseer losgekoop word nie, maar eerder tot



Gaan Na Inhoud

beskikking van God gestel word, dat Hy as't ware aan God teruggegee word, net soos wat Hanna in die Ou Testament vir Samuel aan die Here teruggegee het. Lukas noem hier dat hulle twee duiwe geoffer het tydens hierdie seremonie. Gewoonlik is die offer 'n lam, maar vir arm mense is duiwe ook in orde, dus weet ons hieruit dat hulle maar arm mense was en uit 'n nederige sosiale milieu kom.

Lukas beskryf 'n derde toneel, waar Jesus na die tempel in Jerusalem gebring word "om vir Hom die gebruiklike bepaling van die wet na te kom" (Luk. 2:27). Die tempel in Jerusalem was die middelpunt van die ganse Joodse Godsdiens-tuiste. Dit was die spilpunt waarom die wet en kultus gedraai het, en hier kry ons dan ook vir Jesus as baba, en later as jong seun. Dertig jaar later speel die tempel steeds 'n groot rol in Jesus se bediening. Jesus het nie téénoor die wet stelling kom inneem nie, maar Sy koms het iets baie groter as net die wet tot stand gebring. Later in die verhaal sien ons hoedat Jesus nuwe betekenis aan die wet kom gee het. Waar dit eers streng bepalings was wat ten alle koste nagekom moes word, het dit riglyne geword vir 'n Godvrugtige lewe.

Vandag kan ons byvoorbeeld sê dat ek nie my kind Sondagskool toe neem omdat die kerk dit van my verwag nie, maar juis omdat die kerk my daardie geleentheid bied om my kind meer van die Here te laat leer.

Wanneer Jesus na die tempel geneem word, vertel Lukas,

neem die bejaarde ou Simeon Hom in sy arms. Dadelik herken Simeon Jesus as die Verlosser na Wie hy so lank uitgesien het. Vol van die Heilige Gees getuig hy van Jesus en wat daar vir Hom voorlê. Ook die vrome ou vier-en-tagtigjarige Anna, wat haar lewe gewy het aan God, het kom getuig van hierdie Kindjie. Uit Simeon se woorde sien ons dat mense voor 'n keuse te staan sal kom, en dat nie almal sal saamstem oor Hom nie. Vir Maria lê daar bitter trane voor. As Maria maar geweet het hóé groot die smart nog sou word........

Ja, ek en jy word vandag ook nie smart en trane gespaar in ons geloofslewe nie. Teenspoed is iets waarmee ons saamleef. Maar soos wat Maria met haar eie oë aanskou het dat Jesus na al die smart en lyding opgestaan het uit die graf en die dood, en die wonderlike vreugde kon ervaar, net so kan ons ook vandag verséker weet dat ten spyte van vervolging en swaarkry, ons kan uitsien na 'n opstanding en 'n lewe saam met Jesus. Simeon en Anna was nie teleurgestel nie- hulle het die Verlosser gesien. Ek en jy hoef ook nie teleurgestel te word nie, want God se wonderlike beloftes staan vir ons opgeteken in Sy heilige Woord wat vas en waar is. Hierdie beloftes behels ook dat ons Jesus sal sien, en baie meer nog: dat ons saam met Hom sal wees vir ewig.

Die gebeure in die Tempel en in Jerusalem moes vir Josef en Maria 'n sielsverrykende ervaring gewees het. Hulle het egter nie daar gebly nie, maar weer teruggegaan na hulle eie

dorp, Nasaret in Galilea. Daar, so lees ons, het Jesus opgegroei en ‘n sterk seun geword, vol wysheid en Hy was gedra deur God se genade.

Ja, die Here wil ook hê dat ek en jy ons nie sal afsonder van die wêreld af nie, maar dat ons juis sal aangaan met ons daaglikse taak. In hierdie selfde wêreld moet ons ons kinders grootmaak, maar die geloofsbasis wat ons hulle gee in die huis en deur die kerk, moet sterk genoeg wees om hulle staande te kan hou teen die aanslae van die lewe.

Gebed:

Here, leer ons om ons kinders op te voed om tot eer van U te leef.



Gaan Na Inhoud

## Die Seun in die Tempel

## Lukas 2:41-52

Skaars het ek aan die slaap geraak, of Pa maak my wakker met ‘n “Opstaan! Opstaan!” Flink spring ek uit die kooi, bewend van opgewondenheid. “Ons gaan Wildtuin toe!” borrel dit deur my. Waterval Boven se ysige Hoëveldluggie tintel op my vel as ek in die groen Zephyr Zodiac ingebondel word. Ure later- dis nog steeds pikdonker- wys Ma vir my die silhoeët van Leeukop teen die lug wat begin verkleur. Ek spring op en af van opgewondenheid: dit beteken dat die Wildtuin nou naby is! By Numbi hek staan die tou motors kilometers ver en wag om in te gaan. Ek spring uit en hardloop langs die ry karre af. Die heerlike geur van die Bosveld vul my longe. Ouma haal ‘n koekblik uit propvol toebroodjies, hardgekookte eiers en wors. Sommer daar in die tou waar ons staan en wag om in te gaan, brêkvis ons. Die stomende koffie uit die fles gee ‘n heerlike gloed in my maag.

Na ‘n opwindende dag van leeus en olifante en allerhande wonderlike gediertes, kom ons laatmiddag op Onder Sabi aan. Ons word begroet deur ‘n kamp met rye en rye vaalgroen tente. In die middel knetter die reuse kampvuur van Hardekoolstompe alreeds vrolik. Weldra kom almal in die kamp rondom die gesellige vuur sit en gesels. Ondervindinge van die dag word uitgeruil, en mettertyd word rooiwarm kooltjies uitgekrap om ‘n worsie te braai. En as die leeu brul,

dan bly almal stil om eers te luister......

Dit was sestig jaar gelede, maar die beelde is diep in my geheue ingegraveer. Onvergeetlike tye!

Tweeduisend jaar vroeër was die opgewondenheid in die dorpie Nasaret ewe groot: Dit was tyd vir die jaarlikse Paasfees, en vir weke lank al was Maria besig om voorbereidings te tref. Die donkie se saalsakke word gepak met padkos en kooigoed. En dan, een oggend vroeg-vroeg word daar in die pad geval. Ma ry op ‘n donkie en die jong seun Jesus hardloop opgewonde saam met sy maats vooruit op die lang pad na Jerusalem. Hoe verder hulle vorder, hoe groter raak die groep. Nefies en niggies wat mekaar ‘n jaar laas gesien het koek saam, totdat dit ‘n reuse fees word van saamsing en skerts en speletjies speel.

Vir die twaalfjarige Jesus is daar egter ‘n ander soort opgewondenheid: Volgende jaar, op dertien, word hy ‘n “seun van die wet,” ‘n stappie nader aan Sy groot doel hier op aarde.

Die reis duur byna 'n week voordat hulle in Jerusalem aankom. Wanneer die ander kinders in Jerusalem speel en kattekwaad aanvang, hang die jong seun, Jesus rond by die groot leermeesters, en Hy drink elke woord in wat hulle sê. Natuurlik steur die grootmense hulle nie aan wat die kinders doen nie, want die hele spul kuier mos saam. En so vertrek Josef en Maria terug na Nasaret wanneer die fees uiteindelik verby is, salig onder die indruk dat Jesus tussen die bondel

nefies en niggies is.

Maar Jesus is elders, tussen die ringkoppe met hulle grys baarde. Nou is Hy nie meer die een wat aan die ou manne se lippe hang nie, maar húlle hang aan Sy lippe, want sulke wysheid het hulle nog nooit uit die mond van ‘n jong seuntjie gehoor nie! Skielik word die bordjies verhang, want die leermeesters word nou die leerlinge en Jesus die Groot Leermeester wat almal oortref.

Die res van die verhaal het ons al oor en oor gehoor, van hoe Maria later begin agterkom het dat Jesus nie meer by die groep is nie, en dat hulle begin soek het, en Hom uiteindelik drie dae later eers kon opspoor waar Hy steeds besig was om met die Skrifgeleerdes te gesels oor “die dinge van My Vader.” Wanneer Maria Hom aanspreek oor hierdie “onverantwoordelike” ding, is die heel eerste woorde wat Lukas van Jesus aanteken: “Waarom het u na My gesoek? Het u nie geweet dat Ek in die huis van my Vader moet wees nie?” Hiermee wil Lukas die sluier lig oor wat ons van Jesus te wagte moet wees in die res van die verhaal. Nie alleen sien ons Jesus se wysheid en toewyding en die vooruitskou van Sy onderrig wat later sou kom nie, maar ons sien ook dat Hy Hom aan die wil van God onderwerp.

Twintig jaar later word hierdie onderdanigheid aan God tot die uiterste toe beproef wanneer Hy die laaste treë moet stap na die kruis, daardie aand voor die dag van verskrikking, toe Hy in doodsangs gebid het dat die Vader asseblieftog die

gruwel wat op Hom wag sou ter syde stel. Maar in dieselfde asem het Hy Hom ten volle aan die wil van die Vader oorgegee, want dit was die enigste weg waardeur Hy versoening kon bewerk vir die mens wat verlore is in sonde.

Lukas vertel nie veel meer oor Jesus se jeugjare nie, buiten dat Hy aan sy ouers onderdanig was, en dat Hy in groot guns was by almal om Hom. Alhoewel Hy aan sy ouers gehoorsaam was, was die prioriteit nommer een in Sy lewe God.

Die vraag wat ons vanoggend vir onsself moet vra, is waar ons prioriteite lê? Is dit ons werk of ons vriendekring? Niemand, nie eers ons eie gesin, mag prioriteit inneem bo die Here nie. Rondom Hom moet ons al die ander dinge beplan.

Gebed:

Here, ek moet vanoggend bely dat daar so baie ander dinge in my lewe is wat voorrang geniet. Leer my asseblief om U voorop alles te stel.



Gaan Na Inhoud

# Johannes die Doper

## Lukas 3:1-20

Agtien jaar gaan verby sedert die jong twaalfjarige Jesus die leermeesters en Skrifgeleerdes so op hol gehad het in die tempel. Wat in daardie agtien jaar gebeur het, ag Lukas nie as belangrik nie. Beide Jesus en Johannes het opgegroei tot volwasse manne. Johannes het hom afgesonder in die woestyn ter voorbereiding van die reuse taak wat op hom wag, om die pad vir Jesus, die Messias voor te berei. In daardie tyd het hy begin blom as 'n ware profeet, nét soos wat oor hom voorspel was nog voor sy geboorte.

Lukas stel die verhoog op vir die volgende toneel: 'n rits name word op die tafel gegooi, name van belangrike mense wat in die volgende hoofstukke feitlik almal 'n beduidende rol sou speel. Hy begin by Tiberius, die keiser van die Romeinse ryk, die magtigste man op aarde in sy tyd. Dan trek hy die kringetjie nouer en hy noem die name van die plaaslike regeerders: Pontius Pilatus, die Romeinse goewerneur in Judea en Herodus Antipas. Antipas was 'n seun van Herodus die Grote, en hy het op daardie tyd in Galilea regeer. Jy sal seker onthou dat Herodus die Grote se ryk in vier verdeel is. Lukas noem ook twee van die ander regeerders in hierdie ryk: Filippus en Lisanias. Om die prentjie af te rond meld hy die geestelike leiers: Annas en Kajafas die hoëpriesters.

Hierdie was nie net 'n klomp vervelige inligting nie. Lukas wil

ons egter wys op die wêreldwye betekenis wat die Hooffiguur van die verhaal gaan speel, want die gebeure in hierdie klein landjie het wêreldwyd uitgekring, en mense van alle stande geraak. Ons word voorberei daarop dat God se reddingsplan vir die hele wêreld bedoel is, en nie net vir die handjievol Jode nie.

Daar is egter ‘n ander, baie belangrike punt wat Lukas by sy lesers wil tuisbring, en dit is dat Jesus nie maar ‘n fiktiewe karakter in ‘n storie is nie, maar Iemand wat aan tyd en omstandighede gekoppel kan word. Die liggelowiges wat steeds dink dat Jesus slegs in die gees van die dissipels was, moet dééglik hiervan kennis neem!

Lukas neem ‘n aanhaling uit Jesaja 40 om te wys hoedat die optrede van Johannes alreeds baie jare tevore voorspel is, en dat sy optrede profetiese gesag kry. As spesiale gesant van God rus die taak vierkantig op sy skouers om die pad voor te berei vir Jesus se optrede, en dit doen hy met volle oorgawe. Hy ontsien niks en niemand nie, en hy gee nie om wat mense van hom dink nie. Tree-vir-tree vul hy die gate in die pad op sodat God se verlossingsplan seepglad kan verloop.

Jesaja het hierdie gedeelte natuurlik geskryf terwyl die Israeliete in ballingskap was in Babilon, en alles vir die volk baie donker was. Dit het gelyk asof God se plan met die volk op ‘n doodloopstraat uitgeloop het. Jesaja het die taak gehad om vir die Israeliete hoop te gee: God se groot verlossingsplan sou steeds kom, al lyk die prentjie tans so

donker. Dit herinner ons daaraan dat daar selfs in vandag se donker tye van wanhoop, steeds die ware hoop op God is, en vandag nog baie meer so as in die tyd toe Jesaja die stuk geskryf het.

Johannes was ‘n regte “vuur en swael” prediker, wat almal kaalkop die waarheid vertel het. Die Jode het onder die wanindruk geleef, dat solank as wat hulle afstammelinge van Abraham was, hulle die saligheid besit het. Johannes kom keer die prentjie op sy kop, en blaas hulle borreltjie deur te sê dat Abraham geen waarborg is vir hulle verlossing nie. Die regte (herstelde) verhouding met God was noodsaaklik, en dit was slegs moontlik as daar ‘n bekering plaasgevind het. Wanneer daar in die regte verhouding met God geleef word, dan moet dit ook deurslaan na jou verhouding met ander mense, so sê Johannes. Dit beteken dat jy mededeelsaam sal wees en die nood by ander sal raaksien en daadwerklik iets daaromtrent doen. Dit beteken ook dat ‘n mens eerlik moet wees, selfs al is jy in ‘n hoë magsposisie.

Só eerlik en opreg is Johannes se prediking dat mense begin wonder of hy nie dalk die Christus is nie. Hy ontken dit egter heftig, en maak dit duidelik dat hy maar net die wegbereider is. Uiteindelik bring Johannes se prediking hom in die moeilikheid, wanneer hy selfs die magtige Herodus Antipas nie ontsien nie en hom aanspreek omdat hy skande gemaak het deur met Herodias, sy broer se vrou te trou. Dit was ‘n daad wat in Levitikus 18:16 duidelik verbied word. Ongeag



Gaan Na Inhoud

die gevaar wat hy sou loop, skroom Johannes nie om die hoogste gesag aan te vat nie, en daarvoor moet hy boet deur in die tronk opgesluit te word. Uiteindelik het dit dan ook gelei tot sy wrede dood tydens ‘n wilde partytjie van Herodus, toe Johannes onthoof is en sy bebloede kop op ‘n skinkbord, tot groot vermaak van Herodias ingebring word.

Die verhaal van Johannes moet vir elke prediker ‘n voorbeeld wees van die ywer en eerlikheid waarmee die Woord van God verkondig moet word, en dat absoluut niks in jou pad durf staan nie.

Gebed:

Here, maak my asseblief onverskrokke om U Woord aan almal uit te dra.



Gaan Na Inhoud

## Jesus se Doop

## Lukas 3:21-22

In twee kort sinnetjies beskryf Lukas ‘n gebeurtenis wat mense se asems skoon weggeslaan het: die dag toe God uit die hemel neergedaal het en Sy stem duidelik hoorbaar weerklink het tydens Jesus se doop.

Lukas gee nie veel inligting oor hierdie groot gebeurtenis nie. Hy sê nie eers waar dit gebeur het of dat Johannes die doop-plegtigheid waargeneem het nie. Uit ander gedeeltes in Lukas sowel as ander evangelies kan ons wél aflei dat dit in die Jordaanstreek plaasgevind het en dat dit Johannes was wat die doopwerk gedoen het. Dit word natuurlik ook wel deeglik beskryf in die ander evangelies. Lukas wou egter met hierdie beskrywing van die gebeurtenis dit baie duidelik stel dat dit nie Johannes was wat Jesus gedoop het nie, maar God Sélf! Die weglating van die plek van die doop, beklemtoon ook die feit dat dit vanuit die HEMEL gebeur het, soos Lukas dit beskryf dat die hemel oopgegaan het. Hierdie is natuurlik ‘n tipiese Ou-Testamentiese beeld van God wat verskyn wanneer gesê word dat die hemel oopgaan (vergelyk byvoorbeeld Jes. 64:1 en Eseg. 1:1).

Wat presies het daardie dag gebeur? As ons al die gegewens rekonstruktureer, sien ons vir Johannes besig om te preek (soos gewoonlik!) en hy moedig die hoorders aan om tot bekering te kom. Hulle moet van hulle sondes wegdraai. As teken dat God hulle sondes vergewe het, doop hy hulle. Die


Gaan Na Inhoud

water was dan simbolies die ou sondes skoon af, en hulle staan as nuwe mense. Dit klink asof daar ‘n groot klomp mense was wat daardie dag gedoop is.

Jesus was ook daar. Toe Sy tyd aanbreek, het Jesus gebid- Hy was in gesprek met God. En toe gebeur daar groot dinge. Hier moet ons dalk net noem dat die evangelieskrywers by verskeie belangrike gebeurtenisse in Sy lewe skryf dat Jesus in gebed was. Vir Hom, die Heilige, was dit noodsaaklik om te bid, hoeveel te meer nie vir jou en my wat so geweldig afhanklik is van God nie!

Gebed is ons geestelike asemhaling, en die manier waarop ons met God kan kommunikeer. Dit is ook ons “gesels” met Hom om krag te gee aan ons verhouding met die Here. Ons absolute afhanklikheid van Hom, maak dit noodsaaklik om elke besluit en gebeurtenis in ons lewe met Hom te bespreek. Hierdie dagstukkie gebeur byvoorbeeld in biddende afhanklikheid aan Hom, want daarsonder kan dit nooit plaasvind nie. Die doel is nie om vanoggend uit te brei op die verskillende soorte gebed nie, maar bloot om te sê hoe geweldig belangrik gebed vir die gelowige is, en hoe afhanklik ons daarvan is.

Die doop was verby, en terwyl Jesus nog daar staan, bid Hy. Die volgende oomblik gaan die hemel oop, en terwyl Hy nog staan en bid sien die omstanders iets wat lyk soos ‘n duif wat op Hom neerdaal uit die hemel- die Heilige Gees in sigbare gestalte. Vanuit die hemel kom daar terselfdertyd die stem

van God wat sê: “Jy is My geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My.” God was dus Persoonlik betrokke by die doop van Jesus, en hiermee gee Hy aan Jesus Goddelike gesag. Met hierdie gesag sal Hy vir die volgende paar jaar van Sy bediening optree. Met die beeld van die hemel wat oopgaan, kom God as’t ware Self binne-in die geskiedenis van die mense in.

Die Heilige Gees wat so sigbaar op Jesus neergedaal het, is nie alleen ‘n teken van die teenwoordigheid van die Gees nie, maar dit is vir ons die hemelse goedkeuring dat Jesus namens God mag optree, en dit is dan ook die teken dat Jesus se bediening amptelik begin het. Hierdie is dan ook ‘n bevestiging van die woorde van die engel Gabriël in Lukas 1:32-35.

Wat sê Jesus se doop vandag vir ons? Is dit maar net nog ‘n gebeurtenis in die geskiedenis waarvan ons moet kennis neem? Baie beslis nie! Die feit dat Jesus saam met ‘n klomp ander mense gedoop is, bevestig die feit dat Hy Hom met doodgewone mense (soos ek en jy) vereenselwig. Hy is nie ‘n God daar ver in die hemel nie, maar is saam met ons. Hy het dit bevestig in Mat. 28 en Hand. 1, waar Hy gesê het dat Hy tot aan die voleinding van die wêreld saam met ons sal wees. Dit bring ons by die feit dat ons in gesprek met Hom kan gaan te enige tyd en op enige plek. Ons het hier bo gesien hoe belangrik gebed vir Hom was, en dan kan ons maar net besef hoe belangrik dit vir ons is. Gebed is nie noodwendig die formele aanbidding van God nie, maar ook die informele

praat met Jesus wat alomteenwoordig is. Hoe meer jy dit doen, hoe nader beweeg jy aan God.

Die ander sy van die saak moet ons ook baie duidelik sien, en dit is die Goddelike gesag wat Jesus gekry het. Nie alleen is Hy by ons nie, maar in Hom het ons die hoogste gesag wat ooit toegeken is. Ons hoef dus nie met allerhande ompaaie, soos so dikwels in ons aardse rompslomp gebeur, na God te gaan nie, maar ons gebed is 'n gesprek, direk met die Allerhoogste gesag. Wat 'n wonderlike voorreg!

Gebed:

Here, ons kan maar net in verwondering staan by hierdie gebeure, en U loof en dank vir dit wat U vir ons vermag het.

# Jesus, Seun van God

## Lukas 3:23-4:4

Geslagsregisters kan maar vervelige goed wees, en dikwels lees ons die eerste twee name, en dan slaan ons die res maar oor. Maar dit is tóg goed om soms deur hulle te lees en die simboliek te sien in die name en orde van name. Wanneer ons hierdie lysie van Lukas deurlees, dan is daar 'n paar dinge wat jou opval: Lukas gee, anders as Matteus, die geslagsregister van Adam af tot by Jesus (Matteus begin by Abraham). Daar is 'n rede voor - Matteus wou bewys dat Jesus 'n ware Jood was - 'n afstammeling van die aardsvader Abraham. Lukas, aan die ander kant wou aantoon dat Jesus uit 'n eerbare familie kom met 'n baie lang geslagslyn, reg tot aan die begin van die geskiedenis, en dit beteken dan ook dat Hy nie net bande het met die Joodse volk nie, maar met alle volkere wêreldwyd.

Die tweede interessantheid wat ons opmerk, is dat Lukas aan die begin sê: "Hy was, **soos hulle gemeen het**, die seun van Josef." Jesus was dus nie werklik die Seun van 'n aardse vader nie. Lukas sluit sy lysie af deur van Adam te sê dat hy die seun van God was. Op hierdie subtiele manier bring Lukas die begin en einde bymekaar deur dan te impliseer dat Jesus die ware **Seun van God** is.

'n Derde interessantheid wat ons uit die lysie van name kry is die tipiese speel met getalle. Daar is altesaam 77 name (11x7) wat in duidelike groepe van 7 elk ingedeel is. Nie

alleen het die getal 7 'n baie diep geestelike betekenis gehad in die Bybelse tye nie, maar ons moet ook onthou dat hierdie boek geskryf is voor die gedrukte boek 'n werklikheid was. Geskrifte is gememoriseer om dit so oor te dra. 'n Lys van 77 name is onmoontlik om te onthou, maar bondeltjies van 7 name is nie so moeilik nie. Hierdie bondeltjies van sewe name het dikwels ook 'n bekende naam aan sy begin, soos Dawid, Abraham en Henog.

Die belangrikste boodskap van Lukas se geslagsregister van Jesus, is om te sê dat Jesus onlosmaaklik van die mensdom deur die eeue is - Hy het 'n menslike geslagsregister. Terselfdertyd is Hy die **Seun van God**. Hy het dus 'n ewe sterk verhouding met God sowel as die mens.

Die geslagsregister is in 'n sekere sin die inleiding tot die volgende perikoop, want as Seun van God word Sy ware Seunskap nou getoets waar Hy te staan kom teen die duiwel. Lukas wil vir ons weergee wat dit waarlik beteken om die Seun van God te wees, en terselfdertyd die wanpersepsie (valse begrip) van die duiwel daaroor aan die kaak te stel. Hierdie dramatiese gebeure skilder vir ons hoedat Jesus se gehoorsaamheid aan God en Sy baie besonderse verhouding met die Vader in uiterste omstandighede getoets word. As Hy hierdie toets sou faal, dan was Sy hele opdrag gedoem.

Ons moet onthou dat Jesus so pas die toerusting ontvang het om Hom te kon dra deur krisistye - Hy is bekragtig met die Heilige Gees by Sy doop. Dit beklee Hom met gesag, en

dus is Hy ten volle gereed vir wat op Hom wag in die woestyn en daarna.

Dit is interessant dat ons dit dikwels lees dat profete ‘n tyd van afsondering in die woestyn deurgebring het as voorbereiding vir ‘n baie groot taak. Die jongste voorbeeld hiervan is Johannes die Doper. Nou word Jesus sélf ook deur die Heilige Gees gelei om 40 dae in die woestyn deur te bring en in daardie tyd te vas. Dit moes ‘n verskriklike toets gewees het! Hy was rasend van die honger, toe die duiwel met sy eerste slinkse versoeking kom en Jesus se desperate situasie uitbuit.

Jesus se ervaring laat ‘n mens onwillekeurig terugdink aan die Israeliete wat deur die barre woestyn getrek het op pad na die beloofde land. Hulle het bitter swaar gekry, hoofsaaklik oor hulle eie hardkoppigheid, en uiteindelik het hulle terug verlang na die oorvloedige vleispotte van Egipte. Dat God vir hulle gesorg het met manna en kwartels, het hulle gou vergeet. Hulle wou vir hulleself sorg en sonder God se voorsiening klaarkom. Nou wil die duiwel dieselfde soort gesindheid by Jesus skep - een waar Hy deur die krag wat Hy in elkgeval besit, vir Homself sorg - na Sy eie behoeftes omsien en Sy Seunskap dus misbruik in Sy eie belang. Die duiwel het gemeen dat Jesus mos baie maklik vir Hom brood kon skep uit ‘n klip - (later het Hy vir 5000 mense brood geskep uit feitlik niks!) Dit is soos om met ‘n motor langs ‘n maratonatleet te ry en te sien dat krampe en uitputting hom

totaal onderkry, en dan vir hom aan te bied dat hy ‘n entjie kan saamry. Dit sou hom mos diskwalifiseer!

Jesus antwoord met ‘n aanhaling uit Deuteronomium 8:3, wat daarop neerkom dat die Here op Sy eie manier en met Sy eie besonderse gawes sal voorsien.

Dalk is jy ook vandag in die “woestyn”, en die duiwel wink vir jou met ‘n wonderlike uitkoms. Wéét vandag dat God op die regte tyd sal voorsien op Sy besonderse manier. Moenie toegee nie!

Gebed:

Dankie Here, dat ek vandag weet dat ek op U kan vertrou, en dat U sal voorsien op U tyd.

# Versoek deur die Duiwel

## Lukas 4:1-13

Ons is êrens in die bos - ek weet sélf nie eers presies waar nie. Dit is in die vroeë 70ger-jare, en ek is opgeroep deur die weermag vir 'n 3-weke kamp. Die son bak warm op die bevelspos waarin ek sit. Hierdie voertuig het geen vensters nie, slegs 'n luik in die dak waar 'n offisier staan om met die manne by die kanonne te kommunikeer. Ek het 'n swaar rubber kopstuk om my ore, en elke oomblik van die dag of nag moet ek wakker wees, want enige tyd kan daar 'n boodskap oor my radio kom wat ek aan die offisier moet oordra. Soms is daar 'n halfdosyn manne van verskillende bevelsposte wat gelyk oor die radio praat, en dikwels is dit 'n Babelse verwarring van histeriese gebabbel waarvan jy moet sin uitmaak. My ore is bitter seer en die sweet tap my af. Ek is dors, maar ek durf nie opstaan om water te gaan soek nie, want daardie kritieke boodskap kan dalk net in daardie minuut kom.

Hoe lekker sou dit nie wees om 'n offisier te wees wat heeldag daar buite in die vars lug staan, waar hy uittroon bo almal in sy luik en sy eie ding kon doen nie! In my kop maal die aanbod van een van die hoë offisiere, dat ek dit moet oorweeg om 'n offisier te word: "Ons het jou nodig", het hy vertroulik vir my gesê. Dit sou egter beteken dat ek baie langer in die weermag moes aanbly. Die blote gedagte van die heerlike lewe as offisier, en die mag wat ek sou hê, maak

dat ek so byna-byna val daarvoor, en my vryheid prysgee. Mag het ‘n baie duur prys!

Toe die duiwel na Jesus gekom het om Hom te versoek, was dit in ‘n baie kritieke stadium in Sy lewe. Die uitmergelende woestynlewe; die honger; die dors; die stof; die versengende hitte...... Dit was beslis nie maklik nie, en baie beslis nie bloot ‘n avontuur nie! Boonop moes Jesus sékerlik al geworstel het met die gedagtes aan die bitter stryd wat vir Hom voorgelê het. Hy het virséker geweet dat sy eie dorpsgenote hom by ‘n krans sou wou afgooi. Hy het geweet dat baie mense, sy eie broers inkluis, Hom sou verwerp. Dan was daar die intieme groep van twaalf wat vir Hom gewag het: Daardie manne sou later onder mekaar baklei oor Sy guns; Sy regterhand-man sou Hom in die mees kritieke oomblik verloën. En een van hulle sou Hom selfs verraai! Die bespotting en vernedering en marteling wat op Hom gewag het - daarvan het Hy alles reeds geweet. En dan daardie verskriklike dag van Sy teregstelling - daaraan wou Hy sékerlik nie eers dink nie.

Die eerste versoeking, dat daar in al Jesus se fisiese behoeftes voorsien kan word, is dalk die maklikste een om voor “nee” te sê. Maar dan kom die slinkse duiwel met ‘n baie aantreklike aanbod: al daardie verskriklike dinge wat vir Jesus voorlê, sou totaal oorbodig wees. Hy kon die mag kry oor die volkere van die wêreld, sonder dat Hy deur al daardie moeite hoef te gaan. Hy sou al die vernedering en teenstand



_Gaan Na Inhoud

en marteling gespaar word. Daar was net een ou klein dingetjie wat Jesus moes doen, en dit is om voor Satan die knie te buig. Dit sou inderwaarheid beteken dat Jesus vir Satan erken as die ware God!

Die duiwel is steeds besig met presies dieselfde taktiek, en dikwels word ‘n mens verlei met ‘n maklike uitweg om al die probleme wat vir jou wag te omseil. Ek onthou as jong seun is daar gefluister dat as ‘n mens jou siel vir die duiwel gee, dan kan jy ongelooflike, bonatuurlike magte kry. Daardie tyd het die gedagte my nogal aangestaan, maar gelukkig was ek te bangbroek om met die duiwel te heul. Vandag is Satanisme ‘n reuse trekpleister vir menige jongmens, en die gruwels wat daar plaasvind, alles bloot vir mag, is om van naar te word. Gewoonlik begin dit met “onskuldige” okkulte-speletjies soos fortuinvertellery, die Outjo-bord en later geeste oproep. En voor jy weet waar jy is, hoor jy die stem van die duiwel wat vir jou groot dinge op ‘n skinkbord aanbied. “Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.” haal Jesus vir die duiwel aan uit Deuteronomium 6:14.

Die derde versoeking wat op Jesus se pad kom, is van ‘n ietwat ander aard. Hy word op ‘n baie hoë plek gebring, en as Hy afkyk kan Hy die mense daar ver onder sien rondloop op die tempelplein. “Spring af”, por die duiwel Hom aan, “U is mos die Seun van God?” Jesus het die ganse engeleskaar tot Sy beskikking gehad om Hom op die hande te dra. As Hy sou doen wat die duiwel voorstel, sou dit ‘n skouspelagtige

vertoning gewees het, en die skare daar onder sou Hom aanbid het as ‘n Goddelike wese. Dit sou egter om totaal die verkeerde rede wees, en dit was gladnie wat God beplan het nie. Jesus moes kies tussen die aanskoulike en die wil van God, wat ‘n bitter moeilike pad sou behels. Die duiwel neem selfs ‘n aanhaling uit die Bybel om Jesus te oortuig.

Soos wat Jesus die keuse gemaak het, om nie eise aan God te stel nie, so moet ons ook baie versigtig wees om nie te maak asof God slegs daar is om in ons (dikwels selfsugtige) behoeftes te voorsien nie. Selfsugtige gebed is ‘n ding wat in baie gelowiges se lewe ‘n daaglikse item is, en ek is dikwels sélf daaraan skuldig. Berus by die wil van God en wend jou gebede aan tot eer van Hom en om in te tree vir ander mense.

Gebed:

Here, vergewe my asseblief waar ek so dikwels selfsugtig is, selfs in my gebedslewe. Leer my om volgens U wil te bid.



Gaan Na Inhoud

# Nasaret Verwerp Jesus

## Lukas 4:14-30

Dit is ‘n groot dag in die dorpie Nasaret: ‘n Seun van hulle eie gemeenskap, wat al baie roem verwerf het elders, kom die Sabbatsoggend preek in hulle eie sinagoge. Sedert die Babiloniese ballingskap het die Jode begin om in elke dorp sinagoges te bou waar hulle kan bymekaarkom om saam te bid, die Wet te lees en onderrig te word. Hierdie oggend is die sinagoge stampvol, want almal wil hoor waaroor die groot bohaai gaan. Dalk sal Hy hier ook van die wonderwerke doen waarvan hulle gehoor het dat Hy in Kapernaum doen! Daar heers al hoeka ‘n ontevredenheid dat Hy hulle hier in Nasaret afskeep en elders Sy groot wonders verrig en preek.

Die sinagoge-amptenaar haal die groot boekrol van die rak af en rol dit oop by die profeet Jesaja. Die lywige manuskrip word vir Jesus aangegee en Hy begin lees. “Toevallig” is die gedeelte in Jesaja 61 waar die man vir Jesus oopgemaak het, een van die talle profesieë wat spesifiek op Jesus betrekking het. Nee, absoluut niks is toeval nie: God het dit so bewerk dat die man hier moes oopmaak want dit was waaroor Jesus se preek daardie oggend MOES gaan.

Nadat Hy die gedeelte aan die skare voorgelees het, maak Hy die swaar ou boekrol toe en gee dit terug vir die amptenaar. ‘n Doodse stilte heers in die vertrek, ‘n gees van groot afwagting om te hoor hoe hulle dorpsgenoot preek. Hulle hang aan Sy lippe as hy begin: “Vandag is hierdie Skrifwoord


Gaan Na Inhoud

wat julle nou net gehoor het, vervul.” Sy woorde is soos heuning vir hulle - wat ‘n mooi gedagte is dit nie wat Hy uitspreek nie. Is Hy nie dalk ook ‘n profeet soos sy nefie Johannes nie? Almal maak hulleself reg vir ‘n heerlike soetsappige preek waar hulle net mooi dinge hoor van bevryding en herstel en alles wat mooi is. “En om te dink dat hierdie wonderlike prediker al die tyd reg in ons midde was!” fluister hulle vir mekaar.

Maar dan bars die bom: “Geen prediker word aanvaar in die plek waar hy grootgeword het nie!” sê Jesus vir hulle. Die klomp begin ongemaklik rondskuif, Hy moet darem nou nie kom staan en persoonlik raak nie. Jesus haal voorbeelde aan uit die geskiedenis van hoe die profete dikwels deur hulle eie mense geminag is, en weldra is daar ‘n gebrom van ontevredenheid. Dit is tóg snaaks, dat toe Johannes hulle sleggesê het en al hulle sondes oopgekrap het, het hulle hulleself gewilliglik deur hom laat kasty. Maar wanneer Jesus dit maar ligtelik doen, raak hulle kwaad, want Hy is één van hulle en nie ‘n buitestaander nie. So woedend raak hulle, dat hulle Hom die dorp uitjaag, en dan drom hulle saam en druk Hom teen ‘n afgrond vas. Vandag is die dag wat hulle hierdie jong kêrel wat dink dat Hy vir húlle kan preek, oor die krans gooi. Hulle het egter nie met God rekening gehou nie, en sonder dat hulle dit agterkom stap Jesus doodluiters tussen hulle deur en skud Hy die stof van Nasaret vir goed van Sy voete af. Eintlik was die hoof rede waarom hulle van Jesus

wou ontslae raak, omdat Hy met Sy uitspaak wou laat blyk dat Hy die Seun van God is.

Dalk gaan ek vanoggend ‘n ding of twee sê waar ek op tone gaan trap, en dit gaan seer maak: Die prediker in jou eie gemeente is vervelig; hy herhaal te veel; sy preke is eentonig; hy preek te veel oor liefde; hy preek te veel oor sonde. Ons gaan liewer almal luister na Oom Angus, dit gaan aangrypend wees, en daar gaan 200’000 manne wees! Na hóm kan 'n mens luister, al trap hy op jou tone!

Baie gelowiges hardloop van gemeente na gemeente na gemeente omdat hulle nêrens tevrede is nie. Gewoonlik is hulle dan ook die mense wat die lewe van hulle mede-gemeentelede versuur in elke gemeente waar hulle kom, en die arme prediker laat voel asof hy minderwaardig is. As jy dalk een van hulle is - hou op daarmee! Gaan luister vir ‘n slag wat die Heilige Gees deur daardie (vervelige?) leraar vir jou persoonlik wil sê. Die groot probleem is dat ons dikwels net die dinge wil hoor wat vir onsself aanvaarbaar is. As dit daarvan afwyk, dan raak jy ongemaklik, en dikwels luister jy dan nie eers verder nie, en maak net ‘n moordkuil van jou hart oor hoe pateties die prediker is.

Dalk is jy vanoggend ‘n prediker wat al klaar met ‘n yslike knop op die krop van jou maag sit oor Sondag se preek, want jy wéét al by voorbaat van die kritiek wat gaan volg. Troos jou daaraan dat selfs die baie gewilde Oom Angus Buchan swaar deurloop onder kritiek. Jesus is so byna-byna by ‘n

krans afgegooi oor ‘n preek. Jy is beslis nie alleen nie! Die groot geheim is (eintlik is dit gladnie ‘n geheim nie!) dat jy jou laat lei deur die Heilige Gees met elke preek wat jy voorberei. Wanneer jy dus preek, is dit nie jy nie maar die Heilige Gees wat deur jou praat.

Dit bring my by ‘n ander baie belangrike punt: indien jy iemand is wat gedurigdeur kritiseer, dan is dit in der waarheid nie die prediker wat jy kritiseer nie, maar eintlik die Heilige Gees, want jy sê dat die Heilige Gees liewer iets anders vir jou moet sê. Jy kritiseer vir God omdat jy wou gehad het dat die Here anders moes optree of redeneer, of dinge op 'n ander manier vir jou moes sê.

Dink maar biddend daaroor!

Gebed:

Here, vergewe my asseblief vir al die kere wat ek U Heilige Gees gekritiseer het.



Gaan Na Inhoud

## Jesus in Kapernaum

## Lukas 4:31-44

Ons het nét gister gelees van hoe die inwoners van Nasaret vir Jesus die dorp uitgejaag het omdat hulle nie Sy aanspraak dat Hy die Seun van God is kon aanvaar nie. Nou sien ons presies die teenoorgestelde in Kapernaum, waar selfs die demone Jesus as die Seun van God herken en erken.

Maar nou loop ek die verhaal vooruit. Ná Jesus se noue ontkoming in Nasaret, vertrek hy na 'n dorp in Galilea met die naam Kapernaum, en soos Hy in Nasaret gedoen het, gaan hy ook hier op die Sabbatdag na die sinagoge en leer die mense. Die reaksie van die hoorders is uiters positief, en almal hang aan Sy lippe. En dan gebeur die riller, wanneer 'n man wat onder die mag van demone was die diens totaal ontwrig deur hard te skreeu. Almal kyk vererg om, maar die man gaan voort: "Wat het ons met U te doen, Jesus van Nasaret?" bulder hy dit uit. Eintlik is dit die demoon wat besit geneem het van sy lewe wat deur die arme man praat. "Ek weet wie U is", koggel hy vir Jesus uit, "U is die Heilige van God!"

Met 'n enkele bevel dryf Jesus die bose gees uit die man uit en bevry hom terwyl die omstanders snak na hulle asem. Skielik klink die stil, stemmige sinagoge na 'n byenes soos mense gons oor hierdie wonderwerk en die gesag waarmee Jesus met hierdie demoon gewerk het. "Watter soort van mens het gesag oor die Bose?" het hulle gewonder. Soos 'n

veldbrand versprei die nuus regdeur die omgewing. Hierdie is voorbladnuus!

Ek het jare gelede die onbenydenswaardige voorreg gehad om ‘n Hindoefees by te woon op Tongaat. Terwyl ek tussen die deelnemers deurloop, sien ek duidelik die werk van die demone in hierdie arme mense. Een jong man se gesig het voor my oë verander in dié van ‘n dier met wilde oë. Hy knip nie eers ‘n oog as hulle breinaalde deur sy wange en lippe en tong steek nie, en daar is nie ‘n druppel bloed in sig nie. Groot vishoeke word deur sy rugvel gehaak, en toutjies word daaraan vasgemaak waarmee hy ‘n versierde waentjie, belaai met prente van sy gode teen ‘n bult op trek. Ander mense het weer kokosneute met hoeke deur hulle vel gehaak gedans op die maat van opruiende Oosterse musiek. Ek het naar gevoel! Ek kon dit naderhand nie meer vat nie, en ek is huistoe terwyl ek bitterlik jammer gevoel het vir hierdie arme mense wat so mislei was deur die duiwel.

Jesus se wonderwerke in Kapernaum het nie daar opgehou nie. Petrus se skoonma het in die bed gelê met ‘n hewige koors. ‘n Enkele woord van Jesus het haar oombliklik genees, en toe staan sy op, en die eerste ding wat sy doen is om die mense met ‘n ete te bedien. Vir my en jou is dit ‘n vingerwysing van hoe ‘n mens God se genade behoort te ervaar: jy dank Hom daarvoor deur dinge vir ander mense te doen.

En skielik is die sluise oop: van heinde en verre kom al wat

leef en beef met hulle siekes en besetenes, sodat Jesus tot laatnag toe moes werk om almal te genees. Keer-op-keer erken die demone in vrees en bewing dat Jesus die Seun van God is. Baie vrae is al gevra oor waarom Jesus hulle stilgemaak het wanneer hulle Hom as Seun van God aanspreek? Daar is basies twee redes: die eerste is dat Hy waarskynlik baie eerder sou wou hê dat die erkenning van Sy volgelinge kom as wat dit van die duiwel se trawante kom. Die tweede is dat Sy tyd van verheerliking op daardie stadium nog nie aangebreek het nie.

In die slottoneel van hierdie perikoop sien ons vir Jesus vlug om ‘n bietjie stilte en eensaamheid te kry. Dit is egter kortstondig, want gou-gou spoor die skare Hom op. Die tyd het aangebreek dat Hy moet aanskuif na ander dorpe en stede sodat die Evangelie van die Koninkryk van God oor die hele wêreld kon weerklink. Wat behels hierdie Evangelie? In wese beteken dit dat God die eintlike Heerser is oor alles en almal. Jesus het so pas bewys dat Hy selfs volle mag het oor die Bose, en dat die gevreesde, magtige demone nie alleen in vrees en bewing voor Hom uit vlug nie, maar dat hulle Hom selfs volle erkenning gee vir wie Hy werklik is.

Wat sê hierdie verhaal vir my en jou vandag? Tydens Jesus se tyd as Mens het Hy doelbewus sy mag beperk. Na Sy hemelvaart openbaar Hy egter Sy volle almag, en dáárop kan ons vandag steun. Hy het die Bose finaal oorwin, sodat die duiwel slegs beperkte mag het: hy kan ons as gelowiges nie

beroof van ons saligheid nie. Maar dit gaan verder: Jesus het ook aan óns, Sy volgelinge van daardie mag gegee. As ons toelaat dat die Heilige Gees deur ons werk, dan gee Hy ons onmeetbare krag. Angus Buchan het dit bewys deur saamtrekke te reël vir honderde-duisende manne op sy plaas naby Greytown, iets wat 'n totale logistieke nagmerrie is. Maar vir iemand wat die Heilige Gees as Vennoot het, is dit 'n "kleinigheid". Maar dit is nie alleen die "groot" manne wat die wonderbare krag van die Heilige Gees ondervind nie: doodgewone mense ondervind dit elke dag, en daarvan kan ek persoonlik getuig!

Gebed:

Here, dankie vir die wonderbare Krag wat U vir ons gegee het. Leer ons om dit te gebruik.



Gaan Na Inhoud

## Vissers van Mense

## Lukas 5:1-11

Die spanning bereik breekpunt in Rome- die wrede Nero het al talle Christene laat doodmaak op die mees skrikwekkende maniere. Hy laat selfs sy eie ma teregstel! Sommiges word leeukos of oefensakke vir die Gladiators. Snags hang die walglike reuk van verbrande mensvleis in die pragtige tuin van die keiser, waar Christene, besmeer met teer, as lewende lanterns brand.

‘n Vreemdeling kom vra padaanwysings by ‘n klein groepie mense. Ongemerk teken hy met sy kierie die buitelyne van ‘n vissie in die stofstraat. Skielik gryp een van die groepie hom en omhels hom: “Jy is ook een van ons, ‘n man van die Weg! Welkom!” In Nero se tyd het jy nie geweet wie om te vertrou nie, want as die verkeerde persoon uitvind dat jy ‘n Christen is, word jy verkla en dan is dit jou doodsertifikaat wat summier geteken word. Christene het mekaar herken deur die teken van die vissie te maak. Maar waar kom dit vandaan?

Wel, dit het eintlik ‘n dubbele betekenis. Die Griekse woord vir “Vis” is “IXTHUS”. Die Christene het die woord gebruik as ‘n akroniem, waar die letters uitspel: Iesous Xristos Theou Uiou Soter - Jesus Christus God se Seun, Verlosser. Maar eintlik kom die betekenis al ‘n lang pad: Dit het sy oorsprong een mooi dag gehad, toe Jesus langs die See van Galilea vir ‘n klomp mense gepreek het. Die woord het soos ‘n

veldbrand versprei dat Hy daar was, en weldra was daar ‘n reuse skare wat mekaar letterlik vertrap het om hierdie Jesus te kon hoor preek. Hulle druk en stoot en stamp, en die arme Prediker word tot aan die waterkant gedruk, want elkeen wil naby wees.

En toe kom daar ‘n oplossing vir die probleem uit ‘n onverwagse oord: Twee visserskuite met moedelose vissermanne kom aan land. Daar is nie ‘n enkele vissie van ‘n dagoud in die skuite nie, en die arme ou Petrus se gesig hang. Vir Jesus is hierdie skuite die oplossing, en hy oorreed vir Petrus om Hom op te laai sodat Hy vanuit die skuit met die mense kon praat.

Nadat Hy “Amen” gesê het, sê Jesus vir Petrus en sy maats, Jakobus en Johannes: “Kom ons gaan vang vis!” Petrus kyk hierdie Prediker half skepties aan: wat weet 'n Straatprediker dan nou van visvang af? Hulle is al donkeroggend uit op die skuite, en daar was nie eers ‘n vrot sardientjie in die ganse see om te vang nie! Waar dink Hy miskien gaan die visse nou skielik vandaan kom? Baie teensinnig stem hy tóg in, en net om vir hierdie onkundige Man te wys dat daar nou rêrag nie visse in die see is nie, gooi hy sy net uit. Maar dan rek Petrus se oë baie groot wanneer hulle die net intrek, en hulle amper nie die net kan beweeg nie, so swaar is dit van visse. Toe hy en sy maters uiteindelik die nette in die twee skuite leeg gemaak het, was hulle bang dat die bote dalk sou sink van die swaar vrag.



_Gaan Na Inhoud

Daardie dag was ‘n baie groot keerpunt in Petrus se lewe. Skielik het hy besef dat hierdie “Profeetjie” nie maar ‘n gewone mens is nie, en hy het op sy knieë voor Jesus neergeval en om verskoning gevra dat hy so ongelowig was.

“Moenie bang wees nie”, sê Jesus vir hom, “Jy gaan van nou af ‘n visser van mense word.” Petrus het vir séker nie geweet wat Jesus bedoel het nie. Dit sou nog drie jaar neem, drie baie moeilike, maar uiters opwindende jare, voordat hy die ware betekenis van Jesus se woorde sou verstaan.

Drie jaar later, op Pinksterdag, het daardie einste eenvoudige, hardkoppige, ongelowige visserman voor 'n reuse skare gaan staan en met hulle gepraat. Daardie dag het drieduisend mense tot bekering gekom as gevolg van Petrus se boodskap aan hulle. O, hoe het die “visse” nie daardie dag ingestroom nie, soveel so dat die “nette” amper wou skeur! ‘n Visser van mense- dit is mos wat Jesus vir hom gesê het dat hy sou wees!

Maar uit sy eie krag sou hy dit nooit, óóit kon regkry nie: Net soos dit ‘n wonderwerk van Jesus gekos het daardie dag op die see van Galilea, so was Petrus ook maar net die spreekbuis van die Heilige Gees wat die wonder op Pinksterdag laat gebeur het.

Die wonder van die vissie het nooit opgehou nie. Ten spyte van al die vervolging wat Petrus beleef het, en al die wrede vervolging wat die Christene onder Nero moes deurmaak, was daar steeds mense wat bereid was om die nette uit te

gooi as vissers in diens van Jesus. Dieselfde ongelooflike krag van die Heilige Gees wat Petrus op Pinksterdag beleef het, is steeds vandag beskikbaar vir elkeen wat bereid is om die net op te neem. En dieselfde IXTHUS - Vis simbool wat die vervolgde Christene in Nero se tyd moed gegee het, sê steeds vir ons dat Jesus Christus, die Seun van God vandag nog al die tyd ons Verlosser is soos wat Hy eeue gelede was en vir altyd sal bly.

Dalk is jy ook vandag, nes Petrus, skepties om die net op te neem. Dalk is jy bang dat jy nie die mas gaan opkom nie. Wees verseker dat Jesus steeds daar is om jou te help, en dat die Heilige Gees jou die krag en wysheid gee. Hy vra net jou gewilligheid.

Gebed:

Here, nes Petrus is ek ook dikwels bang om ‘n mensevisser te wees. Gee my asseblief die moed om U op u Woord te neem en die net uit te gooi.

## Jesus en die Melaatse

## Lukas 5:12-16

Petrus en die twee broers Jakobus en Johannes het alles nét so gelos na die groot visvangepisode en Jesus se volgelinge geword. Vir die volgende drie jaar sou Jesus dag-vir-dag leerlinge hê wat oral saam met Hom gaan. Daar sou bitter selde geleentheid wees om alleen te wees. Boonop is daar die alewige skares van mense wat Hom as publieke eiendom beskou omdat Hy so mooi preek en dan nog siekes gesond kan maak. Ek sou gek word as mense my so sou verdring! Die filmsterre voel nogal so 'n ietsie van wat Hy moes deurmaak, met elke Jan Rap en sy maat wat hulle private lewe verdring, en die talle joernaliste en fotograwe wat elke oomblik probeer om 'n steelfoto te kry. G'n wonder dat hierdie mense soms uithaak en die fotograwe aanrand nie!

Lukas vertel die verhaal van die melaatste man wat Jesus teëgekom het. Die melaatsheid waarvan hier gepraat word is nie noodwendig melaatsheid (Hansen se siekte) soos ons dit vandag ken nie, maar enige erge velkwaal is melaatsheid genoem. Vir enige Jood was hierdie 'n verskriklike siekte, want dit maak jou "onrein", en dus is jy ten alle koste vermy. Melaatses moes in 'n kolonie buite die stad bly en mag nie eers kontak hê met hulle families nie. Dit het dan ook uit die aard van die saak beteken dat jy nie meer kan werk nie, en dus nie vir jou gesin sorg nie. As jy melaats is, is jy soos die pes vermy. As dit sou gebeur dat jy in 'n publieke plek moet

kom, dan moet jy die hele tyd skree: “Melaats, melaats!” om die ander mense te waarsku sodat hulle uit jou pad kan bly.

Ek kan my die prentjie voorstel van hierdie arme desperate man wat sy lewe waag tussen die skare van mense in wat om Jesus saamkoek. Hy verbreek alle sosiale reëls om daar te wees, en dit kan selfs beteken dat ‘n spul opgewerkte Jode hom kon stenig. Nogtans waag hy alles en kom val op sy knieë voor Jesus neer en smeek vir genesing. Jesus verbreek ook die sosiale reël deur nie ‘n paar treë terug te staan soos wat die skare om hom waarskynlik skielik gedoen het toe hulle die melaatse tussen hulle sien nie. Nee, Jesus kom vat aan die man - Hy daal neer tot hierdie verstoteling se misrabele sosiale vlak. Almal trek hulle asems in: “Wat dóén Hy? Mens raak nie aan ‘n melaatse nie!” En dan hoor jy hoe die mense na hulle asems snak, want eensklaps, voor hulle verdwaasde oë, is die sere wat die man se liggaam oortrek het weg- spoorloos!

Jesus gee die man opdrag om vir niemand te vertel van wat gebeur het nie, maar dit het nie veel gehelp nie, want hoe anders kon hy as om dit aan die wêreld uit te blaker. Jesus se tweede opdrag is dat hy die Mosaïese voorskrifte vir reiniging moet ondergaan sodat hy weer in die gemeenskap opgeneem kan word. Dit sal beteken dat hy weer kan werk, sy familie sien, sy eer herstel, sy Godsdiens vryelik beoefen en sy respek in die samelewing herwin. Kan jy jou indink hoe dit moes wees om totaal afgesny te wees van alles wat vir

jou belangrik en dierbaar is. En dan, skielik, as alles totaal verlore lyk, dan kom hierdie wonderwerk wat alles totaal in een enkele oomblik herstel!

Die nuus van hierdie wonderwerk het soos ‘n veldbrand versprei, en die skares het al groter en groter geword. In menslike standaarde gemeet, het dit uitstekend gegaan met Jesus se bediening. Maar dit was ‘n uitmergelende werk om dag-vir-dag van vroegoggend tot laat saans die toue en toue siekes te moes sien. Eindelose stringe mense met hartverskeurende siektes en kwale en gebreke en selfs duiwelbesetenheid het ál Jesus se kosbare tyd opgeneem. Hy het gesmag na daardie luukse van net ‘n klein bietjie alleenwees. Lukas vertel dan ook dat Jesus tyd gemaak het in Sy besige skedule om Hom af te sonder sodat Hy kon bid.

As dit vir die Seun van God- Sélf God- nodig was om alleen te bid, hoeveel te meer is dit dan nie vir my en jou wat so geweldig afhanklik is van Hom, nodig om dit te doen nie. ‘n Mens moet jouself dissiplineer om juis wanneer dit goed gaan, of as die werk swaar druk, ‘n tydjie af te knyp om iewers alleen met God te gaan gesels en verkeer. Ek het eenmaal iemand hoor sê: “Ek is te besig om NIE te bid nie!” Dit is juis wanneer die druk op sy ergste is, dat ons die verfrissende krag van God nodig het om weer aan te gaan. Maar dan is dit nie net ‘n vinnige noodroep om te vra: “Here, help asseblief!” nie, maar maak jou hart oop teenoor die Heilige Gees en laat Sy wonderbare krag oor jou gemoed


Gaan Na Inhoud

spoel. Sing in jou hart ‘n loflied vir Hom, die Heerser van alle heersers. Raak rustig en gee jou oor aan God. Slegs ‘n paar minute is nodig om jou gemoed te lig en jou op God te laat fokus. Die wonder hiervan is nie alleen dat dit jou gedurig herinner aan jou afhanklikheid van God nie, maar dat die bonus is dat jy totaal verfris weer jou werk kan aanpak met nuwe ywer terwyl jy ‘n jubellied in jou hart sing. En almal wat jou sien sal wonder wat met jou gebeur het.

Gebed:

Heilige Gees, leer my asseblief om gereeld tydjies met U deur te bring, selfs wanneer dit besig is.



Gaan Na Inhoud

## Die Verlamde en sy Vriende

## Lukas 5:17-26

Die sukses van Jesus se bediening het die nuus soos ‘n veldbrand laat versprei. Nie alleen het Hy daagliks dosyne siekes gesond gemaak nie, maar dan het Hy ook gepreek. Dit was onvermydelik dat hierdie nuus ook die kerkleiers se ore sou bereik, en hulle het gewonder oor hierdie onbekende Leermeester. Vir baie jare sit ‘n man en studeer, en hy moet die wette oor en oor hoor van sy leermeester. Die Skrifte word bestudeer tot in die fynste detail, en dan uiteindelik word hy ook een van die elite Fariseërs. Die naam Fariseër beteken “Afgesonderde”, en hierdie beweging het sy ontstaan tydens die ballingskap. Natuurlik kan dit ook nie anders nie, dat hierdie geleerde manne juis hulleself opwerk om die kerkleiers te word.

Die klomp geleerdes moes sékerlik onder mekaar gesels het oor hierdie nuwe onbekende “Profeet” wat skielik soveel opslae maak. Hy was op g’n Bybelskool nie - waar sou Hy sy kennis vandaan kry? “Hierdie Man kan vir ons edele beweging ‘n baie groot bedreiging word as Hy nie gou gestop word nie!” het dit sékerlik in die wandelgange van die tempel weerklink, “Ons sal onsself móét gaan vergewis van wat Hy alles kwytraak, voordat Hy dalk die volk op ‘n groot dwaalspoor lei.”

En so gebeur dit dan een mooi dag terwyl die skares, soos gewoonlik, om Jesus begin saamdrom waar Hy besig was in

‘n huis. Juis op daardie dag besluit 'n groep Fariseërs en leermeesters om te kom sien waaroor al die bohaai nou eintlik gaan. Omdat hulle baie belangrik is, neem hulle die voorste gestoeltes in om mooi te kan sien wat hier gebeur. Die mense verdruk mekaar buite die huis om tog net naby hierdie wonderlike Prediker te kan kom.

Intussen is daar ‘n totaal ander drama besig om hom af te speel. “Ek hoor daardie Jesus is in die dorp”, vertel ‘n man vir sy vriende, “en julle moet my asseblief help om vandag by Hom uit te kom. Asseblief, dit is my enigste kans!” Hy is verlam, en die lewe het vir hom ondraaglik geword. Die arme man is totaal afhanklik van ander mense se gunste. “Toemaar, ons sal sorg dat jy daar kom”, verseker hulle hom. Op ‘n draagbaar word hy die stofstrate afgedra in die rigting waar hulle die skares mense sien stroom. Hulle is nog ver van die huis af, dan sien hulle al dat dit ‘n hopelose situasie gaan wees, want die mense koek om die huis soos ‘n swerm bye. Hulle soebat en pleit dat die mense tóg vir hulle plek maak om deur te gaan, maar dis puur verniet!

“Moenie wôrrie nie”, troos hulle hom as hy in trane wil uitbars van frustrasie, “Ons het ‘n plan!” Hulle sit hom neer en hulle koukus: “Kyk, as ons hom net op 'n manier bo op die dak kan kry, dan laat sak ons hom van bo af in.”

“Kry jy solank 'n paar manne om jou te help om hom bo te kry, ek gaan kry gou toue!”

Jesus word wreed onderbreek in die middel van Sy preek,



Gaan Na Inhoud

deur ‘n rumoer op die dak. Almal kyk gesteurd op as iemand die dakteëls begin oopbreek. “Wat gaan aan daarbo?” skree iemand vererg. En dan hou almal asems op as hulle toekyk hoedat iemand wankelrig op ‘n draagbaar aan vier toue deur die opening afsak. Mense staar in ongeloof na die man op die draagbaar. Almal herken hom as die arme verlamde van die onderdorp. Wanneer Jesus opkyk, sien hy vier beangste gesigte deur die gat loer, en Hy bewonder hulle geloof en vindingrykheid. “Mens, jou sondes is jou vergewe”, sê Hy vir die man op die draagbaar.

Die arme Fariseërs val byna van hulle stoele af oor hierdie “Godslasterlike” uitspraak. Hulle het geweet dat daar iewers ‘n swak plek in sy mondering moet wees. “G’n mens durf homself die reg tot sondevergifnis toe-eien nie! Alleen God kan mos sondes vergewe!” redeneer hulle onder mekaar.

Maar Jesus het van die begin af regdeur hierdie skynheilige klomp gesien. Natuurlik het Hy geweet dat hulle Hom as ‘n bedreiging vir hulle eie reputasie beskou. Hy het ook geweet dat hierdie maar net die eerste van baie konfrontasies met hulle sou wees, en dat dit uiteindelik sou lei tot Sy teregstelling.

Slegs ‘n paar woorde van Jesus genees die man voor almal se oë, en die verlamde staan op asof hy sy lewe lank nooit iets makeer het nie. Al singende en jubelende huppel hy daar uit, draagbaar in die hand terwyl die skares hulle koppe skud in ongeloof. Maar nie almal is beïndruk nie. Die Fariseërs het

die eerste rondte slég tweede gekom......

Die genesing van die verlamde is ‘n wonderlike verhaal waar ons nie alleen die geloof en begeerte van die man sien om by Jesus uit te kom nie, maar ook sy vriende se geloof. Hulle het dit nie maar net by geloof gelos nie, maar daadwerklik uit hulle pad gegaan om hom by Jesus te kry. Dit is ‘n verhaal van naasteliefde sonder grense, ‘n voorbeeld vir elkeen van ons. Die verlamde man is beloon met iets baie groter as wat hy voor gevra het, nie alleen het hy genesing gekry nie, maar vergifnis. Jesus herstel die totale mens en bring hom so in harmonie met God.  Het jy al God se vergifnis ontvang?

Gebed:

Here, ek loof en prys U wonderlike Naam, want U is groot en goed en almagtig. Dankie dat U my ook vergifnis geskenk het sonder dat ek dit enigsins verdien het.



Gaan Na Inhoud

## Levi die Tollenaar

## Lukas 5:27-39

Toe die Romeinse regering die pos adverteer van belasting gaarder, het Levi die gaping gesien en dadelik sy tender ingesit. Hierdie kan 'n betalende besigheid wees! Dit behels dat hy namens die Romeine belastings moet invorder van sy volksgenote, die Jode. Hy hou dan 'n sekere persentasie daarvan vir homself, wat dien as sy salaris. Baie van hierdie Jode weet nie rêrag wat presies die belasting moet behels nie, en Levi het gehoor dat die ander tollenaars goed geld maak deur hier en daar iemand te verkul deur meer in te vorder as wat hy moes, en dan die res in hulle sakke te druk. Baie gou het Levi elke truuk in die boek geleer van hoe om mense af te pers en te verneuk om elke hoek en draai.

Wat Levi egter nie mee rekening gehou het nie, is dat almal hom skielik begin vermy het. Daardie stigma van Tollenaar-verneuker het aan hom begin kleef, en weldra het al sy Joodse vriende opgedroog. Daar was maar een genade oor, om by die res van die tollenaars in te val. Hy is met ope arms ontvang! Die ongeluk was egter dat hierdie spul nou rêrag die skuim van die samelewing was, suip en hou partytjie, nie mense met wie énige goeie Jood hom sou meng nie.

Dit is dus 'n baie groot skok vir Jesus se volgelinge wanneer hulle een mooi dag by Levi se tolkantoortjie verbystap, en Jesus vir daardie gehate tollenaar aansê om Hom te volg. "Meester, hoe durf U! Sy reputasie stink!" Petrus is tot in sy

siel geskok! Levi kan nie sy ore glo nie! Niemand van enige waarde wil hom as vriend hê nie, en hier kom hierdie heilige Profeet en Hy roep hom, armsalige, verworpe, sondige Levi! Nét daar besluit hy dat dit die ideale geleentheid sal wees om vir Jesus aan sy vriende voor te stel. As Hy bereid is om hóm te aanvaar, dan sal sy spul pêlle óók mos vir Jesus aanvaarbaar wees. Hy versprei die woord, en wanneer die aand daal hou hulle gróót makietie met ál die fluitjies en klokkies. Petrus-hulle is bitter ongemaklik saam met hierdie spul, maar hulle móét herken dat dit nogal baie jolig gaan, jy kan ámpertjies sê dat dit lekker is! Hulle kan egter nie verstaan hoe Jesus so gemaklik tussen die spul sondaars kan inpas nie.

Die volgende dag is die duiwel behóórlik los: 'n Afvaardiging Fariseërs keer vir Petrus en sy maters voor en trap hulle sommer lélik uit oor daardie berugte partytjie van die vorige aand. "Hoe kón julle! Wat het julle besiel om te meng met daardie skuim? Julle het sowaar saam met sondaars en tollenaars gaan staan en eet en drink!" Jesus hoor wat aangaan, en dan kom red Hy die situasie: "Dit is siek mense wat die dokter nodig het, nie gesondes nie." verduidelik Hy vir hulle.

En Levi? Hy was bereid om alles net so te los om vir Jesus te volg. En ek is oortuig daarvan dat nie alleen Levi tot bekering gekom het nie, maar sékerlik ook baie van sy gure vriende. In hierdie verhaal sien ons dat dit nie noodwendig die mense is



Gaan Na Inhoud

wat hulle hele lewe lank ‘n voorbeeldige lewe gelei het wat dissipels van Jesus word nie, maar ook die ouens wat ‘n baie vrot verlede het. By ‘n gebedsgeleentheid was een van die sprekers ‘n tyd gelede ‘n ou tronkvoël. Die ou kon nie eers behoorlik praat nie, maar die boodskap wat hy gebring het was dat die Here hom gered het, en dat hy nou werk onder gevangenes. Ek het half ongemaklik gevoel, maar ek het net weereens besef dat Jesus nie na die persoon kyk nie.

Hierdie half-ongemaklike situasie wat Levi geskep het, lei tot ‘n onvermydelike konfrontasie. Jesus gebruik egter juis die situasie om te toon dat Hy bereid is om enigeen te vergewe. As dit selfs moontlik is vir tollenaars en sondaars om hulle verhouding met God te herstel, dan is dit moontlik vir enige soort mens. Wat meer is: menslike taboes word onbelangrik! Ons moet leer om verby ons tradisies te kan kyk, en ander te aanvaar vir wat hulle is: skepsels van God net soos ek en jy!

Terwyl hulle nou besig is om oor tradisies te praat, trap die Fariseërs sommer ook vir Jesus uit omdat Hy nie soos Johannes die Doper, sy dissipels leer om te vas en ander tradisies na te kom nie. Met Jesus se antwoord gee hy ‘n nuwe perspektief op die ou Joodse gebruike. Hy verwerp nie die tradisies nie, maar Hy sê dat daar ‘n tyd en ‘n plek is vir alles. Om dus bloot ‘n tradisie na te volg omdat dit tradisie is, het absoluut géén waarde nie. Maar op sy regte tyd en plek en met die regte doel voor oë is dit nuttig.

Dalk staan jy vanoggend met ‘n dilemma: jy weet nie of jy



Gaan Na Inhoud

ooit goed genoeg is om vir die Here tot enige nut te wees nie. Sal die Here jou ooit kan gebruik? Dalk is jou sonde te groot of jou verlede te duister. Uit hierdie verhaal gee die Here vanoggend vir jou die versekering dat Hy verby al hierdie dinge kyk en iemand sien wat na Sy beeld geskep is. Hy wil jou beslis gebruik, al wat Hy vra is jou bereidwilligheid.

Of dalk is jou dilemma vanoggend dat jy sukkel om 'n sekere persoon te aanvaar, juis oor sy duistere verlede, of moontlik oor sy voorkoms. Jesus vra van jou as gelowige om daardie persoon te aanvaar nes hy is, en om hom 'n kans te gee in die lewe, soos wat Hy bereid was om selfs vir Levi 'n kans te gee.

Gebed:

Here, leer my asseblief om mense te aanvaar soos hulle is.

## Sabbatsblapse

## Lukas 6:1-11

Dit is ‘n stil Sabbatsoggend: Jesus loop met sy dissipels deur die veld. In hulle pad is 'n wuiwende groen koringland. Die manne kwyl, want hierde evangeliewerk wat hulle saam met Jesus doen betaal maar ‘n hongerloon. En boonop gee die alewige mense wat so om hulle saamdrom hulle nie juis tyd om aan kos te dink nie. Nou lyk die vet koringare darem ál te aanloklik. “Mag ons maar?” vra een vir Jesus, en Hy knik instemmend. Natuurlik is die wet baie duidelik hieroor, dat as jy deur iemand se koringland stap, dan mag jy maar ‘n paar are pluk- dit is nie diefstal nie (Deut 23:25).

Maar hulle word fyn dopgehou deur iemand wat net soek vir ‘n enkele misstap: “Ha! Het julle!” sê ‘n groepie Fariseërs vir mekaar, en hulle storm op Jesus en sy manne af. Onmiddellik word die arme verbouereerde manne gekonfronteer met die feit dat hulle arbeid verrig het op die Sabbat.

Ons het reeds gesien dat die Fariseërs mense was wat ‘n baie diep studie van die Skrif gedoen het. Ongelukkig was die kennis so in hulle ingedril deur hulle leermeesters, dat hulle nooit die ware gees van die Skrif gesnap het nie. Dit het vir hulle gegaan om kennis en om die wet tot in sy fynste besonderhede na te kom, en dat absoluut niks hulle een enkele stukkie van die wet sou laat oortree nie. Hierdie filosofie het hulle op 'n ieder en elk probeer afdwing.

Alles klink baie edel, en daar is niks mee verkeerd nie. Oor die jare het die Fariseërs begin besef dat dit nie so maklik is om wette te onderhou nie. Een van die redes is dat daar soveel skuiwergate is. As die wet byvoorbeeld sê dat jy nie mag doodslaan nie, sou dit dan ook teen die wet wees as jy iemand doodwurg? En so het hulle begin om wette rondom die wette te borduur sodat 'n mens nie dalk per ongeluk 'n wet sou oortree nie. Een van die moeilikste wette was die een oor die Sabbat, want daar is soveel skuiwergate. Wanneer is werk dan nou eintlik werk? Almal het geweet dat om te oes, werk is, en totaal taboe is. Maklik! Een ou Fariseër het waarskynlik een dag vir sy kollegas gesê: "Gisteroggend sien ek my ou vrou op die Sabbat haar ooghare staan en pluk voor die spieël, en toe dink ek mos by myself: maar dis mos dieselfde as om te oes! Nou vra ek julle: moet ons nie 'n wet formuleer dat vrouens nie hulle ooghare op die Sabbat mag uitpluk nie?"

"Kyk", sê een van die ander ringkoppe, "As sy in die eerste plek nie in die spieël gekyk het nie, sou sy nie haar ooghare eers raakgesien het nie!" Een van die Fariseërs se wette lees dus, dat 'n vrou nie op die Sabbat in 'n spieël mag kyk nie, want dit kan lei tot werk. 'n Ander wet lui dat jy nie 'n stoel onder 'n tafel mag uittrek nie, want dit maak voortjies in die stof, wat presies dieselfde is as om te ploeg, wat natuurlik werk is. En so kan ons aangaan - daar was uiteindelik 39 wette rondom die Sabbatswet alleen geweef. En die

Fariseërs het hulleself gesien as die bewakers van die Wet.

Wanneer die dissipels dus "uitgevang" word dat hulle op 'n Sabbat "werk", is daar moeilikheid met 'n hoofletter "M"! Jesus probeer vir hulle verduidelik dat 'n mens nie so onwrikbaar moet wees nie, en dat selfs Dawid die wet "oortree" het toe daar nood was. Daar moet 'n balans wees in jou lewe, en boonop het hulle eintlik hier te doen met die Skepper van die Sabbat. Maar dit sou hulle gladnie verstaan nie, want hulle het net een ding op die brein gehad!

Nie lank na hierdie insident nie, sit Jesus een Sabbat in die sinagoge, besig om te preek. Natuurlik was daar weer 'n paar Fariseërs wat nie noodwendig na Jesus se preek kom luister het nie, maar uit was daarop om Hom uit te vang. En toe gebeur dit ook! 'n Man met 'n gebreklike regterhand sit tussen die mense, en die Fariseërs sê vir mekaar: "Ha! Hier kom 'n ding!" Jesus het egter hulle gedagtes gelees, en die man nader geroep. "Mag 'n mens goed doen op 'n Sabbat?" wil hy van die Fariseërs weet. En toe maak hy die man gesond, en gee hom so 'n nuwe kans in die lewe om te kan werk en sy gesin te onderhou. Ons lees dat die spul wetsmanne woedend was omdat hulle uitoorlê is.

Daar ontstaan vandag 'n paar vrae oor hierdie twee gebeurtenisse. Die belangrikste is seker of Jesus die Wet as onbelangrik beskou en die Sabbat summier verwerp? Nee, dit is beslis nie die geval nie! Jesus wil egter vir die Fariseërs (en ons) wys waaroor die wet werklik gaan. Later het Hy dit



_ Gaan Na Inhoud

pragtig opgesom as liefde vir God en liefde vir jou medemens. Na Jesus se soenverdienste aan die kruis, het daar nog ‘n dimensie bygekom - dankbaarheid. Omdat Jesus ons skuld betaal het leef ons hierdie liefde waarvan Jesus gepraat het uit, uit dankbaarheid teenoor God vir die verlossing wat Hy ons gegee het. Dit gaan nou nie meer vir ons soos die Fariseërs om die wet te onderhou ter wille van die wet nie, of om ons saligheid te verdien nie, maar bloot omdat ons God liefhet, en daarom Sy wil probeer doen.

Gebed:

Here, gee asseblief vir my ‘n ware liefde in my hart - liefde gebore uit dankbaarheid vir U groot verlossingsdaad.



Gaan Na Inhoud

# Twaalf Apostels

## Lukas 6:12-19

Gebed is ‘n baie belangrike deel van enige gelowige se lewe, veral as hy ernstig is oor sy geloof. Prakties sien ons in Jesus se lewe op aarde hoedat Hy ook hierdie stelling uitgeleef het. As dit vir Hom belangrik was - hoeveel te meer nie vir ons as gewone sterflinge nie. Telkemale lees ons in die Evangelies dat Jesus lang tye in gebed deurgebring het, veral voor groot gebeurtenisse. Ons is so geneig om groot besluite in ons lewe vooraf te gaan met ‘n ou skietgebedjie. Kom ons kyk ‘n bietjie wat Jesus gedoen het.

Jesus se volgelinge het groot aangegroei, en ‘n skare van mense het Hom elke dag gevolg. Dit het begin toe Jesus 'n paar vissermanne daar by hulle skuite gekry het, en hulle gevra het om saam met Hom te kom, met die belofte dat hulle vissers van mense sou word. En van toe af het die gevolg net al hoe groter geword. Die tyd het nou aangebreek dat daar ‘n paar spesiale manne aangewys moes word om intensiewe opleiding te kry. Hulle sou die leiding moes neem wanneer Jesus se taak voltooi is. Om te besluit watter manne hierdie taak sou kry, was van kardinale belang, want daar sou ‘n reuse taak op hulle skouers lê. Vir Jesus was dit tweede natuur om eers te gaan bid hieroor, en ons lees dat Hy die hele nag in gebed deurgebring het. Hy het die eensaamheid van ‘n berg uitgesoek en met God geworstel oor daardie belangrike besluit.



Gaan Na Inhoud

Ons het per geleentheid deurnag gebedsgeleenthede in ons gemeente gehad. Hierdie was heilige oomblikke, en elkeen wat deel was daaraan kan alleen getuig van die heerlike geestelike verkwikking wat dit bring. Om op so 'n ernstige wyse te bid, verheerlik jy nie alleen die Here nie, maar jy word gevoed met geestelike krag waaraan daar nie 'n einde is nie. Elke groot besluit in jou lewe hoef nou nie juis voorafgegaan te word met 'n deurnagsessie nie, maar 'n mens moet veral wanneer groot besluite op hande is tyd maak om met die Here deur te bring en Hom te vra vir wysheid. Moenie toelaat dat jou besige program in jou pad staan om die Here se aangesig op te soek nie. Ek het eenmaal iemand hoor sê dat hy gans te besig is om NIE te bid nie. As dit die geval is, dan moet 'n mens eintlik baie meer tyd aan gebed spandeer as dinge onmoontlik besig begin raak. Dit mag dalk van jou "kosbare" tyd opneem, maar die resultaat is astronomies.

Wanneer die dag breek, kom Jesus van die berg af, en daar kry Hy sy klomp volgelinge. Twaalf van hulle kies Hy uit om "Apostels" te word. Die Griekse woord Apostolous is afgelei van die werkwoord wat beteken "om met opdrag uit te stuur". Tegnies kan ons hulle dus gevolmagtigde afgevaardigdes noem.

Vandag het ons ook "gewone" gelowiges en gelowiges wat 'n spesifieke opdrag het. Dit beteken nie dat die een belangriker as die ander is, of dat die een 'n groter werk

moet doen in die Koninkryk as die ander nie. In die geval van die apostels was hulle die manne wat verantwoordelik sou wees om leiding te neem, mense te leer wat Jesus húlle geleer het, en die kerk te organiseer. Die "gewone" gelowiges was die mense wat later verantwoordelik was om die Woord uit te dra en die Evangelie deur die hele wêreld te versprei. Dit is ook my en jou taak vandag om ons Christenskap só uit te leef, nie alleen met wat ons vir ander sê nie, maar deur ons ganse lewe, sodat daar 'n honger sal ontstaan vir die Evangelie by almal met wie ons in aanraking kom.

Op die vlakte het daar 'n groot skare mense vir Jesus gewag. Nie alleen was daar Jode nie, maar Lukas noem ook dat daar mense was uit die kusgebied van Tirus en Sidon, 'n nie-Joodse landstreek. Jesus se eerste taak was om Sy bediening toe te spits op Israel, omdat hulle uit die aard van die saak die volk van God was, en daarom was die uitkies van die twaalf manne ook sterk simbolies van die herstel van die twaalf stamme van Israel. God se genade is egter ook vir almal daar buite, ook die heidene. Mense het van heinde en verre gekom met hulle siekes vir genesing. Jesus het hulle nie teleurgestel nie, maar nou het daar 'n nuwe dimensie in Sy bediening aangebreek, naamlik om mense te leer. Eintlik was dit hoofsaaklik gerig op die twaalf manne, maar elkeen wat teenwoordig was kon ook luister na hierdie wonderlike preke van Jesus.


Gaan Na Inhoud

Die sogenaamde "Bergpreek" waarna ons DV. môre gaan kyk, het hierna gevolg, en die mense het behóórlik aan Jesus se lippe gehang. Selfs vandag, 2000 jaar later, is hierdie preek steeds vars en nuut, en kan elkeen van ons dit maar oor en oor gaan lees, want elke keer as jy dit lees sien jy iets nuut daarin raak. Ek nooi jou dus uit om saam met my Jesus se preek ons eie te maak, en nie alleen deur dit te lees nie, maar dit ons lewenswyse te maak.

Gebed:

Here, dankie vir die wete dat U my uitgekies het om 'n gelowige in U Koninkryk te wees. Leer my om my Christenskap op elke terrein uit te leef.

# Seëninge

## Lukas 6:20-26

Daar sak ‘n doodse stilte neer oor die skare van volgelinge wanneer Jesus sy beroemde bergpreek begin. Die dinge wat Hy sê is so anders as wat hulle enige van die ander Skrifgeleerdes al hoor preek het. Oopmond hang hulle aan Jesus se lippe om elke woordjie in te drink. Die eerste gedeelte van sy preek is ‘n parallelisme, waar Hy vier versies seën uitspreek en dan drie versies ellendes voorspel oor die teenoorgestelde toestand.

Jesus praat eers met die armes. Die meeste van Sy hoorders val in hierdie klas. Petrus en sy maters het byvoorbeeld vrywillig ál hulle karige aardse besittings nét so gelos om vir Jesus te volg. Hierdie manne het eers waarlik hulle volle afhanklikheid van God begin besef, die dag toe hulle hierdie stap neem. Skielik was daar nie meer die inkomste wat hulle uit hulle vissersbedryf gekry het nie, en hulle moet ander mense in die oë kyk vir kos. Armoede en swaarkry is dikwels nodig in ‘n mens se lewe om jou totale afhanklikheid van God te besef. Die teenoorgestelde is dikwels ook waar, dat rykdom gevaarlik kan wees, in dié sin dat ‘n mens vergeet van jou afhanklikheid van God. ‘n Ryk persoon moet baie harder werk aan sy geestelike lewe as ‘n arme, want dit is soveel makliker om selfversekerd en egosentries te wees. Ons moet hierdie uitspraak van Jesus oor die Koninkryk van God in die wydste sin verstaan: Die redding van God neem



Gaan Na Inhoud

ook armoede weg. Dit beteken dat Hy ten volle moet heers oor alle aspekte en omstandighede in jou lewe. Hy moet nie alleen in beheer wees van jou geestelike lewe nie, maar ook jou besittings.

Die volgende parallel raak so baie van ons: Jesus herinner ons daaraan dat wanneer ons honger is, of hartseer, dat ons steeds nooit, ooit deur God vergeet word nie. In die wêreld van Jesus is die sosiale strukture oorheers deur diegene met baie besittings. Niemand het iets verniet gekry nie, en dikwels het mense honger gely. Vandag is dit steeds so, en honger mense is steeds baie pertinent met ons. Ek het al sélf honger geken in my lewe, maar ek het in daardie tyd die liefde van Jesus so geweldig intens ervaar.

En wanneer droefheid dreig om jou te verswelg, moet jy weet dat Hy elke oomblik daar is vir jou. Ek het al so dikwels gesien by die begrafnis van ‘n geliefde, dat die persoon se lewensmaat vir baie jare, kan glimlag en nie uitmekaar geskeur word deur droefheid nie, bloot omdat sy God se wonderlike nabyheid en troos ondervind. Ek het dit weereens die afgelope week beleef toe ek met 'n bejaarde dame gesels wat net die vorige dag haar lewensmaat verloor het. Met 'n gesig wat straal van blydskap, vertel sy my trots dat hulle 61 jaar getroud was.

Jesus praat ook met diegene wat verstoot is deur die samelewing, dikwels uitgeskel en selfs vermy soos iets wat sleg is. ‘n Baie goeie voorbeeld hiervan sien ons ‘n bietjie

later in Jesus se bediening, wanneer Hy sit en gesels met ‘n Samaritaanse vrou. Haar reputasie het gestink, en sy moes wag tot almal by die put weg is voordat sy kon gaan water haal, uit vrees vir die skewe, spottende kyke en verwyte. Ja, sy het in sonde geleef, en dit was dalk haar eie skuld. Maar toe ontmoet sy vir Jesus, en Hy keer alles onderstebo.

Nadat sy van Hom af weg is, het sy die wêreld aan die brand gehad toe sy nie kon ophou om vir dieselfde mense wat haar so vermy het, te vertel van die wonder van Jesus nie. Hierdie verstote vrou was die oorsaak dat talle mense uiteindelik vir Jesus ontmoet het. Jesus kan steeds vandag jou omstandighede so totaal omkeer as jy Hom net wil toelaat om dit te doen.

In hierdie parallel gaan dit egter meer oor iemand wat verstoot word as gevolg van sy verbintenis met Jesus, en ook dáár kan wonderwerke gebeur wanneer jy die dag besef dat dit nie oor jou as persoon gaan nie, maar oor God. Jesus sê hier ‘n baie waar ding: “Wees bly op daardie dag en spring rond van vreugde...” As jy beledigings of ‘n koue skouer begroet met ‘n opregte borrelende vreugde, sal jou teenstanders nie weet wat hulle getref het nie. Daardie vreugde moet egter nie aangeplak wees nie, maar diep uit jou hart kom. Paulus het dit prakties so wonderlik uitgeleef. Toe sy rug stukkend geslaan is en hy en Silas vasgeketting in die tronk hulle wonde sit en lek, het hulle gedoen wat hulle die beste kon doen: om lofliedere tot God te sing. Die


_Gaan Na Inhoud

resultate was absoluut verstommend. En later toe hy vir jare in die vuil, stinkende Romeinse gevangenis ingekerker is, was hy steeds ‘n bondel borrelende vreugde.

Jesus is die Een wat al die verskil maak. Iemand wat Jesus nie het nie, sal in die beste omstandighede nooit ware vreugde kan ondervind nie. Vir die gelowige is die wonderlikste vreugde beskikbaar. Dit verg egter ook iets van jou kant af: Jy moet dit jou eie maak! Besef vandag dat Jesus jou die potensiaal gee om daardie borrelende vreugde te ondervind, en leef dit prakties uit. Die verskil in jou lewe sal absoluut verstommend wees!

Gebed:

Dankie Here, dankie vir ‘n wonderlike lewensvreugde wat U my gegee het. Help my asseblief om vir geen oomblik daarvan te vergeet nie.

## Lééf jou Liefde

## Lukas 6:27-36

Wat beteken dit om waarlik lief te hê? Is dit maar net om diegene wat vir jou dierbaar is - jou gesin, jou familie, jou vriende, jou mede-gelowiges lief te hê? Die eise wat Jesus in vanoggend se Skrifgedeelte stel, plaas 'n mens onder 'n baie duidelike keuse: 'n mens moet liefde onvoorwaardelik lééf of jy sal deur die wêreld verswelg word. Jesus begin met die harde woorde: "**Julle moet julle vyande liefhê**". Dit beteken letterlik dat jy nie maar net neutraal of afsydig teenoor jou vyande moet staan nie, maar dat dit 'n **aktiewe** liefde moet wees. Lees ons verder deur hierdie preekgedeelte, dan sien ons dat dit selfverloëning van ons vra om hierdie liefde waarlik te kan uitleef.

Ons samelewing vandag verskil radikaal van dié in Lukas se verhaal. Tóg is daar sekere ooreenkomste wat beide samelewings baie moeilik maak vir die gelowige. Jesus se samelewing was een van gee en neem. Die rykes en vooraanstaandes het gegee, maar dan alleen as hulle baie seker was dat hulle dit weer gaan terugkry. Dit het nie net gegaan oor aardse goed nie, maar ook oor dinge soos lojaliteit en ondersteuning. Jesus kom met hierdie preek en Hy keer die hele gedagte van "Ek sal goed wees vir jou solank jy goed is vir my", onderstebo. Dit is nie liefde nie! 'n Mens (en hier praat ons spesifiek van 'n gelowige) laat nie jou gedrag bepaal deur wat mense aan jou doen of van jou sê



Gaan Na Inhoud

nie, maar jou gedrag moet alleen bepaal word deur wat God wil hê dat jy moet doen.

Ek en jy wil baie gou sê dat hierdie preek van Jesus darem 'n bietjie onregverdig is: Hoe kan Hy van my verwag om iemand aktief lief te hê as die persoon my vervolg en lelik is teenoor my? Dalk moet ons 'n bietjie in perspektief kyk na hierdie opdrag.

Laat 'n bietjie jou gedagtes gaan na die tyd voordat Jesus jou gered het - hoe was jou lewe toe? Het jy in daardie tyd waarlik probeer om volgens God se wil te leef? Ek glo nie! Was jy toe waarlik lief vir Hom? Ek dink nie so nie! As ek maar aan my eie lewe terugdink - ja, ek het tóg halfhartige pogings aangewend om Hom te plesier, soos om kerk toe te gaan en Bybel te lees (af en toe) en te probeer bid. Dit was alles dinge om my gewete te sus. As ek in daardie eerste twintig jaar van my lewe wat ek verantwoordelik gehou kon word vir wat ek doen, slegs tien keer per dag gesondig het (eintlik was dit baie meer), dan het ek 70'000 oortredings agter my naam gehad!

Ten spyte van al hierdie dinge het die Here besluit om my 'n totale nuwe begin te gee met 'n silwerskoon doek. Al was ek Sy vyand, en al het ek alles gedoen wat sleg was, het Hy nogtans my sondes vergewe en my 'n splinternuwe lewe gegee. Al het ek Hom so bitter seer gemaak, het Hy vir my die grootste geskenk van alles gegee: die ewige lewe saam met Jesus. Al was my lewe vuil en verrot, het Hy steeds vir

my die Heilige Gees in my lewe gegee.

Toe eensklaps verander alles, en ek lewe ‘n skoon en rein en heilige lewe........ Nooit gesien nie! Wys my die gelowige wat ‘n sondelose lewe lei. Hy is dood! Al probeer ek ook hóé hard om volgens God se wil te lewe, kry ek dit nie eers naastenby reg nie, en elke dag trap ek maar weer in die talle slaggate van sonde. Ten spyte van die feit dat ek die Here so diep teleurstel talle male elke dag, bly oorlaai Hy my steeds met liefde en goedheid, en bly Hy maar elke keer weer vergewe en vergewe en vergewe.

Ek glo dat jy jou eie lewe nie juis anders kan beskryf nie. Hou dit in gedagte terwyl jy nou weer ‘n slag hierdie preek van Jesus lees. Eers dan begin dit sin maak, en dit klink gladnie meer so onregverdig nie. As die Here soveel keer die oë toemaak oor my eie vyandigheid teenoor Hom, en my dan boonop oorlaai met liefde, dan durf ek nie anders as om ook ander mense lief te hê nie. Dan kan dit nie anders nie dat ek diegene wat my afknou en slegsê en lelik is teenoor my, aktief liefde gee. Dit moet ‘n liefde wees wat nie maar net ‘n glimlag van my kant wys nie, maar wat aktief aan daardie persoon gee.

Hier kom 'n vaar vrae op uit hierdie gedeelte waaraan ons maar moeilik sluk. Jesus sê in vers 30: “Aan elkeen wat iets vra moet jy gee.” Hierdie is 'n uitspraak waaroor daar al sommer baie debatte gevoer is, nie alleen onder gelowiges nie, maar ook ongelowiges. Wat byvoorbeeld van die talle

bedelaars wat elke dag ons lewens so verpes en versuur? Bedoel Jesus werklik dat ek vir die bedelaars moet gee as hulle kom vra (bedel)? My eerste reaksie op die vraag is dat ek mos wéét wat daardie kêrel met die geld gaan doen. Hy gaan drank/dwelms daarmee koop! As ek vir hom gee, dan help ek hom mos net verder in sy ellende in!

Die vraag is: hoe seker is ek van my saak? Wie sê dat die man nie dalk sy werk verloor het, en dat hy nou met hierdie bedelgeld sy vrou en kinders aan die lewe moet probeer hou nie? Wie is ek in elkgeval om te oordeel?

Maar hierdie is eintlik 'n onderwerp vir ons volgende dagstukkie! Ek gaan nie vir jou 'n antwoord gee op die vraag of ek moet gee of nie. Dit is iets wat jy persoonlik met die Here moet uitmaak.

Gebed:

Here, ek leef nie eers naastenby my liefde uit soos wat U van my vra nie. Vergewe my en lei my om waarlik liefde te leef.

## Om te Oordeel

## Lukas 6:37-42

Gister het ons die vraag gevra: hoe weet ek wat die bedelaar met die geld gaan maak wat ek vir hom gee? Gaan hy nie dalk daarmee dwelms koop nie? En dan is my hand sommer dadelik toe, en ek gee niks! En boonop is ek sommer kwaad vir die man, sommer net vir ingeval hy my wil misbruik. Ek oordeel dat hy skuim van die samelewing is, en ek veroordeel hom vir die lewe wat hy lei.

Wie gee my die reg om ander te oordeel? Ons is so gou om mense te veroordeel, en dan boonop nog ‘n groot bohaai daarvan te maak as dit ‘n sappige stukkie skindernuus is. Die afgelope ruk was daar ‘n hele paar groot name in die nuus. Elkeen van ons het al ons oordeel uitgespreek oor hierdie mense. Maar die vraag is of ek en jy dan sulke engeltjies is? Wie van ons is sonder sonde, dat ons die vinger na ander mense kan wys? Is hulle sonde dan soveel groter as die sonde wat ons doen? Sonde is om **NIE** die wil van God te doen nie. Of jy die doen van die wil van God gróót versuim of net so effentjies, dit bly steeds sonde. Ek praat nie die misstappe of sondes van die manne wat die tydskrifte en koerante se voorblaaie haal vir een oomblik goed nie, maar ek durf nie oordeel nie, want ek het sélf hope sondes in my lewe.

Jesus stel dit baie pertinent: “Moenie oordeel nie, en oor julle sal nie geoordeel word nie. Moenie veroordeel nie, en

julle sal nie veroordeel word nie. Spreek vry, en julle sal vrygespreek word....... Met die maat waarmee julle meet, sal ook vir julle gemeet word.” Kan dit duideliker gestel word?

Soos jy seker al agtergekom het, is ek lief daarvoor om waarhede tuis te bring deur middel van storietjies, en veral stories oor die Bos, wat my baie na aan die hart lê. Wel, ek moet erken dat ek ‘n baie goeie Leermeester het, die beste wat daar ooit was: Jesus! Gaan kyk maar net hoedat Hy die wonderlikste waarhede by mense tuisgebring het met storietjies en gelykenisse. Jy vergeet nie sommer 'n waarheid as dit aan 'n storie gekoppel is nie. En elke keer as jy by so ‘n situasie kom, dan dink jy onmiddellik aan wat Jesus gesê het.

Jesus se bergpreek is geen uitsondering nie, en hier sien ons dan ons vier kort gelykenisse wat Hy gebruik om baie diep waarhede, nie alleen in die harte van die mense wat daardie tyd na Sy preek geluister het nie, maar vandag ook in ons harte te lê. Die eerste twee gelykenisse handel dan ook juis daaroor dat ons nie ander moet oordeel nie.

In die eerste gelykenis wil Jesus by ons tuisbring dat ek moet weet wat my tekortkominge is, en dat ek daarvolgens moet leef. Hy gebruik die beeld van twee blindes, waar die een die ander probeer lei, en hulle albei in ‘n sloot beland. In die praktyk het ek dit al baiemaal beleef met die dagstukkie-bediening, waar mense vir my briewe skryf met vrae wat ek net eenvoudig nie kan beantwoord nie. My eerste reaksie is gewoonlik om my eie opinie te gee, al is ek nie eers seker of

dit korrek is of nie.

In ‘n sondagskoolsituasie is dit dalk nog erger, as ‘n kind jou ‘n strikvraag vra, kom jy so maklik in die versoeking om maar ‘n antwoord uit jou duim te suig, want hoe sal die kind tog weet of jy reg is of nie? Ek meen, ‘n man het darem tog jou eer, en jy moet slim lyk. Hoe sal dit nou lyk as die kinders agterkom dat hulle onderwyser te “dom” is om hulle eenvoudige vragie te antwoord?

Dieselfde geld vir wanneer jy aan iemand die evangelieboodskap oordra, en hy jou ‘n strikvraag vra, dalk iets wat hom al jare pla. Weereens is dit so maklik om sommer 'n antwoord te waag. As jy nie weet nie, of nie seker is nie, sê dan so!

Ons moet onthou dat niemand volmaak is nie, en dikwels moet ‘n mens maar jou trots sluk en sê: “Jammer, ek weet nie wat die antwoord is nie, maar ek sal probeer uitvind!” Persoonlik het dit my al dikwels gekos om by ander mense te gaan kers opsteek met strikvrae, en het ek dikwels al mense na iemand anders verwys om hulle probleem te probeer oplos. Mense verloor nie hulle respek vir jou as jy nie alles weet nie. Hulle sien eerder dat jy nét so ‘n mens soos hulle is, en dat hulle daarom makliker met jou kan kommunikeer. Sluk dus maar gerus jou trots!

In die tweede gelykenis wil Jesus dit tuisbring dat jy nie alleen jou eie beperkinge moet herken en erken nie, maar dat jy ook jou eie foute en sondes moet kan raaksien. Die



Gaan Na Inhoud

belangrike is dat jy dan nie ander mense gaan veroordeel nie, veral nie terwyl jy sélf nog met ‘n sak vol sondes in jou lewe sit nie. Alleen die persoon wat totaal sonder enige sonde is, het die reg om ander te kan oordeel. En dit verséker ek jou: hy is nog nie gebore nie. Die enigste Mens wat nog ooit sonder sonde was, is Jesus! Dit is so lekker om ander mense te kritiseer en vinger te wys, veral as die persoon ‘n hoë sosiale profiel het. In die proses is daar dikwels mense wat bitter seerkry, dikwels ook onskuldiges wat in die ding betrek word en saam seerkry. “Moenie oordeel nie,” sê Jesus in vers 37.

Gebed:

Here, vergewe my, waar ek so verskriklik versuim om my liefde uit te leef, en waar dit steeds so lekker is vir my om ander te veroordeel.

## Vrugtebome

## Lukas 6:43-45

In die derde kort gelykenis herinner Jesus ons dat ‘n goeie mens nie slegte dinge doen nie. As voorbeeld gebruik hy ‘n vrugteboom, iets wat almal ken. Stap jy by ‘n vyeboom verby in vyetyd, dan begin ‘n mens se mond outomaties al te water vir daardie heerlike, sappige, stroopsoet vye wat so in jou mond wegsmelt, en jou hele wese vul met die aromatiese geur van boom-vars vye. Verruklik!

Ek het as kind die wonderlike voorreg gehad van ‘n byna onuitputlike bron van vrugte. Op ons plaas was daar geelperskes, lospitperskes en witperskes; daar was appels en pere, pruime en appelkose; daar was vye, druiwe en turksvye. En as die vrugte afgesaag raak, was daar die amandels en okkerneute. En dan het ek nog nie eers gepraat van al die wilde vrugte nie, want teen die kliprandjie het mispels gegroei, daar was velddruiwe, kruisbessies en stamvrugte en nog baie ander. Vir my as kind was daar te kies en te keur van die heerlikste sappige vrugte, elkeen met sy eie unieke smaak.

In die kliprandjie was daar egter ook ‘n boom wat sulke wit vruggies gedra het, galbitter! Uit pure snaaksigheid het ek dikwels van daardie vruggies gaan pluk. Op sy eie unieke manier was die vruggies tóg lekker, al was hulle bitter.

En daar was ook bome wat vrugte gedra het wat stink! Ja,

inderdaad het daar 'n paar bome gegroei met sulke albaster-grootte ronde vruggies, en die goed het die aakligste walglike reuk gehad wat aan jou klou en om jou bly hang. Soos 'n kind nou maar is, het ek soms van die vruggies gaan pluk en dit langtand verorber. En dan ruik ek myself en my eie stink asem vir 'n lang ruk! Tóg snaaks, die varke het hierdie stink vruggies nogal geniet! As hulle in die varkhok beland, word hulle baie vinnig opgeraap, en dikwels baklei die varke oor die onwelriekende goed.

Inderdaad is dit so dat ‘n mens geken word aan die vrugte wat jy dra. Oupa het sy vrugtebome op ons plaas gereeld gesnoei en versorg. Hy het hulle sorgvuldig natgelei op die regte tyd, met heerlike soet, suiwer fonteinwater. En die bome het die mooiste vrugte gedra waaroor jy kon droom. En die wilde stamvrugte in die klipkoppie se wortels het tussen die rotse deur gerank tot diep onder by die heerlike soet fonteinwater.

Op presies dieselfde wyse is dit ook nodig dat ons in die geloofslewe gereeld goed versorg en gesnoei word. Net soos wat pynlike snoeiwerk 'n vrugteboom wonders doen en veroorsaak dat die boom groot vrugte dra, so is pynlike snoeiwerk in 'n gelowige se lewe van uiterste belang om te sorg dat ons geloofsvrugte groot en gesond is. Snoeiwerk beteken dikwels swaarkry en selfs seerkry. Maar dit bring jou nader aan die Here en laat jou besef hoe afhanklik jy van Hom is.


_Gaan Na Inhoud

Dit is ook natuurlik van die uiterste belang dat ons gereeld sal drink uit die fontein van die lewe. Wat behels dit? In die eerste plek natuurlik dat ons die Woord sal indrink. Om jou hart oop te maak vir die Woord, is om ruimte te skep vir die Heilige Gees om met ons te kan praat, want Hy gebruik veral die Woord om met ons te praat. Ons drink egter ook van die fontein van die lewe wanneer ons bid, want dit is 'n gesprek met God en hierdeur versterk die Here ons. In die derde plek drink ons van daardie fontein wanneer ons saam met ander gelowiges verkeer, of dit nou tydens 'n erediens is, met 'n Bybelstudiegroep of 'n selgroep. Tydens sulke geleenthede vloei die stroom van lewende water sterk.

Wanneer dit gebeur dra ons geloofsvrugte wat aanneemlik is vir God. Maar dit is nie al nie, sulke geloofsvrugte is terselfdertyd ook ‘n advertensie van die lewe van ‘n gelowige, en veral 'n advertensie vir die Here. Wat moet 'n goeie advertensie van 'n plek soos byvoorbeeld Nando's doen? Dit moet jou honger maak sodat jy dadelik daarheen wil ry om vir jouself 'n sappige hoendertjie te gaan koop. Nét so moet jou lewe ander mense só honger maak vir daardie lewe saam met Jesus, dat hulle sommer dadelik ook daarvan sal wil hê. Iemand wat borrelend van vreugde is te midde van moeilike omstandighede, gee vir die ongelowiges saam met hom daardie honger om ook iets van daardie vreugde te wil beleef.

Terloops, die boom op ons plaas wat die stink vrugte gedra

het, het reg langs die varkhok gegroei. Nou wonder ek maar net of dit nie dalk die groot rede was dat sy vrugte so onwelriekend was nie. Sulke stink varkmis en varkgemors moet tog sékerlik 'n invloed hê! Kyk maar net hoe skaapvleis die smaak aanneem van die bossies wat hulle vreet, veral in die Karoo. (Moenie my verkeerd verstaan nie: 'n Karooskaap is 'n baie lekker ding!)

As jy jou meng met slegte vriende, gaan hulle beslis ‘n slegte invloed op jou lewe hê, en kan jy séker wees dat jou geloofsvrugte gaan stink! Kry jou wortels eerder in die ryk, voedsame grond van die vrugteboord van God, die kerk. Daar moedig gelowiges mekaar aan om begeerlike, sappige geloofsvrugte te dra.

Gebed:

Here, ek wil asseblief goeie vrugte dra, en sodoende U heilige Naam verheerlik, en ook 'n goeie advertensie vir U wees. Help my asseblief!

## Fondamente

## Lukas 6:46-49

Dit was in die vroeë sewentigs toe die reëns eendag ons ou slapende dorpie, Ballito tref. Teen die skuins helling het ‘n jong paartjie ‘n huis gehad - een met ‘n uitsig oor die wye oseaan. Die tweetjies is die aand kooi toe met die heerlike gesuis van reën in hulle ore, en daar het die vrou gaan lê en lees. Terwyl sy so lê, kry sy die vreemde gewaarwording van water wat ruis, maar sy skud die gedagte af as haar verbeelding, en sy verdiep haar in haar boeiende boek.

Skielik is daar ‘n rammeling en ‘n sieklike gekraak, en sy voel met ‘n skok hoedat haar bed begin beweeg. Sy vlieg vervaard uit die bed uit, net betyds om te sien hoedat hulle huis besig is om onder hulle voete uitmekaar te breek. Beangs hardloop hulle in hulle nagkabaai uit die huis uit in die gietende reën. En dan sien hulle tot hulle skok dat 'n stormwaterpyp bokant die huis gebreek het en dat daar nou 'n jong rivier reg langs die huis afloop.In ongeloof staar hulle na die reuse sloot van drie meter diep  wat besig is om die fondamente onder die huis weg te vreet. Die huis hang letterlik aan ‘n draadjie, en helfte van sy fondasies hang in die lug. Hulle huis is besig om stadig middeldeur te breek.

Vandag, baie jare later, is daardie skuinste waar hulle huis gestaan het steeds die gewildste deel van Ballito, bloot oor die wonderlike uitsig. Die duurste paleise word daar gebou. Wat mense egter nie besef nie, is dat dit ‘n oer-sandduin is,

en as daar weer so ‘n stormwaterlekkasie kom, kan dit weer ‘n baie duur ineenstorting veroorsaak as die fondamente nie ontwerp is om tot op vaste rotse te reik nie.

Jesus het ‘n gelykenis gebruik oor twee tipes bouwerk: die een waarvan die fondament op die rotsbodem gelê was en die ander wat sommer so op die sandgrond was. Op die oog af sien ‘n mens nie ‘n verskil tussen die twee huise nie, maar wanneer die vloedwater kom, dan tuimel die huis sonder behoorlike fondamente inmekaar, terwyl die ander bly staan. Tydens die vloede wat die kus in 2007 getref het, was daar huise wat eenvoudig verkrummel het onder die aanslag van die golwe. Een gebou het egter almal verstom: die lewensredders se geboutjie wat reg op die strand gebou was, het ongeskonde daarvan afgekom. Die rede? ‘n Inginieur wat daarop aangedring het dat die fondament met groot moeite op vaste rots gegiet word!

“Waaroor gaan dit alles?” wil jy dalk vra. “Watter sin het dit dat julle My aanspreek met ‘Here, Here!’ en nie doen wat Ek sê nie?” vra Jesus. Jesus is die Rots waarop ons die gebou van ons lewe moet bou, want sonder daardie Fondament sal daar die een of ander tyd baie groot probleme kom. Soos met ‘n huis, sal alles piekfyn lyk solank dit goed gaan, maar wanneer die aanslae van die lewe kom, is dit slegs die persoon wat Jesus as Fondament het wat sal staande bly.

Die vraag is: Hoe bou ek op daardie Jesus-fondament? Jesus gee die antwoord helder en duidelik: “Doen wat Ek sê”.

“Maar waar begin ek?” mag jy dalk vra. “Daar is so baie dinge?”

“Ek staan by die deur en Ek klop”, nooi Jesus ons uit in Openbaring 3:20, om ons harte vir Hom oop te maak en Hom binne te nooi. Jy hoef Hom nie te gaan soek nie, Hy is reeds by jou, en wag net om toegelaat te word in jou lewe. Dit is die eerste en belangrikste stap.

“O, maar Jesus is reeds deel van my lewe,” sê jy dalk. “Volg My,” het Jesus vir Petrus gesê (Mat 4:19). “Volg My!” sê Hy vandag ook vir jou en my. Om Jesus te volg is beslis nie maklik nie. Petrus en sy maters het dit op die harde manier uitgevind. Maar die beloning is een wat jy nie kan beskryf nie.

Om Jesus te volg, beteken nie noodwendig dat jy jou werk en huis en alles moet los, en gaan sendingwerk doen in Timbaktoe nie. Dit beteken egter dat jy wél sekere opofferings moet maak en voluit vir Hom lewe. Dit beteken dat jy die regte prioriteite in jou lewe moet hê, waar die saak van Jesus voorrang moet kry bo wêreldse dinge. Dit beteken dat jy ‘n ambassadeur vir Jesus sal wees by jou werk en oral waar jy gaan. Dit is baie moeilik, maar die Here het geweet dat ons dit nie op ons eie kan doen nie, en daarom het Hy ons die Heilige Gees gegee om ons die krag, wysheid, inspirasie en moed te gee om op te staan vir Jesus.

Liefde is die sement wat jou lewenshuis aanmekaar hou en dit anker op die Jesus-fondament. Daarsonder val alles


_Gaan Na Inhoud

uitmekaar. Jy kan die beste betonmengsel aanmaak vir ‘n fondasie, maar sonder sement is alles puur verniet. In 1 Kor. 13 besing Paulus die betekenis van liefde. Ek en jy behoort hierdie gedeelte gereeld te lees om ons geheue te verfris, en dit dan prakties te gaan uitleef. Liefde, soos wat Paulus dit beskryf, is waarlik die sement van die fondament waarop ons lewenshuis gebou moet word.

Kom ons bou vandag in alle erns op die Jesus-fondament!

**Gebed:**

**Here, vandag pleit ek alweer skuldig, want my bouwerk is nie op standaard nie. Help my asseblief om te begin by die regte fondament.**

# Twee Wonderwerke

## Lukas 7:1-17

Die nuus van Jesus se genesingskrag versprei al verder en verder, totdat dit uiteindelik ook die howe van die Romeinse offisiere bereik. Na Jesus se groot bergpreek is Hy terug na Kapernaum, waar hulle een oggend ‘n groepie Joodse familiehoofde aantref. Die manne kom pleit by Jesus oor ‘n Romeinse offisier se slaaf wat dodelik siek is.

Hierdie offisier, bevelvoerder oor 100 Romeinse soldate, besef dat hy eintlik maar ‘n buitestaander is in die Joodse gemeenskap. Hy besef maar al te goed dat Jode maar baie ongemaklik voel as nie-Jode te naby aan hulle kom, want hulle reinheid word aangetas. Hy wil nie dinge kom deurmekaarkrap en self daar aangestap kom nie, dus maak hy maar gebruik van tussengangers om die situasie te beredder.

Vir die Joodse tussengangers is dit ‘n plesier om namens die offisier te gaan onderhandel met Jesus, want die offisier is nie alleen 'n invloedryke man nie, maar boonop skroom hy nie om sy invloed uit te oefen om iets vir die Joodse gemeenskap te beteken nie. Hy het selfs vir die Jode ‘n sinagoge laat bou, iets wat jy baie beslis nie van ‘n Romeinse offisier sou verwag nie. Daarom is dit net natuurlik dat hulle uit hulle pad sou gaan om vir hom 'n guns te doen.

Ten spyte van die man se invloed en goedhartigheid en hoë



_Gaan Na Inhoud

posisie, het hy een baie groot probleem: die groot afstand tussen hom en die God van Israel. Hy is nou maar eenmaal nie ‘n Jood nie, en dus het hy nie toegang tot daardie God van Wie hy al so baie gehoor het nie. Jesus is die enigste Weg om daardie gaping te oorbrug. Dadelik doen Jesus dan ook die moeite om nie maar net die offisier te laat haal nie, maar persoonlik Sélf na die man se huis te gaan.

Op pad daarheen stuur die offisier iemand om Jesus te stop, want hierdie invloedryke man voel homself totaal onwaardig in Jesus se geselskap. Hoe durf hy, wat geen reg het op die God van die Jode nie, daardie God se heilige “Profeet” na sy huis laat kom?

Jesus is verstom dat hierdie man so volhard en bly glo. Hiermee gee Hy te kenne dat totale buitestaanders soos hierdie nie-Jood gladnie uitgeskakel kan word as hulle glo nie. Hulle is ook deel van die Koninkryk van God. Sonder verdere seremonie maak Jesus die slaaf gesond, sonder dat Hy eers naby die sieke kom.

Kort na hierdie episode vertrek Jesus na ‘n dorpie met die naam Nain. Sy dissipels is soos gewoonlik saam met Hom, gevolg deur ‘n groot skare mense. Naby die dorp kom hulle op ‘n begrafnis af. Dit is ‘n baie droewige storie, en die arme vrou wie se seun leweloos op die draagbaar lê is troosteloos. Vir haar het die ganse wêreld om haar ineengestort: haar man, haar versorger, het sy reeds aan die dood afgestaan, wat haar as weduwee alreeds baie weerloos laat. En nou


Gaan Na Inhoud

moet sy boonop haar enigste seun ook kom begrawe. Die ganse dorp se mense is daar, en ek kan my die ge-weeklaag voorstel wat die lug om die dorpie vul. Haar situasie is absoluut hopeloos.

Jesus se eerste reaksie is om dadelik die vrou se groot nood raak te sien en om baie jammer te voel vir haar. Dit bly egter nie maar net by ‘n blote emosie van jammerte nie, maar Hy doen iets daadwerklik aan die situasie. Hy gaan staan by die draagbaar en raak daaraan. Hy waag sy eie reinheid deur aan hierdie “onrein” lyk te vat.  Volgens Joodse beskouings is 'n lyk onrein, en as jy daaraan raak, word jy sélf onrein, en dan moet jy eers sekere rituele ondergaan om aanvaarbaar te wees. Dit wys net weereens hoeveel Jesus werklik omgee. Hy is bereid om alle sosiale taboes te verontagsaam ter wille van ‘n vrou se smart. En dan gebeur die wonder wanneer Jesus die man beveel om op te staan, en hy onmiddellik regop sit en begin praat. Nie alleen kry die weduwee haar geliefde seun terug nie, maar sy word ook sosiaal en ekonomies deur hierdie wonderdaad gered.

Hierdie wonderwerk het groot opslae veroorsaak oor die ganse Israel. Mense het dit as ‘n daad van God gesien, en Jesus is as die Christus erken.

In die eerste perikoop word klem gelê op die geloof van die Romeinse offisier, en dat sy geloof Jesus aangespoor het om die wonder te verrig. In die tweede perikoop is daar egter geensins eers sprake van geloof nie, maar ons sien bloot

Jesus se groot deernis en barmhartigheid. Geloof was nooit ‘n voorwaarde vir hierdie wonder nie. Waar ons dikwels ons eie goeie lewe of ‘n groot geloof wil sien as ‘n voorwaarde vir God se genade oor ons, is dit vir ons ‘n openbaring om te sien dat ons welsyn nie van ons geloof afhanklik is nie, maar dat dit suiwer God se barmhartigheid en genade is wat ons deur die lewe dra. Hy weet alreeds wat ons behoeftes is nog lank voor ons iets vir Hom vra.

“Maar is dit dan ooit nog nodig om te bid?” wil jy instinktief weet. Inderdaad! Deur gebed wil ons bevestig hoe afhanklik ons werklik van Hom is, en dat ons vir geen oomblik kan bestaan as dit nie vir Sy genade is nie.

Gebed:

Here, vanoggend wil ek net weereens bevestig dat ek totaal van U afhanklik is.

# Twyfel

## Lukas 7:18-23

Jammer dat die dagstukkie nou eers kom. Ek het nie besef dat dit nooit gestuur is nie.

Het jy al ooit getwyfel in jou geloof? Het die gedagte al ooit deur jou kop geflits, dat hierdie hele "Godsdiens-storie" dalk net iets is wat in ons koppe is? Ek lees eenmaal 'n koerantberig wat 'n nuwe gier in Engeland beskryf: om jou te laat ont-doop. Mense wat besluit het dat hulle niks met die Christelike Godsdiens te doene wil hê nie, maar deur hulle ouers laat doop is, wil hulle op hierdie manier distansieer van Godsdiens. Daar is berigte van mense wat die kerk verlaat omdat hulle nie meer kan of wil glo nie. Ek het geril toe ek dit lees. Hoe kan 'n mens net eenvoudig jou geloof opgee?

Tóg moet ek bieg dat die twyfelgedagtes my ook al getref het, en dan wil ek myself skop dat ek my gedagtes vir 'n oomblik aan die duiwel uitgeleen het. Elke dag beleef ek God se genade en wonderdade intens - hoe kan ek óóit ophou glo?

Maar ek troos my daaraan dat ek nie alleen staan in hierdie stryd nie, want selfs die grootste van die profete het al in dieselfde bootjie gery. Vat nou maar vir Johannes die Doper: skielik het twyfel hom begin oorval oor Jesus. Nie lank voor hierdie episode nie, was Johannes die een wat Jesus gedoop

het. By daardie geleentheid het hy nog vir Jesus gesê dat hy totaal onwaardig is om Jesus te doop. Met sy eie oë het hy aanskou hoe die Heilige Gees daardie dag op Jesus neerdaal, en met sy eie ore het hy die stem van God uit die hemel gehoor. Die apostel Johannes skryf in Joh. 1:29 dat Johannes die doper na Jesus verwys het as die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Nogtans begin Johannes só twyfel dat hy boodskappers na Jesus stuur om Hom te vra of Hy werklik die Messias is.

Lukas skryf dat Jesus juis op daardie tydstip besig was om ‘n skare van siekes gesond te maak. Natúúrlik moes Johannes mos hierdie wonderwerke van Jesus beleef het, of ten minste daarvan gehoor het. Jesus se antwoord aan Johannes was dan ook dat hy maar net moes kyk na alles wat gebeur het, die blindes wat skielik weer kon sien; die lammes wat loop; selfs dooies wat weer lewendig geword het. Is dit nie al klaar genoeg vir Johannes om enige twyfel uit sy kop te kry nie? “Gelukkig is die man wat nie aan My begin twyfel nie,” sê Jesus vir Johannes se volgelinge, en daarmee stuur Hy hulle terug na Johannes.

As jy ooit begin om twyfelgedagtes te kry, dink maar net aan die talle wonderwerke wat dag-vir-dag rondom ons gebeur. Maak jou oë oop hiervoor, en sien hulle raak. Vat nou maar byvoorbeeld Hans Hartmann se verhaal: Hy is ‘n Paramedikus wat die siekes op 'n paar van die Mighty Men konferensies bygestaan het. Voor een van die konferensies

tref talle teenslae hom alreeds tydens sy voorbereiding, maar hy bly steeds vertrou. En dan vertel hy van wonderwerk op wonderwerk wat hom uiteindelik in staat gestel het om na 200’000 mans om te sien.

Tydens daardie konferensie word hy na die verhoog ontbied: Oom Angus het inmekaar gesak! In sy verslag skryf hy dat Angus Buchan 'n hartaanval gekry het. As opgeleide paramedikus het hy presies geweet wat die simptome van 'n hartaanval is. Hy het dit immers al male sonder tal beleef.

Maar dan gebeur die wonder: ‘n reuse skare manne bid vir Oom Angus. En dan kom die verslag van die hospitaal dat daar niks met Oom Angus verkeerd is nie. Alle toetse wys dat daar absoluut niks is wat dui daarop dat hy ooit ‘n hartaanval beleef het nie. Is dit nie ‘n wonderwerk nie?

Jesus se antwoord aan Johannes se dissipels maan ons om Hom te aanvaar vir wie Hy is. Nie alleen het Hy siekes gesond gemaak nie, maar ook die Evangelie aan armes verkondig (v.22). Ons soek graag die skouspelagtige wonderwerke van Jesus, maar vergeet gerieflikheidshalwe die wonder van doodgewone sondaar-mense vir wie die skille skielik van hulle oë afgeval het, en hulle vir Jesus vir die eerste keer raaksien. Daardie wonder het waarskynlik al met jouself gebeur, die dag toe Jesus jou uit die modderpoel van verlorenheid geruk het en jou die ewige lewe gegee het. Dieselfde wonder speel hom dag-vir-dag af waar mense Jesus ontmoet. Wonderwerke ontvou voor ‘n mens se oë

wanneer jy sien hoedat mense verander wanneer Jesus deel van hulle lewe word.

Ek sélf kan maar net oor en oor en oor getuig van die wonder wat hom elke dag in my lewe afspeel, wanneer ek, eenvoudige mens, ‘n dagstukkie voortbring. Ja, die Here het my die talent gegee om te kan skryf, maar sonder die wonderlike inspirasie wat ek elke dag van die Heilige Gees beleef, sou hierdie stukkies nooit, ooit kon gebeur nie. Géén skrywer kan elke dag, week na week, jaar na jaar voortgaan en aanhou skryf nie! Slegs ‘n wonder van die Heilige God kan so ‘n ding bewerkstellig.

Wanneer daar dus ‘n twyfelgedagte dreig om my te kom piets, dan dink ek aan al die wonderwerke wat ek beleef. Ons aanbid ‘n almagtige God vir wie absoluut niks onmoontlik is nie!

Gebed:

Here, U is groot en goed en almagtig; aan U wonderdade is daar geen einde nie!

## Kritiek

## Lukas 7:24-35

Nadat Johannes die Doper se dissipels vertrek het om hom die goeie nuus oor te dra dat Jesus tóg die Messias is, lewer Jesus ‘n getuienis oor Johannes. Inderdaad was hy ‘n baie besonderse man, maar waaroor dit éintlik gegaan het is die besonderse verhouding wat daar was tussen hom en Jesus. Watter rol het elkeen van hulle in God se verlossingsplan gespeel? Johannes word deur Jesus uitgebeeld as die grootste profeet van alle tye. Nogtans is hy slegs die profetiese voorloper van Jesus. Alhoewel Johannes so ‘n besonderse persoon was, kan ‘n mens nie by hom stilstaan nie, want dit wat Jesus verkondig, die Koninkryk van God, bied soveel meer as wat Johannes óóit kon bied. Johannes was die een wat boeteprediking moes doen. Daarmee moes hy die mense begin voorberei vir Jesus en vir die groot genade wat God besig was om op die aarde uit te stort. Wat Jesus verkondig is só belangrik dat Hy verklaar dat die geringstes in die Koninkryk van God selfs groter is as die groot profeet Johannes.

Almal het nie dieselfde op Johannes en Jesus se prediking gereageer nie. Daar was die doodgewone mense wat positief op Johannes se oproep reageer het. Daar was selfs die gehate tollenaars wat ag geslaan het op wat Johannes gepreek het. Hulle het berou gehad oor hulle sondes en tot bekering gekom en hulle laat doop deur die profeet, as teken



Gaan Na Inhoud

dat God hulle sondes afgewas en vergewe het.

Maar daar was ook diegene wat hierdie "sektery" uit die hoogte aangekyk het, en hulle daarvan gedistansieer het. Dit was veral die geestelike leiers, die Skrifgeleerdes en Fariseërs wat nie kon byt aan Johannes se eenvoudige prediking nie. Deur Johannes se doop te verwerp, het hulle ook God se verlossingsplan verwerp, en was hulle nie gereed gemaak vir die Een wat baie groter is as Johannes nie.

In die laaste gedeelte van hierdie perikoop sien ons vir Jesus, waar Hy praat oor die mense wat nie wil verstaan oor Johannes en Jesus se prediking nie. Hulle prediking het radikaal van mekaar verskil, tóg tree albei op as agent van God. Jesus gebruik die beeld van kinders wat speel om te beklemtoon wat Hy bedoel. Johannes het treurige musiek verskaf, maar die mense wou nie huil nie. Jesus het vrolike musiek gespeel, maar die mense wou nie dans nie. In ons eie gemeente het 'n sekere prediker 'n paar jaar gelede van tyd tot tyd tipiese Johannes-preke gepreek, waar sy boodskap helder en duidelik was: "Bekeer jou, breek weg van jou sonde." Baie mense kon sy preke nie verwerk nie, en hulle het hulle ore toegedruk vir sy preke. Hulle wou dit nie hoor nie! Ons eie leraar, Ds. Alwyn Small se preke het weer 'n totaal ander styl, waar hy dikwels preek oor God se genade en liefde. Baie mense wou ook nie hierna luister nie, want dit was ou nuus of te eenvoudig. Hulle het met elke preek van hom fout gevind!

Vir die predikers wat vanoggend hierdie stukkie lees, wil ek net sê, dat jy in goeie geselskap is, want selfs die grootste profeet van alle tye (Jesus se eie beskrywing van Johannes) het héwig onder mense se kritiek deurgeloop. En dieselfde het vir Jesus gegeld! Om maar 'n voorbeeld te noem: toe Johannes hom weerhou het van alles wat sleg is, en 'n kuis lewe streng volgens die wet geleef het, het mense hom daaroor gespot en selfs beskuldig dat hy duiwelsbesete is. Toe Jesus presies die teenoorgestelde doen, en Hom meng met sondaars en slegte mense en saam met hulle fees vier, is Hy óók gespot, en uitgekryt as 'n "vraat en wynsuiper". Die kritiek wat Oom Angus Buchan oor die jare moes verduur is totaal onmenslik. Ek het dokumente gelees wat jou hare laat regop staan, waar sy prediking volgens die skrywer selfs sou grens aan die werk van die duiwel!

Kom ons hou op om te kritiseer. Natúúrlik stem ek nie altyd saam met alles wat alle predikers sê nie. Dit gebeur van tyd tot tyd dat 'n prediker iets sê uit die oortuiging van sy hart, maar wat nie heeltemal met die Skrif strook nie. Ons moet onthou dat selfs predikante en pastore ook maar net mense is, en dat hulle ook kan foute maak. Wanneer ons egter na 'n preek luister, moet ons bid dat die Heilige Gees nie alleen deur die prediker sal praat nie, maar dat Hy ons harte oop sal maak om die boodskap te hoor wat Hy, die Heilige Gees, vir ons wil gee deur die prediker. Ons moet luister met 'n oop gemoed en nie met vooropgestelde idees nie.



Gaan Na Inhoud

Alhoewel jy bedag moet wees op enige vorm van dwaling, moet ‘n mens nie krities wees nie. Iemand merk eenmaal op dat die leraar dinge te veel herhaal, en sy kan dit nie vát nie. Toe wonder ek net oor dieselfde lied wat ons so dikwels sing en herhaal omdat dit mooi is en lekker is om te sing. As Skrifwaarhede die moeite werd is om te herhaal, kan jy dit doen tot vervelens toe. Jy durf nooit moeg word daarvoor nie! Gepraat van vervelige herhaling: hoeveel keer het jy al Psalm 23 in jou lewe gelees? Ek vra maar net........

Kom ons vergeet van die mens agter die preek, en sien die God raak wat deur die prediker praat!

Gebed:

Here, ek is sélf so lief daarvoor om te kritiseer. Vergewe my, en help my om U raak te sien eerder as die leraar op die kansel.

## Simon en Dáárdie Vrou

## Lukas 7:36-50

Op hierdie pragtige Maandagoggend begin ons die dag deur Lukas se heerlike verhaal te lees van Jesus wat God se genade en barmhartigheid tot uitdrukking bring wanneer Hy God se vergifnis vir ons demonstreer.

Die verhaal gaan oor ‘n insident toe ‘n Fariseër met die naam Simon vir Jesus uitnooi vir ete. Om mooi te verstaan hoe die ding presies gewerk het, moet ons weet dat dit die gebruik was om by ‘n lae tafel te eet. Rondom die tafel was daar kussings waarop die gaste op die sy gelê het op een elmboog. Omdat ‘n mens se voete so naby aan die volgende ou se gesig was, was dit net goeie maniere vir ‘n gasheer om ‘n slaaf te kry om die gaste se stowwerige voete te was voor die ete. Duidelik het hierdie Simon nie sy gaste as belangrik genoeg geag om hulle voete te laat was nie.

Dit is toé dat dáárdie vrou die vertrek binnekom en by Jesus se voete stelling inneem. Almal snak na hulle asems : “Wat maak sy hier?”

Hierdie was ‘n aangeleentheid vir die manne, en vrouens was net eenvoudig taboe! Maar dit sou erger word, want die vrou gaan bitterlik aan’t huile en haar smart-trane val op Jesus se voete. Dan doen sy die ondenkbare en maak haar hare los in die openbaar. Sulke onbetaamlikheid was totaal onverskoonbaar. Sy is ‘n skaamtelose vrou! Boonop het almal

rondom die tafel geweet van haar reputasie, en dat g’n ordentlike man in haar geselskap gesien wou word nie. Terwyl sy Jesus se voete met haar los haredos afdroog, begin dit al brom hier om die tafel. Die spanning in die atmosfeer bereik breekpunt as sy ‘n flessie kosbare reukolie te voorskyn bring en dié oor Jesus se voete smeer.

‘n Man kan uit “ordentlikheid” nie altyd sê wat jy wil sê nie, maar jy kan darem sékerlik dink wat jy wil dink! Wel, so het Simon ten minste gereken. Maar hy het nie in gedagte gehou dat Jesus presies geweet het wat in sy skewe gemoed aangaan nie. In sy gedagtes verwerp hy Jesus as profeet, want as Hy ‘n profeet se sout werd was, sou Hy mos geweet het van hierdie vrou se reputasie. Hy sou beslis nie dat sy aan Hom kon staan en raak nie. “Nee wat!” dink Simon.

Maar Lukas vertel dat Jesus reg dwarsdeur Simon gesien het. As ware Profeet het Jesus ook regdeur die vrou gesien, en het Hy geweet dat, juis omdat sy ‘n vrou met ‘n slegte reputasie was, sy God se vergifnis soveel te meer nodig gehad het. Die verskil tussen hierdie vrou en Simon is dat hy gesteun het op sy eie geregtigheid. As Fariseër het hy gedink dat, omdat hy die wet tot in die fynste besonderhede onderhou het, sy saak met God reg was. Op sy eie stoom sou hy eendag die hemel binnemarsjeer. Die vrou, aan die ander kant, het besef dat sy verlore is, en dat Jesus die enigste uitweg was vir haar om God se vergifnis te kon kry. Sy het haar totale afhanklikheid van Hom besef.



Gaan Na Inhoud

Simon was op die oog af nie ‘n slegte ou nie. Hy het ‘n baie voorbeeldige lewe gelei en al die regte geluide gemaak. Ons kan aanneem dat hy beslis ‘n vooraanstaande lid van die gemeenskap was, want net ‘n welaf persoon kon ‘n klomp mense vir ete onthaal. Dit maak hom boonop nog gasvry en vrygewig ook. Ek is oortuig daarvan dat hy ‘n steunpilaar was vir die kerk.

As gelowige moet ons baie versigtig wees dat ons nie dalk soos Simon word nie. ‘n Mens kan so maklik soveel selfvertroue in die lewe opbou dat jy van die ware sin van die lewe begin vergeet. As dit finansieel met jou goed gaan en jy elke Sondag in die kerk sit, dan is jy reg. As jy boonop nog op elke kommissie dien en jou deel vir die kerk doen, dan voel jy dat jy gemaak is. Jy gee gereeld jou dankoffers, en jy bid en lees die Bybel en neem selfs deel aan ‘n Bybelstudiegroep se bedrywighede.

Moenie my verkeerd verstaan nie: ek sê nie dat hierdie dinge verkeerd is nie. Inteendeel, dit is baie goed, en die Here wil hê dat ons hierdie dinge doen. Die probleem kom egter dat sulke voorspoed kan veroorsaak dat jy jou totale afhanklikheid van God dan so maklik kan vergeet. Iemand wat voorspoedig lewe, moet tweekeer so hard werk aan sy verhouding met die Here.

Die héél basiese dinge van die geloof durf ons nooit vir ‘n oomblik vergeet nie. Waarom het ons skuldvergifnis ontvang? Ons was verlore in ons sonde, en God het uit Sy


Gaan Na Inhoud

groot genade deur die soenverdienste van Jesus vir ons vergifnis gegee, nie omdat ons goed was of goed gedoen het nie, maar uit genade! Wanneer ons hierdie skuldvergifnis gekry het, leef ons 'n dankbaarheidslewe deur goed te probeer doen, maar in die gedurige besef van hoe geweldig afhanklik ons steeds van God is vir elke ding in ons lewe. Dit is Hy wat vir ons voorspoed gee, en dit is Hy wat vir ons die geleenthede gee om Hom te kan dien in die kerk en alle ander terreine. Wanneer jy dus agter die orrel sit of jou plek inneem as leierouderling of selfs op die kansel staan met 'n gemeente voor jou, wees dankbaar vir daardie geleentheid wat jou gegun is, en besef dat jy steeds van Hom afhanklik is.

Gebed:

Here, dankie dat ek in U diens kan staan. Hou my asseblief op my knieë afhanklik van U.



Gaan Na Inhoud

# Vroue saam met Jesus

## Lukas 8:1-3

Om die Evangelie te verkondig is nie kinderspeletjies nie, veral as jy dag-vir-dag, van vroegoggend tot laataand omring en verdruk word deur ‘n skare wat dikwels baie duisende beloop, en elkeen soek jou persoonlike aandag. Dan begin dit baie harde werk word. Jesus was nie die enigste wat hierdie druk gevoel het nie: die twaalf wat Hy uitgekies het, het dit sélf ook maar nie juis maklik gehad nie. Hulle het nie maar die hele tyd net van Jesus geleer en geluister wat Hy gesê het nie. Nee, hulle was prakties in die veld saam met Hom. Hulle moes die skare versorg en in bedwang hou, en hulle was verantwoordelik daarvoor om toe te sien dat Jesus nie vertrap word nie.

Ek dink nie ons besef aldag waardeur hierdie span gegaan het nie. Dit was uitputtende werk wat dikwels tot diep in die nag aangegaan het. Vir kosmaak en die algemene versorging was daar net eenvoudig nie tyd nie. En hier het ‘n paar vroue wat alreeds Jesus se wonderlike genesing ervaar het, die nood gesien en besluit om te kom help.

Dit was nie rêrag ongewoon vir vroue om ‘n rabbi van geld en kos te voorsien nie, maar hier het dit ‘n stappie of twee verder gegaan, want hierdie vroue het alles gelos om saam met Jesus en sy geselskap rond te trek deur die land. Dit was absoluut ongehoord, en dit sou eintlik as ‘n skande beskou gewees het in hulle samelewing. G’n wonder dat baie mense

bitter ongemaklik gevoel het oor Jesus nie, want Hy het veroorsaak dat mense dinge doen wat jy nie normaalweg veronderstel is om te doen nie. Die sosiale strukture en tradisionele gebruike is tot in hulle fondamente geskud toe Jesus die dag begin preek.

Die name wat Lukas hier noem, hoor ons later in die verhaal weer, en aan die einde van Lukas se verhaal sien ons hoedat hulle saam met die apostels getuies word van Jesus se opstanding. Ons weet nie hoeveel vroue betrokke was nie, maar Lukas noem enkeles: Maria wat van die vissersdorp Magdala afkomstig was, het die bynaam Magdalena gehad. Johanna was getroud met Gusa, ‘n hoë amptenaar van Herodus Antipas. Hy was die bestuurder van Herodus se huishouding. Ons sien dus dat hierdie vroue uit alle vlakke van die samelewing gekom het. Sonder hulle ondersteuning sou die hele operasie platgeval het, want die manne sou net eenvoudig uitgebrand het.

‘n Mens is so geneig om op die geringer takies in koninkrykswerk neer te sien as onbelangrik. Dikwels is dit juis daardie “geringer takies” wat die ratte geolie hou en die wiele aan die rol hou. Ek onthou as kind, hoe ek dikwels met minagting staan en kyk het na ‘n kêrel wat op Waterval Boven langs die treinspoor staan met ‘n klein langsteel hamertjie. Met elke trein wat verbykom klop hy teen die wiele met sy hamertjie, dag-in, dag-uit, tot vervelens toe. Dis al wat hy heeldag doen! Ons het spottenderwys na hom

verwys as die “Tappiologist”. Almal het neergesien op hierdie arme kêrel. Tóg het hy ‘n uiters verantwoordelike werk gehad, want hy het fyn geluister na die geluid wat elke hamerslag maak, en as een dalk anders klink as die res, is die trein summier gestop, want dan het dit beteken dat daar fout is met die wiel, en dat dit dalk ‘n tragiese ontsporing kon veroorsaak wat selfs mense hulle lewe kon kos. Nét so het almal neergesien op die stokers op die stoomtreine, die laagste klas op die treinpersoneel. Maar sonder hulle uitmergelende werk om heeldag grawe vol steenkool in die lokomotief se gloeiende, honger keelgat af te gooi, sou die trein nie ‘n enkele treetjie kon ry nie. Boonop was hierdie die leerskool vir toekomstige treindrywers, want dit was verpligtend dat elke drywer eers as 'n stoker werk vir 'n aantal jare om elke detail van die werk te leer.

Johanna was ‘n vooraanstaande vrou in die samelewing, maar sy het haar reputasie op die spel geplaas om Jesus en Sy twaalf manne te versorg: kosmaak, klere was, water aandra, slaapplek voorberei, ander mense se kindertjies troos. Ek neem aan dat sy dikwels dalk in die veld moes slaap op die harde grond saam met die res. Hierdie vroue was die ruggraat van die hele bediening. Ons sien hulle hier as “ondersteuningspan”.

Later in die verhaal sien ons dat hulle die enigste is wat kopgehou het toe alles besig was om uitmekaar te val. Toe die twaalf uitgesoekte apostels moedeloos uitmekaargespat


Gaan Na Inhoud

het en selfs begin sê het dat hulle Jesus gladnie eers ken nie, was dit hierdie vroue wat tot op die bittere einde by Jesus gestaan het. Selfs toe Hy aan die kruis hang, was hulle daar om Hom te probeer ondersteun in Sy laaste oomblikke. En dit was hulle wat Sy lyk versorg het en Hom begrawe het. En daardie Sondagoggend was dit weereens húlle wat eerste by die graf was om die laaste reëlings te kom tref. Dit was ook hulle wat die goeie nuus aan die ander dissipels uitgebabbel het oor Jesus se opstanding.

Het jy dalk ook een van daardie "geringe" takies in die Koninkryk? Voel jy dalk minderwaardig omdat jy nie eerder op die preekstoel kan staan nie? Wees verseker dat die ganse koninkryksmasjien tot stilstand sal kom sonder hierdie klein, onbenullige ratjies. Wees trots op jou takie, en doen dit met vreugde en oorgawe!

Gebed:

Here, dankie vir die taak wat U my gegee het om te doen. Help my om dit voluit te verrig.



Gaan Na Inhoud

## Die Saaier

## Lukas 8:4-15

Jesus se preke was, en is vandag nog steeds asemrowend! Lukas vertel hier dat 'n groot menigte van al die verskillende dorpe in die omgewing gekom het, nie maar net vir die genesings en ander wonderwerke nie, maar om na Jesus te kom luister. Dit klink amper soos die ou nagmaalsgeleenthede op Machadodorp waarvan Oupa my vertel het. Mense het elke drie maande van heinde en verre gekom en op die dorpsplein saamgetrek. Dan het hulle sommer vir 'n paar dae aanmekaar kerk gehou, tot drie keer per dag. Dit was gróót makiti. Die boere het met ossewaens daar opgedaag en tent opgeslaan, en dan het hulle kerk gehou dat die byle huil.

Jesus se preke was nie hoogdrawend soos die groot geleerdes s'n nie. Hy het eenvoudig en op die man af gepraat in 'n taal wat die gewone mense verstaan. Hy het voorbeelde gebruik van dinge waarmee hulle elke dag te doene kry, om vir hulle waarhede tuis te bring. Ten spyte hiervan was daar steeds baie mense wat dit gehoor het en nie verstaan het nie. Selfs vandag nog is daar baie mense wat Jesus se gelykenisse net half verstaan, of dalk gladnie wil verstaan nie omdat hulle so reguit is.

Vat nou maar die eenvoudige storie van die saaier wat Jesus hier vertel. Nie alleen vertel hy die gelykenis nie, maar toe Sy dissipels hom uitvra oor die betekenis daarvan, verduidelik


Gaan Na Inhoud

Jesus dit breedvoerig vir hulle.

Dalk moet ons weer ‘n slag gaan kyk na presies wat hierdie gelykenis in vandag se moderne terme vir ons beteken. In my geestesoog sien ek die prentjie wat Jesus skilder, van die boer wat besig is om te saai. Die saadsak hang om sy heup, en elke paar treë vat hy ‘n handvol van sy kosbare saad. Sy treë is afgemeet sodat hy nie dalk party plekke minder saad gooi as ander nie. Die probleem is egter dat die land nie lyk soos ‘n Vrystaatse mielieland nie, maar dit is ‘n tipiese kleinboer-land, besaai met groot rotse wat hy nie kon uithaal nie. En plek-plek het die halsstarrige bossies ook nog hulle deeltjie afgekleim. Die boer saai wyd, en natuurlik val al sy saad nie netjies in die voortjies nie.

Week na week saai die dominee die saad wanneer hy die Woord van God vir ons bring. Oor die internet kry ons daagliks dagstukkies en boodskappies, waarvan party sommer baie hard met ons praat. Hierdie is steeds saad wat gesaai word. En wanneer ek stiltetyd hou, word die saad weereens gesaai. Daar word ‘n Daniël konferensie vir manne en Ester vir die vroue gehou, en die saad word by hierdie geleenthede weer mildelik gesaai. Die vraag is, hoe my saailand lyk. Groei daardie saad ooit, en dra dit vrug?

Kom ons vergeet vir 'n slag hoe die ander mense se grond lyk, en ons kyk na ons eie stukkie grond. Kom ons maak dit vanoggend ‘n persoonlike ding.

Jesus vertel van saad wat op die pad geval het en wat

summier deur voëls opgepik is. Dit het nie eers kans gekry om te ontkiem nie. Dit gaan hier oor iemand wat die Woord gehoor het, maar Jesus se uitnodiging nooit aanvaar het nie. Nie een van ons kan vandag sê dat ons nog nooit die Woord gehoor het nie. Uit my eie lewe kan ek egter getuig dat ek vir 24 jaar lank soos ‘n klipperige pad was waar die saad net opgepik is. Vandag kan ek die Here net dank dat Hy my oë oopgemaak het.

Die tweede ontvanger wat Jesus beskryf is soos ‘n klipbank waar daar ‘n bietjie grond is. Die Woord skiet wortel en groei vinnig, maar dan skielik is al die grond uitgeput, omdat daar nie diepte is nie. Is daar diepte in my eie lewe? Ek kry talle briewe van mense wat kla dat hulle nêrens in die geloof kom nie. Baie gee moed op. Dit kos harde werk en deursettingsvermoë en dissipline om diepte in jou geloof te kry.

Die derde ontvanger is die een waar die onkruid welig groei en die saad verstik. Daar is niks wat ‘n mens se geloof so vinnig kan aftakel as die wêreldse dinge nie- wilde partytjies, dobbelhuise, slegte geselskap ens. Jy kan net eenvoudig nie twee Here dien nie! Na ‘n aand in die kroeg saam met die manne, waar vieslike grappe, te veel drank en vuil taal die botoon gevoer het, voel jy vuil, en wil jy beslis nie met die Here gesels nie. Is daar dinge in my lewe (onkruid) wat besig is om my verhouding met die Here te vertroebel? Dalk geheime pornografie of 'n skelm verhouding?

Die vierde porsie saad het op vrugbare grond geval. Ek glo dat die oorgrote meerderheid van ons vanoggend kan getuig dat ons daardie vrugbare grond is, en dat ons plantjies welig groei. Die vraag is egter, dat as dit die geval is, hoe lyk ons oes? As ek myself as die vrugbare grond sien, dan moet die resultaat wys in die vrug wat ek dra. As 'n ongelowige na my lewe kyk, wek dit by hom ‘n honger om ook daardie lewe te hê? Was ek al die oorsaak dat iemand tot geloof gekom het? Lyk my lewe soos dié van iemand wat Jesus waarlik liefhet? Is die vrugte van liefde waarvan Paulus in 1 Kor 13 skryf 'n integrale deel van my lewe elke dag? As hierdie dinge nie baie pertinent teenwoordig is nie, dan moet ek diep gaan besin, want dalk is ek dan nie daardie vrugbare grond wat ek altyd gedink het ek is nie........

Gebed:

Here, ek staan vanoggend skuldig, want die vrugte wat ek behoort te dra, dié dra ek nie. Ek wil graag vrugbare grond vir U wees!



Gaan Na Inhoud

## Die Olielampie

## Lukas 8:16-18

Ek lees eenmaal ‘n boek oor die heelal, en toe kom ek net weer onder die besef van hoe geweldig groot die skepping is en hoe verskriklik nietig en klein ek in hierdie groot heelal werklik is. Die skrywer stel die son voor as die grootte van ‘n tafeltennisballetjie. Dan sal die aarde skaars ‘n derde van ‘n millimeter groot wees en so amper 3,7 meter van die son af weg wees. As ons dan hierdie tafeltennisbal-son Saterdag op Loftus sou plaas tussen die onderste skare, 20m van die noordelike doelpale af, dan sal Pluto, die verste planeet in ons sonnestelsel, 4m anderkant die suidelike doodlyn wees, reg by die anderkantste sitplekke. En dit is maar net ons eie ou sterretjie, die son se satelliete! Volgens hierdie skaalmodel sal die naaste ster aan ons, Alfa Centauri, op die strand in Jeffrey's Baai wees, 1000km verder. Dan het ons nog maar skaars begin, want ons het slegs die buiterandjie van die Melkweg, die sterrestelsel waarvan ons deel is en wat uit miljoene sterre bestaan, bereik. Nog erger: die melkweg is maar een van miljoene soortgelyke sterrestelsels, sommige van hulle baie, baie groter as die Melkweg!

Hoe klein is ons ou lampie in vergelyking met die oorweldigende gloed van biljoene-der-biljoene sonne wat in die heelal hang, maar tóg is my liggie belangrik! Die Here wil hê dat ek my nietige ou liggie sal skyn vir Hom!

Jesus vertel vir 'n groot skare mense nog ‘n gelykenis, een

van ‘n lamp. Die lampie waarna Hy verwys is ‘n klein ronde kleilampie vol olie, met ‘n tuitjie waarin die pit lê en brand het, baie primitief, maar tóg prakties. Elke huishouding het van hierdie lampies gehad, en almal het presies geweet wat jy daarmee maak. Jesus gebruik deurgaans al die alledaagse bekende goed om ‘n groot waarheid by die luisteraars tuis te bring.

In kort beteken hierdie gelykenis dat ons die Woord van God soos ‘n lig moet gebruik wat die duisternis oorwin. Deur die lamplig van die Woord hoog te sit, word die lig na elke uithoek versprei. Met die beurtkrag wat so deel van ons lewe is, gebruik ons dikwels kerse. Om die kers effektief sy lig te laat versprei, sit jy dit mos hoog neer, want as hy op die vloer staan is hy nutteloos.

In die praktyk beteken dit dat diegene wat verstaan wat die Koninkryk beteken, dit behoort bekend te maak aan diegene wat dit nie verstaan nie. Daar is absoluut niks geheimsinnig omtrent daardie Woord nie, en elkeen moet daarvan weet.

Die hartseer ding is dat die meeste gelowiges hulle ou lampies onder ‘n emmer sit en smoor sodat niemand hulle kan herken as Christene nie, en dat die boodskap van verlossing dus ook nie versprei kan word nie. Hulle lewe wys niks van die liefde van Jesus nie, en hulle sal g’n sprook sprak wat ooit hulle geheim sal verklap dat hulle gelowiges is nie. Kyk, jy hoef nou nie heeldag te loop en uitblaker dat jy een van die “eksklusiewe” kinders van die Here is nie, maar deur


Gaan Na Inhoud

jou voorbeeld moet jy ‘n olielampie vir Hom wees wat Sy lig versprei.

Hoe straal ‘n mens die lig van Jesus uit? Daar is baie maniere, en elkeen van ons het ander talente gekry waardeur ons hierdie lig kan laat skyn. Sommige se lampe is ‘n miljoen-kerskrag kollig terwyl ander maar fyn feëtjie-kersies is. Maar dit maak nie saak nie, want albei verdryf die donker, elkeen op sy eie unieke manier. Sommige se lampe kan skyn deur op ‘n preekstoel te staan en met selfvertroue die Woord te verkondig. Ander weer voel gemaklik om een-tot-een met iemand te gesels oor die Evangelie. Persoonlik leef ek my getuienis die gemaklikste uit wanneer ek kan sit en skryf, hetsy vir ‘n groot klomp mense of om so met ‘n enkel persoon te gesels. Maar ek is ook in my element wanneer ek die Evangelie met 'n groep mense kan deel, soos wat ons doen wanneer ons Saterdae die Evangelie met die Zoeloegemeenskap van Ballito deel.

Vir sommige gelowiges beteken om hulle lamp te laat skyn, om bloot die liefde van Jesus uit te straal in hulle algemene optrede, om te alle tye vriendelik te wees en te glimlag en die mense rondom jou op te beur. ‘n Vrolike gesig is baie aansteeklik, en dit kan sommer in ‘n japtrap ‘n morbiede geselskap opkikker. Die belangrike is om aan Jesus die eer te gee vir jou opgeruimde gesiggie.

Dade preek baie harder as woorde. Die dominee preek in die kerk vir gelowiges: hy gee hulle opleiding om hulle

dissipelskap prakties uit te leef. Hy vul hulle lampies as't ware daar met olie sodat hulle deur die week helder kan skyn daar buite. Jou taak deur die week is dan nie noodwendig om die preek te gaan herhaal vir almal wat jy teëkom nie, maar om prakties uit te leef wat jy in die erediens beleef het.

Terloops, as jy 'n olielampie aanhou volmaak sonder dat hy behoorlik brand, gaan die olie naderhand die pit versmoor, en dan is die lamp totaal nutteloos. Dus, as jy nie jou lamp gebruik nie, sal sy vlammetjie doodgaan. Aan die ander kant kan 'n lamp ook nie sonder olie brand nie! Dus is dit absoluut noodsaaklik dat jy gereeld hervul word. Moenie kerkbyeenkomste afskeep nie, dit is noodsaaklik vir jou geestelike oorlewing en uitlewing.

Gebed:

Here, dankie dat ek ook vir U 'n lampie kan wees. Help my asseblief om helder vir U te skyn.



Gaan Na Inhoud

# Storm op die See

## Lukas 8:19-25

Hoe groot is die almag van God? Om net so ‘n klein kykie te kry in die skeppingsmisterie en grootheid van God, kan ons weereens soos gisteroggend ons oë ophef na die sterre. In die baie bekende Orion-sterrebeeld is daar ‘n paar sterretjies wat baie helder uitstaan. Die een wat die regterskouer van die reus uitmaak trek dadelik ‘n mens se aandag: sy naam is Betelgeuse. Hierdie is ‘n baie besonderse ster, een van die sogenaamde “super reuse”. Hy is 60’000 keer so helder as die son, en het ‘n deursnee van 5,6 AE. ‘n AE (astronomiese eenheid) is die afstand van die son na die aarde. Dus, as hierdie ster in die plek van die son sou wees, dan sou sy buiterand byna 3 keer so ver as wat die aarde van die son af is, gestrek het. Betelgeuse is dus so groot dat hierdie enkele ster die helfte van ons hele sonnestelsel met al sy planete sou kon insluk! En steeds is dit maar slegs een van baie biljoene ander groot sterre, en slegs ‘n spikkeltjie in die heelal, God se skeppingswerk. Die vraag is noe: Hoe groot is die almag van God werklik?

As ons hierdie beeld in die agterkop hou, en jy gaan lees die verhaaltjie wat Lukas skryf oor die gebeure in die boot, dan maak alles sin, en jy begin so ‘n ietsie van Jesus se almag sien. Die probleem is egter dat ons eie probleme vir ons dikwels so groot lyk, dat ons skoon toeslaan, en gladnie die Here se almag kan raaksien nie.



Gaan Na Inhoud

Rondom die see van Galilea is daar etlike berge en klowe. Dikwels vorm daar kort, sterk winde wat in hierdie klowe afstroom, amper soos deur ‘n tregter, en dan veroorsaak dit baie skielike en hewige storms op die meer. Jesus en die twaalftal was juis in ‘n vissersbootjie op pad na die oorkant van die meer, toe een van hierdie onvoorspelbare storms hulle tref. Jesus het gelê en slaap. G’n wonder nie, want Hy moes sekerlik uitgeput gewees het na nóg ‘n marathon-dag van preek en siekes gesondmaak en duiwels uitdryf en vertrap word deur die skares van mense wat almal by Hom wou uitkom. In vers 19-21 beleef ons ietsie hiervan, wanneer Maria en Jesus se broers by Hom probeer uitkom, maar dat dit onmoontlik vir hulle word omdat die skare Jesus verdring.

Wanneer die storm hulle tref, is die manne doodsbenoud, want hulle klein skuitjie het soos ‘n dobbertjie in die groot oseaan gevoel, en hulle het al gesien hoe hulle die dieptes insink. Hulle skud Jesus wakker - dwarsdeur al die opgewondenheid het Hy steeds rustig lê en slaap! “Ons sink! Ons vergaan!”, skree hulle benoud. ‘n Enkele woordjie van Hom laat die woeste wind en golwe bedaar sodat daar skielik ‘n doodse stilte en kalmte kom.

Jesus verwyt die manne oor hulle ongeloof. Vir die afgelope tyd sien hulle elke dag die wonderwerke wat Hy doen, en sien hulle die mees asemrowende dinge gebeur. Maar as dit hulle eie basse begin raak, dan begin hulle twyfel oor presies waartoe Jesus in staat is. Hulle het duidelik nog ‘n baie lang


Gaan Na Inhoud

pad om te loop voordat hulle gereed is om die leiding van die kerk oor te neem. “Wie is Hy tog?” vra hulle hulleself die vraag af. Hulle het nog nie eers begin om te verstaan wie hierdie Man wat al die dinge laat gebeur werklik is nie.

Die vraag is of ek en jy mooi verstaan presies wie Jesus nou werklik is? Ek dink dat, nes die twaalf manne van daardie tyd, ons nie aldag werklik besef met wie ons te doene het nie. In die eerste plek dink ek dat ons ou verstandjies net eenvoudig te klein is om ‘n begrip van Hom te kan kry, want Sy almag en alwetendheid en alomteenwoordigheid is baie groter as wat ons kan verwerk. ‘n Man sê eendag vir my dat hy nie aan God kan glo nie, want hoe is dit ooit moontlik vir iemand om tegelyk op baie verskillende plekke te wees? Ja, hy is reg: ons verstand kan nie sulke dinge begryp nie, want dit pas nie in ons verwysingsraamwerk in nie.

Tóg is die bewyse oorweldigend. Dink maar aan die ster waarvan ons hier bo praat, Betelgeuse. Ons kan nie ‘n begrip vorm van hoe verskriklik groot daardie ster werklik is nie. Nogtans is hy ‘n werklikheid, en die sterrekundiges bevestig dit. Dit lyk absoluut onmoontlik vir iemand wat dodelik siek is om eensklaps blakend gesond te wees - medies is dit nie moontlik nie. Nogtans gebeur dit, en dan moet die dokters dikwels net hulle koppe in ongeloof skud. By God is absoluut niks onmoontlik nie.

Al hierdie dinge moet ons net weereens onder die besef bring van die absolute grootheid en almag van die Here. Dit


Gaan Na Inhoud

is nie nodig dat ons die wonderwerke fisies ervaar en moet sien nie: al die bewyse is alreeds daar. Maar as ons net ons oë wil oopmaak, sal ons elke dag talle wonderwerke rondom ons raaksien. Die doel van hierdie dinge is om ons aan te spoor tot aanbidding van Hom wat oor alles heers en vir Wie niks onmoontlik is nie.

Besef ons ooit nog wie God werklik is? Ons praat dikwels so ligtelik van Hom. Ons bring nie eers naastenby genoeg lof aan Hom nie, en ons praat van Hom asof Hy maar net nog ‘n deeltjie is van ons geloof. Kom ons raak vandag diep onder die besef van Wie ons aanbid, en ons gee Hom die lof en eer en dank wat Hom toekom.

Gebed:

Here, vanoggend val ek voor U neer in aanbidding, want ek is maar net ‘n stoffie voor U groot almag.



_Gaan Na Inhoud

# Die Kaal Man

## Lukas 8:26-39

Jesus en die twaalf het in Kapernaum, op die noordelike oewer van die meer van Galilea in die vissersboot geklim en die volle lengte van die meer, reg suid gevaar. Dit was waarskynlik nadat hulle verby Tiberias en Hippus gevaar het, toe die verskriklike storm hulle getref het. Soos gesien, het Jesus die storm eensklaps laat bedaar, en kon hulle rustig verder vaar na die landstreek van Gadara, aan die suidelike punt van die meer. Skaars is hulle aan wal, of die volgende groot “storm” tref hulle, dié slag in die vorm van ‘n besete man wat poedelnaak op hulle afstorm.

Jesus en sy dissipels bevind hulle hier in die “buiteland”, in die land van die Geraseners. Die gebied maak deel uit van die sogenaamde Dekapolis, wat letterlik beteken “Tien Stede”. Dit was nie ‘n Joodse gebied nie, dus het die Joodse wette gladnie daar gegeld nie, en het die mense selfs met varke geboer, iets wat elke goeie Jood met afsku sou vervul! Daar was ‘n baie sterk Griekse invloed in die gebied.

Dit is hier waar hulle die kaal man aantref. Hy bly lankal nie meer in ‘n huis nie, omdat die samelewing hom hoeka totaal verwerp het. Tussen die grafte het hy sy lêplekkie gekry. Sy onbeheerste optrede het al daarvoor gesorg dat die inwoners hom probeer vang en met kettings boei het om hom in bedwang te hou, maar g’n kettings kon hom beheer nie.



_Gaan Na Inhoud

Skerp in kontras met hierdie wilde besetene, sien ons vir Jesus wat doodkalm teenoor hom optree en bloot vir die man vra wat sy naam is. Van die dissipels hoor en sien ons niks, ek dink hulle was dalk te bang om naby te kom. Dit moes ‘n skrikwekkende gesig wees om te aanskou. Boonop het die man Jesus aangespreek as “Seun van God, die Allerhoogste”. Hulle het sélf nog maar swaar gesluk aan hierdie gedagte, en nou kom ‘n besete heiden en blaker dit uit! Wat hulle egter nie besef het nie, is dat dit die duiwelse demone in die man was wat met Jesus gepraat het deur die man se liggaam te gebruik. Natuurlik ken die duiwel en al sy demoniese aanhangers vir Jesus, en hulle weet presies wie Jesus is. Hulle sal egter nooit vir Jesus dien nie, want hulle wil sélf die heerskappy hê.

Dan kan ons natuurlik ook die vraag vra, of dit sou beteken dat as iemand vir Jesus ken en Hom erken as God, dat hy noodwendig ‘n geredde persoon is? Die antwoord is ‘n baie besliste “NEE!” Voordat jy jou lewe aan Jesus toevertrou het en in Hom as jou persoonlike Verlosser glo, het jy beslis nie die saligheid nie.

Die verrassende is, dat wanneer die man (oftewel die demoon in hom) vir Jesus antwoord, blyk sy naam “Legio” te wees, wat beteken “Baie”. Die man se lewe was oorheers deur ‘n klomp demone. Die Latynse woord Legio het verwys na ‘n afdeling of legioen in die Romeinse leër wat uit tussen 3’000 en 6’000 soldate bestaan het.


Gaan Na Inhoud

Die demone wil niks met Jesus te doen hê nie! Hulle wil net alleen gelaat word, want Jesus se teenwoordigheid is vir hulle ‘n groot bedreiging. Wanneer hulle egter in ‘n hoek gedryf word, smeek hulle om eerder na die varke toe verban te word. Hulle wil asseblieftog nie na die doderyk verban word nie. Ons sien hoedat die varke skielik op loop sit wanneer die demone in hulle invaar.  Die mense van die omgewing word gevul met vrees wanneer hulle sien hoedat die hele trop oor ‘n afgrond stort en in die see versuip. Dit is tóg ironies dat die mense Jesus smeek om liewer hulle land te verlaat. Hulle is meer besorg oor hulle finansiële verlies as oor die besetene wat hier voor hulle oë genees is en ‘n splinternuwe lewe gekry het.

Daar is baie vrae oor hierdie verhaal. Waarom het Jesus gehoor gegee aan die versoek van die demone, maar as die man wat genees is smeek om saam met Hom te gaan, dan weier Jesus sy versoek? Daar is baie vraagstukke in die Bybel waaroor ons maar net kan gis, want ons ken nie God se volle raadsplan nie. Waarom Hy nie die demone direk die verdoemenis ingestuur het nie, sal ons nie weet nie. Wat ons wél kan sê, is dat dit ‘n gedeeltelike oorwinning oor die duiwel was, maar dat die finale slag nog gelewer sal word, en dan sal dit ‘n baie groot slagting vir die duiwel en sy trawante wees.

Wat die man betref: hy het ‘n baie groot taak op hande gehad. Hy moes die mense van sy omgewing van Jesus gaan

vertel. En wát ‘n taak was dit nie! Die mense wat voorheen in vrees van hom af weggevlug het, moes hy nou oortuig dat Jesus die Verlosser is. ‘n Paar jaar later, toe die vervolging van Christene in Jerusalem op sy ergste was, het die mense gevlug. Baie van hulle het skuiling gevind in hierdie einste streek, en is hulle met ope arms ontvang. Waarom? Ons kan maar net raai, maar iets sê vir my dat die mal man wat eens kaal in die begraafplaas gebly het, sulke goeie sendingwerk gedoen het, dat almal in die omgewing ryp was vir die Evangelie toe die groot stroom Christene daar aankom en die Evangelie begin verkondig.

Gebed:

Here, dankie dat ons weereens vanoggend U almag kon aanskou.



Gaan Na Inhoud

## Twee Dramas

## Lukas 8:40-56

Skaars is Jesus en die manne saam met Hom terug van Gadara af, of ‘n groot skare mense drom alweer om Hom saam. Lukas vertel dat die mense Jesus verwelkom het, en dat hulle vir Hom gewag het om terug te kom. En dan speel daar twee dramas af wat inmekaar geweef is. Twee wonderwerke speel af, en hulle skep 'n spannende en baie dramatiese toneel.

Die verhaal begin waar ons vir Jaïrus sien aangehardloop kom en voor Jesus se voete neerval. Jaïrus was een van die kerkleiers, ‘n raadslid van die sinagoge, en een van slegs enkele geestelike leiers wat goedgesind was teenoor Jesus. Jaïrus se nood is baie groot, want sy dogter lê op sterwe, en hy smeek Jesus om saam met hom te kom.

Dadelik stem Jesus in, en hy gaan saam met die bekommerde man. Op pad na die man se huis word die verhaal egter skielik wreed onderbreek tot almal se ontsteltenis, wanneer Jesus gaan stil staan en omdraai. “Wie het aan My geraak?” wil Hy weet.

As leser van die verhaal wil ek en jy vir Jesus sê: “Here, daar is nie nou tyd om te wil weet wie aan U geraak het nie, die meisiekind is besig om dood te gaan!” Petrus raak sélf ongeduldig met Jesus wat nou nie Sy loop kan kry nie. Daar is ‘n reuse skare mense wat hulle die hele tyd verdruk: almal



_Gaan Na Inhoud

stamp en stoot, en Jesus het sélf ook talle mense wat teen Hom stamp. Wat is dan nou verkeerd met sy Meester?

Agter Jesus krimp ‘n vrou ineen van vrees. Sy sit met ‘n geweldige groot nood: Sy ly aan ‘n volgehoue menstruele vloeiing, iets wat in vandag se terme alreeds ‘n baie ongemaklike situasie is. Wat dit egter vir haar vererger, is die feit dat sy volgens die Joodse kultus permanent onrein is, en dus met niemand direk in aanraking mag kom nie. Vir twaalf jaar al leef sy in hierdie onhoudbare situasie, en sy kan dit net nie meer verduur nie, Jesus is haar laaste en enigste hoop. Volgens Joodse wette, soos dit in Lev. 15:19-30 duidelik beskryf word, durf sy nie aan Jesus raak nie, want dan sou dit Hom sélf vir sewe dae lank onrein maak. Dus raak sy net aan die verste punt van Sy klere se soom. Petrus por vir Jesus aan om asseblieftog voort te gaan na Jaïrus se huis. Maar Jesus bly staan: Hy wil weet wie dit is wat aan Sy klere geraak het.

Die spanning bou op, want die tyd loop uit vir die sterwende dogtertjie. Maar vir Jesus is die drama wat hier afspeel belangrik. As die vrou besef dat Jesus weet dat dit sy was, kom val sy bewend van angs voor Hom neer en erken haar daad. Sy vertel van haar verskriklike dilemma, en die wonderlikste is dat sy gevoel het hoedat haar liggaam genees is die oomblik toe sy aan Jesus raak.

Liefdevol spreek Jesus haar aan as “dogter”, en dan is die twaalf jaar waarin sy deur die ganse samelewing verwerp en



Gaan Na Inhoud

verstoot is skielik verby. Sy weet dat sy vir die eerste keer in jare nou weer deel van die volk en van haar eie familie is. Jesus weier om Sy verlossingswerk te laat beperk deur enige sosiale of politieke grense!

Nou keer die verhaal weer terug na Jaïrus se twaalfjarige dogter. Van die huis af kom die berig dat dit te laat is: sy het reeds gesterf. Ons wil vir Jesus vra: “Here, hoe kón U? Die vrou kon mos maar ‘n klein bietjie gewag het?” Menslik gesproke is enige verdere optrede van Jesus sinneloos. Maar Jesus troos vir Jaïrus: “Moenie jou ontstel nie. Glo net, en sy sal gered word.” Skokkende woorde! “Maar sy is dan dood Here!” wil ons vir Jesus sê. “Here, moet asseblieftog nie die man se lyding nóg erger maak nie!”

Vir diegene wat egter so pas gesien het hoedat die vrou se verskriklike siekte eensklaps genees is, gee Jesus se woorde nuwe hoop, want haar geloof is wonderbaarlik beloon! Die vraag is: sal Jaïrus se geloof óók so beloon kan word?

Wanneer ons by die huis aankom, sien ons ‘n troostelose prentjie van mense wat huil oor ‘n kind wat gesterf het. Hulle verwag van Jesus niks verder nie, want alle hoop is verby. Dit is verstaanbaar dat hulle so reageer. En as Jesus vir hulle sê dat die kind net slaap, dan lag hulle Hom uit. Hulle het immers sélf gesien dat sy dood is, en dit is finaal! Jesus se eenvoudige reaksie is om bloot die meisie se hand te vat en haar te beveel om op te staan. Haar ouers kan hulle oë nie glo as sy onmiddellik reageer nie. Dit word net weereens

beklemtoon dat Jesus alle mag het, selfs oor die dood.

Inderdaad weet ons vandag dat die dood vir ‘n gelowige gladnie meer finaal is nie. Jesus het nie alleen gewys dat Hy heerser oor die dood is met hierdie kind se genesing nie, maar enkele jare later het Hy die dood finaal oorwin, toe Hy die volle prys van verlossing betaal het aan die kruis. Ek en jy het ook deel hieraan, as ons slegs glo in Hom. Jesus se woorde aan Jaïrus: “Glo net en sy sal gered word,” kry later soveel groter betekenis wanneer Paulus in Hand. 16:31 sê: “Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word,” of as Johannes in Joh. 3:16 skryf: “Die wat in Hom glo .... sal die ewige lewe hê”.

Die vraag is: glo jy?

Gebed:

Here, dankie dat U my ook gered het, en dat die dood nou geen houvas meer op my het nie.

# Uitgestuur in die Wêreld

## Lukas 9:1-6

Verlede jaar, 2014, kry ek 'n versoek van vriendin Sarie: 'n klein Indiër gemeente in Shakaskraal gaan op 'n sendinguitreik na Mosambiek, en of ek nie dalk wil saamgaan nie. Eintlik is dit half 'n opdrag van haar kant dat ek moet saamgaan. “Ek sal daaroor dink,” sê ek vir Sarie, en daarmee skuif ek klaar die gedagte uit my kop. Ek was nog nooit voorheen op 'n sendinguitreik nie, en daar is soveel struikelblokke wat in my pad staan.

Later vra sy my weer of ek al besluit het, en ek gee so 'n half niksseggende antwoord. Ek het nie die R850 om te betaal vir die onkoste nie, en ek het nie 'n tent of matras of die tyd nie. Maar soos wat die tyd nader staan vir hierdie uitreik, begin daar 'n gedagte in my ontstaan, 'n stem hier diep in my wat by my aandring om te gaan. En uiteindelik gee ek in, en sê: “Ja,” ten spyte van al die struikelblokke vorentoe.

Die struikelblokke word een-vir-een opgelos: my selgroep besluit om die onkostes te dra; iemand gee vir my 'n tent, wat ek sommer daar moet los wanneer ons klaar is; iemand leen vir my 'n matras. 'n Klompie jongmense van ons gemeente gaan ook saam.

In Mosambiek is dinge nog erger as wat beskryf is. Dis harde werk en stof en sand dryf ons tot raserny. Ons sterf byna van die hitte, en saans val ek morsdood op my matrassie neer,

net om weer twintig keer wakker geraas te word deur 'n hoenderhaan!

Maar die resultate is asemrowend! Talle heidene kom tot bekering, en ses maande later is daar 'n splinternuwe gemeente van 80 nuwe gelowiges sterk! Alles was deur en deur die moeite werd! En vir die jong katkisante wat saamgegaan het, was dit 'n onvergeetlike ondervinding wat van hulle nuwe mense gemaak het. As dit die Here se wil is, gaan ek vanjaar weer saam!

Die twaalf apostels was tot dusver nog maar net dissipels aan Jesus se voete, besig met intensiewe opleiding. Elke dag kyk hulle grootoog toe hoedat Jesus die mees ongelooflike wonderwerke voor hulle verdwaasde oë uitvoer. ‘n Enkele woordjie of aanraking is dikwels genoeg om iemand oombliklik van ‘n kwaal te genees. Selfs blindes kan weer sien en lammes kan loop.

En dan breek die dag aan waar hulle die eerste voorsmakie moet kry van wat dit beteken om ‘n apostel, ‘n ware uitgestuurde van Jesus te wees. Jesus verduidelik vir hulle dat hulle op hierdie “oefenlopie” sélf die geleentheid gaan kry om siekes gesond te maak en duiwels uit te dryf.  Ek kan my voorstel hoe die manne daar sit en bewe het van angs. “Hoe gaan ons dit ooit regkry?” het hulle sékerlik gewonder. Die ergste was dat die Meester nie eers naby sou wees om te kom help nie! Hulle word die wye wêreld ingestuur, ver van Jesus af. En daar moes hulle alleen klaarkom.

Jesus gee volledige instruksies: hulle mag absoluut niks saamvat nie, nie eers ekstra klere of reissakke, of selfs padkos nie. Hulle moes totaal afhanklik wees van mense se gasvryheid. Op hierdie manier moes die manne op die harde manier leer wat dit werklik beteken om totaal van God afhanklik te wees vir alles in die lewe.

Jare later sou hierdie manne eers werklik besef waaroor Jesus hulle sulke harde bene laat kou het, want hierdie voorbereiding het hulle gebrei vir 'n lewe wat alles behalwe maanskyn en rose sou wees. Jesus het hulle ook gewaarsku dat hulle nie oral welkom sou wees nie. Almal het nie met ope arms staan en wag vir die Evangelie nie! Daar was beslis mense wat hulle vyandiggesind sou wees ten spyte van hulle goeie bedoelings. Wanneer dit gebeur moes hulle letterlik die stof van hulle voete afskud as 'n aanklag teen daardie mense, om hiermee te sê dat hulle die Evangelie gehoor het en die goeie nuus verwerp het.

In vandag se terme kan ons sê dat jy nie moet sit en tob daaroor as jou boodskap van hoop aan iemand begroet word met 'n afjak nie. Dit het al menigmaal met my gebeur wanneer ek vir die eerste keer 'n dagstukkie aan iemand stuur, dat die persoon my lelike woorde toesnou omdat ek die vermetelheid het om van hom 'n Christen te probeer maak. 'n Mens se natuurlike reaksie is om sleg en verwerp te voel oor sulke uitlatings. Onthou net dat dit eintlik niks met jou te doen het nie, want jy is maar net die Here se



Gaan Na Inhoud

boodskapper. Dit is nie vir jou as persoon wat hy slegsê nie, maar eintlik vaar hy teen God uit! Dit is met ander woorde uit en uit ‘n saak tussen hom en die Here, en jy is slegs die tussenganger. Dit is dieselfde as wanneer iemand ‘n sekretaresse uitvloek wanneer hy kwaad is vir haar baas, iets wat nogal dikwels gebeur.

Lukas vertel dat die twaalf manne die wye wêreld ingegaan het en dat hulle nie alleen die Evangelie verkondig het nie maar sélf ook siekes gesond gemaak het. Ek dink niemand was meer verbaas oor hulle nuwe vermoëns as hulleself nie. Al wat die Here van my en jou vra is ons gewilligheid om in Sy diens te staan. Hy sal al die nodige toerusting vir die taak voorsien. Hiervan kan ek uit my eie lewe getuig, want Hy voorsien wonderlik elke dag in die taak wat ek vir Hom verrig.

Gebed:

Here, ek kan U nooit genoeg dankie sê vir alles waarin U vir my voorsien nie. Dankie dat U so getrou is.

## Wie is Hierdie Jesus?

## Lukas 9:7-17

Herodus Antipas, een van die vier seuns van Herodus die Grote, was ‘n man vir wie almal bang was. Joodse profete het inmekaar gekrimp by die blote aanhoor van sy naam, want vir hulle was hy ‘n verskrikking. Johannes die Doper was een van hierdie wrede man se slagoffers: sy bebloede kop is in ‘n skottel by een van Herodus se wilde partytjies aan die gaste vertoon, nadat Herodus hom laat onthoof het om sy vrou, Herodias se grille te bevredig.

Maar Herodus het ook ‘n ander sy gehad wat hy nie graag aan die wêreld wou vertoon nie: ‘n baie onseker mens het agter hierdie wrede masker geskuil. Wanneer hy te hore kom van die wonderdade wat Jesus doen, skrik hy hom spierwit: “Het Johannes uit die dood opgestaan?” wou hy bewend weet. Daar het ook gerugte rondgegaan dat hierdie Jesus eintlik Elia of een van die ander profete was wat teruggekom het. Herodus het sy bes probeer om Jesus te siene te kry, maar dit was hom nie beskore nie. Uiteindelik het hy wél tog vir Jesus gesien, maar dit was onder tragiese omstandighede, so pas voor Jesus tereggestel sou word. Daar het Herodus die ideale geleentheid gehad om met Jesus te kom praat, en hy het selfs die kans gekry om Jesus se lot te bepaal, en Hom ‘n billike kans te gee. Maar hy het alles deur sy vingers laat glip.

“Wie is hierdie Man.......?”

Op meesterlike wyse be-antwoord Lukas juis hierdie vraag in die volgende vier episodes met vier beskrywende titels vir Jesus: Hy is Voorsiener (v.10-17), Gesalfde van God (v.18-22), Lydende Seun van die mens (v.23-27) en Seun van God (v. 28-36).

Jesus sluit sy bediening in Galilea af, en ons tref Hom aan op pad na die dorp Betsaida, op die noord-oostelike oewer van die meer van Galilea, in die magsgebied van Herodus Antipas se broer Filippus. Die twaalf was sekerlik doodmoeg maar baie opgewonde ná hulle eerste ervaring as evangeliste. Hulle het mekaar skaars kans gegee om alles vir hulle Meester te vertel van hulle wedervaringe. Jesus het gesmag na ‘n bietjie rus en stilte alleen saam met die manne. Hulle loop na ‘n afgeleë plek, weg van al die mense af. Maar rus en stilte was hulle nie beskore nie, want wanneer die mense van die omgewing agterkom waar hulle hulle bevind, is daar binne ‘n ommesientjie alweer ‘n reuse skare wat om hulle saamdrom. In plaas daarvan dat Jesus vir hulle sê: “Gaan huistoe, en laat ons in rus en vrede,” verwelkom Hy hulle eerder en gesels met hulle oor die Koninkryk van God. En dan is daar natuurlik soos altyd die stringe siekes wat Jesus se hulp soek.

Die mense hang aan Jesus se lippe. Maar die twaalf manne raak bekommerd want die tyd stap aan en die son trek water en hierdie spul mense moet kos kry. Die naaste dorp is myle weg en hier sit ‘n skare wat Loftus se pawiljoene behóórlik

gaan volsit. Waar gaan hierdie klomp op kort kennisgewing nou skielik kos en slaapplek kry? Hulle maak sommetjies: Hier sit maklik 5’000 mans, en dan het ons nog nie eers gepraat van die spul vrouens en kindertjies nie! Daar moet seker minstens 15’000 mense wees.

“Gee vir hulle iets om te eet,” kom Jesus se onmoontlike opdrag aan die twaalf. Hulle kyk in ongeloof vir mekaar. Daar is géén manier wat hulle vir hierdie klomp gaan kos kry nie. Hulle hou voorraadopname, en vyf brode en twee misrabele vissies is al wat dit oplewer.

Hoe verskriklik beperk is ons menslike vermoëns nie! Jesus vra van die twaalf manne om die absolute onmoontlike te doen, en moedeloos probeer hulle iets saamflans terwyl hulle maar ál te goed besef dat dit 'n onmoontlikheid is.

In skrille teenstelling daarmee is Jesus die Een wat kalm en bedaard die broodjies neem en daarvoor die seën vra, so asof dit maar net nóg ‘n doodgewone maaltyd is. Die wonder gebeur wanneer die brood en vis uitgedeel word aan die mense: Dit raak net eenvoudig nie op nie! Só oorvloedig voorsien Jesus in die mense se behoeftes dat daar uiteindelik twaalf mandjies vol brood oorbly nadat die reuse skare mense hulle versadig geëet het.

Op Herodus se vraag oor wie hierdie Jesus nou eintlik is, word Jesus hier voorgestel as die Voorsiener. Alhoewel Jesus die Een is wat die wonderwerk verrig, is dit die dissipels wat die taak kry om die kos voor te berei en te versprei. Hierdeur

wys Jesus hulle op watter wyse Hy oorvloedig vir hulle sou voorsien wanneer hulle later sélf in die groot sendingveld sou staan. Jesus se voorsiening het egter ook nie opgehou by die twaalf nie: deur die eeue het ons gesien hoedat daar telkemale op wonderbaarlike maniere voorsien is vir diegene wat in diens staan van die Meester.

Vandag is die verhale steeds legio, en wonderwerke gebeur daagliks. In my eie lewe kan ek net oor en oor getuig van God se voorsiening op tye waar alles vir my totaal onmoontlik gelyk het. Gister se verhaal van die Sendinguitreik na Mosambiek, was maar een van talle sulke voorbeelde.

Ons aanbid 'n groot en almagtige God!

Gebed:

Here, dankie dat ons elke dag na U kan opkyk as die Een wat ook vir ons voorsien.

## Petrus se Belydenis

## Lukas 9:18-22

Wie is Jesus? Lukas laat hierdie vraag weergalm oor die berge en heuwels en valleie van die woestyn. Eers was dit Johannes die Doper wat half huiwerig die vraag gevra het voordat hy deur Herodus onthoof is. Toe kom Herodus self met hierdie tergende vraag. En nou kom gooi Jesus die vraag voor Sy dissipels se voete: "Wie is EK?"

Soos ons al by 'n paar geleenthede gesien het, was Jesus eenkant alleen besig om te bid, iets wat Hy gereeld gedoen het, en wat net weereens die geweldige belangrikheid van gebed vir ons beklemtoon. As Jesus dit nodig gevind het om in gebed te verkeer- hoeveel keer te meer is dit nie vir jou en my bitter nodig om te bid nie? Dit is ons geestelike asemhaling. Sonder asem kan ons nie leef nie, en sonder gebed gaan ons geestelik dood.

Wanneer Jesus se dissipels om Hom saamdrom, vang Hy hulle totaal onkant met Sy vraag. Maar Hy stel dit op 'n baie slim manier, om hulle goed aan die dink te sit. Hy vra eers met 'n ompad, wat die mense oor Hom dink: "Wie sê die mense is Ek?" Die antwoord wat Jesus kry is presies dieselfde antwoord as wat Herodus gekry het: dat Hy die een of ander profeet is of selfs die reïnkarnasie van iemand soos Elia. Maar dan raak dit ongemaklik as Hy die vraag omswaai en direk vir húlle vra wat hulle dink. Ek dink dat daar seker eers 'n ongemaklike stilte gehang het voordat Petrus dit


Gaan Na Inhoud

gewaag het met: “Die Gesalfde van God.”

‘n Mens wil jouself vandag die vraag afvra: Maar kon die mense na alles wat Jesus gedoen het, al Sy wonderwerke en die dinge wat Hy gesê het, dan nog steeds nie duidelik sien dat Jesus die Messias is nie? Hoe is dit ooit moontlik dat hulle dit nie kon raaksien nie? Was Petrus dan die enigste wat hierdie insig gehad het? En steeds het hy dit baie huiwerig gesê!

Ek dink dat selfs Petrus hierdie belydenis net in ‘n oomblik van helderheid gedoen het, want later sien ons hoedat hy telkemale maar weer in twyfel verval. Dink jouself in die sandale van daardie mense in: As jy in daardie tyd geleef het, en hier begin 'n wonderlike Profeet optree, en Hy doen die mees ongelooflike wonderwerke - maak dit Hom dan outomaties die Messias wat sou kom? Die probleem is dat Hy gladnie Goddelik lyk nie! Hy is ‘n doodgewone mens net soos die res van ons, Iemand wat ook maar honger word en seerkry en smart beleef en moeg word en nodig het om te bid. En dan is daar boonop die dinge wat Hy doen wat die kerkleiers so bitterlik veroordeel. Hy kan tog nie die Een wees nie? Boonop het die profete voorspel dat die Messias die volk sou verlos, en kyk net hoe word ons nog steeds maar deur die Romeine onderdruk! Dit lyk nie of hierdie Profeet énigsins van plan is om ‘n verlossingsdaad uit te voer nie. Hy wil selfs vir ons probeer vertel dat ons hierdie einste Romeine wat ons soveel sonde besorg, moet liefhê! Nee

wat! Ons stem almal saam dat Hy ‘n baie oulike Profeet is en Iemand baie besonders, maar die Messias? Nee, nie sommer nie!

Dankie tóg! Vandag weet ons baie anders! Vandag kan ons met sékerheid sê dat ons wéét dat Jesus waarlik die Messias is, die Verlosser, en dat Sy verlossingswerk iets totaal anders is as wat die Jode verwag het dat dit sou wees.

Die vraag is egter: Hoe beleef ek en jy vir Jesus? Is dit maar net ‘n wete en geloof dat Hy die Verlosser is, of het ons ‘n lewende verhouding met Hom? Dink maar gerus baie ernstig oor hierdie vraag.

Na Petrus se belydenis, belet Jesus uitdruklik Sy dissipels om vir die mense te vertel dat Hy eintlik die Gesalfde van God, die Messias is. Hy verduidelik dat dit eers nodig is dat Hy moet lyding verduur en uiteindelik doodgemaak word, en eers dán kan dit aan die hele wêreld uitgebasuin word. Dit maak nie heeltemal vir ons sin nie. Sou dit nie dalk goed wees as daar alreeds ‘n reuse skare van mense gewees het wat Hom aanvaar het as die Messias nie? Dink net hoeveel dit vir die verspreiding van die Evangelie kon beteken!

Die antwoord is ‘n besliste “Nee!” God se plan met Jesus was nie om ‘n klomp gelowiges bymekaar te maak nie. Sy plan was om die ganse wêreld die kans op verlossing te bied. Dit kon alleen geskied as Iemand sou betaal, die sondeskuld van die wêreld op Hom sou neem sodat ál die skuld betaal is. Die mense sou dan met vrymoedigheid na God kon gaan in die



Gaan Na Inhoud

wete dat hulle sonde vergewe is. Jesus was die enigste Een wat so ‘n taak sou kon uitvoer, want Hy was waarlik sonder enige sonde, sodat daar nie gesê kon word dat Hy maar net gestraf is oor Sy eie sonde nie. Nee, Hy sou die straf van ander mense alleen dra. Die blote feit dat soveel mense die dinge gesien het wat Hy gedoen het, en Hom ten spyte daarvan uiteindelik tóg verwerp het, het net Sy lyding soveel erger gemaak.

Dankie tóg! Daar was ook ‘n ander sy van die saak: dat Jesus op die derde dag opgestaan het uit die dood en vandag heers as Koning. Kom ons eer en aanbid Hom daarvoor.

Gebed:

Here Jesus, ons bring aan U al die eer en dank vir U verlossingswerk.

## Om Jesus Te Volg

## Lukas 9:23-27

Wat beteken dit om Jesus te volg? Iemand het eenmaal gesê dat om 'n Christen te wees, beslis nie vir sissies is nie.

Jesus het vir Sy volgelinge gesê, dat as hulle Hom waarlik wil volg, gaan dit van hulle 'n paar baie moeilike dinge vra: Selfverloëning, Kruisdra en Navolging. Maar wat beteken dit in die praktyk?

Selfverloëning beteken dat jy moet afstand doen van die dinge wat normaalweg vir jou ware menswees beteken. Die héél belangrikste persoon in enige mens se lewe is gewoonlik jy sélf. Daar is by 'n mens 'n ingebore oorlewingsdrang, wat beteken dat jy jouself tot die dood toe sal verdedig en veg vir oorlewing. Hierdie drang word gewoonlik baie verder gevoer as net oorlewing: die probleem is dat jy selfgesentreerd raak, en dat die hele wêreld later slegs om jóú begin draai. Hierdie hele gedagte bereik 'n toppunt wanneer jy later nie meer omgee wie in die slag bly nie, solank jy net jou eie doelwitte kan bereik en jouself kan verhef bo elke ander sterfling. Ons dink hier veral aan die "groot" name van die geskiedenis, soos byvoorbeeld Hitler, Nero en Robert Mugabe. Dit is egter nie net hulle nie: in die alledaagse lewe is daar talle sulke mense waarmee ons elke dag in aanraking kom.

Feitlik alle mense streef tot 'n meerdere of mindere mate na



Gaan Na Inhoud

hierdie hoogte waar jy as persoon verhef is. Aan die teenoorgestelde skaal is daar die ongelooflike voorbeeld van ‘n sekere soort spinnekop, waar die wyfie haar eie liggaam prysgee om lewendig opgevreet te word deur haar kleintjies sodat hulle kan lewe en krag kry om die wêreld in die oë te kyk. Dit klink verskriklik! Maar dit is presies wat selfverloëning beteken. In die bosoorlog in Angola was daar die verhaal van ‘n jong man wat op ‘n handgranaat geval het en in die proses homself aan flarde geblaas het om te keer dat sy makkers almal in die ontploffing omkom of ernstig seerkry. Dit is ware selfverloëning!

Selfverloëning beteken dat jy begin ophou om aan jouself alleen te dink, en dat ander mense se nood en behoeftes bo-aan jou agenda begin staan. Dit beteken dat jy sekere opofferings in die lewe sal moet maak, want jou eie gemak en wêreldse plesier moet dikwels prysgegee word ter wille van ander mense se nood. Kruisdra en navolging is beide natuurlike uitvloeisels van selfverloëning.

Beteken dit dan dat as jy waarlik jou Christenskap wil uitleef, dat jy noodwendig ‘n lang gesig sal opsit en aan die wêreld wys hoe swaar jy kry? Nee, beslis nie!

Ek het in 'n vorige dagstukkie vertel van die Sendinguitreik wat ons gehad het na Mosambiek. Tydens hierdie uitreik was dit beslis nie maklik vir ons nie. Daar was nie lopende water nie, slegs modderige water wat uit 'n put getrek was waarin ons moes skoonkom. My voete het soos ballonne opgeswel,

en ek het baie ongemak en pyn beleef. Almal moes van vroegoggend tot laat saans werk onder moeilike omstandighede, en dikwels vuil, vol stof en doodmoeg laataand in die bed val op die harde grond. Bedags het die son ons byna doodgebrand.

Nogtans het ek niemand ooit hoor kla nie. Daar het deurentyd 'n vrolike atmosfeer geheers, en daar is gedurig geskerts en gelag. Niemand het ooit met 'n lang gesig rondgeloop nie, ten spyte van dikwels haglike omstandighede.

Tydens 'n sendingnaweek wat 'n tyd gelede in ons gemeente gehou was, was die humor en blydskap en vrolikheid wat gestraal het uit elkeen van die mense wat daaraan deelgeneem het, opmerklik. Selfs 'n kêrel wat vertel het hoedat hy uit midde-Afrika moes vlug vir sy lewe en alles wat hy besit het moes agterlaat, het geblom toe hy daarvan vertel. Sendelinge wat deur diep waters gegaan het, was stralend van vreugde en liefde.

Die vraag is: hoe verloën jy jouself? Jesus sê in vers 23: deur elke dag jou kruis te dra en Hom te volg. Maar is dit dan nie juis 'n baie ernstige en droewige ding om jou kruis te dra nie? Inteendeel: kruisdra bring juis 'n onbeskryflike blydskap in jou, soos byvoorbeeld die dag toe Paulus en Silas in die tronk aan die lofsing geraak het, ten spyte daarvan dat hulle stukkend geslaan was en in blokke vasgeskroef was. En om Jesus te kan volg is 'n ewe-groot vreugde!


Gaan Na Inhoud

As ek maar net kyk hoe dit elke Vrydagaand gaan tydens ons selgroep se byeenkoms. Vir 'n begin is dit elke keer 'n stryd om die klomp aan die gang te kry, want die blydskap is só groot om mekaar weer te kan sien, al het ons mekaar Sondag laas by die kerk gesien, dat hulle net nie kan ophou gesels en lag nie. En wanneer ons eers aan die sing is, kan ons nie genoeg daarvan kry nie. Selfs die "ernstige" deel van die byeenkoms is gemoedelik, en ons gesels heerlik oor die Woord. Ek kom dikwels eers teen middernag op 'n Vrydagaand by die huis. Jy is te bang die lekker gaan verby!

Jesus sluit af deur die luisteraars te verseker met die belofte dat diegene wat bereid is om Hom op hierdie wyse te volg, beslis nie die dood sal smaak voordat hulle waarlik die Koninkryk van God gesien het nie. Is dit dalk waarom hierdie mense so blom? Beslis!

Gebed:

Here, dankie vir die talle mense wat bereid is om alles op te offer vir U Koninkryk.

## Jesus se Verheerliking

## Lukas 9:28-36

Weereens tref ons Jesus aan waar Hy besig is om te bid. Soos ons reeds gesien het, gebeur dit elke keer wanneer daar ‘n groot ding gaan gebeur of wanneer Jesus groot besluite moet neem.

Die toneel begin ‘n week nadat Jesus die aankondiging gemaak het dat Hy vervolg sou word en sterf. Hy neem die binnekring van sy dissipels, Petrus, Johannes en Jakobus saam met Hom die berg op om te gaan bid. Jesus se gebed moes seker vir die drie manne gans te lank geword het, want nie lank daarna nie tref ons hulle aan waar hulle vas aan die slaap lê.

Maar dan kry hulle die gewaarwording dat iets nie heeltemal pluis is nie: stemme wat praat. Maar is hulle dan nie alleen hier op die berg saam met Jesus nie? As hulle in Jesus se rigting kyk, sien hulle iets wat hulle totaal onkant vang: Jesus se hele voorkoms het totaal verander en sy klere is skitterend blink. En saam met Hom is daar twee manne wat maar net beskryf kan word as hemelse wesens, want hulle hele gelaat skitter. Algaande moet hulle agterkom dat die twee manne niemand anders is nie as die einste Moses en Elia, en hulle bespreek Jesus se “uittog wat Hy in Jerusalem sal voltooi” (v. 31). Wat presies dit beteken, verstaan hulle gladnie. Om die waarheid te sê, het die drie dissipels nie eers die vaagste idee waaroor hierdie hele hele toneel gaan wat

voor hulle afspeel nie. Oorbluf staan hulle daar, alles en aangaap.

En dan is dit alweer Petrus wat praat voordat hy dink, en hy wil voorstel dat daar drie hutte gebou word vir Jesus, Moses en Elia. Hy wil hulle nét so vir altyd daar hou, want dís mos nou hémel!

Die volgende oomblik oordek 'n wolk hulle uit die niet, en die stem van God weerklink uit die wolk: "Dit is my Seun wat Ek uitverkies het."  Die drie manne bewe van angs. Dan kom die opdrag: "Luister na Hom!" Skielik verdwyn Elia en Moses, en alles is weer normaal. Oor hierdie gebeure durf die drie nie 'n woord rep nie. Wie gaan hulle in elkgeval ooit glo? Eers baie later, nadat Jesus gekruisig is en opgestaan het, het die drie die moed gehad het om te praat oor daardie dag op die berg.

Maar wat is die betekenis van dit alles?

Moses en Elia verteenwoordig in werklikheid die wet en die profete. Hier vervul hulle die rol van Ou-Testamentiese getuies van wie Jesus werklik is. Die feit dat hulle in so 'n hemelse glans verskyn, plaas die stempel op hulle hemelse status, en vertel onmiddellik vir die drie dat hulle 'n bonatuurlike en baie belangrike oomblik beleef. Die heiligheid van dit alles het gestraal om hulle. Die feit dat Jesus se voorkoms verander het en dat Sy klere geskitter het, bevestig Sy Goddelikheid. Almal moet dit duidelik besef dat Hy nie maar net 'n mens is nie, maar dat Hy waarlik God is..


_Gaan Na Inhoud

Jesus se gesprek met die twee oues van dae het gegaan oor ‘n baie belangrike en gewigtige saak: Sy “uittog in Jerusalem.” Ons kan aanvaar dat dit te make het met wat vir Jesus voorlê. Ons moet die woord “uittog” hier sien binne die raamwerk van Goddelike oorwinning. Dit verwys dus nie alleen op Jesus se lyding en dood nie, maar ook op Sy opstanding, hemelvaart en verhoging tot die hoogste Gesag.

Die verhaal bereik ‘n hoogtepunt waar God uit die wolk praat, en net soos by Jesus se doop weer bevestig dat Jesus die Seun van God is. Telkemale word Jesus se Seunskap op bonatuurlike wyse aan mense bekend gemaak. Hulle moet behóórlik hiervan kennis neem. Maar nie alleen dit nie: hulle moet na Hom luister en doen wat Hy vir hulle sê. Hulle (en ons) moet Sy opdragte uitvoer.

Na die glansverskyning is Jesus skielik weer alleen saam met die drie dissipels. Moses en Elia se blitsbesoek is verby, en hulle is terug na hulle hemelse tuiste. Jesus moet verder Sy taak alleen uitvoer. Hoe verskriklik alleen dit later sal word, wanneer selfs die drie binnekring manne Hom uiteindelik sal verlaat, vertel Lukas vir ons later in die verhaal.

Waar laat hierdie verhaal ons vandag? Soos die drie dissipels, wil ons ook soms “hutte bou”, en vir Jesus daar op ‘n berg plaas sodat ons Hom van ‘n afstand af kan aanbid. Solank Hy daar bo in glorie op ons neerkyk, en ons kan weet dat Hy maar altyd daar is, dan is ons gelukkig. Ons moet egter teruggeruk word na die werklikheid, en besef dat Jesus



Gaan Na Inhoud

deel is van ons alledaagse lewe. Nie alleen is Hy God daar bo nie, maar Hy is ook God hier met ons. ‘n Persoonlike verhouding met Hom beteken dat ons Hom nie op ‘n afstand aanbid nie, maar dat ons Hom deel maak van alles wat ons doen en dat ons Hom ken in absoluut alles in ons lewe. O, verséker moet ons in verwondering staan as ons Sy heerlikheid aanskou. Verséker moet ons elke oomblik van die dag besef dat ons hier met die Almagtige God te doene het, en nie sommer ‘n “Maatjie” nie. Maar terselfdertyd moet ons dit baie deeglik besef dat Hy elke oomblik van die dag hier by my is vir my, en dat ek met ál my bekommernisse, vreugde, droefheid en blydskap na Hom kan gaan.

Gebed:

Here, hou my gedurig onder die besef van U groot heerlikheid, maar dankie dat U altyd daar is vir my.


Gaan Na Inhoud

## Onvermoë

## Lukas 9:37-43

Jeug-tot-jeug aksie was ‘n groot ding in die sewentigerjare, onthou jy dit nog? Dit was in die herfs van 1974 toe ‘n groep uitgesoekte jongmense op ‘n plaas naby Greytown bymekaar gekom het om ‘n intensiewe evangelisasiekursus te loop. Die beste aanbieders is uitgesoek om hierdie jongmense op te lei om die Woord aan mede-jongmense uit te dra. Die kursus is oor ‘n tydperk aangebied, waar ons een naweek per maand by Greytown saamgetrek het. Natúúrlik was die uwe een van die voorbokke soos altyd! Die kursus het vlot verloop, en dit was, ten spyte van die harde werk, vet pret.

Algaande, soos die kursus vorder, het ek egter begin agterkom dat ek baie ver van gereed is om sélf evangelisasiewerk te doen. Wanneer ons ‘n evangelisasie-situasie in toneelspel uitbeeld, was ek in my element, en kon ek veral die rol van die moeilike ongelowige baie goed speel. Ek was egter vrek bang om in die praktyk met iemand te gesels in ‘n werklike situasie. Sê nou maar hy vra my vas? Sê nou maar net..... Die hoof rede vir my onsekerheid en vrees, was dat ek steeds nie sélf die Evangelie verstaan het nie, en nog nooit in ‘n ware verhouding met Jesus gestaan het nie. Vir my persoonlik het die kursus uiteindelik op ‘n fiasko uitgeloop.

Alles was egter nie verniet nie: die direkte gevolg van die kursus was dat ek na een so 'n kursusnaweek skielik tot die

besef gekom het wat in my lewe verkeerd was, en my hart vir die Here gegee het.

Die twaalf manne wat Jesus uitgekies het om hierdie intensiewe opleiding te ontvang, was nou al geruime tyd saam met Hom, en hulle was al selfs prakties in die veld uitgestuur vir oefenlopies. Saam het hulle al die mees asemrowende ervarings gehad, en wonderwerke beleef wat géén mens tot op daardie tydstip ooit beskore was nie. Daar was die dag toe hulle die verskriklike storm beleef het, en toe Jesus dit met ‘n enkele woordjie tot bedaring gebring het. En net die volgende dag was daar die ervaring met die mal kêrel in Gadara se begraafplaas. Hoe wonderbaarlik het daardie man nie eensklaps gesond geword nie! En die slag toe hulle voor hulle oë gesien het hoe die kos al meer en meer word, toe hulle vir die reuse skare mense brood en vis moes uitdeel.

Ten spyte van al hierdie dinge kon hulle maar net nie rigting vind nie. Dit was vir hulle steeds so bitter moeilik om alles in perspektief te sien. Petrus het namens hulle uitgebasuin dat hy glo dat Jesus die Messias is, maar nét daarna pak die twyfelvrae hulle alweer. ‘n Desperate man het sy seun wat duiwelsbesete is en gedurigdeur stuiptrekkings kry, na hulle toe gebring, en hulle het so hard en opreg probeer om die kind gesond te bid, maar uiteindelik is die man moedeloos daar weg- sy seun steeds in presies dieselfde toestand.

Die tyd loop uit vir die dissipels: gaan hulle ooit gereed wees

 _Gaan Na Inhoud

om op hulle eie voete te staan? Daar lê vir hulle ‘n reuse taak voor, maar soos dit nou lyk gaan hulle die pyp beslis nie rook nie. Jesus se laaste reis na Jerusalem was op hande, dáárdie verskriklike reis na die kruis. En steeds verstaan die apostels nie waaroor dit gaan nie. Die man met die siek seun bring sy kind na Jesus, want die twaalf se werk was vrugteloos. Jesus is moedeloos oor Sy leerlinge se totale onvermoë, en veral hulle ongeloof. “Ongelowige en ontaarde geslag!” - harde, moedelose woorde van Jesus aan die twaalf. “Hoe lank moet Ek nog by julle wees en julle verdra?” En die arme manne wens dat die aarde hulle eerder insluk. Hulle het die Meester diep bedroef. En dit so pas nadat hulle van die berg afgekom het waar hulle Jesus in Sy volle hemelse heerlikheid aanskou het!

Jesus maak die kind gesond, en weereens moet die twaalftal Sy Goddelike mag aanskou. Al die omstanders is verslae oor die grootheid van God. Maar die vraag is: hoeveel bewyse het hulle nóg nodig voordat hulle uiteindelik sal glo? Dieselfde mense wat in verwondering oor Hom gestaan het, sou binnekort rasend van woede uitskreeu: “Kruisig Hom! Kruisig Hom!”

Ons is baie gou om vandag die manne te veroordeel vir hulle onvermoë, maar ons moet onthou dat hulle toe nog nie toegerus was met die Heilige Gees nie. Vandag sit ons met die wonderlike voorreg dat die volle krag van die Heilige Gees tot ons beskikking is. Hy gee ons ál die nodige

toerusting om die Woord uit te dra. As ons steeds te bang is om dit te doen, dan vat ons in werklikheid vir God in die gesig, en ons wil impliseer dat Sy krag nie vir ons genoeg is nie. Dalk nog erger, dat ons dink dat Hy sal weier om ons by te staan wanneer ons Sy Woord verkondig. Daarmee wil ons Sy beloftes afmaak as waardeloos!

Kom ons neem Jesus vandag op Sy beloftes in die Woord, en met die wonderbare krag van die Heilige Gees verklaar ons aan die wêreld dat Jesus die enigste Verlosser en Weg na saligheid is, met die absolute wete dat Hy, Jesus, aan ons sy is om ons daarin by te staan.

Gebed:

Here, versterk ons slap knieë en help ons om op te staan vir Jesus.

# Respek en Nederigheid

## Lukas 9:44-50

Stel jou voor dat die dominee een mooi Sondagoggend sommer so uit die bloute sê: “Liewe broers en susters, binnekort gaan ek nie meer met julle wees nie.” Daar sak so ‘n gegons oor die gemeente toe, en almal wonder wat hierdie dominee nou eintlik bedoel het. Is hy terminaal siek, dalk ‘n aggressiewe kanker? Of gaan hy net weg? Almal is te bang om hom daaroor uit te vra, en hy brei self ook nie verder oor die onderwerp uit nie.

Ek dink dat Jesus se dissipels dalk ook net so moes gevoel het. Jesus het nie vir hulle uitgespel presies wat sou gebeur nie, maar met hierdie aankondiging dat Hy oorgelewer sou word, is die manne redelik omgekrap. Maar hulle is te bang om Hom daaroor uit te vra. Daar is soveel teenstrydighede: kyk dan nou maar net hoe gewild hulle Meester is onder die mense! Almal drom om Hom saam, en niemand kan genoeg kry van Sy prediking nie. Waarom sou Hy dan nou verwerp word? Waarom sou dieselfde mense wat Hom so ophemel, Hom wou veroordeel? Kyk net hoeveel wonderwerke doen Hy vir die mense! Dis nou al die hóéveelste keer dat Jesus sulke opmerkings maak! Hulle verstaan nie! Een ding is egter stadig besig om tot hulle deur te dring, en dit is dat hulle Meester gaan sterf, maar dit is te verskriklik om daaraan te dink, dus praat hulle liewers nie eers daaroor nie.

Ten spyte van hierdie sombere gedagtes wat so bly spook by


_Gaan Na Inhoud

hulle, en ten spyte van die gewigtigheid van die oomblik, begin die manne onder mekaar stry oor wie van hulle nou eintlik die belangrikste is. Judas dra die beursie - hy is die minister van finansies, en dalk is hy daarom so ‘n trappie hoër as die res. Johannes reken egter dat hy moontlik so ‘n aks hoër is, want hy en Jesus het ‘n baie besonderse verhouding. In sy evangelie beskryf hy homself as “die een wat Jesus liefgehad het.” Petrus se leierseienskappe maak al die ander jaloers, maar dan maak hy dikwels so liederlik droog dat almal vir hom kwaad word. En dan is daar natuurlik Jakobus en Johannes: die ander tien kyk hulle nou mos skeef aan! Hulle ma het die vermetelheid gehad om vir Jesus te kom vra dat haar twee seuntjies ereposisies in die Koninkryk moet kry. Verbeel jou! Daar word nou nie juis hardop gestry nie, maar die manne tjuu-tjuu so onder mekaar, en hulle loop met donker gedagtes rond.

Baie duidelik het die manne nie die vaagste idee waaroor dit alles gaan nie. Het hulle dan nog nie die boodskap gekry nie? Het hulle dan nog nie gesien wat hulle Meester doen nie? Kan hulle net eenvoudig nie besef dat dit nie gaan oor wie groot is nie, maar dat alles rondom diens draai nie? Hulle Meester het so pas vertel dat Hy gaan vervolg word, en ál waaroor hulle kan dink is hulle eie status!

Dan trek Jesus ‘n kindjie nader om by hulle ‘n baie belangrike les in die lewe tuis te bring. Ons moet onthou dat kinders in daardie tyd nie die status en voorregte gehad het wat hulle

vandag het nie. ‘n Kind was net ‘n stukkie eiendom waarmee die ouers basies kon doen wat hulle wou. Binne die gesin het hy getel, maar daarbuite was hy niks! Hy kon op géén manier meeding met grootmense nie. Hy het absoluut géén status in die lewe gehad nie. Anders as vandag, het kinders destyds hulle plek in die samelewing geken, en was nederigheid een van die uitstaande eienskappe van enige kind. Op ‘n subtiele en liefdevolle manier verduidelik Jesus dan vir Sy dissipels hoe hulle optrede teenoor mekaar behoort te wees. Die kind is ‘n simbool van iemand wat die minste is, en dit met sy hele lewe wys. Nederigheid is wat Hy graag wil hê dat die dissipels moet uitleef.

Nederigheid is vandag ‘n baie rare eienskap. Selfs onder gelowiges is daar ‘n hiërargie wat gehandhaaf moet word, en elkeen baklei om so hoog moontlik op hierdie piramiede te wees. Dikwels is dit lagwekkend as ‘n mens die grootkokkedore aanskou, en hoe hulle tekere gaan om al die aandag te kry. Selfs in die heel hoogste kringe van die politiek raas en blaas dit om aandag. Van nederigheid is dáár géén sprake nie. Maar in ons eie lewe gaan dit dikwels ook maar so! Selfs in die kerk is daar daagliks ‘n gestry oor wie nou eintlik in die hoogste gestoelte sit.

Maar deur hierdie kindertjies verduidelik Jesus ook aan die dissipels hoedanig Sy eie verhouding tot die Vader is. Wanneer hulle vir Jesus eer, betoon hulle terselfdertyd ook eer aan die Vader.


_Gaan Na Inhoud

Hoe moet ons Jesus eer? Eerlik en opreg, soos die kindjie van ouds, en met al die nederigheid en respek wat daardie kindjie vir sy meerderes gehad het. Gelowiges is so dikwels totaal disrespekvol teenoor Jesus, en maak of Hy hulle “Maatjie” is. Ons moet onthou wat ons status in die Koninkryk is, en dat Hy so baie, baie ver bo ons verhewe is, en dat ons aan Hom daardie nodige respek en eer moet gee. ‘n Kind sou dit byvoorbeeld nooit gewaag het om sy meerderes te beveel om iets te doen nie. So durf ons nooit óóit vir God “beveel” of probeer om Sy arm te draai om sekere dinge te doen, soos ons wél so dikwels doen nie. Ons moet eerder in nederige afhanklikheid na Hom gaan.

Gebed:

Here, vergewe my waar ek so dikwels disrespekvol teenoor U is en ook teenoor my medemens.

# Om Jesus te Volg

## Lukas 9:51-62

Die tyd het aangebreek vir Jesus se laaste reis, en Hy deel sy dissipels mee dat hulle na Jerusalem moes vertrek - ‘n reis wat hulle sekerlik ‘n goeie tydjie sou neem. Op hierdie stadium was hulle nog doenig in die omgewing van die meer van Galilea, en Jerusalem het reg suid gelê, sowat 150km ver. In vandag se terme is dit skaars ‘n uur of twee se ry, maar ons moet onthou dat hulle die reis te voet sou aanpak, en dat dit maar bitter stadig sou gaan, want oral is hierdie skares wat Jesus dringend moet sien met die een of ander kwaal. Boonop sou daar vele konfrontasies op hierdie stukkie pad wees met kerkleiers wat Jesus uit die weg wou ruim. Maar Jesus het ook van hierdie geleentheid gebruik gemaak om vir oulaas die twaalf manne te onderrig. Daar was nog so baie wat hulle moes leer, en die tyd het uitgeloop.

Dit is tóg interessant dat Lukas sê dat die tyd nader gekom het dat Jesus in die hemel opgeneem sou word. Hy verwys gladnie na die kruisdood en lyding wat op hande was nie. Vir Lukas was die hemelvaart die groot hoogtepunt, maar die kruisiging, opstanding ens. word natuurlik saamgevat in hierdie opmerking.

Hulle eerste bestemming was ‘n dorpie in Samaria. Iemand word vooruit gestuur om die verblyf vir die reisgeselskap te reël, maar dan kom die eerste terugslag alreeds: die Samaritane wil Jesus nie in hulle dorp hê nie. Die gordyn

word as’t ware vir ons op ‘n klein skrefie oopgetrek sodat ons kan loer na wat nog sou volg. Eintlik het die mense nie juis iets teen Jesus persoonlik gehad nie, maar die feit dat hulle op pad na Jerusalem was, het die Samaritane se bloed laat kook. Sien, hulle en die Jode was nou nie juis beste maatjies nie. Dit het begin by ‘n onderonsie baie jare tevore, toe die tempel na die ballingskap herbou moes word. Die Samaritane wou kom help met die bouwerk, maar die Jode het geweier dat hulle help, omdat hulle nie rasegte Jode was nie. Die Jode beskou hulle as onrein, en hulle wil nie eers aan 'n Samaritaan raak nie. Dit het tot groot bitterheid gelei, wat honderde jare later steeds oorgekook het elke keer as ‘n Samaritaan en ‘n Jood ontmoet.

Die dissipels is só kwaad oor hierdie belediging dat hulle sommer vuur uit die hemel wil afroep om hierdie spul te verdelg. Jesus (en veral hulle) is verneder, en hulle soek wraak. Baie duidelik het al die dinge wat Jesus oor liefde gesê het, baie beslis nie ingesink nie. En boonop verstaan die dissipels nog gladnie wat Jesus se roeping is nie. Hy móés verneder word en Hy móés ly en verwerp word. As dissipels faal hulle bitterlik omdat hulle nog gladnie verstaan hoe die wil van God in en deur Jesus uitgewerk word nie.

Ek dink dat die groepie maar baie bekaf gevoel het na hierdie onderonsie, en dat Jesus hulle boonop daaroor moes tereg wys. Een probeer die gespanne atmosfeer breek deur vir Jesus te sê dat hy Hom oral sal volg, nét waar Jesus ookal

gaan. Jesus se antwoord het hom egter viervoet in sy spore gestuit, want Jesus verduidelik vir hom dat dit ‘n pad vol slaggate is. Toe begin ‘n hele gesprek oor wat dit beteken om waarlik ‘n volgeling van Jesus te wees. Van die manne het allerhande verskonings oor dinge wat eers gedoen moet word voordat hulle finaal volgelinge sou word.

Uit die gesprek word dit algaande baie duidelik dat daar baie opofferinge gemaak moet word as jy ernstig is om Jesus te volg. Jy moet ook presies weet wat vir jou voorlê voordat jy so ‘n besluit neem. Om maar net Jesus se leerstellings te aanvaar met jou verstand, is nie genoeg nie. Jy moet met jou hele lewe kies vir dit waarvoor Jesus staan.

Ons kan dit moontlik met ‘n trein vergelyk, ‘n trein wat op pad hemel toe is. Op die trein is daar ‘n klomp passasiers, en almal sit gemaklik agteroor en vergaap hulle aan die landskap wat verby flits. Hulle word bedien van kop tot tone terwyl hulle almal op pad hemel toe ry. Maar daar is ook die kelners en kokke en skoonmaakpersoneel wat moet werk om die passasiers gelukkig te hou. Voor in die lokomotief werk die arme stoker hom oor ‘n mik om die trein aan die beweeg te hou, en sy maat, die drywer, mag nie vir een enkele sekonde sy konsentrasie verslap nie, anders kan daar ‘n ongeluk kom. Natuurlik is die personeel ook op pad hemel toe. Die feit is dat daardie trein nooit die hemel sal bereik as die personeel nie daar is nie. Dalk moet ek myself afvra of ek een van daardie gemaklike passasiers is, en of ek een van



Gaan Na Inhoud

diegene is wat baie opofferings maak om die hemeltrein aan die loop te hou?

As jy besluit dat jy jou gemaksugtigheid sou prysgee om ook een van die hemeltrein-personeel te word, dan is daar ook twee maniere om dit te doen: jy kry die kelner wat net werk om klaar te kry. En dan kry jy die een wat sy werk vir homself ‘n vreugde maak. Hy is altyd vriendelik, vertel grappies, en maak sy werk sy lewe. Ek kan ook kies om my Christenskap so uit te leef dat dit aansteeklik is, en dat almal kan sien dat, ten spyte van die opofferings, dit ‘n fees is om ‘n volgeling van Jesus te wees.

Gebed:

Here, gee asseblief vir my liefde en vreugde wat uit my straal sodat mense sal lus wees om U volgelinge te word.


Gaan Na Inhoud

## Uitgestuurdes

## Lukas 10:1-24

'n Paar dagstukkies terug het ons gesien hoedat Jesus die twaalf apostels uitgestuur het om op hulle eie die Evangelie te gaan verkondig. Vir hierdie manne was dit sékerlik 'n baie opwindende avontuur, want hulle word vertrou om die blye nuus te gaan verkondig. In vandag se perikoop sien ons egter ‘n héél ander prentjie. Jesus besluit om ‘n groot groep van die mense wat elke dag na Hom kom luister op dieselfde manier uit te stuur om prakties in die veld te gaan ervaar wat dit beteken om Jesus se opdrag uit te voer. Die blote feit dat Lukas nogal ‘n lang stuk daaroor skryf, sê vir my dat dit ‘n baie belangrike gebeurtenis was. Jy kom nou tot die besef dat dit nie net die uitgesoekte twaalf manne is wat die voorreg het om die Woord te versprei nie, maar elkeen wat gewillig is, ook die doodgewone volgelinge van Jesus.

Niemand van ons kan vandag sê dat dit net die dominee of die pastoor of die sendeling is wat die Woord moet verkondig nie. Dit is elke gelowige se taak en opdrag van Jesus.

Iemand vertel eenmaal vir my dat sy as jong meisie eenmaal die taak gekry het om ‘n dame wat ‘n baie groot rugoperasie gehad het te gaan versorg. Die vrou het plat op haar rug gelê, en kon nie eers haar kop beweeg nie. Sy moes gevoer word soos 'n baba. Toe die meisie die eerste keer in die vertrek instap, was die vrou se heel eerste vraag aan haar:

“Ken jy vir Jesus? Is jy gered?” Dit het hierdie meisie tot in haar fondamente geskud, en haar hele lewe radikaal verander. Vandag, baie jare later, is sy sélf ‘n ywerige getuie vir Jesus. Selfs iemand wat totaal hulpeloos is, kan steeds op ‘n kragtige manier die Evangelie uitdra.

Wanneer Jesus die groep van 72 uitstuur, beklemtoon Hy dat dit beslis nie maklik sou wees nie. Hy waarsku dat hulle soos lammers tussen die wolwe ingestuur sou word. Daar sou beslis ook mense wees wat hulle sou verwerp. Hulle moes hulle klaarmaak om nés Jesus behandel te word. En Jesus is beslis nie altyd so goed behandel nie!

Jesus gee ook vir hulle ‘n spesifieke gedragskode wat hulle tydens hulle sending moes nakom. Hulle moes byvoorbeeld nie mooipraatjies maak of ginnegaap langs die pad nie, die boodskap is baie dringend! En hulle moes die vrede van God saam met hulle dra en uitstraal. Hulle moes niks geld of enige bagasie saamdra nie, sodat hulle hulle totale afhanklikheid van God kon besef tydens hierdie sending. Verder vertel Jesus vir hulle wat om te doen as hulle gasvry ontvang word. Hy weet egter ook al te goed dat hulle ‘n goeie kans staan om weggejaag te word, dus vertel Hy hulle ook wat om in só ‘n situasie te doen.

Elke persoon wat sy nek uitsteek om die Evangelie te versprei, kan verseker wees van teenstand. Ek weet, ek het dit persoonlik al dikwels ondervind, en dan voel jy seergemaak en verwerp. Jy moet dit egter in perspektief



Gaan Na Inhoud

sien: dit is nie jy as persoon wat verwerp word nie, maar dit is Jesus wat verwerp word. Dan haal die persoon dit op jou uit, want hy kan nie vir Jesus bykom nie. Wanneer dit gebeur: skud letterlik die stof van jou af, en jubel oor die feit dat jy waardig geag is om vir Jesus te kon ly.

Ek het nou nie juis ooghare vir die Jehovah's Getuies nie, maar één ding kan ons almal van hulle leer: dat hulle bereid is om slae te verduur om hulle boodskap uit te dra. Jy kan hulle maar wegjaag, maar as jy weer sien is hulle net weer terug met nóg ‘n boekie of pamfletjie. Dit vra dikwels van my en jou om dikvellig te wees wanneer dit by die Evangelie kom. Laat die beledigings maar bloot afrol soos water van ‘n eend af, en moenie dit persoonlik opneem nie.

Nadat hierdie uitgestuurdes teruggekom het, was hulle baie opgewonde, want skielik het hulle besef dat dit werk! Selfs duiwels het hulle gehoorsaam as hulle net Jesus se Naam noem!

Jesus se kommentaar is dat Hy die duiwel soos ‘n weerligstraal uit die hemel sien val het. Die feit van die duiwel se val is egter minder belangrik. Wat wél van baie groot belang is, is dat Jesus se volgelinge nou toegang tot die hemel verkry het. Hy wil die perspektief regstel: dit is die hemelse sekerheid wat die belangrikste gevolg is van die uitvoering van Jesus se opdragte, en nie die sensasionele aardse gebeure nie.

Dan sien ons hoe Jesus Sy blydskap oor die gebeure uitjubel,

dat doodgewone, eenvoudige mense begin begryp het waaroor dit alles gaan. Op dieselfde manier sal Jesus en die ganse engeleskaar saam met Hom dit uitjubel wanneer ons doodgewone mense begin besef dat dit ons verantwoordelikheid en taak is om die Evangelie te versprei. Dit is nie die taak van predikante en pastore en al die hoogsgeleerdes nie, hulle gee ons slegs opleiding. Die taak lê egter vierkantig op my en jou skouers, want ons is die uitgestuurdes.

Gebed:

Here, maak my asseblief gewillig om U Woord dag en nag te verkondig.


_Gaan Na Inhoud

## Wie is nou Eintlik my Naaste?

## Lukas 10:25-37

Ons lees nou vir die eerste keer van ‘n openlike konflik tussen Jesus en die kerkleiers, wanneer ‘n wetgeleerde tydens een van Jesus se preke opstaan om Hom ‘n vraag te vra. Die wetgeleerde ken die antwoord (of so dink hy tenminste), maar hy probeer Jesus uitlok om die verkeerde ding te sê: “Wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?” As Jesus die man direk geantwoord het, sou dit net eenvoudig gelei het tot verdere vrae met die doel om Jesus finaal as ‘n valse profeet te probeer bewys. Jesus antwoord die man egter met ‘n teenvraag, en dit verstom jou om te sien watter insig hierdie slim wetgeleerde werklik het. Hy verstaan beslis baie goed waaroor die wet gaan: om God en jou medemens lief te hê. Maar hy is nie tevrede met die uitloop van hierdie rondte nie, en hy gooi ‘n tweede vraag: “Wie is my naaste?”

Jesus probeer nie ‘n definisie gee oor wie jou naaste is nie, want Hy weet dat dit net tot verdere konfrontasie kan lei. Dus vertel Hy ‘n storie waarmee die hoorder hom so kan vereenselwig dat hy self die antwoord kan gee. Hierdie storie is seker naas die Kersblyspel, die mees opgevoerde storie óóit deur sondagskoolkinders. Ons almal ken die storie uit die kop. Maar kom ons gaan besin net weer ‘n slaggie oor die betekenis van die verhaal.

Vir die mense wat na Jesus geluister het, was dit ‘n

alledaagse toneel dat mense deur rowers aangeval word, veral op daardie gevaarlike bergwoestynpad tussen Jerusalemen Jerigo. Dus kan hulle hulleself vereenselwig met die man wat daar hulpeloos lê. Hy raak baie bly as hy sien dat daar ‘n priester aangestap kom. Vanweë sy amp is hy veronderstel om diens te lewer aan sy medemens en dit is beslis die beste wat hierdie arme man kon verwag. Maar die priester wil nie betrokke raak nie, en hy loop ‘n ompad. Nes die man se moed in sy skoene sak (iets wat hy nou nie meer het nie), sien hy die Leviet aangehuppel kom. “Dankie tog!” dink hy, “hierdie man ken die wet, en hy weet mos dat hy bereid moet wees om mense in nood te help!” Maar weereens word sy hoop verydel as die Leviet maak of hy hom nie sien nie.

Sy hart krimp ineen as hy ‘n Samaritaan op ‘n donkie sien aankom, reguit na hom toe. Sal hy toelaat dat hierdie onrein gehate gebroedsel hom help? Hulle sit beslis nie langs dieselfde vuur nie en vir enige goeie Jood is dit onaanvaarbaar dat ‘n Samaritaan hom aanraak, nie eers gepraat van versorg nie!

Die gehoor snak na hulle asems wanneer Jesus vertel hoe daardie gehate Samaritaan die Jood se wonde behandel, hom op sy donkie laai en verder nog betaal vir die man se verblyf in die herberg waar hy moet aansterk. En dan belowe hy boonop om enige verdere onkostes te dra!

Hierdie verhaal gaan dus nie alleen dat jy liefde moet bewys,

selfs teenoor diegene wat jou haat nie, maar ook oor die aanvaarding van die hulp van ‘n vyand. Toe hierdie wetgeleerde die vraag gestel het, het hy veronderstel dat ‘n mens jou naaste kan afbaken en self besluit waar jou grense lê. Hy het egter nie rekening gehou met Jesus wat daardie grense deurbreek het nie.

Die wetgeleerde het sekere waardes aan die wet geheg. Maar nou kom Jesus en maak plek vir die Samaritaan, wat totaal ander waardes vir die wet het. Uit hierdie gelykenis wys Jesus dat dit eintlik die Samaritaan is wat werklik verstaan wat die wet beteken, en wat ook dan die wet uitvoer. Die wetgeleerde was reg toe hy gesê het dat jy jou naaste moet liefhê. Maar die Samaritaan het hierdie wet van liefde prakties geleef deur werklik om te gee vir iemand in nood, maak nie saak wie hierdie iemand is nie. Deur hierdie gelykenis onthul Jesus egter ook ‘n ander skokkende situasie: ‘n nie-Jood kan ook tot die verbond behoort, maar erger nog: ‘n uiters Godsdienstige Jood (priester en leviet) mag dalk buite die verbond beland!

Jesus verskil nie met die Joodse Godsdienstige leiers oor die gesag van die wet nie, maar Hy verskil radikaal met hulle oor die interpretasie en die uitleef daarvan. Hierdie wetgeleerde wou weet wie ‘n naaste van hom is, Jesus het die vraag verander na: Vir wie is jy ‘n naaste? Dit beteken dat jy aktief betrokke moet wees by ander mense. Jy moet vergeet van sosiale verskille en allerhande Godsdienstige hindernisse. In

die geval van die Joodse Godsdienstige leiers, wou hulle ten alle koste hulle Godsdiens suiwer en eksklusief hou. Jesus het egter hierdie soort eksklusiwiteit totaal verander.

In ons eie situasie in Suid-Afrika vandag, leef ons in baie dieselfde soort van omstandighede as die Jode van ouds. Ons het grootgeword met die gedagte van eksklusiwiteit- dat ons beter is as ander. En dit gaan nie net oor 'n etniese verskil nie. As Afrikaners het ons onsself so 'n trappie hoër gestel as enige van die ander volke in die wêreld. Sommige mense verwys selfs na ons as die "nuwe uitverkore volk van God". Jesus vra dat ons die tafel moet gelykmaak en van al die verskille vergeet. Inderdaad is ons as gelowiges die uitverkore volk, maar beslis nie die eksklusiewe volk nie. Deur ons liefde uit te leef volgens Jesus se model, is ons die instrument om ander wat nog buite staan ook deel te maak van die uitverkorenes.

Gebed:

Here, vergewe my waar ek dikwels nog so neersien op ander.

# Marta, Marta.....

## Lukas 10:38-42

Oor vandag se baie kort verhaaltjie is daar al baie preke gemaak, en ek dink nie dat enige prediker ooit daaroor uitgepreek kan raak nie.

Jesus en sy geselskap het op hulle reis na Jerusalem by die dorpie Betanië aangedoen. Alhoewel dit nie pertinent hier genoem nie, is dit hier waar Marta en Maria saam met hulle broer Lasarus gewoon het volgens Johannes 11. Hierdie insident moes dus aan die einde van hulle reis plaasgevind het, want Betanië is net buite Jerusalem geleë. Dit gaan egter nie oor die wanneer en die waar nie, maar oor die twee hoofkarakters in die verhaal, die susters Marta en Maria.

Op die oog af is die drama wat hier afspeel net 'n insidentjie wat jy dalk binne minute alweer sal vergeet. Marta was baie bedrywig in die kombuis om alles vir die manne reg te kry, maar haar sussie het besluit dat sy liewer by Jesus wil gaan sit en luister na wat Hy alles te sê het. Marta raak naderhand warm onder die boordjie oor haar sussie se laksheid, en sy gaan praat met Jesus hieroor. Maar dan kom die verrassende as Jesus nie vir Maria nie, maar vir Marta teregwys omdat sy so besig is. Dan sê Hy vir haar dat die "lui" Maria eintlik die een is wat reg optree.

As 'n mens die verhaaltjie vir die eerste keer lees, dan lyk dit

vir jou so bitter onregverdig. Waarom word die een wat hard werk oor die vingers getik, en die sussie wat sit en niksdoen word geprys? Ons moet eintlik die optrede van hierdie twee susters beoordeel in die lig van wat dit werklik inhou om 'n volgeling van Christus te wees.

'n Mens het werklik simpatie met Marta wat haar liefde vir Jesus wys deur Hom en sy dissipels te bedien. Eintlik moes Maria haar suster gehelp het, maar sy was passief. In die lig van die gelykenis waaroor ons so pas gister gesels het, van die barmhartige Samaritaan, moet ons werklik Marta se diens waardeer. Sy het presies gedoen wat Jesus gepreek het oor die Samaritaan. Tóg sê Jesus dat Maria "die beste deel gekies het". Wat is die "beste deel" waarna Jesus hier verwys? Om alle ander dinge te los en Jesus se woorde in te drink! Hiermee sê Jesus nie dat dit verkeerd is om besig te wees en hard te werk in die Koninkryk nie. Hy sê ook nie dat 'n mens maar eerder jou huishoudelike pligte moet verwaarloos om met die dinge van die Here besig te wees nie.

Die groot geheim is dat 'n mens moet weet wanneer die tyd reg is vir werk en wanneer dit reg is vir stilword. Maria het net besef dat dit nie nou die tyd is om rond te hardloop en dinge vir die Here te doen nie, maar dat dit die tyd was om die Here toe te laat om iets vir haar te doen. Sy moes oop en ontvanklik wees op daardie oomblik, want Jesus het dinge gesê wat vir haar baie belangrik was. Ja, sy kon wél later

weer haar gasvrou-pligte doen en al haar huishoudelike probleme oplos. Jesus was egter slegs vir ‘n kort tydjie by haar, en sy moes elke oomblik daarvan kwaliteitsmomente maak.

Deur hierdie verhaaltjie leer die Here ons ook om baie sensitief te wees vir die momente in ons eie lewe wanneer Hy deur sy Gees met ons wil praat en ons leer en sterk wil maak. Natúúrlik is dit van groot waarde as jy bereid is om jou moue op te rol en koninkrykswerk met passie en méning aan te pak. Dit behoort deel van jou lewe te wees en dit maak jou geestelik sterk terwyl jy terselfdertyd die liefdesgebod so kan uitleef en tot diens van God en jou naaste kan wees. Daar kom egter tye in jou lewe dat jy moet besef dat jy nou moet stilword voor die Here  en ophou rondskarrel met jou dagtake sodat jy net kan indrink wat Hy vir jou wil fluister. Dit is op sulke tye wat jy ook aan die voete van Jesus gaan sit en net luister na wat Hy vir jou sê. Sulke oomblikke is uiters kosbaar. Dit is hier waar jy weer gevul word met krag; dit is hier waar jy Jesus se nabyheid ervaar; dit is hier waar jy weer besef hoe afhanklik jy werklik van Hom is.

As jy die langpad aandurf met jou motor, kan jy nie maar net aanhou ry en ry nie: êrens moet jy stilhou vir brandsof. Boonop is dit vir jou as bestuurder ewe noodsaaklik om net ‘n bietjie te ontspan, anders gaan jy uitbrand. Op dieselfde wyse is dit ook nodig om geestelik “stil te hou” en die allernoodsaaklike brandstof van die Heilige Gees in te neem.

Dit kan jy nie doen terwyl jy staan en hardloop nie, maar jy het nodig om rustig te raak.

Stilword aan Jesus se voete beteken nie noodwendig alleen om te gaan sit en Bybelstudie hou nie. Elke Vrydagaand beleef ek so 'n besonderse stilword-moment wanneer ons selgroep bymekaar kom. Om maar net te vergeet van al die verpligtinge en te kan ontspan saam met mede-gelowiges wat omgee, is vir my kosbaar. Om iewers in die bos te kan sit en die stilte in te drink, is ook vir my kosbaar. Om dan te kan luister na die influistering van die Heilige Gees in sulke omstandighede, is onbeskryflik hemels! Sulke oomblikke aan Jesus se voete is iets wat onherroeplik ingebrand word in my mooimomente-kamertjie.

Gebed:

Here baie dankie vir daardie stiltye wat U vir my gee - vir die hemelse oomblikke wanneer U met my praat deur die stilte en rustigheid.



Gaan Na Inhoud

## Ons Vader...

## Lukas 11:1-4

Toe Een van Jesus se dissipels Hom vra om hulle ook asseblief te leer bid, het Hy hulle ‘n kort modelgebed geleer. Die idee was dat dit ‘n raamwerk sou wees wat ‘n mens kan gebruik waarom jy ‘n gebed kan bou. Saam met hierdie gebedsraamwerk vertel Hy hulle ook ‘n gelykenis wat die waarde van gebed beklemtoon, en die dissipels terselfdertyd aanmoedig om te bid.

Oor die betekenis en die simboliek agter die “Ons Vader-gebed”, kan ons baie ure gesels. Ons kan dit beslis nie in een dagstukkie uitpraat nie. Maar kom ons kyk ‘n bietjie in kort wat Jesus hier wil sê.

Jesus begin die gebed deur God aan te spreek as Vader. Ons sien dat Jesus dieselfde aanspreekvorm gebruik in Luk 10:22 nadat die 72 terug gekeer het, en ook in Getsemane (Luk 22:42) toe Hy geworstel het oor Sy dood wat op Hom wag. “Vader” dui op ‘n intieme verhouding tussen Jesus en God. En nou kom gee Hy sy dissipels die reg om óók so met God te mag praat. Hulle kry dus die reg om dieselfde intieme verhouding met God te mag hê. Dit beteken in werklikheid dat God nie alleen die verhewe Here is wat oor alles heers nie, maar dat Hy ook in sorgsame liefde soos ‘n Pa vir Sy kinders sorg. Met hierdie aanspreekvorm sê Jesus dan vir sy volgelinge dat hulle in ‘n sekere sin presies dieselfde status as Hy kry, om kinders van God te word.

Natuurlik is presies dieselfde vandag van toepassing op my en jou as gelowiges. God is ons liefdevolle Vader, en ons kan te enige tyd na Hom gaan in gebed. Is dit nie wonderlik nie!

Die gebed bestaan uit vyf bedes, waarvan die eerste twee te doene het met die eer van God en die laaste drie met ons eie behoeftes wat ons voor Hom lê.

In die eerste bede vra ons dat die Vader se Naam geheilig (vereer) word. Daarmee verklaar jy as bidder jouself bereid om alles in jou vermoë te doen om die Here se Naam te vereer en te heilig. Dit plaas op jou ‘n groot verantwoordelikheid, want dit beteken onder meer dat jy Hom wil leer ken soos Hy waarlik is, en dat jy moeite sal doen om sy almag en die grootheid van sy werke raak te sien en aan almal bekend te maak. Daarmee wil jy met jou ganse lewe die Here loof en prys, en terselfdertyd ook die katalisator wees om ander mense te inspireer om dieselfde te doen.

Die tweede bede is ‘n bereidsverklaring om te alle tye te erken dat God regeer. Hy is in beheer - ons het dit al so dikwels vir mekaar gesê deur hierdie dagstukkies. As ons die boek Daniël lees, besef ons net keer op keer dat Hy ten volle in beheer is, al lyk dit soms vir ons gladnie so nie. Met hierdie bede stel ons ons volle vertroue op Hom, en berus by gebeure buite ons beheer.

In die derde bede verklaar ek my volle afhanklikheid van God. Dit is dikwels baie moeilik vir ‘n ryk persoon om hierdie

bede eerlik te bid, want alles is tog daar in oorvloed! Waarom moet ek dan nog die Here vra om te voorsien? Ja, Job het dalk ook so gedink, en in ‘n oogwink was alles weg. 'n Skielike wêreldwye ekonomiese insinking het oornag van baie skatryk mense armes gemaak. Selfs al het ‘n mens in oorvloed, moet jy steeds jou afhanklikheid van Hom besef en erken. Alles wat jy het, het jy slegs deur Sy groot genade.

Oor die vierde bede, waar ons die Here vra om ons sonde te vergewe, kan ons letterlik boeke skryf. Ek het oor die jare al talle briewe gehad waar mense my met trane vra of dit ooit moontlik is dat God hulle groot sondes kan vergewe. Natúúrlik! Lees maar wat ons Vader sê in Jesaja 1:18: “Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu.” Rom 3:23 verklaar dat almal gesondig het, maar hulle word sonder dat hulle dit verdien vrygespreek in Jesus.

Daar is egter ‘n stertjie aan hierdie bede: “want ons vergewe ook elkeen wat teen ons oortree”, verklaar ons voor die Here. Hierdie is die moeilike deel, want dit is nie altyd so maklik om ander te vergewe nie. Dikwels loop gelowiges vir jare met ‘n wrok in die hart rond teenoor iemand wat hom te na gekom het. Hoe kan ons van God vra om ons sonde (wat dikwels dik boeke beslaan) te vergewe, as ons nie bereid is om iemand een enkele misstap teen ons te vergewe nie? Om te vergewe beteken onder meer dat jou hele houding teenoor daardie persoon moet normaliseer, en dat jy hom aanvaar as ‘n vriend.

Die laaste bede handel oor versoekings wat oor ons pad kom. As ons die Here bid om ons daarteen te beskerm, beteken dit dat ons dit aktief sal vermy. Die liedjie uit My Fair Lady lui: “The Lord above gave liquor for temptation, to see if man can keep away from sin. But with a little bit of luck, when temptation comes, you’ll step right in!” Die liedjie het ‘n totale wanpersepsie van versoeking. Ons moenie die versoekings gaan soek nie - ons moet júis van hulle af wegbly!

Kom ons kyk met nuwe oë na hierdie gebed, en gaan leef dit uit.

Gebed:

Vader, en voel so klein wanneer ek hierdie gebed bid, want ek skiet so ver tekort in my eie uitlewing daarvan.

# Gebed

## Lukas 11:5-13

Wanneer die dissipels Jesus vra om hulle asseblief te leer bid, gaan Hy 'n stappie verder as om net die modelgebed vir hulle te leer. Hy verduidelik vir hulle die waarde van gebed deur gebruik te maak van 'n gelykenis. Hy gebruik beelde wat hulle baie goed verstaan. In die Midde-Oosterse wêreld was gasvryheid ‘n baie belangrike ding. Sommige geleerdes reken dat die groot sonde van Sodom juis was dat hulle nie gasvry was teenoor die vreemdelinge (engele) wat na Lot gekom het nie. Selfs al kom iemand in die middel van die nag by jou aan, sal jy steeds uit jou pad gaan om aan hom gasvryheid te verleen. Dit was deel van die lewe, en as jy nie hiermee saamgegaan het nie, was dit ‘n skande. Vandag leef ons anders: ons sal gerieflikheidshalwe maak asof ons nie die deurklokkie gehoor het nie, en almal sal saamstem dat jy reg optree. Dis die skuld van misdaad!

Jesus se gelykenis handel oor ‘n man wie se vriend hom in die middernagtelike ure wakker klop en vra vir drie brode om te leen sodat hy gasvryheid kan bewys aan ‘n onverwagse besoeker. Jesus se gevolgtrekking is dat ter wille van vriendskap, hy sy vriend sal help. En al sou dit dan ook maar net wees dat die man nie skande oor sy naam wil laat kom nie, sal hy steeds die vriend help.

Dadelik wil ons vra wat hierdie storie dan met gebed te make het? Jesus be-antwoord sélf die vraag deur te verduidelik, en

hiermee wil Hy elke gelowige aanmoedig om te volhard in gebed. Deur die voorbeeld wat Jesus gestel het (Hy het dikwels in gebed verkeer) en deur gelykenisse, het Hy mense dikwels opgeroep om te bid, soos byvoorbeeld in Luk 18:1-8. In hierdie gedeelte staan God se gewilligheid om te gee vir dié wat vra egter sentraal in die boodskap. En Jesus sê hiermee dat Hy selfs die mees ontydige en skaamtelose versoek sal aanhoor.

Jesus moedig die luisteraars aan met: "Vra, en vir julle sal gegee word. Soek, en julle sal kry. Klop, en vir julle sal oopgemaak word." Hy wil hierdie gedagte inhamer in die luisteraars se gedagtes, dus herhaal Hy dit in ander woorde. En dan verduidelik Jesus dat God soos 'n liefdevolle Pa vir Sy kinders sorg. In gister se dagstukkie het ons alreeds gesien dat Jesus God voorstel as ons Vader, en dat ons daarom in vrymoedigheid na Hom kan gaan sonder enige vrees. Nou wil Jesus dit beklemtoon dat Hy ook die sorgsame Vader is wat nie alleen in ons daaglikse brood voorsien nie, maar ook gee as ons vra.

Jesus verduidelik dat 'n aardse pa tog nie onsimpatiek teenoor sy kinders sal optree nie. 'n Pa sal voorsien in sy kinders se behoeftes, en wanneer hulle hom iets vra sal hy nie antwoord deur hulle iets totaal nutteloos te gee nie. Ons besef dat ons almal maar sondige mense is, en dat selfs die heiligste persoon nie sonder sonde is nie. As so 'n sondige pa dan vir sy kinders goed kan wees, hoeveel te meer nie die

Heilige Vader in die hemel nie?

Dit bring ons egter by 'n ander kwelvraag wat menige mense al gevra het: As Jesus dan hier beloof het dat God alles sal gee wat ons vra, waarom is dit dan dat ek al jare lank bid vir iets, en die Here gee dit nie vir my nie?

Ons moet besef dat ek en jy nietige, feilbare, sondige mensies is wat gewoonlik nie eers 'n aks verstaan van waaroor die lewe gaan nie. Dikwels is ons wenslysies vir die Here soos die lagwekkende briefies wat kinders vir Kersvader skryf - "Ek wil 'n fiets hê en 'n radiobeheerde reisieskarretjie en 'n kompioetir met baie games op en......." Ons kan maar net lag oor die versoeke van ons kinders, en dan wil ons baie vinnig sê: "Maar my versoeke aan die Here is mos darem nie so belaglik nie!"

As ons in perspektief daarna kyk, dan sien ons dat die kinders baie eerlik is met hulle versoeke, en hulle sien dit beslis nie as belaglik nie. Tóg sal ons dikwels iets totaal anders gee, want ons besef ál te goed dat dit wat hulle vra nie goed sal wees vir hulle welsyn nie. Op dieselfde wyse besef ons dikwels nie wat die Here vir ons beplan nie, en dan wonder ons waarom Hy dan nie die dinge wat ons vra (soms baie edel dinge) vir ons gee nie. Dikwels sien ons jare later eers wat Sy doel was. 'n Voorbeeld uit my eie lewe is dat ek wou predikant word, maar dinge het nie vir my so uitgewerk nie, en ek het dikwels gevra waarom die Here nie vir my daardie baie edel hartsbegeerte wou gee nie. Eers jare later,

toe Hy vir my hierdie bediening in dagstukkies gegee het, waar ek elke dag duisende mense kan bereik met die Evangelie, het ek verstaan. Inderdaad het Hy gegee, maar op 'n héél ander manier en baie oorvloediger as wat ek ooit sou kon droom! As predikant so ek die Woord hoogstens slegs een keer per week aan slegs ‘n paar honderd mense kon bedien.

Ons moet verder onthou dat wanneer ons aardse dinge vra, ons dinge begeer wat maar bitter tydelik is. Ons aardse lewetjie gaan in 'n oogwink verby, en dan wag die hemelse wat 'n ewigheid duur.

Jesus sluit af deur te sê dat die Vader die héél grootste vir ons gee wanneer ons vra, naamlik die Heilige Gees. Kan ons ooit vir enigiets meer vra? Oor hierdie onderwerp kan ons boeke vol skryf, maar hierby wil ek volstaan.

Gebed:

Here, dankie vir die wonderlike gawe van gebed, en dat ons hiermee na U kan gaan.

## Jesus en Beëlsebul

## Lukas 11:14-26

'n Paar jaar gelede het ek en my Mosbolletjie die wonderlike voorreg gehad om in een van ons land se klein, onbekende wildtuine uit te span: Mkhuze. Dit is nie 'n gewilde wildtuin nie, want Vuilbaard het nog nie daar nes geskrop nie, en dit is eintlik hierdie groot meneer waarvoor meeste mense die wildtuin besoek. Die sukses van jou besoek word mos gemeet aan hoeveel leeus jy teëgekom het. Ons het tydens daardie besoek nie eers 'n enkele renoster gesien nie, al is hulle volop. Verder het ons maar een enkele motgevrete olifant teëgekom, en hy wou ons boonop met alle geweld uit die wildtuin uitboender!

Maar ons belewenis van die bos het oor en oor daarvoor opgemaak. Só het daar een oggend 'n miskombers gehang oor die ganse wildtuin, en elke spinnerak het geblink soos 'n halssnoer van fyn pêreltjies. Aan die punte van die doringbome se dorings het die mistigheid klein druppeltjies gevorm wat soos diamante geskitter het. Die vaal winterveld is omtower in 'n sprokiesparadys.

Ek en Mosbolletjie het vroegoggend by 'n wildskuiling gaan sit. Die mis hang swaar en vaal oor die watergat en skilder 'n somber prentjie. 'n Troppie blouwildebeeste kom suip, maar hulle is toegevou en totaal versluier in die grys somberheid. Die eerste mense kom vol verwagting aan, maar vertrek gou weer, want hier is vanoggend niks te sien nie. Alles is gans te

vaal na hulle sin! Met 'n stomende beker Boeretroos sit ek en Mosbolletjie egter vasgevang in die betowering, want die grysheid van die mis vorm misterieuse skilderye van bome en bosse gehul in geheimenis wat elke oomblik verander. Alledaagse dinge kry skielik nuwe betekenis, en ons vergaap ons aan 'n doodgewone tortelduifie wat sy sopnat vere uitpof en so groot soos 'n valk lyk.

Is dit nie tog snaaks dat baie mense hulle blindstaar teen die minder aangename of saai dinge, en nooit die mooi daaragter sien nie? As jou lewe reg ingestel is, sien jy die mooi dinge in die lewe raak. As jy nie die mooi soek nie, sien jy slegs die negatiewe raak.

Jesus het hierdie waarheid baie pertinent beleef op Sy laaste reis na Jerusalem. Dit is asof Lukas die verhaal laat stilstaan op een plek om die spanning te laat opbou. Hier beleef Jesus konfrontasie al hoe meer intens. Hy dryf 'n bose gees uit iemand - iets wat Hy al 'n duisend maal gedoen het. Maar hierdie slag sien die mense nie die positiewe daarin nie, maar die negatiewe. Hulle beskuldig Jesus daarvan dat hy dit met die hulp van die duiwel sélf doen (Beëlsebul, die aanvoerder van die bose geeste). "Wys ons 'n wonderteken uit die hemel!" dring 'n paar omgesukkelde manne by Jesus aan. Het hulle dan nog nie genoeg asemrowende wondertekens gesien nie? Was die duisende mense wat Hy met vyf brode kos gegee het nie 'n wonder nie? En die talle blindes en lammes wat weer die gebruik van hulle sintuie en

ledemate gekry het - is dit dan nie wonderwerke nie? Was die hele spul dan blind vir die dinge wat Jesus gedoen het?

Ons kan maklik praat, maar vandag verval ons ook maar dikwels so in blindheid vir die dinge wat die Here doen. Ons vra Hom om vir ons allerhande wondertekens te gee, en dan sien ons dit nie raak nie. Maar as ons net rondom ons begin kyk, en waarneem wat gebeur, dan sal ons elke dag wonderwerke sien gebeur.

Wanneer die mense Jesus beskuldig, antwoord Hy hulle dat die duiwel tog nie sy eie medewerkers sal benadeel nie! Hoe kan hulle dan sê dat Hy bose geeste uitdryf met die hulp van die duiwel? Wanneer Jesus bose geeste uitdryf, is dit ‘n teken van die Koninkryk van God en júís van die oorwinning oor die duiwel.

En dan roep Jesus die hoorders op om ‘n besluit te neem. Om bloot neutraal of onbetrokke te wees, is net so goed as om stelling in te neem téén Jesus. Hulle moet dus besluit of hulle Hom wil volg en of hulle eerder téén Hom wil wees. Wie nie saam met Jesus teen die Bose optrek nie, is besig om teen Hom te werk.

Hierdie is ‘n skrikwekkende gedagte, want ons kerke sit vandag propvol van onbetrokke lidmate, mense wat maar net kerk toe kom om die gewete te sus of om darem te kan sê dat hulle Godsdiens be-oefen. Ek sê hiermee nie dat hulle nie gelowiges is nie, of dat hulle nie die ewige lewe sal kry nie. Die probleem is egter dat onbetrokke Christene die



Gaan Na Inhoud

Koninkryk baie skade berokken, en dus in werklikheid téén die Evangelie werk. 'n Ongelowige sien Jesus in die lewe van 'n gelowige. As hierdie lewe maar flou en halfhartig is, sal die ongelowige nooit as te nimmer belangstel om ook deel te hê aan die Koninkryk nie. Dit sal hulle eerder afstoot as aantrek. Iemand wat egter aktief die Evangelie uitleef, en uit wie liefde en blydskap straal, sal ongelowiges 'n honger gee vir hierdie "iets" wat die gelowige het.

Dit is egter nie net vir ander mense wat jy jou geloof aktief moet uitleef nie - dit doen terselfdertyd ook iets aan jouself. Dit keer dat die duiwel 'n houvas op jou lewe kry. Iemand wat 'n afgewaterde geloof leef, is teelaarde vir die duiwel se werksaamhede, maar aktiewe Christenskap beduiwel die duiwel se werk totaal!

Gebed:

Here, kweek in my die honger en ywer om vandag aktief vir U te leef.



Gaan Na Inhoud

## Lampe en Bobbejane

## Lukas 11:27-36

‘n Groot skare mense het rondom Jesus saamgedrom, want wie weet: vandag gaan hier dalk weer ‘n groot wonderwerk plaasvind! Daar is afwagting onder die mense, want Jesus se reputasie het al dwarsdeur die land getrek, en almal wil die tekens sien. Iewers uit die massas klink ‘n vrouestem op: sy besing die voorreg van die moeder wat Jesus se ma kon wees.

Dan stel Jesus die opmerking in die regte perspektief. Dit is nie daardie enkele persoon wat so bevoorreg was nie, maar eerder diegene wat die Woord van God hoor **en dit onderhou**, wat die bevoorregtes is. Dit help niks dat mense in groot skares rondom Jesus saamdrom en handeklap oor die mooi dinge wat Hy sê nie- hulle moet dit gaan uitleef! Ek kry talle mooi e-posse, sommige so mooi dat hulle my lekker laat huil, aangrypende verhale! As ek hulle egter net lees en lekker voel daaroor, dan het hulle absoluut géén doel gedien nie. Ek moet die boodskap in die praktyk gaan toepas en eers dán sal dit werklik waarde hê.

Ek het 'n paar jaar gelede op ‘n baie besondere manier ‘n preek uit die natuur beleef oor hoe jy jou lewe prakties moet uitleef. Ek en Mosbolletjie sit die oggend en ontspan in ‘n safari-tent kamp in die Mkhuze wildtuin. Elke tent het sy eie opelug kombuisie, sowat vyf meter van die tent af. Skielik hoor ons ‘n groot kabaal: ‘n vrou skree histeries, en haar

man se kommentaar durf ek nie hier herhaal nie. Tussendeur hoor ek ‘n rumoer van 'n totaal ander aard, nie ver van die histeriese vrou af nie. Ek vlieg verskrik op om te gaan kyk wat die herrie veroorsaak. Die toneel wat ek aanskou, vul my met teenstrydende gevoelens: aan die een kant wil ek lê soos ek lag, maar aan die ander kant voel ek bitter jammer vir die paartjie wat deel is van die drama.

‘n Trop bobbejane het ontdek dat die vrou nie ag geslaan het op die Parkeraad se waarskuwings nie. Die kennisgewings lees in groot, duidelike letters dat jy jou kombuiskaste behoorlik moet toegemaak, en sy het gedink dat dit sommer strooi is. Die gevolg was dat Kees & Kie die koskaste gestroop het. Die vrou spring op en af van frustrasie, en haar man dreig die inbrekers met ‘n brandblusser. Intussen het twee jong bobbejaantjies ‘n groot kartondoos met graanvlokkies gegryp en laat spaander. Terwyl die trop elders luidrugtig baklei en op mekaar gil oor die gesteelde goedere, sit hierdie tweetjies heerlik en smul aan die vlokkies wat hulle op die grond uitgegooi het.

Maar niks ontglip die twee skerp ogies van die ou tropleier nie, en hierdie rustige toneeltjie was net een te veel vir sy ego. Met groot lawaai en gedreig storm hy op die tweetjies af en jaag hulle die bosse in, en toe neem hy alleeneienaarskap oor van die graanvlokkies. Ooglopend gee hy nie ‘n flenter om vir sy trop nie! Sy eie welstand is ál wat tel in die lewe. En as ek luister hoe die res op mekaar vloek

en skel, dan weet ek by wie hulle dit geleer het!

Daardie middag, toe die son tussen die doringbome insak vir die nag, sit ek en Mosbolletjie in 'n wildskuiling by 'n droë watergat die nag en inwag. 'n Jong bobbejaan kom uit die bosse te voorskyn, gevolg deur die ou tropleier. Pa stap rustig tot oorkant die oop stuk veld, en dan gaan sit hy en wag vir sy trop om verby te kom. Baie duidelik is dit nie dieselfde spul lawaaimakers van die oggend nie, en die hele trop is "goed gemanierd". Eers wanneer die laaste bobbejaan verby die gevaarlike oopte is, staan die oukêrel op en vorm die agterhoede. 'n Mens kan duidelik sien dat hy omgee vir sy trop, en hulle beskerm.

Ek het 'n duur les geleer: die voorbeeld wat jy stel, veral as jy hoë aansien het, het 'n baie groot invloed op almal wat onder jou gesag is. Leef dus die Woord van God prakties uit! Jesus het vir die mense wat so knaend agter wonderwerke en allerhande tekens aan was, gesê dat daar alreeds meer as genoeg tekens vir hulle gegee is. Selfs Jona se baie halfhartige preek het die ganse Nineve tot bekering geruk, maar wanneer Jesus, die Seun van God al die wondertekens doen, luister die sensasiesoekers steeds nie na Hom nie. (Baie duidelik het die paartjie in Mkhuze ook nie ag geslaan op die Parkeraad se preek nie!)

Jesus sluit af met 'n gelykenis wat handel oor 'n lamp en lig. Wanneer jy die lamp onder 'n emmer sit, kan niemand die lig sien nie. Dit moet hoog wees sodat almal dit kan sien. Jy kan

so mooi preek soos jy wil, maar jou preek sal waarskynlik vergeet word. Wanneer jy egter met ‘n mooi handeling ‘n voorbeeld stel, sal dit lank onthou word. Die prentjie van die twee bobbejaantroppe is in my geheue ingebrand, en ek wil graag soos die goeie leier wees en leef.

Wees dus versigtig dat die lig wat jy uitstraal met jou voorbeeld, nie ‘n donker, rokerige lig is nie, maar ‘n helder, skoon lig wat diegene wat met jou in aanraking kom die honger sal gee om ook van daardie Lig van God te wil hê en dit na te volg soos wat jy dit doen.

Gebed:

Here, ek wil graag U wonderbare Lig uitstraal. Heilige Gees, lei my dat ek die Lig suiwer sal hou.

## Prioriteite

## Lukas 11:37-54

Waarom het Jesus nie Sy hande gewas voor die ete nie?

By die vorige perikoop sien ons ‘n vyandigheid opbou tussen Jesus en die skare. Hulle eis wondertekens, maar Jesus wil dit nie vir hulle gee nie. Dan lig jy jou wenkbroue as jy lees dat ‘n Fariseër Jesus uitnooi vir ete. Ek dink dat die man ‘n bedekte motief gehad het vir hierdie mooi gebaar. Hy en sy trawante wou Jesus natuurlik probeer vastrek. En daar gebeur dit dan ook sommer met die intrapslag dat Jesus in hulle slagyster trap:r Hy was nie Sy hande voor die ete nie. Nou moet ons darem weet dat hierdie nie sommer net ‘n gewone handewas was om kieme dood te maak, soos wat ons vandag doen nie. Hierdie was egter ‘n ritueel wat nagekom móés word. En natuurlik piets hulle Hom hieroor.

Weldra begin ons egter agterkom dat Hy dit dalk aspris gedoen het om ‘n gesprek uit te lok, en Hy kry dit Meesterlik reg! “Ja julle Fariseërs!” sê Jesus vir hulle, en as hulle geweet het wat goed was vir hulle, sou hulle almal net daar en dan die hasepad gekies het. Maar hulle is mos slim, en dus sit hulle die gesprek voort. Maar in plaas daarvan dat húlle die aanklaers in die gesprek is, word hulle nou skielik die beskuldigdes. Nou is dit Jesus wat húlle oor die vingers tik omdat hulle só behep is met allerhande reëls en regulasies, dat hulle die belangrike goed totaal mis. Hulle beheptheid met kultiese korrektheid van goed soos ‘n handewassery

maak dat hulle gladnie by dinge van ewigheidswaarde soos die liefde vir God en vir geregtigheid uitkom nie.

Hy sê vir hulle dat hulle besig is om die buitekant van eetgerei silwerskoon te poets, maar die binnekant, dié deel wat waarlik belangrik is, dié bly vuil. Hiermee bedoel Hy dat hulle 'n pragtige vroom front opsit van mense wat heilig is en die Wet nougeset toepas, maar hulle persoonlike lewe is inhalig en boos. Alles is net 'n vertoon-Godsdiens, en daarom is hulle dwaas, want as Godsdiens-leiers besef hulle nie dat dieselfde God wat die uiterlike gemaak het, ook die innerlike gemaak het nie. In hulle optrede verlei hulle ook die gewone mense om slegs hulle uiterlike reg te hou. Die innerlike maak mos nie saak nie!

Dan maak Jesus drie ellende-uitsprake waarin Hy vir die Fariseërs reguit sê waarom Hy hulle optrede so kritiseer:

Hulle kom die wet na van tiendes gee, tot in die fynste besonderhede. Selfs die voorgeskrewe kruie en speserye gee hulle, maar hulle vergeet gerieflikheidshalwe die belangrikste, naamlik om geregtigheid aan mense te laat geskied en om God lief te hê.

Tweedens soek hulle net mense se eer deur op die belangrikste sitplekke in die sinagoge te gaan sit, en om op openbare plekke deur mense begroet te wil word, sodat almal kan sien hoe belangrik en heilig hulle nou éintlik is.

In die derde plek is hulle geestelik dood, en daardeur lei

hulle ander mense ook die verderf in. Jesus sê dat hulle soos "onherkenbare grafte" is. Wat Hy hiermee bedoel is dat hulle soos ongemerkte grafte is waar mense onwetend oor kan loop en dus volgens Joodse gebruike onbewustelik onrein raak.

Hiermee sê Jesus dus vir die Fariseërs dat hulle as geestelike leiers nie hulle taak vervul nie. Hulle ken God nie, en hulle dien Hom nie werklik nie, al dink hulle ook so. Hulle dien eintlik net hulleself, en met hulle kortsigtige siening van die wet staan hulle in die pad van mense vir wie hulle leiding moet gee.

Dinge begin nou te veel raak vir die groepie wetsgeleerdes wat ook daar sit, en hulle protesteer, want Jesus is nou besig om ook in húlle binnekamer rond te karring. Maar Jesus draai rustig na hulle toe en sê dat hulle sélf besig is om die mense te mislei deur al die ekstra voorskrifte wat hulle geskep het bo en behalwe die wet. Hulle maak dit onmoontlik vir mense om waarlik die Here te dien. Boonop is hulle as wetsgeleerdes eintlik die mense wat kennis het van die Woord van God. Hulle dra die sleutels van kennis wat mense toegang gee tot God se verlossingsplan, maar hulle is nie bereid om daardie kennis vir ander mense oop te sluit nie.

Die reaksie van hierdie "heilige" manne laat jou hare regop staan. Hulle blaas moord! Hulle is woedend!

Ons moet ons nie blindstaar teen die sondes van die

Fariseërs en Skrifgeleerdes nie. Hierdie uitsprake van Jesus praat vandag maar nét so hard met elkeen van ons, en dit is baie nodig dat ons gedurigdeur moet introspeksie doen in ons eie lewens om te sien of ons nie dalk ook al soos daardie mense begin word nie. Is ons nie ook dikwels só behep met uiterlike dinge, dat ons van die belangrike innerlike vergeet nie? Minder belangrike sake tap dikwels ons energie in hewige debatte, sodat ons nie meer die krag het om liefde uit te leef nie. Dit het tyd geword dat ons weer terugkom na die basiese dinge, en dat liefde ons lewe vul.

Gebed:

Here, vergewe my waar ek so dikwels vergeet waar my ware prioriteite moet wees.



Gaan Na Inhoud

# Drie Preke

## Lukas 12:1-12

Jesus is steeds op reis na Jerusalem, maar dit wil voorkom asof die vordering maar pynlik stadig is. Hoe verder hulle vorder, hoe hewiger raak die kritiek en weerstand teen Jesus. Nogtans word die skare wat om Hom saamdrom al hoe groter. Lukas skryf hier dat duisende mense om Hom saamgedrom het, en dat hulle mekaar vertrap het om Hom te kon hoor. Jesus gebruik juis die spanning wat tot breekpunt begin opbou, en die vyandigheid om Sy dissipels te leer wat hulle te doen staan wanneer die verontregting en vervolging na hulle kant toe begin kom. Inderdaad sou hulle, nie baie lank na Jesus se teregstelling nie, sélf wreed vervolg word deur hierdie einste mense wat agter Jesus se bloed aan was.

In die perikoop waarna ons vandag kyk, sien ons drie kort preke of uitsprake. Die eerste een waarsku teen die huigelary van die Fariseërs, met twee paralelle waarin Hy sê dat daardie huigelary die Fariseërs niks sal baat nie want alles wat in die hart aangaan sal bekend word. Jesus gebruik die pragtige voorbeeld van suurdeeg.

Ek besluit een mooi dag om ‘n broodjie te bak toe my kinders kom kuier. Slegs ‘n paar ou korreltjies suurdeeg is saam met die meel ingeknieë. En toe begin ek wonder of die brood ooit sou werk, want die meel was nie meer so kraakvars nie, en die suurdeeg lê toe sélf al geruime tyd op

die rak. Maar binne 'n paar minute begin hier dinge gebeur in die deeg, en hy rys en rys. Skaars was die broodjie in die oond, of dit begin lyk soos die atoombom wat in Hiroshima ontplof het. Ongelooflik wat so 'n ou paar korreltjies suurdeeg kan aanvang!

Dit kos net ‘n paar korreltjies kwaadpratery en opstokery om uiteindelik ‘n groot skare mense op te sweep. Ons beleef dit elke dag in ons land se politiek! Die hartseer is dat een enkele mens wat in ‘n gemeente kwaad saai die ganse gemeente kan ontwrig en in liefdeloosheid dompel.

In die tweede preek of uitspraak noem Jesus sy volgelinge vriende. Inderdaad is ‘n groot deel van die skare wat om Hom saamdrom gladnie vriende nie, maar bloot nuuskieriges wat later almal teen Hom sou draai. In hierdie uitspraak wil Jesus die gelowiges aanmoedig om nie bang of besorg te wees wanneer vervolging en fisieke lyding oor hulle pad kom nie. Geestelike dood is die éintlike ding waarvoor jy bang moet wees!

En net so terloops: vir diegene wat wil beweer dat daar nie ‘n hel is nie- hier sê Jesus hard en duidelik dat God die mag het om mense in die hel te gooi. Die Griekse woord vir hel is gehenna. Dit is afgelei van die vallei van Hinnom waar daar jare gelede kinders geoffer is. Jy kan meer hiervan lees in Jeremia 7:31. Hierdie vallei was die ashoop van Jerusalem, en daar was gedurigdeur vure en rook wat hier uitgeborrel het, wat natuurlik in verband gebring is met die marteling

van sondaars in die hel.

‘n Muntstuk het egter twee kante, en aan die anderkant van hiérdie muntstuk sien ons dat selfs die nikswerd mossies deur die Here versorg word. Nét so hou Hy diegene wat in Hom glo in die holte van Sy hand en sorg Hy nog baie meer vir hulle as vir die mossies. ‘n Verhouding met Jesus red jou nie alleen van die verskrikking van die hel nie, maar gee jou die ewige lewe en al die heerlikheid wat daarmee saamgaan.

In die derde preek sien ons weereens twee paralelle uitsprake. Die tema van hierdie preek is belydenis en verloëning. Wat jy bereid is om vir Jesus op aarde te doen, bepaal wat Hy vir jou in die hemel sal doen. Hierdie versie (Luk 12:8,9) word dikwels gruwelik misbruik om op mense se gewetens te werk. Feitlik daagliks kry ek e-posse wat aan die einde vra dat jy dit aanstuur. Doen jy dit nie, dan is jy jou loon in die hemel kwyt! Hierdie is ‘n totale mistasting van wat Jesus hier bedoel. Jesus vra hier wél dat ons erns moet maak daarvan om Sy Evangelie uit te dra, en dat ons Hom nie durf verloën nie.

Daar is egter ‘n tweede, baie ernstige sonde waarvan Jesus praat: die sonde teen die Heilige Gees. Lukas verklaar nie wat Jesus presies hier bedoel nie, maar uit die konteks kan ons agterkom dat die Heilige Gees hier beskou is as die Een wat as God se Bemiddelaar optree. Deur Hom te verwerp, verwerp jy ook vir God, en daarmee saam Sy vergifnis. In kort kom dit daarop neer dat iemand wat hardkoppig God se


Gaan Na Inhoud

genade verwerp, ook deur God verwerp sal word. Dikwels is dit “goeie Christene” wat gereeld in die kerk kom en gereeld die Woord hoor, maar steeds botweg weier om ‘n volle oorgawe te maak, waarvan hier gepraat word. ‘n Groot deel van die reuse skare wat hier na Jesus staan en luister het, het getel onder diegene wat hierdie verskriklike sonde gepleeg het.

Die groot hartseer is dat baie van dié wat vanoggend hierdie dagstukkie lees, die gevaar staan om te kwalifiseer vir iemand wat die onvergeeflike sonde gepleeg het. Liewe leser, ek pleit vanoggend by jou - as jy nog nie jou hart vir Jesus gegee het nie, doen dit NOU voordat dit dalk hééltemal te laat is!

Gebed:

Here, my smeekgebed is vanoggend dat elkeen wat hierdie dagstukkie lees, en nog nie deel van U Koninkryk is nie, vandag die keuse vir U sal maak.

# Gierigheid

## Lukas 12:13-34

Ek staan elke keer verstom hoe Jesus eenvoudige gebeure omgeswaai het om die mense groot lewenslesse te leer. Terwyl die skares steeds rondom Jesus saamdrom, kla iemand dat sy broer nie sy erfporsie met hom wil deel nie, en dat Jesus asseblief moet help. Jesus moet vir daardie suinige broer sê dat hy moet deel! Jesus het die gesag want Hy is mos 'n Rabbi! Jesus het baie gou dwarsdeur hierdie man gesien: sy oënskynlik onskuldige versoek is suiwer gebaseer op gierigheid. Boonop het Jesus nie gekom om allerhande wetlike aangeleenthede op te los nie. Nogtans swaai Hy hierdie versoek Meesterlik om en leer die skare oor die gevare van gierigheid. In 'n enkele sinnetjie wys Hy die man se versoek af. "Jou lewe is nie afhanklik van die oorvloed van sy besittings nie," sê Jesus dan vir die mense, en dan vertel Hy die storie van die ryk dwaas.

As jy die gelykenis lees, kom jy baie gou agter dat dit nie gaan oor rykdom nie, maar oor gierigheid. Let op hoe sterk die woordjie "my" uitstaan in hierdie eenvoudige storietjie: "My skure", "My graan", "Ek sal vir Myself sê..." Alles wat hierdie man gedoen het, was in sy eie belang. Nêrens sien ons dat hy aan enigiemand anders gedink het nie.

Die man het 'n puik finansiële beplanning gedoen en oorgenoeg weggesit vir sy oudag (absoluut niks daarmee verkeerd nie!) Hy het selfs gesien dat sy skure te klein raak

vir al sy rykdomme, en hy beplan om groter skure te bou. Tevrede met alles wat hy vir homself vermag het deur die jare, sê hy dan vir homself: “Mens, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare. Hou op werk: eet, drink en leef lekker.”

Ja, die man het gedink dat hy beheer het - vólle beheer - oor sy eie lewe. Maar dan kom God en eis sy lewe van hom, en die man moet uitvind dat hy slegs beheer het oor sy aardse besittings, wat in elkegeval in die dood vir hom absoluut nutteloos is. Hy het slegs beheer solank sy aardse lewe duur.

Hierdie man wou sy lewe organiseer sonder God. Groot is sy skok en ontnugtering egter as hy moet uitvind dat dit nou nie heeltemal so werk nie. Jesus sluit die gelykenis af met die woorde: “**So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is by God nie.**”

Natúúrlik moet ‘n mens goeie finansiële beplanning doen. Die groot geheim is egter dat dit nie net oor jouself moet gaan nie. Gierigheid moet géén plek hierin hê nie. Ongelukkig is dit so dat rykdom en gierigheid dikwels hand-aan-hand loop, en dit is dán wat daardie rykdom gevaarlik raak. Dit is baie belangriker om die ware lewe te besit as om baie besittings te hê.

Jesus gaan voort en verduidelik aan sy dissipels dat ‘n gelowige hom nie hoef te bekommer oor sy lewe of sy lewensstandaard nie. Jesus wys hulle op die voëls, en hoedat God vir hulle sorg en kos gee, en hoe Hy die plante versier

met asemrowende mooi blomme. ‘n Mens is tog baie meer werd as voëls en plante, en daarom hoef gelowiges hulle nie te bekommer oor lewensstandaarde nie- dit is in werklikheid ‘n kleinigheid.

Daar is egter iets wat baie groter is as aardse gemak: die Koninkryk van God! Dit is waarvoor ‘n gelowige hom in die eerste plek moet beywer. Dit beteken dat jy jou energie sal gebruik om só te lewe dat die wêreld kan sien dat jy God as Koning erken en dien. Wanneer jy by daardie punt in jou lewe gekom het, hoef jy nie bekommerd te wees nie, want die Koning van die Koninkryk sal vir jou sorg.

God se sorg beteken natuurlik nie dat jou lewe nooit weer bedreig sal word of dat jou hoë lewensstandaard en rykdom verseker word nie. As ons maar vir Paulus neem as voorbeeld: Hy het ‘n briljante loopbaan as Fariseër prys gegee om ‘n volgeling van Jesus te word. Dit het beteken dat hy uitmergelende reise moes onderneem; ‘n paar keer skipbreuk moes ly; etlike kere in die tronk beland; gestenig word; uitgejou word - en so kan ons aangaan. Maar die borrelende blydskap en vreugde van daardie man wat die grootste skat van alle skatte, die ewige lewe gehad het, het hierdie “klein probleempies van die lewe” totaal oorskadu. Paulus het niks gehad nie, en nogtans was die erfporsie wat hy agtergelaat het van onskatbare waarde. Dit wat hy geskryf het, en die voorbeeld van sy lewe, het die lewe van baie miljoene mense beïnvloed en verander, en aan talle mense

die ewige lewe gegee.

Ja, inderdaad het Paulus daardie beursie aangeskaf waarvan Jesus in Sy preek praat: die beursie wat nie leeg raak nie, die een met ‘n onuitputlike rykdom in die hemel. En uit hierdie beursie het hy net aanhou gee en gee en gee. Dit is daardie selfde beursie wat vir my en jou ook gegee is. Die probleem is dat die meeste gelowiges die beursie dig toe hou. Maak hom oop! Deel die onskatbare rykdom van God se Koninkryk met die wêreld. Terselfdertyd moet ons ook nie suinig wees om ons geldbeursie oop te maak en die wêreldse skatte wat God ons gee met ander te deel, en ook hierdie skatte te gebruik vir die uitbreiding van die Koninkryk nie.

Gebed:

Here, dankie dat ek vandag my ganse lewe in U sorg kan plaas- nie alleen geestelik nie, maar ook my finansies.


Gaan Na Inhoud

## Is Jy Gereed?

## Lukas 12:35-48

"Wees gereed, die heupe omgord en die lampe aan die brand!" - so begin Jesus 'n reeks gelykenisse waarmee Hy die hoorders oproep om paraat en getrou te wees. Hierdie sinnetjie beteken letterlik dat 'n mens gereed en voorberei moet wees vir Jesus se wederkoms.

In die eerste gelykenis sien ons 'n eienaar wat iewers heen is na 'n bruilof. Hy het nie vir sy slawe gesê hoe laat hy sou terug kom nie - dit kon enige tyd van die nag wees, en sy slawe wag geduldig vir hom totdat hy terug keer. Wel, sommige van die slawe is nou nie juis so geduldig nie, en gaan slaap. Maar daar is tóg 'n paar getroue ou bittereinders wat opbly en aan die gang bly totdat hy kom, om vir hom oop te maak en hom welkom te heet.

Ek kan my indink in die prentjie van die mense in die huis: dalk is die baas al 'n paar weke weg (soos so dikwels met 'n groot bruilof gebeur het), en hulle verwag hom enige oomblik terug. Sommige van die huismense is opgewonde en vrolik, want hulle het na hom verlang. Iemand sing 'n opgewekte liedjie terwyl hy die koperware blink poets sodat sy baas die huis in 'n perfekte toestand sal kry. Iewers lê een kliphard en snork terwyl sy maat desperaat probeer om hom wakker te kry, want hy wil nie hê dat die kêrel in die moeilikheid moet kom nie. 'n Paar ouens hang maar net verveeld daar rond, terwyl ander entoesiasties alles gereed

kry vir die meester se tuiskoms. "Ek hoor 'n perd galop- is dit nie dalk die Meester nie?" Die afwagting is groot. Maar baie tragies is daar 'n klompie wat totaal verdwyn het.

Ja, so gaan dit maar met ons wanneer ons praat van Jesus se wederkoms. Jesus wil hê dat ons op en wakker en paraat moet wees te alle tye, want niemand weet presies wanneer Hy kom nie. Ons hoor alreeds iewers die perd galop, en ons weet dat Hy nou enige tyd kan kom. Die vraag is of ons besig is om gereed te maak, of ginnegaap ons, of erger nog - dat ons iewers lê en slaap.

In die tweede gelykenis gebruik Jesus 'n beeld wat ons vandag baie goed ken- 'n inbreker. Hy kom altyd op die mees onverwagte tyd. Net so kan ons Jesus se wederkoms gladnie voorspel nie- dit kan enige tyd wees.

Petrus is soos gewoonlik die segsman van die dissipels, en hy wil weet op wie hierdie gelykenisse nou eintlik betrekking het. Jesus wil nie alles met 'n teelepel vir hulle voer nie - hulle moet selfstandig leer om te dink en dinge uit te redeneer, daarom antwoord Hy nie vir Petrus direk nie, maar met 'n lang ompad in die vorm van nóg 'n gelykenis.

In hierdie gelykenis praat Jesus van 'n bestuurder wat aangestel is oor 'n klomp slawe. Hierdie man het 'n baie verantwoordelike posisie, en sy taak is om om te sien na almal wat onder sy sorg gelaat is. Die vraag is hoe hierdie man sy verantwoordelikheid sal nakom. Sal hy sorg dat almal genoeg kry om te eet op die regte tyd, en dat hulle goed

versorg is? Of sal hy sy verantwoordelikheid misbruik en net aan homself dink, en eet en drink en homself te buite gaan?

Hierdie gelykenis is gemik op die volgelinge van Jesus, en veral ook op diegene wat in ‘n leiersposisie is. In Jesus se tyd was dit nie net die Joodse Godsdienstige leiers (die Fariseërs en Skrifgeleerdes) wat Jesus teengestaan het nie, maar Jesus se eie volgelinge en hulle leiers was dikwels skuldig. Maar Jesus se boodskap kom ook baie direk in ons eie rigting vandag. As gelowige moet ek myself op gereelde basis die vraag afvra, hoe ek die verantwoordelikhede wat die Here my gee nakom. As gelowige het jy gewoonlik iemand wat in jou sorg toevertrou is - soms is dit slegs een enkele persoon. As jy iemand in jou sorg het, is jy ‘n leier, en dan het jy sekere verantwoordelikhede teenoor daardie persoon. Hoe verder jy geestelik groei, hoe meer mense word in jou sorg gelaat, en hoe groter word jou verantwoordelikhede. ‘n Leraar in ‘n gemeente het die ganse gemeente onder sy sorg, en daarmee saam het hy ‘n reuse verantwoordelikheid op sy skouers. Hy durf nie vir ‘n enkele oomblik laat slaplê nie, want dit is die lewens (geestelik) van mense wat hy in sy hande het. Dit is om hierdie rede dat ons ons leraars gedurig in gebed sal dra en hulle hande sterk maak vir die groot taak op hulle skouers. Ons moenie ons leraars verwaarloos nie - dit net so terloops. Jesus se gelykenis gaan egter oor hoe ‘n leier sy verantwoordelikheid moet nakom. As hy getrou is en dit met ywer doen, sal sy beloning baie groot wees in die

hemel. Die teendeel is egter ook waar - dat ‘n leier wat sy gesagsposisie misbruik eendag sal moet rekenskap gee daarvan.

Twee vrae som hierdie gedeelte op: Is jy gereed om Jesus te ontmoet? En kom jy jou verantwoordelikhede teenoor diegene in jou geestelike sorg na?

Gebed:

Here, vergewe my asseblief my versuim om my verantwoordelikhede te dra, en help my om my pligte na te kom.

# Die Tyd Raak Min

## Lukas 12:49-59

Daar kom ‘n spannende dringendheid in Jesus se preek. Die tyd is besig om uit te loop, en daar is nog so baie dinge wat Sy volgelinge moet leer en weet. As ons na die dikwels on-ingeligte vrae kyk wat die dissipels vir Jesus vra, dan wonder ons of hulle dit óóit gaan maak! Jesus gebruik in hierdie perikoop beelde van vuur en doop. Die vuur waarna Hy verwys is die oordeel van God en die doop is beeld vir Sy verskriklike kruisdood. Die oordeel is nie die eindoordeel nie, maar eerder die oordeel wat oor die mense van hierdie wêreld kom - diegene wat nie in die kruis-versoenings-doop van Jesus inkoop nie. Ons lees immers in Joh 3:18b: “Wie nie glo (in Jesus) nie is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie.”

Die hartseer is dat hierdie oordeel van God noodwendig verdeeldheid gaan bring. Nie alleen verdeeldheid tussen vreemdelinge nie, maar dikwels selfs binne gesinne. Jare gelede het ‘n vrou op Welkom bitterlik by my kom huil - sy het baie groot erns gemaak met haar verhouding met Jesus. Haar man was egter totaal antagonisties teenoor hierdie Godsdiens-nonsens van haar, en hy het gedoen net wat hy wou. Sy wou niks met wêreldse goed te doene hê nie, maar hy het die wêreld met al sy sondes en plesier liefgehad. Een oggend kom sy by my aan, verskeur in haar ellende: haar man het besluit om vir hulle ‘n TV stel te koop. Toe die

kartondoos afgelewer word, staan die woorde groot in rooi letters daarop geskryf: “Nou het jy die wêreld rég in jou huis!” Dit was die laaste strooi!

Jesus voorspel hierdie verdeeltheid, en ek het al talle hartseer briewe gehad van gebroke mense wat skryf van die onenigheid in die huis omdat die eggenoot ongelowig (en totaal onverskillig) is. 'n Goeie vriendin van my se man het haar gelos. Sy maak groot erns met haar liefde vir Jesus, en sy leef haar dissipelskap uit. Hy daarteenoor, wil niks van die Here af weet nie. Hy het genoeg gehad van haar Godsdienstigheid en toe vat hy die pad!

Jesus draai nou na die skare toe: daar is twee dringende sake waaraan hulle moet aandag skenk. Die eerste handel oor hulle totale onvermoë om die tyd reg te beoordeel. Jesus sê vir hulle dat hulle baie goed weet hoe om weerpatrone raak te sien en te weet wanneer dit gaan reën of wanneer dit ‘n bloedige warm dag gaan word. Maar wanneer dit kom by die belangrikste, om die tekens te herken wat God gee, dan slaan hulle totaal toe. Dit is nou al drie jaar wat Jesus besig is om te preek en wondertekens te doen, en waar die hemele al oopgegegaan het terwyl God uit die hemel praat. Nogtans wil hulle dit nie raaksien nie. Die tyd van beslissing het aangebreek. Dit is veral nou nader as óóit, noudat Jesus op pad is na Jerusalem om tereggestel te word.

Inderdaad was daar ‘n reuse skare rondom Jesus, maar slegs enkeles het ‘n keuse gemaak vir Hom. Die res was net

nuuskieriges wat wou sien wat volgende sou gebeur.

Dan doen Jesus ‘n dringende oproep dat die mense hulle saak met ‘n teenstander moet skik voordat dit te laat is. Op die oog af lyk dit na ‘n praktiese manier om uit die hof te bly, maar eintlik gaan dit hier veel dieper. Die teenstander waarna Jesus verwys, dui eintlik op God as Regter. Hierdie mense met wie Jesus praat weet baie goed wat die regte ding is om te doen. Hulle weet hoe om te reageer op alledaagse gebeure en omstandighede in hulle lewe. Die tragiese is egter dat hulle gladnie reageer wanneer Jesus met hulle praat nie. ‘n Ware verhouding met God is iets wat totaal ontbreek. In hierdie uitspraak wil Jesus dan by hulle pleit dat hulle daaglikse verhouding met God verstandig moet wees. Hierdie is nie sommer maar net ‘n ou stukkie lewensraad nie, maar ‘n ernstige oproep tot bekering.

Vandag staan ons in ‘n ander tyd- Jesus se kruisiging is verby - die nuwe bedeling het aangebreek. Dit beteken egter nie dat ons nou maar op ons louere kan rus nie, want hier is ‘n baie ernstige dringendheid in die lug. Die tekens waarna ons vandag moet oplet, is dié van Jesus se wederkoms, en die lug is alreeds bloedrooi gekleur. Sy wederkoms lê voor die deur. Die hartseer is dat daar ‘n reuse skare van mense is wat hierdie tekens totaal ignoreer, en ongeërg staan teenoor hierdie dinge. Ek praat van die “nuuskieriges” wat alreeds die Woord soveel keer gehoor het, maar nog steeds nie reageer daarop nie. Maar met die gelowiges praat hierdie tekens

ewe hard, want daar is nog soveel mense daar buite wat nie die Woord gehoor het nie. Daar moet by ons as gelowiges ‘n dringendheid ontstaan om die Woord uit te dra aan elkeen wat wil hoor.

Moontlik het die tyd weer aangebreek dat ek moet vra dat jy vir my adresse aanstuur van vriende of kollegas of familie wat nog nie hierdie dagstukkies ontvang nie. Hiermee dan ook ‘n groot dankie aan diegene wat gereeld vir my adresse aanstuur, want op hierdie manier word mense bereik wat dalk ‘n honger het om ook vir Jesus as Verlosser te kan hê.

Gebed:

Here, ek besef vanoggend dat die tyd min raak - gee vir my asseblief ‘n dringendheid in die hart om U boodskap van verlossing uit te dra.


Gaan Na Inhoud

## Waar was God?

## Lukas 13:1-9

Ons ry lughawe toe om my dogter op die vliegtuig te sit. Sy vlieg na Israel om daar te gaan werk op ‘n kibbuts vir ‘n jaar of twee. Op pad maak ons ‘n paar draaie, en ons gaan eet eers middagete in ‘n Wimpy. Dan lui Mosbolletjie se foon - dis my seun: “Anita moenie op daardie vliegtuig klim nie!” sê hy beangs, “Daar het glo ‘n verskriklike vlieg-ongeluk gebeur in Amerika, en die wêreld is aan die brand - iets met terroriste te doen.” Ek is verward: wat het ‘n ongeluk in Amerika te make met Anita se vlug na Israel? Terug by die motor op pad na die lughawe skakel ek die radio aan. Nuusberig op nuusberig borrel oor die eter: die ganse wêreld is in paniek gedompel. Dit was die 11de September.

Ons onthou almal die afgryslike terroristeaanval waar duisende mense binne ‘n kwessie van minute dood is toe vliegtuie teen die wêreld handelsentrum vasgevlieg het, en hoe dit die wêreld geskud het. Ons onthou ook die vrae wat daarna gevra is, al die waaroms: Waarom het God dit toegelaat? Is dit oor die mense se sondes? Wou die Here Amerika straf? Waar was die Here, en waarom het Hy dit nie gekeer nie? Vrae, vrae, vrae......

Kom ons draai die klok so ‘n bietjie terug, sowat 2000 jaar terug. In Jerusalem gebeur ‘n verskriklike ongeluk: een van die landmerke, die toring van Siloam, stort om die een of ander onverklaarbare rede ineen. Dit is ‘n besige deel van


Gaan Na Inhoud

die stad en daar is ‘n gewoel om hierdie toring. Tragies sterf 18 mense in die grusame ongeluk. “Dis oor hulle sondes,” fluister die mense in die wandelgange, “God het hulle gestraf omdat hulle nie die wet onderhou het nie!”

Nie lank daarna nie gebeur nóg ‘n grusame ding, hierdie slag reg in die tempel waar mense besig was om offerandes te bring en te aanbid. Jesus was besig om te preek toe daar skielik ‘n beroering in die skare kom. ‘n Paar manne kom uitasem aangehardloop: “Daar het iets verskrikliks gebeur,” hyg hulle. “Dis daardie Pilatus! Hy het sy soldate in die tempel ingestuur.”

“Ja,” vervat ‘n ander, “en die arme mense was nog besig om hulle offerdiere te slag, toe die soldate hulle net daar gryp en koelbloedig vermoor!” Geskok luister die omstanders na die gru-verhaal. Daar gaan ‘n beroering deur die skare: “Arme mense! Was hulle sondes dan so groot dat God hulle op so ‘n wrede manier moet straf?”

Jesus hoor wat die mense sê. Hy hoor die kwelvrae in hulle harte. Hy antwoord egter nie hulle vraag nie, maar Hy gebruik die situasie om ‘n baie belangriker saak by hulle te laat indring, die saak van bekering. Mense kwel hulle oor allerhande teologiese sake, maar die héél belangrikste is dat hulle tot bekering kom. Is jy gereed om jou Skepper te ontmoet wanneer so ‘n ramp jou sou tref? As die Siloamtoring op jou sou intuimel? Is jy seker van jou verlossing as Pilatus se soldate jou sou vermoor? Weet jy

waarheen jy gaan? As jy nie gereed is nie, sal jou lot baie erger wees as dié van die mense wat so wreed omgekom het. Dit is hierdie waarheid wat Jesus wil tuisbring wanneer die skokgolf die mense tref.

Dan vertel Hy ‘n gelykenis, ‘n storie van ‘n man wat ‘n vyeboom geplant het en geduldig gewag het dat die boom heerlike sappige vye moet voortbring. As dit na drie jaar nie gebeur nie, beveel hy sy tuinier om die boom uit te kap. Die tuinier pleit egter dat die boom nog ‘n kans gegee word - hy sal hom versorg, en as die boom die volgende jaar steeds nie dra nie, kan hy maar uitgekap word.

Met hierdie gelykenis wil Jesus sê dat God genadig is, en dat Hy iemand steeds kans sal gee om tot bekering te kom. Daar is egter ‘n perk aan Sy genade, aan die wagtyd. Iemand wat aanhou om God se genade en Sy smeekstem te verwerp mag dalk net sy grasietyd oorskry.

Miskien praat die Here al geruime tyd met jou. Jy het Sy smeekstem al talle kere gehoor, en elke keer sê jy maar weer “Ek is nog nie gereed nie.” Of miskien: “Ek wil eers ‘n beter lewe lei voordat ek vir Jesus kies.” of “Ek weet nie hoe om by Jesus uit te kom nie”. Wees gewaarsku dat jou grasietydperk dalk besig is om stadig uit te loop. In die uurglas van God se genade is daar dalk nog net enkele sandkorreltjies oor. 11 September het totaal onverwags gebeur. Vir diegene in daardie twee reuse geboue was daar nie meer tyd om eers tot bekering te kom nie - binne minute was alles verby. Vir

ewig! Luister na die pleitstem van God en neem vandag daardie stap om Jesus in jou lewe toe te laat!

Daar was baie vrae oor 11 September. "Waar was God?" het rondom die wêreld ge-eggo. Talle verhale het agterna die lig gesien van mense wat nog 'n kans gegun was. Hartroerende verhale van mense wat op 'n kritieke tyd 'n vlug gemis het, of van iemand wat nie betyds was nie omdat sy nuwe skoene hom gedruk het, of van iemand wat 'n pap wiel gekry het en nie betyds by die werk kon kom nie. Die Here se genade is baie, baie groter as Sy oordeel. Inderdaad was daar dalk duisende in die gebou wat die ewige verdoemenis in is omdat hulle aanhou uitstel het. Die gelowiges wat in die tweeling torings was, sit vandag egter aan Jesus se voete, in 'n wêreld sonder enige smart en pyn.

Gebed:

Here, ek bid vanoggend vir elkeen wat U roepstem deur hierdie dagstukkie hoor.

## Mosterdsaadjie

## Lukas 13:10-21

Dit was ‘n Sabbatdag en Jesus was besig om te preek in ‘n sinagoge. Steeds is daar ‘n groot klomp mense wat na Hom luister, onder andere ‘n vrou wat kromgetrek was, en al vir agtien jaar baie gely het. Haar siekte word beskryf as ‘n bose gees wat haar totaal verswak het, sodat sy gladnie meer kon regop kom nie. In daardie tyd het hulle geglo dat alle siektes deur “onrein geeste” oftewel die duiwel veroorsaak is. Wanneer Jesus dus hierdie bande van die duiwel losmaak en haar bevry van haar siekte, wys Hy dat Hy besig is met die werk van God, en dat God in beheer is oor alles, ook jou gesondheid. Die vrou se reaksie was dat sy onmiddellik regop gekom het en God geprys het. Sy het Hom gesien as die Een wat haar genees het en van haar gebrek verlos het.

Maar alles is nie wel in die sinagoge nie: die hoof van die sinagoge is bitter verontwaardig. Waarom moes Jesus dan nou spesifiek op die Sabbat die vrou kom staan en gesond maak? “Julle moet julle siekes op ‘n weeksdag na Jesus bring!” trap hy die mense uit.

Jesus se teenreaksie is om die man en sy kollegas “huigelaars” te noem. Hy gaan voort deur hom daarop te wys dat hulle sélf op ‘n Sabbat na hulle diere omsien. Hierdie vrou is tog baie meer werd as ‘n dier, en hoe lank ly sy nie al nie? Wonder bo wonder sien ons hoedat die kerkleiers skaam kry oor hulle eie optrede, en dat die skare bly was oor

die wonderlike dinge wat hulle sien gebeur het. Inderdaad is dit dieselfde skare wat 'n klein rukkie gelede nog so skepties was teenoor Jesus. Ja, daar is nog by hulle ‘n behoefte tot bekering. Maar sal hulle betyds reageer? Jesus se pad na Jerusalem word nou bitter kort en die tyd raak min.

Jesus gryp elke oomblik wat nog oor is aan om die mense te leer. Gelykenisse is wat hulle sal onthou, dus bring Hy kosbare waarhede tuis deur gelykenisse te tref met dinge wat by die mense goed bekend is. Hy gebruik die voorbeeld van ‘n mosterdsaad en van suurdeeg om die Koninkryk van God te verduidelik. Die mosterdplant is ‘n eenjarige plant wat tot vier meter hoog kan groei. Sy saadjies weeg ‘n skamele 1mg, en is die kleinste van al die gekweekte sade. Die gedagte agter die beeld is dat dit wat dalk vir ons totaal onbelangrik klein mag voorkom, die begin kan wees van ‘n magtige Koninkryk. Die piepklein saadjie word ‘n reuse plant, en slegs ‘n ou klein bietjie suurdeeg kan ‘n groot klomp meel laat rys.

Ja, hierdie skare mense sou uiteindelik totaal verdwyn, en Jesus se aanhangers sou krimp tot ‘n klein handjievol bitter-bang mensies wat agter geslote deure moes bymekaar kom uit vrees vir die kerkleiers. En toe kom die pinksterdag-ontploffing wat die kerk van Jesus laat groei tot ‘n magtige Koninkryk binne ‘n baie kort tydjie.

In ‘n sekere sin sit ons vandag met baie dieselfde situasie, waar die kerk dikwels bestaan uit ‘n ou klein handjievol

gelowiges wat veg om oorlewing, nes die dissipels van ouds. In die Ring van Durban se NG Gemeentes is daar slegs 5000 lidmate. Dit strek oor 'n baie groot gebied, vanaf sentraal Durban tot by die Tugela rivier. As ons in ag neem dat hierdie ingeskrewe lidmate is, en nie noodwendig aktiewe lidmate nie, dan kan ons aanneem dat daar dalk nie meer as tweeduisend aktiewe lidmate in hierdie reuse stadsgebied is nie. Dit is tragies, en dit laat ‘n mens magteloos en moedeloos voel teen die reuse oormag van Hindoes, Moslems en Voorvadergees aanbidders wat dreig om ons te verswelg.

In die twee dobbelhuise noord van Durban is daar elke dag meer mense as wat ons in ‘n jaar se eredienste sal sien, ‘n wriemelende massa wat honger is vir geld. Bordele is besig om oral op te skiet soos paddastoele, en al is hulle onwettig, draai die owerhede dikwels 'n blinde oog. Ons voel magteloos teen die verskriklike oormag van sonde, die golf van misdaad wat oor ons spoel, en die polisie wat dikwels net hulle skouers optrek. Korrupsie is besig om ons land te verswelg. Daagliks hoor ons van baie miljoene wat misbruik word.

Maar dan, as ons in perspektief na hierdie dinge begin kyk, en ons luister na Jesus se gelykenis, dan begin dinge vir ons ‘n bietjie anders lyk. Ek en jy is daardie piepklein mosterdsaadjies waarvan Jesus praat. Ons is die onsinnige klein ou korreltjies suurdeeg in die reuse bak meel. Ons



Gaan Na Inhoud

moenie ons blind staar teen die verskriklike oormag van die bose nie. Ons moet net eenvoudig doen wat die Here van ons vra om te doen, en dan sal ons sien dat hierdie klein, klein ou mosterdsaadjie kan groei en groei en groei, en dat die suurdeegkorreltjie hom kan deurwriemel deur die ganse skottel meel. Ons moet terugkeer na die beginsels van die vroeë kerk, waar elke gelowige 'n sendeling was wat al vlugtende vir die vervolgers, die Evangelie verkondig het aan elkeen wat hulle ontmoet. Kom ons volg hulle voorbeeld, en ons sal sien hoedat die Koninkryk groei soos nog nooit tevore nie.

Gebed:

Here, maak my gewillig om U Woord te verkondig aan almal wat wil luister.

## Liefdesverhouding met Jesus

## Lukas 13:22-30

Twee kontrasterende opmerkings oor God het ek al dikwels gehoor, albei afkomstig van ongelowiges. Die eerste klomp sê dat die Here bitter onregverdig is, want Hy laat net party uitgesoekte mense toe in die hemel. Die ander klomp sê presies die teenoorgestelde: dat die Here beslis nie onregverdig is nie, en dat Hy alle gelowige mense toelaat. Maar hulle persepsie van 'n gelowige is enigeen wat in die een of ander vorm van Godheid glo, soos byvoorbeeld Moslems, Hindoes en Bhuddiste en selfs ook Christene! Albei hierdie sienings is ewe ver van die waarheid af!

Op Jesus se reis na Jerusalem het Hy by elke dorpie aangegaan om mense te leer. Ons moet onthou dat Jesus se wrede teregstelling net om die draai was, en dat Hy presies geweet het wat op Hom wag. As dit ek was, het ek iewers op ‘n hopie gaan sit en huil, maar Jesus het elke oomblik van die tyd gebruik om die Evangelie uit te dra sodat soveel mense as moontlik die boodskap van verlossing sou kon beleef.

Die blye boodskap is nie iets wat eksklusief is vir ‘n paar mense in die kerk nie. Dit is bedoel vir die ganse wêreld, en elke gelowige moet, net soos Jesus destyds, ‘n dringendheid in sy lewe hê om tydig en ontydig hierdie boodskap uit te dra en uit te leef. Dit moet amper by jou ‘n obsessie wees!

Iemand vra vir Jesus of daar maar min mense is wat gered



_Gaan Na Inhoud

sal word. Dalk het die man gehoop dat Jesus sou sê dat as jy ‘n Jood is, dan het jy outomaties ‘n kaartjie hemel toe. “**Nie so maklik nie!**” sê Jesus. Hy verduidelik dat baie mense baie hard sal probeer om die saligheid te kry, maar dat hulle dit net eenvoudig nie gaan regkry nie.

“Maar dis mos onregverdig!” sal jy dalk wil protesteer. Nee, dit is beslis nie onregverdig nie: God het sekere voorwaardes gestel vir toegang tot die saligheid, en as jy nie daardie voorwaardes nakom nie, is jy beslis uitgesluit. Sy voorwaardes is baie, baie eenvoudig en maklik. Waarom is dit dan vir so baie mense so verskriklik moeilik om dit na te kom? Ek het ‘n ellelange lys van briefies van mense wat my gevra het hoe ‘n mens ‘n Christen kan word. Ek het al tot vervelens toe die eenvoudige weg na Jesus aan mense verduidelik. Talle van diegene wat vir my die vraag gevra het, het nooit eers terug geantwoord nie. Slegs ‘n klein handjievol het vir my geskryf en opgewonde vertel dat hulle nou kinders van die Here is.

Maar ek sal aanhou en aanhou en aanhou om die boodskap van verlossing te stuur solank as wat dit binne my mag is! Jesus wil nie hê dat een enkele siel verlore gaan nie, en ek ook nie!

Op die vraag wat die man vir Jesus gevra het, het Hy gesê dat baie mense aan die deur gaan klop, maar dat hulle weggewys gaan word. Die groot probleem is dat mense op hulle eie voorwaardes en hulle eie metodes die saligheid wil



Gaan Na Inhoud

verwerf. ‘n Mens se beste pogings is net eenvoudig nie goed genoeg vir God se standaarde wat Hy stel nie. Om in die hemel te kom moet jy sondeloos wees. Wys my die mens wat absoluut sondeloos is! Selfs die grootste van die pilare in die geloof, kom soms tot ‘n struikeling, en hulle val dikwels sommer baie hard. Sommige mense gaan sommer bitter ver om hulle paadjie hemel toe oop te veg- pynig hulleself deur hulle met swepe te slaan of selfs te laat kruisig. Party seil kilometers ver op ‘n rougeskaafde, bebloede maag na die een of ander tempel om só hulle toewyding te wys. Alles is verniet! Dit bring jou nêrens! Die poorte van die hemel sal steeds toe wees. “**Daar sal julle huil en op julle tande kners**”, sê Jesus, wanneer Hy vertel hoedat talle mense weggejaag sal word.

Is God dan onregverdig?

Net in die volgende sinnetjie sê Jesus: “**Daar sal mense uit die ooste en die weste kom, uit die noorde en die suide, en aansit aan die feesmaal in die Koninkryk van God.**” Wie is hulle? Uitgesoektes? Bevoorregtes? Voorgetrektes? Joh. 3:16 sê dat God die ewige lewe gee aan diegene wat in Sy Seun, Jesus glo. Punt! “**Wie in Hom glo word nie veroordeel nie.**” (Joh 3:18).

God se voorwaarde van absolute sondeloosheid vir toegang tot die hemel kan alleen tot reg kom in Jesus wat die volle prys betaal het en die skuld van ons sondes op Hom geneem het. Geloof in Jesus is dus uiteindelik die enigste voorwaarde

om toegang tot die hemel te kry. Natuurlik beteken hierdie geloof nie net dat jy glo aan Sy bestaan nie (die duiwel glo dit ook!) Maar geloof in hierdie sin beteken ‘n lewende verhouding met Jesus. Dit beteken dat jy jou volle vertroue onvoorwaardelik op Hom alleen plaas. In enige verhouding is daar respek en liefde en dankbaarheid en diens, en dit behoort ‘n integrale deel van jou verhouding met Jesus ook te wees. As dit nie is nie, dan betwyfel ek jou geloof ten sterkste! Net soos in ‘n liefdesverhouding waar jy jou maat bo alles stel en vir hom of haar enigiets sal doen, so behoort my verhouding met Jesus te wees. Alleen dán kan ek praat van ware geloof!

Gebed:

O Heer, my verhouding met U laat soveel te wense oor. Help my om my liefdesverhouding met U ten volle uit te leef.


Gaan Na Inhoud

# Jerusalen, Jerusalem!

## Lukas 13:31-35

Alle Fariseërs is nie noodwendig "slegte" mense nie. Ons moenie die kind met die badwater loop uitgooi nie! Al ooit gewonder waar hierdie uitdrukking vandaan kom? Nou die dag verduidelik 'n slim man oor die radio dat daar in die ou tyd nou nie so gereeld gebad is as vandag nie. Teen bad-tyd is almal dan ook al góéd vuil, en natuurlik was lopende water ook nie iets wat hulle geken het nie. Daar is dus op dié dag water gehaal en warm gemaak, en dan het Pa eerste beurt gekry om in die sinkbad te bad. Daarna volg Ma, en dan die string kinders (amal in dieselfde water), en héél laaste baba. Teen hierdie tyd lyk die water al soos ertjiesop, en jy moet mooi kyk om vir baba daarin raak te sien. Daarom moet jy versigtig wees om nie vir Baba mis te kyk en hom dalk saam met die bad vuil water uit te smyt nie! Nou-ja, so moet ons ook nie net die slegte in mense raaksien nie- kyk maar goed vir iets goed in selfs die slegste mens.

Dit is amper onverstaanbaar dat 'n groep Fariseërs Jesus kom waarsku het om weg te bly van Jerusalem af, want daar is Sy lewe in gevaar. Hulle het dit dalk goed bedoel, maar hulle het gladnie verstaan waaroor dit gaan nie, nes dit die geval was met Sy eie dissipels. Hy móés na Jerusalem om God se wil na te kom. Wanneer Jesus hulle antwoord, doen Hy dit op 'n profetiese wyse wat vir die oningeligte totaal Grieks is. Maar wat presies het Jesus bedoel met alles wat Hy gesê


Gaan Na Inhoud

het?

Hy begin deur te verwys na “vandag en môre en oormôre (die derde dag)”. Hiermee het Hy waarskynlik nie letterlik gedink in terme van drie dae nie, maar Jesus wou klem lê op die feit dat die tyd bitter min geraak het, en dat die groot dag van Sy teregstelling baie binnekort sou aanbreek. (Onthou, dit is ‘n profesie wat Hy uitspreek, en in profesieë word dikwels simbolies gepraat.)

Die tweede ding wat Jesus sê is: “Ek sal my werk klaar maak.” (v. 32b). Hierdie kan ook vertaal word met: “Ek bereik my doel”. Wat is Jesus se doel? Sy doel is om na Jerusalem te gaan sodat Hy uiteindelik gekruisig kan word en versoening doen vir die mensdom se sondes. Maar waarom moes dit nou juis Jerusalem wees? Kon Jesus nie maar op ‘n ander plek gekruisig word nie? Sou dit werklik saakmaak? Waarom was daar die verskriklike dringendheid om na Jerusalem te gaan?

Jerusalem was vir die volk van God ‘n plek van kardinale belang. Hierdie stad was sedert Dawid se tyd die spilpunt waarom die ganse Joodse volk se bestaan gedraai het. Dit is hier waar die Verbondsark, die “voetstuk” van die Here in Dawid se tyd sy finale rusplek gekry het. Dit is in Jerusalem waar Dawid se droom oor ‘n Tempel vir die Here in sy seun Salomo uiteindelik beslag gekry het. Jerusalem is beskou as die laaste vesting van God se volk, en nou, na die bou van die tempel, word dit ook die plek van aanbidding. Pelgrims het

met elke groot fees in hulle duisende opgetrek na Jerusalem om te kom feesvier. Maar dit is ook hier waar hulle aan die Here offerandes gebring het.

Inderdaad het Jerusalem ook sy slegte tye beleef. Selfs al was die stad bekend as 'n vesting van formaat, het dit nie elke keer die vyand gestuit nie, en is dit per geleentheid verwoes sodat selfs die indrukwekkende mure met die grond gelykgemaak is. Maar die mure is herbou na die ballingskap, en Jerusalem is weer in ere herstel.

Maar Jerusalem het ook deur die jare 'n slegte reputasie opgebou, een waar die Here nie alleen aanbid is nie, maar waar die Here dikwels verwerp is. "**Jerusalem, Jerusalem!**", snik Jesus dit uit, "**Jy wat die profete doodmaak en die boodskappers stenig wat na jou gestuur is**". Hoe dikwels lees ons nie in die Ou Testament van profete wat die Woord van God verkondig het, en wat verwerp is en selfs doodgemaak is oor die boodskap wat hulle moes bring. Selfs die groot profeet Elia moes uit Jerusalem vlug vir sy lewe. Na Pinkster sou dit nog baie erger raak, en gelowiges moes vlug vir hulle lewe.

Soos 'n hartseer ouer wat met sy kinders praat, kom Jesus en verwyt die stad. Hy wou so graag dat hulle by Hom skuil, maar hulle wou nie. Daar wag 'n bitter swaar straf op die stad, maar daar is steeds tyd en geleentheid vir bekering. Sy genade is so geweldig groot, dat Hy hulle steeds uitnooi ten spyte van al hulle misdade teen Hom. Maar hulle moet weet

dat die tyd van afrekening nou bitter naby gekom het.

Ja, genadetyd het uitgeloop: nie baie jare na Jesus se smeking nie, is die kroon van die volk, die tempel met die grond gelykgemaak. Om hierdie bitter pil erger te maak, is 'n Moslem moskee gebou op die plek van die Jode se aanbidding, 'n moskee wat tot vandag toe steeds daar staan as monument van die Jode se verwerping van die Messias.

Ten spyte van alles, reik die Here vandag nog steeds sy hand van genade uit, en die blye nuus is dat talle Jode vandag tot bekering kom en die Waarheid begin raaksien. Ons durf nooit ophou bid vir die gevalle volk van God nie. Hulle het Jesus nét so nodig soos ons.

Gebed:

Dankie Here, vir U groot genade- dat U selfs vir my gered het en die ewige lewe gegee het.

## Beskeidenheid

## Lukas 14:1-14

Ten spyte van die vyandigheid van die Fariseërs en ander kerkleiers teenoor Jesus, skilder Lukas tóg vir ons 'n toneel waar Jesus by 'n vooraanstaande Fariseër gaan eet. Het die man dalk bedekte motiewe gehad om Jesus uit te nooi vir ete? Ek dink wél dat sy motiewe gladnie so suiwer was nie.

Dit was 'n Sabbatdag, en almal het om die tafel aangesit vir ete. Saam met hulle was 'n aantal kerkleiers, en Lukas vertel dat hulle die situasie baie fyn dopgehou het. Jesus moes net een enkele voet verkeerd sit, dan het hulle rede om Hom te veroordeel. Saam met hulle aan tafel was 'n man wat aan water gely het, 'n siekte wat veroorsaak dat jou liggaam opswel omdat vloeistof ophoop. Dalk het die Fariseërs hierdie man daar "geplant" as strik vir Jesus - ons sal nie weet nie. Maar Jesus sien dwarsdeur hierdie spul huigelaars, en meesterlik gooi Hy die bal in hulle baan met 'n vraag of 'n mens iemand op 'n Sabbatdag mag gesond maak. Streng gesproke sou dit werk wees, wat natuurlik taboe sou wees. Maar genesing op 'n Sabbat is nêrens in hulle stringe wette ingeskryf nie. Hulle het nie 'n antwoord vir Jesus se vraag nie. Sê hulle "nee", dan sal dit lyk asof hulle gladnie omgee vir die siek man nie. Maar hulle is ewe bang om "ja" te sê, want dan sal dit mos lyk asof hulle sélf die wet verontagsaam. Hierdie vraag plaas hulle in 'n baie netelige posisie.

Jesus gaan eenvoudig ongestoord voort en genees die sieke. Dan herhaal Hy sy vraag oor wat ‘n mens op ‘n Sabbat mag doen en wat nie: “Sal jy een van jou diere red as hy in ‘n put val op ‘n Sabbat?” Weereens swyg die Fariseërs soos die graf, want hulle het net eenvoudig nie ‘n antwoord nie. Wat hulle ookal antwoord, sal hulle in ‘n baie slegte lig stel, dus bly hulle liewer heeltemal stil. Jesus is reg: hier is nou konkrete bewyse! Hierdie voorval bevestig net weereens dat Jesus se uitspraak, dat Hy Here is van die Sabbat (Luk 6:5) ‘n werklikheid is. Selfs die Fariseërs moet erken dat Jesus reg is, al weier hulle om dit hardop te sê.

Maar Jesus is nog nie klaar met die huigelaars nie. Hy het opgemerk dat die manne met ‘n naam die beste plekke vir hulleself uitsoek, en die res moet maar sit waar hulle ‘n tweederangse plekkie kry. Dan vertel Hy twee gelykenisse om te verduidelik watter plek nederigheid in ‘n mens se lewe moet hê.

In die eerste gelykenis vertel hy van die kêrel wat die beste sitplek raaksien, en dan daar gaan sit, min wetende dat dit eintlik bedoel is vir ‘n eregas. Tot sy skande vra die gasheer hom dan om iewers anders te gaan sit. So kan ‘n mens se ambisie en eie eer dikwels tot skande kom. Die eer wat die man soek is eg menslik, maar dit loop uit op vernedering. Dit is omdat ‘n mens dikwels vals waardes probeer nastreef en vir jouself eer probeer kry, gewoonlik ten koste van iemand anders wat eintlik daardie eer verdien.

Jesus verduidelik dat dit baie beter is om eerder nederig te wees en die agterste sitplekke in te neem. As jy dan waarlik eer verdien, sal die gasheer jou ten aanskoue van almal op die eresitplek kom laat sit. In die praktyk beteken dit dat 'n mens se prestasies nie ongemerk verbygaan nie, al voel dit dikwels vir jou so. Moenie jouself adverteer nie, maar bly nederig en beskeie. Uiteindelik sal jy wél beloon word - dalk baie meer as die persoon wat uitgesproke oor homself is en dit vir die wêreld vertoon.

Die tweede gelykenis rig Jesus op die gasheer: As hy 'n maaltyd reël, dan moet hy nie net die elite nooi sodat hulle hom later weer na húlle grênd etes kan uitnooi nie. Nooi eerder die armes en gebreklikes uit, van wie jy nie enigiets terug kan verwag nie. Wat dit op neerkom is dat 'n mens goed doen uit die liefde van die saak, en nie om iets daaruit terug te kry nie. Iemand wat 'n sopkombuis bedryf vir die armes, en ure voor die potte swoeg en sweet, kry absoluut niks daaruit nie. As hy nie boonop nog sélf vir die bestanddele moet betaal nie, kos dit hom minstens om bakhand te gaan staan by supermarkte en bedel vir bydraes. Daar is absoluut niks glansryk aan so 'n onderneming nie, en dikwels kry jy nie eers 'n dankie van baie van die armes wat in die tou staan nie. Waarom doen 'n mens dit dan nog? Omdat Jesus soveel meer vir jou gedoen het, en aan jou soveel meer liefde bewys het. Dit is maar net om vir Jesus dankie te sê vir alles wat Hy vir jou gedoen het.

Dit bring my by die vraag: Waarom gee ek my dankoffer vir die Here? Waarom gee ek my tiende? Is dit dalk om die Here se guns te "koop"? Is dit dalk omdat ek verwag dat as ek my tiende gee, dat die Here dit tienvoudig vir my gaan terug gee? Dieselfde geld ook vir die werk wat ek vir die Here doen: doen ek dit omdat ek guns terug verwag van die Here? As dit die geval is, dan doen ek dit om totaal verkeerde redes. 'n Mens se enigste motivering moet wees: Dankbaarheid! Die Here het alreeds soveel vir my gedoen, en nou dien ek Hom uit dankbaarheid en omdat ek daarmee ook wil wys dat ek Hom liefhet, sonder dat ek enigiets van Hom terug verwag.

Gebed:

Here, leer my asseblief om nederig te wees, en om my dankbaarheid teenoor U ten volle uit te leef.



Gaan Na Inhoud

# Die Feesmaal

## Lukas 14:15-24

'n Vooraanstaande van die die rykmansdorp Zimbali besluit om vir sy 50ste verjaardag 'n spoggerige partytjie te hou. Hy wil anders wees, en in plaas van uitnodigings per e-pos, stuur hy sy skakelbeampte persoonlik na 'n paar uitgesoekte stralejakker-vriende om hulle uit te nooi na sy spesiale partytjie. Maar hy wil sien wie sy ware vriende is, dus wag hy met die uitnodigings tot die oggend van sy verjaarsdag. Hy doen baie moeite om ‘n onvergeetlike aand te beplan, kry selfs vir Nataniël om te kom optree.

Wanneer die skakelpersoon by die eerste uitgenooide kom, is sy so besig met gesprekke op haar selfoon, dat sy hom skaars kans gegee het om sy saak te stel. “Jammer, kom later terug, jy kan mos sien ek is besig!”

By die tweede uitgenooide sit dié vasgenael voor die TV, besig om 'n spannende krieketwedstryd te kyk. “Moenie my nou pla nie!” snou hy hom toe. “Dis die wedstryd van die jaar. Ek kan beslis nie nou kom nie!”

Derde op die lys is 'n snobistiese model. Sy het so pas verneem dat sy 'n kontrak gekry het om onderklere te gaan modelleer in Parys (dis nou Frankryk, nie Vrystaat nie). “En vanaand moet ek die nuus met my vriendinne gaan deel!”

En so moet hy uiteindelik die nuus aan sy baas oordra dat niemand sy fees wil (of kan) bywoon nie.

Die man is woedend! Tot afgryse van sy skakelbeampte, stuur hy hom strate toe om die bedelaars en straatkinders en boemelaars te gaan bymekaarmaak. En hét die spul uitgeworpenes van die lewe vir jou fees gevier! Daar is gejol en geëet en gesing tot laatnag toe!

'n Moderne weergawe van die gelykenis wat Jesus vertel het terwyl hulle aan tafel was by die vooraanstaande Fariseër se huis. As ons in Jesus se verhaal kyk na die verskonings wat die mense opgedis het, dan is nie 'n enkele een onredelik nie. Maar wanneer ons hulle onder die vergrootglas plaas, sal ons sien dat in elke geval dit die mense se besittings is wat vir hulle belangriker is as hulle vriendskap. Die mense is selfsugtig, en daarom kom hulle materialistiese belange voor verhoudings met ander mense, selfs hulle vriende.

Terloops, die verskoning van die een wat aangevoer het dat hy pas getroud is, en daarom nie kon kom nie, het hier ook met eiendom te make. 'n Vrou is daardie jare as 'n man se eiendom of besitting beskou!

Jesus vertel dat die man baie kwaad geword het omdat die mense hom so beledig het deur sy uitnodiging van die hand te wys. Sy slaaf word dringend uitgestuur om die uitgeworpenes op die strate bymekaar te maak vir die feesmaal. Hy word selfs wéér 'n keer gestuur om buite die stad te gaan soek vir nog mense, enigeen wat hy in die hande kan kry, en hy moet by hulle aandring om te kom! Ons sien 'n besliste dringendheid in hierdie man se bevele. Daar

is nie nog tyd vir uitnodigings stuur en mooipraatjies nie.

Wat moet ons maak van so ‘n storie? Hoe moet ons dit verstaan?

In die eerste plek het die verhaal gegaan vir die mense wat saam met Jesus aan tafel gesit het. Hulle was almal mense wat hulleself as “vriende van God” beskou het, want hulle was immers die kerkleiers en mense wat Bybelkennis gehad het. Hulle was egter die mense wat baie skepties was teenoor Jesus, en wat Hom uiteindelik sou verwerp en vervolg. Daarom rig Hy sy uitnodiging eerder aan die gewone mense en selfs nie-Jode, want hulle sou Hom aanvaar.

Maar hierdie verhaal spreek ook baie hard tot ons vandag. Hoeveel tyd het ons werklik nog vir die Here? Hoeveel tyd spandeer ons elke dag in die teenwoordigheid van ons Vader? Ongelukkig het “tyd saam met God” vir die meeste gelowiges geword, ‘n vinnige skietgebedjie, twee versies uit ‘n Psalm lees en as daar nog tyd is, gou ‘n bladsytjie uit Oom Solly se dagstukkieboek te lees. Om erns te maak van stiltetyd, en waarlik die Here se teenwoordigheid te soek, is daar net eenvoudig nie tyd nie. Ons werk is belangrik, en ons sloof ons af vir die baas, maar die Een wat werklik belangrik is, kry net ‘n ou lekseltjie van ons tyd.

“Waar moet ek die tyd kry?” sal jy dalk vir my vra. Deur net ‘n halfuur of ‘n uur vroeër op te staan, maak jy vir jouself oorgenoeg tyd. Vroeg-oggend is heerlik, want dan is alles doodstil en daar is niemand wat jou pla nie. Dit is asof jy God

se stem klokhelder en duidelik kan hoor in die oggendstilte. Persoonlik beleef ek Hom nog meer intens as ek neerskryf wat ek uit die Woord ervaar. Hierdie dagstukkies is elke oggend vir my persoonlik ‘n wonderlike avontuur wat ek beleef saam met my Vader. Daarom kan ek ook nie anders nie as om dit met die ganse wêreld te deel. Ek wil dit uitroep - uitbasuin dat die Here wonderlik is.

Die tydjie soggens saam met die Here  maak dat ek net eenvoudig nie kan wág dat dit Sondag moet word nie, want die erediens is vir my die hoogtepunt van die week. Ek wil dit vir niks op aarde misloop nie! Ek is opgewonde oor my belewenis met die Here, en dit is heerlik om dit te kan uitleef. Is jy ook opgewonde?

Gebed: Here, elke dag saam met U is ‘n wonderlike fees. Dankie, dankie, dankie Here!

## Bereken Die Koste

## Lukas 14:25-35

Ek was maar nog ‘n bloedjong kêreltjie, toe ek eendag die besluit neem om vir myself ‘n huis te bou. Ek het vir ‘n bouer gewerk, en ek het darem ‘n klompie boukennis versamel. Uit my spaargeld koop ek ‘n erfie (met behulp van ‘n lening), en toe begin die bouproses. Vinnig-vinnig trek ek ‘n plan op van my droomhuis, en toe begin ek bou. Geld was daar nou nie juis nie, en al wat ek kon bekostig was ‘n vrag stene, ‘n paar sakkies sement en ‘n paar deur- en vensterrame. En toe begin ek. Elke aand na werk spring ek in my erf in en bou dat die byle huil. Maar kort voor lank is my stene op en ook my sement, en die werk kom tot ‘n stilstand. Toe ek ‘n week later op die bouterrein kom, is my vensterrame weg - almal gesteel.

Ek het so magteloos en moedeloos gevoel. My droom het verkrummel, bloot omdat ek nie gaan sit het om die koste te bereken voordat ek begin het nie. Alles was nie verlore nie - ek het darem die erf verkoop gekry en die skuld wat ek gemaak het betaal. Maar die reuse verleentheid, dat ek as bouer so liederlik gefaal het, het my lank bygebly.

Elke dag was daar ‘n groot klomp nuuskieriges wat rondom Jesus saamgedrom het. Maar algaande het ‘n reuse skare begin opbou van mense wat ernstig was oor Jesus. Hulle het oral waar Hy gaan saamgeloop en sodoende Sy volgelinge geword. Na die ete by die Fariseër gaan Jesus na Sy



Gaan Na Inhoud

volgelinge en verduidelik vir hulle dat dissipelskap groot eise aan ‘n mens stel. As jy waarlik vir Jesus wil volg, dan sal jy bereid moet wees om sekere opofferinge te maak. Dit kan selfs beteken dat jy van jou familie moet afstand doen. Diegene wat die naaste aan jou is, moet jy bereid wees om prys te gee. Maar nog erger: jy moet selfs bereid wees om jou eie lewe op die spel te plaas as jy erns daarvan wil maak om Jesus te volg. As ‘n mens nugter hieroor nadink, dan staan jy verslae! Dit is tog haas onmoontlik om sulke vereistes na te kom.

Maar dan kom Jesus met ‘n tweede eis: om jou eie kruis te dra en in Jesus se voetspore te stap. Dit wil sê dat jy Jesus moet navolg in alles wat Hy gedoen het.

Outomaties gaan ‘n mens se gedagtes na ‘n man soos Paulus, wat eerder verkies het om gladnie te trou nie, want die eise wat sy dissipelskap op hom geplaas het, sou ‘n huwelik nooit, óóit laat werk het vir hom nie. Paulus moes sékerlik tog familie gehad het, broers, susters, sy ouers. Maar hy het almal agtergelaat om die wêreld in te vaar as Jesus se dissipel. Paulus was bereid om absoluut alles op te offer vir die Evangelie, selfs sy eie lewe. En talle kere in sy loopbaan het hy kort by die dood omgedraai!

Paulus het egter die koste van sy besluit om Jesus voluit te volg baie goed bereken, en toe besluit dat hy bereid sou wees om die prys te betaal. Hy het nie blindelings daar ingestap nie, maar berekend.

En dit is presies wat Jesus by hierdie skare volgelinge wil tuisbring: Bereken die koste! Hy gebruik twee gelykenisse om dit te beklemtoon hoe belangrik dit is. In die eerste verduidelik hy dat ‘n bouer eers behoorlik sy sommetjies moet maak voordat hy begin bou, anders gaan hy lélik tweedebeste daarvan afkom. En wéét ek dit nie! Ek was sélf die bespotting van die dorp oor my swak beplanning. In die tweede voorbeeld sê Jesus dat ‘n koning tog eers ‘n goeie strategiese beplanning moet maak voordat hy hom in ‘n oorlog begewe. Hy moet bepaal presies hoeveel manskappe nodig is vir die stryd, anders kos dit hom dalk om stert tussen die bene te vlug nog voordat ‘n enkele skoot geskiet is. Die wêreld sal hom mos uitlag!

Kyk ‘n mens na hierdie eise waarvan Jesus praat, dan lyk dit totaal onmoontlik om ‘n volgeling van Jesus te word. Maar eintlik is dit gladnie die geval nie. Dit is egter tóg so dat dissipelskap baie eise aan ‘n mens stel. Dit beteken dat jy sekere vriende sal moet prysgee, bloot omdat hulle jou die verderf insleep. Dit beteken dat jy bereid moet wees om sekere soorte plesier te laat vaar, daardie wilde partytjies waar die Naam van God nie ‘n sent werd is nie; die dobbelhuis waar die geldgod koning kraai; dalk die aande in die kroeg saam met die manne waar almal hulle smoordronk suip en waar die heilige Naam van God saam met ander vloekwoorde en vuil taal rondgeslinger word vir die pret.

Dit gaan ook van jou vra om bereid te wees om jou gewig ten

volle in te gooi in die arbeidsveld van die Here. As gelowiges is ons almal op die hemeltrein. Sommige is bloot passasiers, maar ander is personeel wat dikwels tot laatnag werk. Dissipelskap beteken dat jy jou gemak prysgee en een van die "personeel" word. Dissipelskap beteken ook dat jy bereid moet wees om liefde uit te leef, ten vólle. Ja, Christen-wees is nie vir sissies nie!

Ek wil vandag aan jou 'n uitdaging rig om die koste te gaan bereken, en dan 'n besluit te maak. Moenie wees soos die waardelose sout waarvan Jesus praat in vers 34 en 35 nie, daardie sout wat weggegooi word. Maar word waardevol en diensbaar in die Koninkryk.

Gebed:

Here, ek het die koste bereken, en ek wil U volg, wát ookal die prys.

# Die Verlore Skaap

## Lukas 15:1-10

Jare gelede staan ek eendag en gesels met ‘n vrou in Durban. Sy vertel my baie trots van haar seun wat so omgee vir mense. Sy vertel dat daar ‘n paar dae tevore ‘n bejaarde Zoeloe die steil bult voor hulle huis die straat opgesukkel het. Die ou man was in vodde en duidelik baie arm, en hy het gesukkel om te loop. Sy sê dat haar seun skielik baie jammer gevoel het vir die ou man, en toe gaan hy na hom toe en tel hom op sy rug en dra hom die steil opdraende uit tot heel bo waar die pad gelyk is.

Ek het in afsku na die vrou geluister - hoe kon die jong kêrel homself so verneder? Dit was in die apartheidsjare, en sulke kontak was net nie aanvaarbaar nie. Ek het jammer gevoel vir die vrou, dat sy so blind kon wees, en nie kon sien dat haar seun besig was om sy kultuur te verraai nie. Ek het skynheilig vir die vrou geglimlag en gesê: “How nice!” en toe het ek omgedraai en weggeloop.

Vandag voel ek skaam oor my gedagtes en optrede van daardie jare. Hoe gevoelloos en hardvogtig was ek nie in my jong dae nie!

Die kerkleiers in Jesus se tyd het dieselfde probleem gehad. Lukas vertel dat die Fariseërs en Skrifgeleerdes bitter ongelukkig was omdat Jesus so laag gedaal het om Hom te meng met die skuim van die gemeenskap: die sondaars en

tollenaars. Die ironie van die saak was dat die kerkleiers slegs na Jesus kom luister het met die doel om Hom te kritiseer en Hom te probeer uitvang. Die tollenaars en sondaars het egter na Jesus kom luister omdat hulle besef het dat hulle verlore is, en dat Jesus dalk net hulle redding kon wees.

Op grond hiervan, vertel Jesus 'n paar gelykenisse, nie alleen om vir die Fariseërs te wys hoe verkeerd hulle is nie, maar ook om vir daardie gehate tollenaars en verfoeilike drommels wat in sonde verval het te sê dat daar vir hulle hoop is. Die tema van die gelykenisse is: "Weggeraak en Gekry", en hiermee wil Hy wys hoe baie God omgee vir mense wat die spoor byster geraak het. Die eerste verhaaltjie beeld 'n goeie skaapwagter uit wat baie besorg is oor sy skape. Wanneer een afgedwaal het van die trop, los hy die ander 99 skape nét daar in die veld om te gaan soek na die een wat afgedwaal het. 'n Mens se eerste reaksie is dat daardie skaapwagter dan mos nou sy skape aan hulle eie genade oorlaat. Maar eintlik is dit gladnie so nie, want waar hulle almal bymekaar is in die trop, is hulle veilig, júis omdat hulle saam is en mekaar versterk. Die alleenskaap is egter jakkalskos as hy gelaatstaan word!

Maar dan sien ons ook 'n ander sy van die skaapwagter: wat doen hy as hy die afdwaler kry? Gee hy hom 'n loesing en knoop sy stert? Nee, hy is baie bly, en vertel opgewonde vir al sy vriende dat hy sy skaap gekry het. Liefderyk tel hy die skaap op sy skouers en dra hom terug na die trop.



Gaan Na Inhoud

"Ek sê vir julle", sluit Jesus hierdie storietjie af, "Net so sal daar in die hemel blydskap wees oor een sondaar wat hom bekeer, eerder as oor nege en negentig mense wat reg doen en nie bekering nodig het nie."

As gelowiges kan ons soms darem baie lelik wees. As iemand wat afgedwaal het weer op 'n dag terug is in die "kudde", sê ons vir mekaar: "Het jy gesien wie is terug? Ek wonder hoe lank dit hierdie slag gaan hou?" En dan skud ons meewarig en alwetend die kop in die arme mens se rigting. Ons skryf hom af nog voordat hy behoorlik sy staan gekry het!

Die feit is dat ons Goeie Herder só besorg is oor elkeen van ons, selfs diegene wat afgedwaal het en in sonde verval het, dat Hy ten alle koste wil verhoed dat enigeen verlore raak. En wanneer 'n afgedwaalde terug is, dan jubel en juig die ganse hemel. Die waarskuwing wat ons in hierdie storietjie moet lees, is dat ons ook moet deel in daardie vreugde, en dat ons wat sterk staan in die geloof daardie ou wat wankelend sy voete probeer vind, moet ondersteun en dra totdat hy weer ten volle deel is van die kudde.

In die tweede storietjie plaas Jesus die stempel op die boodskap van die eerste een. Dit gaan oor 'n vrou wat een van haar tien muntstukke verloor het. Daar is 'n dringendheid in haar soektog na die verlore muntstuk, en wanneer sy dit na 'n groot gespook kry, dan gaan vertel sy vir al haar vriendinne dat dit uiteindelik gevind is. Haar blydskap ken geen perke nie! Die tema van hierdie storie is dieselfde

as die een van die verlore skaap: God is verheug oor elke afgedwaalde wat weer tot bekering kom.

Die boodskap vandag aan jou, die leser (en beslis ook vir my!) is dat as jy dalk vandag in sak en as sit omdat jy ‘n afgedwaalde is, dan kan jy verseker wees daarvan dat God naarstigtelik op soek is na jou. Hy soek jou nie om jou te straf nie, maar om jou te red en omdat Hy vir jou lief is. En as jy een van die bevoorregte 99 is, dan moet jy die afgedwaaldes in liefde en met ope arms terug verwelkom.

Gebed:

Here, vergewe my waar ek dikwels so afsydig staan teenoor iemand wat afgedwaal het. Gee my asseblief ‘n allesomvattende liefde in my hart.

# Die Pa wat sy Seuns Verloor het

# Lukas 15:11-32

Na die kort gelykenisse van die skaap en die muntstuk wat verlore geraak het en gevind is, vertel Jesus nou die storie van ‘n man wat so byna-byna albei sy seuns verloor het.

Die verhaal begin waar die jongste broer sy pa kom vra vir sy erfgoed. Dit was ‘n skokkende ding om te vra, want hiermee wil hy eintlik vir sy pa sê: “Ek wens pa was darem nou al dood sodat ek my geld kan kry!” Die feit is dat daar ‘n spanning ontstaan het tussen pa en seun, en dat die seun vry wou wees van sy pa se seggenskap en ekonomies op sy eie voete wou staan. Hierdie is ‘n probleem wat al eeue lank gesinne uitmekaar skeur.

Die pa se reaksie is vreemd-verrassend, want ek sou nou gedink het dat die pa die seun sou verskreeu en vir ses maande hok - dit nou nadat hy sy pak slae gekry het. Maar nee, die pa staan die versoek toe. In kort sien ons hoedat die seun eers sy kosbare erfporsie verkoop sodat hy geld kon kry. Daarna het hy al sy erfgeld verkwis, en dan beland hy in groot moeilikheid. Hy gaan bly onder haglike omstandighede as bywoner by een van die heidense burgers van die land en pas varke op (hoe aaklig vir 'n Jood!) Uiteindelik besef hy hoe dom hy was, en dan kruip hy terug na sy pa toe, hoed in die hand. Hy besef dat hy gesondig het, nie alleen teen sy pa nie, maar ook teen God.



_Gaan Na Inhoud

En dit is juis hier waar die verhaal nóg ‘n slag ‘n verrassende wending neem. Weereens doen die pa presies die teenoorgestelde as wat ons verwag. Ons sien 5 aksies van die pa: Hy sien hom van ver af aankom; hy kry hom innig jammer; hy hardloop hom tegemoet; hy omhels hom; hy soen hom.

Nêrens lees ons dat die pa vir sy seun sê: “Ja, ek het jou mos gesê!” of “Dit sal jou leer!” nie. Hy het hom nie verlekker in sy seun se ellende nie, maar hy doen eerder die ongehoorde en onwaardige ding (vir Oosterse mans) en hardloop hom tegemoet. Hy gee sy eie waardigheid prys omdat hy bly is dat sy seun terug is, en so maak hy daardie verskriklike pynlike laaste treë huistoe vir sy seun makliker. In hierdie pa se optrede lees ons dit helder en duidelik dat hy al lááankal sy seun vergewe het vir die verskriklike onreg wat hy hom as pa aangedoen het.

Terwyl die seun op pad was huistoe, het hy geloop en uitwerk presies wat hy vir sy pa sou sê, en hoedat hy sou aanbied om een van sy pa se dagloners te word as sy pa hom maar net wil aanvaar. En hier word hy so oorweldig met liefde dat hy nie eers kans kry om vir Pa te sê dat hy bereid is om te werk vir sy losies nie. Sy pa het klaar bewys dat hy hom onvoorwaardelik vergewe en aanvaar, en net om die stempel daarop te plaas, reël hy ‘n groot fees om hom tuis te verwelkom.

Maar die verhaal het ook ‘n donker sy. In die veld was die

oudste broer besig om te werk toe hierdie fees aanmekaargeslaan word. Toe hy by die huis kom, kon hy sy oë nie glo nie: Kleinboet het sowaar die vermetelheid gehad om terug te kom, en wat maak Pa? Nee, hy smyt hom nie in ‘n strafkamp nie, maar hy hou vir hom ‘n partytjie na alles wat hy sy arme pa aangedoen het! Sommer dadelik is hy dikbek. Hy weier om die partytjie by te woon.

Wat maak sy pa? Met dieselfde geduld en liefde wat hy vir kleinboet verwelkom het, gesels hy nou met sy oudste. Dan verduidelik hy vir die seun dat, anders as sy broer, hy nog al die tyd by sy pa was en gedeel het in al die seëninge van die huishouding. Boonop was al sy pa se besittings in elkgeval ook syne. Daar was dus absoluut géén rede waarom hy nog enigsins kon verwyt nie.

Wat was die broer se reaksie? Ons weet nie. Die verhaal het ‘n "oop" einde, een wat ons sélf daar moet inskryf. Dit dwing ons eintlik om die vraag te beantwoord ten opsigte van onsself. Hoe reageer ek persoonlik hierop? Wat is my eie reaksie as iemand wat roekeloos gelewe het tot inkeer kom?

As ons in perspektief na die verhaal kyk, sien ons dat nie een van die twee seuns hulle pa se liefde werd was nie. Hy het hulle egter onvoorwaardelik liefgehad, en al wat hy van hulle verlang het was om met mekaar versoen te raak en mekaar te aanvaar, en dat hulle albei hulle pa se versorging en liefde sal aanvaar.

Dalk is jy vandag die jonger seun wat jou rug op God gedraai

het, en afgedwaal het. Vir jou sê die verhaal dat God vir jou wag met ope arms en tonne liefde om terug te kom.

Maar jy kan dalk ook die seun wees wat nog altyd jou deel gedoen het en getrou was in jou diens aan God, die nabyheid van Hom beleef het. Vir jou wil die verhaal vanoggend herinner dat jy nie meerderwaardig moet optree teenoor diegene wat afgedwaal het nie. Wees deel van die verwelkomingskomitee. Op daardie manier wys jy vir die Here dat jy Sy goedheid en liefde waarmee Hy jou elke dag so oorlaai, opreg waardeer.

Gebed:

Here, gee asseblief vir my vandag liefde in my hart teenoor elkeen wat oor my pad kom. Maak my vergewensgesind, en leer my om nie neer te sien op ander nie.

# Die Slim Bestuurder

## Lukas 16:1-13

Wanneer dit by geldsake kom, kry jy baie slim mense- ouens wat elke truuk onder die son uitdink om vinnig stinkryk te word, en in die proses gee hy nie om hoeveel mense langs die pad ondergaan nie. Dag-vir-dag hoor ons oor die nuus van die slim manne wat uitgevang is, en elke keer is daar sommer baie miljoene op die spel. Die hartseer is dat dit dikwels pensionarisse is wat hulle pensioengeldjie wou belê, wat die onderspit moet delf en alles verloor. En dit terwyl die swendelaar baiekeer skotvry daarvan afkom, bloot op 'n tegniese punt in die hofsaak. Ja, en wat van al dié wat nooit eers uitgevang word nie?

Jesus vertel juis vir Sy dissipels 'n storie van so 'n kêrel wie se bestuurspraktyke van sy baas se sake baie verdag was. Die baas het snuf in die neus gekry, en toe vra hy die bestuurder om te kom verslag doen. Die kêrel het sommer dadelik gesien dat hier gróót moeilikheid kom, en toe begin hy plannetjies beraam om sy eie bas te red. Hy probeer nie eers verskonings maak by sy baas nie, want hy weet dat hy so skuldig is soos die houtjie van die galg. Wat doen hy? Hy koop die mense om wat vir sy baas geld skuld, hopende dat hy in hulle goeie boekies sal kom en dat hulle hom weer sal help as hy later werkloos is. Hy het al die stewel sien kom!

Toe die baas agterkom van die gekonkel, sê hy dir hom: "Dit was nou baie slim!" Eintlik was dit sarkasties bedoel, want

die baas was die een wat gely het onder die kêrel se kullery. Jesus se kommentaar oor hierdie storie is: "**Die mense van hierdie wêreld tree onder mekaar slimmer op as die mense van die lig.**" (v.8) Met ander woorde, die wêreldling is nie bang om allerhande wêreldse beginsels tot sy eie voordeel toe te pas nie. Mense van die lig (gelowiges) kan by die wêreldlinge gaan leer, nie om oneerlike beginsels te gebruik nie, maar om die beginsels van die lig (dit is nou God se voorskrifte) te gebruik en prakties toe te pas tot hulle eie voordeel en die voordeel van ander mense.

Die volgende uitspraak van Jesus word dikwels ook verkeerd verstaan: "**Gebruik die oneerlike mammon om vir julle vriende te maak sodat wanneer die geld nie meer help nie, hulle julle in die ewige wonings sal ontvang.**" (v.9) Mammon is 'n benaming vir 'n mens se aardse besittings of jou rykdom. Dit kan jou baie maklik van God af weglok en jou 'n slaaf maak. Dit is vals sekuriteit! Met hierdie uitspraak wil Jesus sê dat 'n mens jou geld moet gebruik op 'n goeie manier. Jy moet dit letterlik gebruik om vriende te maak. Prakties beteken dit dat 'n gelowige die geld wat God onder jou bestuur geplaas het só moet gebruik dat dit 'n instrument word in die hand van God. Jy en jou finansies word op hierdie manier 'n werktuig in God se hand waardeur Hy vir ander mense sorg.

'n Gelowige moenie lewe soos 'n dief nie, want 'n dief sê: "Jou geld is myne! Baie dankie, ek sal dit maar vat!" Aan die

ander kant is die vrek se lewe ook verkeerd, want hy sê: "My goed is mý goed, los dit uit!" Die humanis het 'n baie "edel" uitkyk met: "My goed is joune! Vat gerus daarvan vir jou...". Nou wat moet die gelowige se leuse dan wees? "**Alles wat ek besit behoort eintlik aan God, en om daardie rede sal ek dit met jou deel.**"

Die vraag wat ons elkeen vanoggend vir onsself moet afvra, is hoe hanteer ons ons finansies? Klou ons krampagtig vas aan die goed en geld wat die Here aan ons toevertrou het? Ons lewe toenemend in 'n wêreld waar die verskil tussen ryk en arm al hoe groter en groter word. Aan die een kant is daar die mense wat in peperduur blink motors rondrits en in paleise bly. En aan die ander kant is daar die miljoene wat in haglike omstandighede kop bo water probeer hou, dalk selfs snags op 'n sypaadjie iewers in die bittere koue moet slaap. Dalk is jy een van die bevoorregtes. Dink jy ooit aan die nood van die brandarmes? Geld het in die toekomstige lewe absoluut geen sekuriteitswaarde nie. Dit gee 'n baie beter belegging as jy besluit om in menselewens te belê. Ja, ek ken baie welaf gelowiges wat altyd 'n oop hand en 'n oop beursie het vir armes. Die een kenmerk van hulle lewens is die geluk wat uit hulle straal.

Jesus sluit die vertelling af met die woorde dat jy 'n besluit moet neem. Jy kan nie tegelyk vir God en die geldgod Mammon dien nie. Dit is óf die een óf die ander. Jy moet besef dat alles wat jy het, aan God behoort en dat jy dit dus

slegs vir Hom bestuur. ‘n Mens moet jouself dus gereeld die vraag afvra: “Bestuur ek God se bates op ‘n doeltreffende manier? Bestuur ek dit op die wyse wat God wil hê dat ek dit bestuur?” Weereens is die maatstaf wat Jesus gegee het in die liefdesgebod, dat ek God moet liefhê asook my medemens, van kardinale belang, want as ons waarlik liefde leef, sal ons bereid wees om God se gawes met minderbevoorregtes te deel.

Gebed:

Here, ek moet vanoggend bieg dat ek nie eers náástenby ‘n goeie bestuurder is van die bates wat U my gegee het nie. Help my asseblief om U goed reg te gebruik.

# Die Wet en die Koninkryk

## Lukas 16:14-18

Die ou grondpaadjie is liederlik sleg en vol slaggate, sommige so groot dat ‘n Volkswagentjie maklik daarin sal verdwyn. Ons gooi wilde esse om die klippe en bome mis te ry, en dit gaan maar kruip-kruip. Ek en Mosbolletjie het 'n paar jaar gelede gekuier in Mkhuze, een van die pragtige wildtuine van KwaZulu-Natal. Al die ou grotes, buiten leeus is daar in hulle volle glorie. Soos in al die groot wildtuine is daar ook wette, en die een is dat jy nie uit jou voertuig mag klim nie. Ons is op pad na ‘n wildskuiling, en ons het nie ‘n idéé wat op ons wag nie. Ons is nuuskierig en opgewonde as ons die laaste stukkie slegte pad aandurf.

Uiteindelik is die parkeerterrein voor ons. Maar van ‘n wildskuiling is daar g’n teken nie. ‘n Klein voetpaadjie wat tussen die bome in verdwyn, dui vir ons die rigting aan om te loop. Ons gryp al ons kamera-toerusting en verkykers en val met dapper en stapper in die pad. Die voetpaadjie verdwyn daar voor iewers om die draai. Die stappie deur die veld is heerlik opwindend - ‘n mens verwag enige oomblik ‘n renoster of ‘n grootvoet-olifant of ‘n ding wat vir jou tussen die doringbome staan en wag. ‘n Reuse goue wawiel spinnekop hang rustig, afwagtend in haar web van staalsterk draadwerk en wag vir ‘n dom gogga om daarin vas te vlieg. Ons drink die natuur in - insekte, bome, bossies, struike, grasse - ‘n rooibok wat aan die hardloop gaan as hy vir ons

skrik.

En dan skielik is die wildskuiling se lang, kronkelende houtgangetjie voor ons. As ons die hekkie agter ons toetrek, dan voel jy die benoudheid wat jou omklem, en as die skuiling uiteindelik na ‘n ewigheid voor jou staan, dan klop jou hart in jou keel. Wat gaan ons daar kry? Gaan daar ooit iets wees?

Ons snak na ons asems as ons die grasdakgeboutjie se trappies opklim. Voor ons ontvou die panorama van ‘n watergat wat letterlik lewe van al die diere en voëls wat daar saamdrom. Dit is lewe in alle oorvloed! Sebras, willebeeste, varke, rooibokke, njalas, en dan het jy nog nie eers begin met die swerms en swerms voëltjies wat wip tussen die boomtakke en die water nie. Wat ‘n fees!

In ‘n sekere sin is daar baie ooreenkomste tussen ons reis na die watergat en die geskiedenis. Die rowwe grondpaadjie is die Ou Testament, waar dit dikwels ook maar bitter rof gegaan het. Baie streng wette het gegeld, en daarvan durf jy vir g’n oomblik afwyk nie. Om die saligheid te kon kry, moes jy op die paadjie wat God daar uitgestippel het bly, en nie daarvan afwyk nie. Dit was nog erger gemaak deur die Fariseërs met hulle menslike wette wat soos meulstene om die nek gehang het. Toe kom Johannes (dis nou die parkeerterrein), en groot opgewondenheid heers. Iewers daar voor is die nuwe bedeling, maar niemand kan dit nog werklik sien nie, en almal wonder daaroor. Die ongelooflike

tyd breek aan as Jesus vir drie jaar lank die gordyn so 'n effe lig. Saam met Hom ontdek jy die vryheid wat daar voor wag wanneer jy in die voetpaadjie afstap. Ja, die wet is steeds daar, en jy durf nie van die paadjie afwyk nie, maar nou is jy nie meer gekluister in die rigiede wetsdop van die motor nie.

Ons beleef saam met Jesus die donker gangetjie van Sy verhoor, kruisiging en dood. Maar aan die einde daarvan ontplof die Nuwe Testament in al sy glorie voor jou wanneer jy die koel wildskuiling betree.

Die Fariseërs het Jesus uitgelag oor Sy gelykenis van die slim bestuurder. Maar Jesus het dwarsdeur hulle gekyk. Hulle gesindheid teenoor die wet was totaal skeefgedraai. Hulle probeer hulleself verskriklik vroom voordoen voor die mense. Elke tittel en jota van die wet word tot in die fynste detail nagekom, maar van binne is hulle vrot. Uiterlik moet hulle baie goed vertoon om mense te beïndruk, maar vir hulle gaan dit bloot om wette te onderhou vir die saak van die wet.

Jesus beklemtoon die feit dat die wet wél belangrik is, maar dit is die gesindheid waarmee jy die wet onderhou wat van deurslaggewende waarde is. Die koms van Jesus het nie beteken dat die wet nou sommer by die deur uitgegooi word nie. Die feit is dat niemand die saligheid kan kry deur die wet te onderhou nie, want niemand kan dit perfek doen nie. Slegs 100% perfeksie is vir God goed genoeg!

In Jesus het ons as gelowiges egter volle vryspraak. Nou

onderhou jy die wet, nie omdat dit jou in die hemel gaan bring nie, maar om jou dankbaarheid en liefde teenoor God uit te leef. Voorbeeld: as ons in die wildskuiling sit, heers daar 'n gewyde stilte, nie omdat die wet so sê nie. Daar hang wél 'n bordjie wat sê STILTE, maar eintlik bly jy stil omdat jy dit nie vir die ander mense wil bederf nie. En ek gaan beslis nie deur die opening stap na die watergat toe nie, want dan gaan die diere mos weghol, en ek gaan almal se pret bederf. Die wet dien as 'n riglyn en uit liefde vir God en my medemens gaan ek my bes probeer om by die wet te hou. Ek sien dit egter ook nie as 'n swarigheid nie, maar vir my as gelowige is dit 'n vreugde, 'n uitdaging om my by God se riglyne te hou.

Gebed:

Here, dankie vir die wonderlike vryheid wat U ons gegee het. Help my asseblief dat ek nie my vryheid misbruik nie.

# Lasarus en die Ryk Man

## Lukas 16:19-31

Het jy al ooit dors gehad, verskriklik baie dors? Ek onthou met my dienspligjare wat versengende dors kan beteken. Ons was dikwels deur die sersant tot absolute breekpunt gedryf, en ek onthou hoe my keel soos ‘n kaggel gevoel het. My tong was vasgelym aan my verhemelte, en ek het gesmag na ‘n druppeltjie water. Wanneer jy uiteindelik die geleentheid kry om te drink, tap jy jou staaldak (dis nou daardie staal hoed wat soldate dra) propvol water, en jy drink en drink en drink tot jou pens so boep staan soos 'n negemaande-swanger vrou. Jy kry net eenvoudig nie genoeg nie!

Iemand anders vertel weer van ‘n oorlewingskursus wat hy in die weermag gedoen het, en waar die verskriklikste dors hom oorval het. Sy bietjie watervoorraad was op, en die son het hom genadeloos gebak. Uiteindelik spoor hy ‘n klein modderige poeletjie water in die veld op. Reg in die middel daarvan lê ‘n groot koek olifantmis. Hy vertel dat, sonder om eers tweekeer te dink, hy die mis eenkant toe gestoot het en die modderige brousel behaaglik opgeslurp het. Hoe dors kan ‘n mens word!

Jesus skuif die gordyne van die lewe na die dood vir ons so op ‘n skrefie oop. Eintlik is Hy besig om steeds met die Fariseërs te praat nadat hulle Hom uitgelag het oor Sy uitsprake oor die gevare van rykdom. Hy vertel vir hulle ‘n

storietjie van ‘n ryk man wat in groot weelde geleef het terwyl daar ‘n arm man sit en krepeer het voor sy huis, in die hoop dat hy so ‘n stukkie afval sou kry om te eet.

Die kontras wat Jesus skilder tussen die twee is geweldig groot: die ryk man se beker loop oor, en partytjies is sy alledaagse norm. Nie alleen is die arm maar bitter arm nie, maar hy verkeer in groot pyn en sy liggaam is oortrek met swere. Die enigste verligting wat hy kry, is die rondloperhonde wat sy sere lek. Hierdie is die enigste gelykenis wat Jesus vertel waar een van die karakters ‘n naam het: die arm man se naam is Lasarus. Die betekenis van die naam is “God Help”, en Jesus het dit waarskynlik simbolies gebruik.

Jesus vertel dat albei gesterf het, en skielik is die rolle omgeruil. Vir oulaas is die ryk man bederf met ‘n swierige begrafnis, en vir oulaas word Lasarus se liggaam heel waarskynlik weggegooi op die ashoop in die vallei van Gehinnom. Maar dan kom die transformasie, en Lasarus word weggedra deur engele na Abraham. Die ryk man? Hy beland in die doderyk, en nou is dit skielik hý wat pyn verduur terwyl Lasarus rus en geluk vind langs Abraham.

Die allerverskriklikste dors oorweldig die ryk man, en hy smag na ‘n druppeltjie water. Hy sou waarskynlik óók die olifantmis-modderwater gedrink het - as daar maar was! Maar daar was niks, net die versengende, uitmergelende hitte van die vuur wat hom verteer. Die ergste van alles is dat



Gaan Na Inhoud

hy daar oorkant die kloof vir Lasarus kon sien. Hy smeek Abraham om te help, maar Abraham is magteloos. Dan smeek hy Abraham om ‘n engel te stuur om sy familie wat agtergebly het te gaan waarsku. Maar ook dít word geweier.

Die feit is dat die ryk man op aarde oorgenoeg tyd gehad het om die arme Lasarus se nood te verlig. Hy het ook oorgenoeg middele gehad, maar hy het hom nie verwerdig om enigsins aandag te gee aan hierdie arme man in nood nie. Die enigste liefde wat daar ooit in sy lewe was, was liefde vir homself. Vir ander (veral armes) het hy nie ‘n dooie duit omgegee nie.

Die doel van Jesus se gelykenis is nie om ons te wys hoe dit anderkant die dood lyk nie, alhoewel ons so ‘n effense blik op die “anderkant” kry. Die tydperk direk na jou dood is eintlik ‘n soort tussentoestand, waar jou liggaam en siel geskei word. Jou verganklike liggaam bly agter terwyl jou siel die ewigheid betree, waar daar alreeds ‘n skeiding is tussen gereddes en ongereddes. Vir die gereddes is daar hemelse saligheid saam met al die ander gereddes deur die eeue. Vir die ongereddes wag die verskrikking van die doderyk. Hierdie is nog nie die Hel nie! (so sê die geleerdes). Met die wederkoms van Jesus gebeur daar iets wonderlik, wanneer mense weer ‘n nuwe liggaam kry. Maar hierdie is ‘n bespreking vir ‘n ander dag!

Wat is Jesus se boodskap vandag vir ons moderne mense? Nee, nie dat dit verkeerd is om ryk te wees nie. Die vraag is


Gaan Na Inhoud

egter hoe jy jou rykdom hanteer en bestuur. Ja, en dit geld nie net vir die stinkrykes nie, maar ook vir jou en my, die doodgewone mense. Is jy bereid om met ‘n oop hand te lewe en jou oë oop te maak vir die nood van ander mense? Alles kom weereens net neer op liefde: Jesus het dit by verskeie geleenthede op mense se harte gedruk, dat jy nie alleen liefde vir God moet uitleef nie, maar nét so belangrik dat jy liefde teenoor jou medemens moet uitleef op alle terreine.

Gebed:

O Here, ek staan só skuldig waar dit by die uitleef van liefde kom. So dikwels kyk ek liewer die ander pad. Vergewe my, en help my asseblief om my liefde ten volle uit te leef.

## Moeilike Opdragte

## Lukas 17:1-10

As gister se Skrifgedeelte, wat gehandel het daaroor dat ons ‘n oop hand moet hê vir armes, vir jou ‘n probleem was, dan sal vandag se uitsprake wat Jesus maak dalk vir jou nóg ‘n groter probleem wees. Verskeie mense het my al dikwels gevra: “Hoe weet ek vir wie om te gee, en wie die ouens is wat net geld soek vir ‘n botteltjie vuurwater?” Die antwoord is gladnie so eenvoudig nie! Ek is persoonlik al dikwels ingeloop deur gladdebek swendelaars wat huilend ‘n droewige storie vertel wat jou hart vermurwe, en dan gee jy maar. Maar intussen lag die persoon jou uit omdat jy geval het vir sy truuk! Die feit is dat jy nie altyd sal kan onderskei tussen ware behoefte en swendelary nie. Dit is egter op daardie persoon se gewete- God is die Een wat sal oordeel.

In vanoggend se Skrifgedeelte vertel Lukas van vier moeilike uitsprake wat Jesus gemaak het, dinge wat elke dag op ons pad kom en wat ons meeste van die tyd totaal verkeerd hanteer.

Die eerste een kan ‘n baie irriterende opdrag wees, want dit vra van jou as gelowige om sekere dinge in jou lewe prys te gee ter wille van ander jong gelowiges. In kort kom dit daarop neer dat iemand wat pas tot geloof gekom het, nog soos ‘n baba is, bitter broos, en die geringste dingetjie kan hom laat struikel. Jy moet dus baie versigtig wees wat jy teenoor daardie persoon sê of wat jy doen, sodat jy nie dalk

die oorsaak is van sy val nie. So is daar byvoorbeeld baie vraagstukke in die Bybel waarvoor ons net eenvoudig nie ‘n klinkklare antwoord het nie. Vir die “ou” gelowige is dit nie ‘n probleem nie, want hy aanvaar dit in die geloof. Vir die splinternuwe gelowige kan dit ‘n onklimbare berg wees, dus vermy jy liewer die onderwerp as jy met hom praat. Daar kan ook goed wees wat jy as vanselfsprekend aanvaar, en wat vir hom ‘n struikelblok kan wees. Dan maak jy eerder die opoffering om daarvan weg te bly ter wille van hom.

Die tweede opdrag is om met jou medegelowige te praat as hy iets verkeerd doen. Dit is natuurlik iets wat ons baie maklik doen! Die moeilike deel kom egter by: dat jy hom moet vergewe as hy jou te na gekom het. En as hy dit die dag sewe keer doen, dan vergewe jy hom sewe maal. Elders sê Jesus vir Sy dissipels dat jy iemand sewentig maal sewe keer moet vergewe, en dit beteken nie dat jy moet gaan sit en tel nie! Dit is bitter moeilik om iemand wat jou grensloos irriteer maar net oor en oor en oor te vergewe sonder om iets teen hom te hou.

Die apostels het besef hoe moeilik dit is om by hierdie voorskrifte van Jesus te bly, en daarom vra hulle Hom dat Hy vir hulle meer geloof sal gee. Jesus se reaksie is dat Hy vir hulle dit nog duideliker maak hoe radikaal Sy eise eintlik is. Hy verduidelik dat as hulle maar ‘n geloof so groot soos ‘n mosterdsaadjie gehad het, dan sou hulle berge kon versit.

As ‘n klein bietjie geloof sulke radikale aksies sou kon regkry,

dan is daar maar net ‘n ou titseltjie geloof nodig om Jesus se opdragte te kan uitvoer. Ja, inderdaad is Jesus se eise baie hoog, en as gelowige sien ons dit vandag steeds dikwels as ‘n Everest hindernis. Maar die feit is dat iemand wat dit in die geloof wil waag, die verrassing kry dat daardie stap gepaard gaan met haas-onmoontlike krag. Baie sendelinge kan vandag daarvan getuig dat waar hulle in onmoontlike situasies ingestap het, wonderwerke gebeur het. Die groot geheim is dat ons in die eerste plek die Heilige Gees het wat ons onmeetbare krag kan gee.

Daar is egter ‘n gevaar aan verbonde: Ons durf nooit, ooit hierdie Bron van krag misbruik deur God se arm te probeer draai of om Hom te manipuleer nie. Ons durf God nie probeer dwing nie! In die tweede plek durf ons geloof nooit, ooit as ‘n soort toorkrag sien waardeur ons God kan beheer nie, of dit vir ons eie voordeel gebruik nie. Dit moet te alle tye om die eer van God gaan.

Dit bring ons by die vierde opdrag, wat half in teenstelling is met ander uitsprake van Jesus. Deur ‘n gelykenis verduidelik Jesus dat ons soos slawe moet wees teenoor God. “Maar ons is mos Sy kinders!” wil ons dit uitskreeu. Tóg is ons as gelowiges in ‘n sekere sin soos slawe: ‘n slaaf verdien absoluut niks nie, want hy is sy eienaar se eiendom, gekoop deur hom.

Ons is duur gekoop! Ek en jy het absoluut niks gedoen om God se guns te verdien nie. Alles wat ons gedoen het is ‘n

gruwel in Sy oë. Nogtans het Hy ons gered en ons die saligheid gegee. Om daardie rede dien ons Hom met alles wat in ons is, sonder om gunste van Hom terug te verwag. Ons dien Hom omdat ons dankbaar is dat Hy ons uit die kloue van die duiwel geruk het en vir ons die voorreg gegee het om deel van Sy "gesin" te wees. Om dus te sê: "Here, ek sal hard werk vir U, maar dan wil ek graag 'n mooi huis hê", is totaal verkeerd. Maar nogtans, ten spyte van al ons tekortkominge, en ten spyte daarvan dat ons Hom so dikwels bedroef, oorlaai Hy ons elke dag met genadegawes. Kom ons leef dankbaar, en dien Hom met alles wat ons het!

Gebed:

Here, al wat ek vanoggend kan sê is: "Dankie, dankie, dankie!" Ek verdien niks hiervan nie!



Gaan Na Inhoud

# Tien Melaatse Manne

## Lukas 17:11-19

Lukas herinner ons weereens daaraan in vers 11 dat Jesus en sy volgelinge steeds op reis was na Jerusalem. Hy sê nie presies hoe lank dit geduur het nie, maar dit voel vir ons asof hierdie paar kilometer vir ewig aanhou. Dalk het dit baie stadig gegaan as gevolg van die groot aantal mense wat gedurig Jesus se aandag soek, en omdat Hy deurentyd die mense geleer het oral waar Hy kom.

‘n Droewige prentjie begroet hulle wanneer hulle by een van die dorpies kom. ‘n Groepie van tien baie bedremmelde mans staan op ‘n afstand en skree vir Jesus: “Jesus, Here, ontferm U oor ons!” Verstotelinge uit die samelewing - hulle moes buite die stad in die veld bly, en hulle durf nie met enige mens kontak maak nie, want hulle was melaats. Dit was ‘n hopelose en baie troostelose situasie. Ek dink dat hierdie groepie al lankal van Jesus gehoor het, en dat hulle sit en wag het vir die oomblik wat Hy by hulle dorpie sou aandoen. Nagte deur het hulle dalk sit en gesels oor die moontlikheid dat hierdie Jesus eendag op hulle pad sou kom. Ons merk op dat een van hulle anders as die ander lyk: hy is ‘n Samaritaan. Nou weet ons mos ook al dat Samaritane nie hulle durf meng met Jode nie. Maar hulle siekte en die feit dat die gemeenskap hulle verwerp het, breek hierdie verskriklike muur só af, dat hulle selfs hierdie Samaritaan in hulle midde verdra.



Gaan Na Inhoud

Daardie oggend het begin soos enige ander oggend, pynlik, droewig en mistroostig. Maar dan merk iemand doer onder in die vlakte ‘n beweging. Nee, dit is nie maar net een of twee mense wat aangestap kom nie, maar dit lyk asof die ganse vallei beweeg. Daar moet duisende mense bymekaar wees! Die man met die baie sere op sy lyf skreeu opgewonde vir sy makkers: “Kyk! Hy is op pad!” Die opgewondenheid is baie, baie groot. “Manne, vandag is die dag!”

“Wat gaan ons doen?” wil een weet.

“Saamstaan manne, saamstaan sodat Hy ons net eenvoudig móét raaksien.”

Die ure sleep traag verby, en die stoet in die vlakte beweeg op ‘n slakkepas. “Hoe lank nog? Hoe lank nog?”, hoor ons hulle ongeduldig retories vra, “Waarvoor beweeg hulle dan so stadig?”

Amper ‘n dag later kom Jesus en sy gevolg uiteindelik by die dorpie aan. Die skare rondom Hom deins onwillekeurig terug as die tien melaatses skielik hulle pad versper. Soos een man smeek die tien Jesus om hulp. Hulle is aan die einde van hulle kragte. By ons as lesers het hier nou al ‘n reuse spanning opgebou, want hier gaan iets gebeur. Hier móét vandag ‘n wonderwerk plaasvind. Dit is half ‘n antiklimaks as Jesus doodeenvoudig vir die manne sê: “Gaan wys julle vir die priesters.”

Die priesters was die enigste instansie wat iemand wat aan

melaatsheid gely het weer rein en gesond kon verklaar. Nie eers ‘n mediese dokter (soos Lukas) kon hierdie verskriklike siekte gesond diagnoseer nie. Soos een man spring die spul daar weg en hardloop na die priesters toe. Terwyl hulle hardloop, gebeur die wonderwerk: hulle sere verdwyn.

Een van die manne (die Samaritaan) steek viervoet vas. Skielik is daar vir hom iets baie belangriker as om by die priesters uit te kom om rein verklaar te word. Hy draai om en hardloop terug na Jesus toe en val voor Sy voete neer. “Dankie Here, dankie, dankie, dankie”, huil die man, borrelend van blydskap, en hy loof God hardop vir die wonderwerk wat met hom gebeur het.

“En die ander nege?” vra Jesus, “Wat het van hulle geword?”

Die Samaritaan (hy is nie eers ‘n Jood nie) het met sy omdraai en dankbaarheid homself persoonlik aan Jesus verbind, nie slegs omdat hy gesond geword het nie, maar omdat hy in Jesus Iemand baie meer as net ‘n Wonderdoener sien. Ons hoor nooit weer van die ander nege nie.

Ek het oor die jare al talle briewe gekry van mense wat vra hoe hulle ‘n Christen kan word. Vir elkeen van hulle het ek die evangelieboodskap uitgestippel. Slegs enkeles het ooit teruggekom en vertel dat hulle werklik hulleself aan Jesus verbind het. Wat het van al die ander geword? Het hulle ook maar in die niet verdwyn soos hierdie nege manne? Daar moes sekerlik duisende mense gewees het wat deur Jesus

gesondgemaak was, maar net ‘n klein handjievol van hulle het hulleself persoonlik aan Hom verbind en Hom gevolg tot die bitter einde. Hierdie ou paartjies het uiteindelik die kern van die kerk geword wat soos ‘n veldbrand oor die wêreld versprei het.

As jy die evangelieboodskap gehoor het en Jesus se wonderlike verlossing beleef het, kan dit net eenvoudig nie anders nie, dat jy blom in jou dankbaarheid teenoor Hom. Om jou liefde jubelend uit te leef teenoor God en jou medemens, moet eenvoudig ‘n natuurlike reaksie wees. Die vraag is: hoe beleef jy jou Christenskap? Soos die nege wat verdwyn het? Of soos die dankbare Samaritaan?

Gebed:

Here, ek wil vanoggend opnuut in dankbaarheid voor U neerval. Dankie vir alles wat U vir my gedoen het. Leer my om my dankbaarheid ten volle uit te leef.



Gaan Na Inhoud

# Die Seun Kom Weer

## Lukas 17:20-37

"Laat U Koninkryk kom, Here", bid ons die Onse Vader-gebed, sonder om werklik te besef wat ons bid. Waar en wanneer is hierdie "Koninkryk", en wat is dit? Is dit dalk Jesus se wederkoms?

Nee, Jesus verduidelik Sélf wanneer die Fariseërs Hom konfronteer met hierdie tameletjie. "Dit is hier by julle", sê Jesus. "Sien julle My dan nie!", kon Jesus dalk vir hulle uitgeskreeu het. God se Koninkryk het gekom met Jesus se koms na die aarde. Die grootste hoogtepunt in die Koninkrykstyd was die dag toe Jesus die groot losprys betaal het vir ons sondes. Vir die manne wat Hom daardie vraag gevra het, was daardie tyd baie naby. Hulle kon dit persoonlik beleef - wat 'n ongelooflike voorreg. Maar hulle het verkies om dit te ignoreer.

Met Jesus se laaste kruiswoord is alles volbring, die volle prys is betaal, en die nuwe bedeling het aangebreek - die bedeling waarin ek en jy tans staan. Ons staan midde-in die bloeitydperk van die Koninkryk. Dalk nie hééltemal so nie, want weereens is die tyd besig om baie vinnig uit te loop, en ons kan alreeds die donker wolke sien saampak vir die groot dag van Jesus se wederkoms.

11 September lê nog redelik vars in ons geheue. Mense het hulle gewone gang gegaan - werk-toe gegaan;

besigheidstransaksies gedoen; hulle E-pos op die Internet gelees. En toe skielik is daar die verskriklike slag wat die handelsentrum ruk. Paniekerig begin mense die gebou uitvlug, maar dit is alreeds te laat, want minute later word die tweeling-gebou langsaan ook getref, en voordat die hysbakke nog die eerste mense onder kon aflewer, stort die twee geboue ineen met duisende mense in hulle ingewande. Binne minute was alles verby- soos ‘n oogwink.

Aan die anderkant van die wêreld lê mense rond op die spierwit strande van ‘n eksotiese eiland. Die see is soos ‘n spieël, byna nie eers ‘n rimpelinkie nie. Wát ‘n paradys! En dan gebeur ‘n baie snaakse ding, wanneer die water skielik begin terugtrek. Mense wonder nog oor hierdie eienaardige verskynsel, en dan tref die tsunami-golf hulle totaal onverwags. Derduisende mense word in ‘n oogwink van die gesig van die aarde weggevee. Niemand het dit ooit verwag nie. Net soos niemand ooit die ramp van 11 September verwag het nie.

Jesus verduidelik vir Sy dissipels van die ramp in Noag se tyd. Jaco Thom het jare gelede ‘n kostelike reeks boekies geskryf: “Die Bybelkoerant”. Hierin vertel hy van Bybelgebeure in die vorm van koerantberigte. Een beriggie het gelui dat almal gedink het dat die ou man (dis nou Noag) totaal koekoes geraak het, om in die middel van die woestyn ‘n skip te wou bou. En toe hy boonop nog daardie spul wilde diere in sy skip injaag, toe lê hulle van die lag. Ja, en toe kom die reën. Maar

selfs toe die water in strome van die berge afrol, spot die mense steeds met Noag. Alles was baie gou verby, en die menseverlies was ‘n katastrofe. Slegs ‘n klein handjievol in die buik van die groot skip het oorleef.

In die twee dorpe, Sodom en Gomorra, het mense in sonde voortgeleef- so lees ons in die Bybel. En toe kom die dag van die groot ramp, en die enigste oorlewendes was die gelowige Lot en sy twee dogters. Selfs sy vrou het in die slag gebly toe sy begin terugverlang het na die lekker lewe in Sodom. Vir duisende mense was daar géén ontsnapkans nie. Jare later het dieselfde lot die welvarende stad Pompeii getref. Al wat oorgebly het is die spook-vorms van duisende mense wat gesmag het na nóg ‘n kans terwyl hulle verswelg is deur as en rook.

Die mense van Sodom en Gomorra moes sékerlik die tekens gesien het, en nét so moes die inwoners van Pompeii die rammelinge in die berg gehoor het. Noag het die laggende, spottende skare wat om sy skip saamgedrom het gewaarsku, maar hulle het nie ag geslaan daarop nie.

Vandag is ál die tekens reeds daar dat die wederkoms van Jesus gaan plaasvind nét soos dit in die Bybel beskryf is. Die dag en tyd kan niemand voorspel nie. Dit kan dalk nog tien of twintig jaar wees, maar dit kan dalk ook vandag nog gebeur. Die tsunami in die Ooste was die gevolg van spanning wat opgebou het in die aardkors oor ‘n paar jaar. Niemand kon voorspel presies wanneer die aardbewing so kom nie, maar


Gaan Na Inhoud

ál die tekens was daar dat dit sou gebeur. Nogtans het mense hulle nie daaraan gesteur nie.

Moenie dat jy onverwags gevang word met Jesus se wederkoms nie. Maak dóódseker dat jy gereed is daarvoor, want as jy nie is nie, is die dood wat wag ‘n verskrikking wat ek niemand toewens nie. Die vlammehel van 11 September is kinderspeletjies teen dit wat wag op onvoorbereides.

Wat dan van diegene wat gereed is? Hulle sal soos Noag en sy gesin veilig in die ark was, ook veilig wees. Daar is egter een baie groot verskil, want Noag was nog aardgebonde. As jy gereed is vir Jesus se wederkoms, is jou veilige hawe die nuwe Jerusalem soos in Openbaring beskryf- asemrowend!

Gebed:

Here, ek sien met groot verwagting uit na U wederkoms.

# Gebed

## Lukas 18:1-14

Jesus vertel twee gelykenisse oor gebed. In die eerste wil Hy sê dat gebed vrugte afwerp, en dat jy moet aanhou bid. In die tweede maak Hy duidelik met watter gesindheid 'n mens moet bid.

Ek het al talle hartseer briewe gehad van mense wat vertel dat hulle aanhou bid en bid vir 'n sekere saak, maar dat dit voel asof die Here nie die gebed hoor nie. Ander vertel weer dat dit voel asof hulle teen 'n plafon vasbid, en dat hulle die Here gladnie bereik deur die gebed nie. My eie, baie edel gebed, was dat die Here my as predikant in 'n gemeente sou laat dien. Ek moes toekyk hoedat my droom deur my vingers glip. Die Here het nie my gebed toegestaan nie, en ek kon nooit verstaan waarom nie - dit was dan so 'n eerlike en goeie versoek. Twintig jaar later kon ek terugkyk en met wonder sien waarom Hy dit nie wou laat gebeur nie: Hy het my 'n baie beter bediening gegee, waar ek baie, baie meer mense kon bereik as wat ek óóit sou regkry as predikant in 'n gemeente.

Wanneer Jesus die gelykenis vertel, begin Hy deur 'n regter te beskryf. Van iemand in só 'n amp, sou 'n mens deernis en regverdigheid verwag. Hierdie regter het egter die vrou se versoek totaal geïgnoreer. Dan hoor ons dat hierdie man in die eerste plek géén respek het vir God nie, en dat hy hom boonop gladnie aan mense steur nie. Al waaraan hy dink is

sy eie selfbeeld, en toe daardie vrou aanhou neul en neul dat hy haar saak behartig, gee hy uiteindelik in, bloot om sy selfbeeld te beskerm. Die vrou se optrede is volgens sosiale norme van die tyd skaamteloos. Maar sy is desperaat, vasberade!

Jesus lewer kommentaar op die storietjie, en hy tref ‘n vergelyking tussen die onregverdige regter en God. Hieruit leer ons dat God soveel meer regverdig is as hierdie man wat net aan homself dink. Die tweede belangrike vergelyking is dat hierdie man niks vir mense omgegee het nie, maar die Here het soveel deernis vir Sy kinders. Op talle plekke in die Bybel lees ons van Sy wonderbare, onbegryplike liefde vir ons, en hoe Hy Hom oor ons ontferm. Ons lees dat Hy bemoeienis maak met elke gelowige. Ons mag dus maar na Hom gaan in gebed en vir Hom dinge vra. Al voel dit dikwels vir jou asof Hy nie jou gebed hoor nie, kan jy vanoggend verséker weet: Hy luister na jou smeking.

Waarom word ‘n mens se eerlike gebed dan dikwels nie toegestaan nie? Die probleem is dat ek en jy maar bitter klein dink en redeneer. Ons verstandjies is kleiner as mosterdsaadjies in vergelyking met God, en daarom sien ons dikwels net die klein huidige kolletjie rondom ons raak. God sien ‘n baie, baie groter prentjie, en Hy sien nie alleen die huidige en verlede wat ons sien nie, maar ook die toekoms. Hy het immers reeds lankal die toekoms ontwerp! Daarom gee Hy dikwels baie anders (en baie beter!) as wat ons vra.

Ek weet, ek het eerstehandse ondervinding daarvan, en ek kan maar net met groot lof verkondig dat Hy groot en goed en alwetend is, en soveel groter dink as ek, nietige mensie. Die groot geheim is dat Hy wil hê dat ons moet aanhou bid!

Die tweede gelykenis wat Jesus vertel oor gebed, handel oor ons gesindheid. Ons sien die hoogdrawende Fariseër waar hy in die tempel staan en eintlik sy eie lof besing voor die Here. Hy vertel vir God (en almal wat na hom luister!) hoe ‘n goeie mens hy nou éintlik is, en wat hy alles vir die kerk doen. Ek het al by geleentheid predikante hoor bid, en dan som hy eintlik sy preek op vir die gemeente. So ‘n gebed is nie ‘n gesprek met God nie, maar met mense!

Waaroor gaan dit in gebed nou eintlik? Gebed is ‘n eerlike gesprek met God waar dit in die eerste plek gaan oor die belangrikste Gespreksgenoot. Kom ons neem ‘n voorbeeld: as jy die geleentheid sou kry om met ‘n wêreldberoemde ikoon (sê nou maar die koningin van Engeland) te gaan gesels: wat sou jou gesprek behels? Jy sal só opgewonde wees, dat jy vir eers gladnie aan jouself sal dink nie! Jy sal vir haar vertel hoe jy haar bewonder, en haar bedank vir die wonderlike voorreg wat sy jou gegee het. Omdat sy groot mag het, sal jy haar dalk versoek om van haar ongelooflike rykdom te deel met die mense in Suid-Afrika wat in groot nood verkeer. Die geleentheid is só groot, dat jy skoon van jouself vergeet.

Gesels ons met God, dan is dit met Iemand soveel groter, en

die blote gedagte laat ‘n mens bewerasies kry van opgewondenheid. Het ons ooit nog daardie respek en bewondering vir Hom? Voel ons nog klein en nietig en magteloos voor die Koning van alle konings? Wil ons nog uitbars in ‘n jubelende, opgewonde lofprysing vir Hom, elke keer wanneer ons die geleentheid kry om met Hom ‘n gesprek te voer? Wanneer ons met Hom praat, dan behoort ons gedagtes so groot te wees, dat ons nie onsself en ons nietige behoeftetjies raaksien nie, maar die groter prentjie van duisende en miljoene ander wat soveel slegter af is as onsself. Ag, en natúúrlik mag ons maar ons eie behoeftes ook voor Sy voete lê- Hy is immers ons liefdevolle Vader!

**Gebed:**

**Almagtige Vader, vanoggend wil ek U grootheid uitbasuin vir die ganse wêreld!**



Gaan Na Inhoud

## Jesus en die Kindertjies

## Lukas 18:15-17

Ek kyk 'n paar jaar gelede 'n TV program waar daar ‘n onderhoud gevoer was met ‘n baie bekende dramaturg. Soos die gesprek vorder, begin daar naderhand ‘n lastige geraas opbou buite die huis waar die opname gemaak word. En dan staan die groot verhoogpersoonlikheid uiteindelik op en stap na buite. In die straat voor sy huis speel ‘n swetterjoel kindertjies baie luidrugtig. Hy gaan gesels met hulle, en verduidelik van die TV opnames en die klank en dat daar stilte moet wees, en dan vra hy hulle om asseblieftog net vir 'n kort rukkie elders te gaan speel. Na die opname kan hulle gerus maar weer terugkom.

En dan tref die gedagte my: Hierdie spul raserige kindertjies het waarlik die vrymoedigheid om hier vlakvoor die beroemde man se deur te speel. Was dit nie vir die TV span nie, dan was hulle steeds welkom! Hierdie man moet baie beslis ‘n groot kindervriend wees. Was dit enige ander beroemde, dan het sy lyfwagte al lankal ‘n kordon gespan om die huis en enige ongewenste persone verdryf. Kyk maar hoe reageer Hollywood se beroemdes, en hoe word nuuskieriges dikwels selfs aangerand deur hulle wagte. G’n kind sal dit naby daardie beroemdes waag nie want hulle is “lastig” en pas beslis nie by hulle hoë lewensstyl in nie.

Vandag het kinders allerhande grondwetlike regte. In die Bybelse tyd was dit baie anders, toe was kinders skaars meer

werd as ‘n man se eiendom. In die geselskap van grootmense sou hulle beslis nie welkom wees nie. Naas slawe, was hulle die héél onderpunt van die sosiale leer, anders as vandag waar kinders dikwels meer regte het as grootmense.

Wanneer ‘n paar mammas dus hulle kindertjies na Jesus bring sodat Hy hulle kan aanraak (seën?), is die dissipels sommer dadelik warm onder die boordjie. Hulle wil Jesus “beskerm”, en verjaag die mammas en kinders. Hy het baie beter dinge om te doen met Sy tyd as om met simpele kindertjies te gesels. Maar die dissipels het nie met Jesus rekening gehou nie - hulle het toet-en-taal gladnie verstaan waaroor dit gaan nie. Nie alleen gee Jesus om vir tollenaars en sondaars en selfs “onrein” Samaritane nie, maar nou ook vir hierdie laagste van die laagstes, met absoluut géén regte nie- kindertjies!

Jesus stop die dissipels in hulle spore, en vra dat hulle die kindertjies maar na Hom toe sal laat kom. Ek kan my die prentjie voorstel van die kindertjies wat om Jesus saamdrom in verwondering, en die dissipels wat kopskuddend in afgryse die toneel staan en dophou. Hulle verstaan gládnie! Eers die ete saam met die tollenaars en al die skuim van die stad, en nou dit! Wat van Jesus se selfbeeld? En natúúrlik word húlle ook hierby ingesleep, want hulle is mos Jesus se volgelinge! Nee, dit het tyd geword dat Jesus nou begin rigting kry in die lewe.

Dan kyk Jesus hulle meëwarig aan: "Die Koninkryk van God is juis vir mense soos hulle", verduidelik Jesus vir die dissipels, "Wie die Koninkryk van God nie ontvang soos 'n kindjie nie, sal daar nooit ingaan nie."

Die dissipels was verslae - totaal stomgeslaan. Wat het Jesus hiermee bedoel? Hulle tradisies wat deur die eeue in hulle ingedril was, is nou besig om te verkrummel. Geloof is tog iets wat jy beoefen deur die wet te onderhou en te offer en in die tempel te aanbid. Maar nou sê Jesus dat jy soos 'n kind moet word. Nee, dit kan mos nou nie!

Dit sou baie lank neem vir hierdie geharde manne wat so diep in hulle tradisies ingewortel is om waarlik Jesus se woorde te verstaan. Selfs vandag is dit moeilik om te verstaan presies wat Jesus hier bedoel het.

Maar kom ons gaan kyk 'n bietjie wat kindwees beteken. In die eerste plek is daar sy swakheid, broosheid en onmag. Eers wanneer ek my eie swakheid en onmag begin besef, dan kan ek by Jesus uitkom. Iemand wat sterk en onafhanklik is, dink dikwels dat hy nie vir God nodig het in sy lewe nie, want hy is 'n selfgemaakte man wat vir homself kan sorg, selfs ook op die geestelike vlak. Wanneer jy die dag besef dat jy eintlik géén kans het om op jou eie stoom die ewige lewe te verwerf nie, dan is jy gereed om die Here se hulp te aanvaar.

In die tweede plek is daar die totale afhanklikheid wat 'n kleintjie het van sy ouers. Sonder hulle kan hy nie oorleef nie. Hulle verdien vir hom kos en gee hom klere en liefde en

versorging. Géén kleintjie kan homself onderhou nie! Net so moet ek as gelowige my totale afhanklikheid van God besef. Ek moet weet dat alles wat ek het van Hom afkomstig is, en dat ek slegs na Hom kan gaan vir my daaglikse behoeftes. En dan is daar die kinderlike vertroue: "Pa sal my beskerm, maak nie saak wát nie! My Pa is mos die wonderlikste man in die hele wêreld!" Is dit ook hoe ons oor God voel? Is Hy nog vir ons die wonderlikste Vader wat daar kan wees?

Gebed:

Here, leer my asseblief om weer soos 'n kindjie te kan glo.

## Begeertes

## Lukas 18:18-30

Begeertes was al baie mense se einde. Die hele ding met begeertes het al in die paradys begin, toe Eva so 'n verskriklike begeerte gekry het vir daardie verbode vrug. Ek meen, die ganse tuin was tot oorlopens toe vol van allerhande van die sappigste vrugte, maar Eva wou opsluit dáárdie een waarop God 'n verbod geplaas het hê. Ja, en die geskiedenis het bewys dat sy haar vrug gekry het en dat sy vir Adam ook verlei het daarmee en dat hulle die tuin uitgeskop is.

Voor die boshuisie wat ons destyds gehad het se stoep was daar nie die normale groen grasperk nie, maar 'n kaal stuk grond, waarop daar nie eers 'n ou enkele grasprietjie gegroei het nie. Dit was nie my eie keuse dat dit so moes wees nie. Per geleentheid het ons 'n baie goeie somer gehad, en toe het ek daar 'n grasperk aangeplant. Ons ou grassie het weelderig gegroei, en die vlakvarke het dit nét op die regte lengte gehou. Maar toe kom die groot droogte, en die varke het begin om my grassie uit te skoffel, totdat daar naderhand net hier en daar 'n sliert oorbly.

Die volgende somer plant ek wéér 'n grasperk. Toe die eerste ou groen sprietjies hulle koppies bo die rooi grond uitstoot, sien ek al hoe die begeertes in die vlakvarke se kraalogies glinster, begeertes vir my ou grasperkie. Ek verjaag hulle, maar puur verniet. Toe gooi ek doringtakke oor die brose ou

grassies, maar die varke se begeertes is so sterk dat hulle eina-eina hulle snoete tussen die dorings inwurm om my grassies te kom uitpluk. En dit terwyl daar ‘n oorvloed van groen gras in die veld was!

Die tiende gebod sê dat jy nie mag begeer nie. Dit is die héél moeilikste van al die gebooie om te onderhou. En dit is juis die probleem van die ryk jong man met wie Jesus gesels het. Hy was ‘n goeie kêrel - het sy bes probeer om streng volgens die wet te leef. Hy het ook groot respek gehad vir Jesus, en hy het geweet waar om te kom soek vir die één antwoord wat hom bly ontwyk - om die ewige lewe te kry. Dan noem Jesus ‘n rits gebooie, en die man sê eerlik dat hy hulle almal van kleintyd af onderhou. Eén gebod wat Jesus egter aspris uitlaat is die tiende gebod. Hy het geweet dat hierdie gebod ook die jong man se groot struikelblok is. “**Verkoop alles wat jy het, en deel die geld aan die armes uit.**” Jesus druk sy vinger reg op die seer kol. Lukas vertel vir ons dat die arme man nét daar omgedraai en weggestap het, sonder dat hy die ding waarvoor hy gekom het, die ewige lewe, kon kry. Die man was so verknog aan sy aardse besittings dat dit tussen hom en God kom staan het.

Maar nou het hierdie my aan die dink gesit oor die varke op my grasperk: was ék nie dalk die vark in die verhaal nie? Dalk was ék juis die skuldige omdat ek nie my grasperk met die vlakvarke wou deel nie. Dalk het ek so verknog geraak aan my ou heilige groen grassie, dat dit tussen my en ware geluk

kom staan het. Dalk moes ek vrede gemaak het daarmee dat ek net gras geplant het vir die varke!

Terwyl die man so met geboë skouers wegstap, draai Jesus na sy dissipels toe, en Hy sê vir hulle dat dit feitlik onmoontlik is vir 'n ryk mens om in die Koninkryk te kom. Hy gebruik die voorbeeld, dat dit makliker is om 'n reuse kameel deur die piepklein gaatjie van 'n naald se oog te druk as vir 'n ryke om in die hemel te kom.

Sy disspels is verslae: Maar dan is dit mos totaal onmoontlik om óóit in die hemel te kom. Niemand sal dit ooit daarheen maak nie. Maar Jesus stel hulle gerus: by God is niks onmoontlik nie. Wat vir ons totaal onmoontlik lyk, is by God tweede natuur. Die feit is dat as jy bereid is om die Here toe te laat om jou lewe te verander, dan kan jy 'n totale nuwe mens word, selfs in die mees onmoontlike omstandighede.

Let wel dat Jesus nie hier sê dat dit sonde is om ryk te wees nie. Dit is egter wat jy met jou rykdom doen wat sonde kan wees. Alles kom neer op gesindheid: met watter soort gesindheid in jou hart hanteer jy jou geld? Ongelukkig is dit so dat rykdom baie maklik 'n mens se afgod kan word. As die miljoene begin instroom, dan klou jy krampagtig vas aan elke sent wat jy verdien het. En hoe verder dit gaan, hoe moeiliker raak dit om jou rykdom te deel met die armes. Jy begin bou as't ware 'n muur tussen jou en God met geld en besittings.

Maar ek ken ook baie ryk mense wat diep gelowig is en

gedurig met ‘n oop hand staan. Vir hulle is hulle besittings slegs deur God aan hulle geleen. Hulle is die rentmeesters om hierdie besittings en geld te gebruik tot eer van God en tot diens aan hulle medemens. Daar is ‘n paar van hulle in ons eie gemeente, en jy kan duidelik sien hoe die geluk en liefde uit hulle lewens straal. Maar daar is ook arm mense in ons gemeente met dieselfde gesindheid, mense wat bereid is om die ou bietjie wat hulle het óók met minderbevoorregtes te deel. Die regte begeerte om te koester, is die begeerte om naby aan die Here te leef, en om Sy wonderbare liefde ten volle uit te leef!

Gebed:

Here, leer my asseblief om nie so verknog te wees aan my besittings nie.

# Derde Lydensaankondiging

## Lukas 18:31-34

Toe ek in Oom Ted se slaapkamer instap, weet ek sommer- dinge lyk glad nie goed nie. Oom Ted D'Alton was mede-redakteur van ons gemeente nuusbrief, 'n dierbare gelowige. Op een stadium begin hy elke maand 'n artikel skryf oor sy lewenservaringe. Ek kan nie wág dat dit maandeinde se kant toe staan om die volgende episode te lees nie. Dis opwindend en baie interessant. En toe kom die verdoemende nuus: Oom Ted het lewerkanker, en bitter vinnig gaan sy gesondheid drasties agteruit.

Wanneer ek hom besoek waar hy met goudgeel gelaatstrekke op sy bed lê, is dit 'n diep gelowige mens wat met my gesels. Hy is gereed om Jesus te ontmoet, en die pyn wat hy nou verduur, versterk die verlange na sy finale reis net nog meer. Ek probeer hom opbeur, en sê dat hy tog mos nou nie kan vertrek voordat sy storie klaar geskryf is nie- ons almal sit in spanning en wag vir die volgende episode. Hy lag die opmerking net weg. Nou is daar baie belangriker, baie groter dinge in sy lewe om na uit te sien. Enkele dae later is hy weg na 'n plek waar die pyn van die kanker nie meer aan hom knaag nie.

Jesus neem die twaalf uitgesoekte manne eenkant toe en voer met hulle 'n baie ernstige gesprek. Hierdie is die manne wat vir die afgelope drie jaar elke dag aan Sy sy was en elke wonderwerk, elke swaarkry, elke uitjou, elke preek saam met

Hom deurgemaak het. Hulle was daar met Sy héél eerste wonderwerk toe Hy by die bruilof in Kana ‘n klomp klipkanne met water in die heerlikste wyn laat verander het. Hulle was almal by toe die verskriklike storm hulle skuitjie tref, en Jesus met ‘n enkele woordjie die storm laat stilword het. Hulle ken Jesus deur en deur.

Of ken hulle Hom werklik? Jesus het hulle drie jaar lank ‘n baie intensiewe opleiding gegee, want op hulle skouers sou die groot verantwoordelikheid van die leierskap van die kerk binnekort rus. Hulle was die manne wat die boodskap wat Jesus begin verkondig het sou moes gaan voortsit.

Dan kondig Jesus vir die derde keer aan van die dinge wat vir Hom voorlê. Hierdie slag praat Hy nie in raaisels nie, Hy draai g’n doekies om nie, maar spel dit uit dat Hy aan die heidene uitgelewer gaan word. In detail beskryf Jesus vir die manne presies wat gaan gebeur - dat Hy bespot gaan word en beledig, en dat hulle op Hom gaan spoeg. Die manne se harte klop in hulle kele as Jesus vir hulle beskryf hoedat Hy gegésel gaan word, en dat Hy na al die marteling doodgemaak gaan word. Ek dink die manne wou hulle ore toedruk sodat hulle nie verder hoef te luister na hierdie gru-verhaal nie. Hoe kan mense so verskriklik wreed wees teenoor Iemand wat nooit enige mens kwaad aangedoen het nie? Hoe kan hulle Hom wou gésel as Hy dan nooit enige sonde gedoen het nie? Wat het Hy dan verkeerd gedoen? Jesus verduidelik vir hulle dat dit alles geskrywe staan in die

boeke van die profete. Alles is reeds baie lank terug in fyn detail beskryf deur die boodskappers van God. Nou gaan al die profesieë wat in die Woord opgeteken is, woord-vir-woord bewaarheid word.

Maar Jesus vertel hulle nie alleen van Sy dood nie: Hy vertel ook die wonderlike nuus dat Hy ‘n skamele drie dae na al hierdie dinge weer uit die dood sal opstaan. Ek dink nie die manne het eers hierdie sinnetjie gehoor nie! Hulle gemoedere was só vertroebel deur die ontstellende gedagtes van hulle Meester se lyding en dood, dat die vooruitsig van Sy opstanding gladnie eers hulle ore bereik het nie.

Hoe tragies dat na tweeduisend jaar, die nuus van Jesus se opstanding nog steeds nie sekere gelowiges se ore bereik het nie! 'n Paar jaar gelede het dit weereens weergalm in die gange van die teoloë waar hulle stry oor Jesus se opstanding. “Hy het nie liggaamlik opgestaan nie!” wou ‘n paar geleerde manne beweer, “Hy het slegs geestelik opgestaan, en die dissipels het dit in ‘n geestelike manier ondervind.”

Dit is nie wat my Bybel leer nie: my Bybel sê dit baie helder en duidelik dat dit ‘n fisiese liggaam was van Jesus - een waarin Thomas sy vingers kon steek in die spykergate in Jesus se hande; een wat saam met die dissipels op die strand vis gebraai en geëet het.

Ons staar ons dikwels so blind teen die “finaliteit” van die dood, dat ons nie die werklikheid daarvan wil of kan raaksien

nie. Die dood is slegs ‘n finaliteit as die persoon se naam nie in die boek van die lewe geskryf is nie. Jesus het egter vir elke gelowige die deur oopgemaak na die ewige lewe, waar die dood slegs die deurgang is na die heerlikheid van ‘n lewe, ‘n perfékte lewe saam met Jesus. Oom Ted het met groot verwagting en opgewondenheid uitgesien na daardie wonderlike dag. Ongelukkig is dit baie swaar vir diegene wat agterbly en nog moet wag. Ja, ‘n mens mag maar bedroef wees- jy mag maar huil wanneer jou geliefde daardie paadjie stap. Die eensaamheid en verlange na jou maat van baie jare maak jou bedroef. Maar die wonderlike wete dat julle wél eendag sal ontmoet, kan nie anders as om ‘n wonderlike verwagting en vreugde vir jou te gee nie.

Gebed:

Here Jesus, dankie dat U ons voorgegaan het en plek berei het vir ons wonderlike lewe na die dood.

# Jerigo se Blinde

## Lukas 18:35-43

Die arme ou drommel sit onder sy gewone boompie langs die grootpad buite Jerigo, waar hy nou al vir donkiesjare sit. Elke geluid van die omgewing ken hy soos die palm van sy hand. As Sebedeus nog ver aangestap kom, dan ken hy hom al aan sy voetstappe en hy roep opgeruimd: “Môre Sebedeus!” Ja, hy is blind, en daarom is daar nêrens vir hom werk nie. Dis só onregverdig! Maar die blindheid maak al sy ander sintuie skerp. Hy ken elke vrou van die omgewing aan die geur van haar parfuum en geen stem van ‘n plaaslike is vir hom vreemd nie. Maar hoe verlang hy nie daarna om bevry te kan wees van sy bedelaarsbestaan nie. Hoe wens hy nie dat hy ook ‘n gewone dag se arbeid kan doen in plaas daarvan om verbygangers in die oë te moet kyk (?) vir ‘n ou aalmoesie nie.

Opgewonde droom hy van die dag wanneer daardie opwindende Profeet, Jesus hier sou verbykom. Hy het al gehoor van die wondergenesings wat hierdie Man van God doen. Die mense fluister dat Hy moontlik die Messias is, die Seun van Dawid waarvan die profete geskryf het.

Hy luister glimlaggend na die sang van ‘n voëltjie hier naby hom in ‘n boom. En dan kom daar by hom ‘n vreemde gewaarwording. In die grond voel hy ‘n eienaardrige trilling, so asof daar duisende mensevoete die aarde stamp. Skielik begin sy hart wild bons: sê nou net- sê nou net dat dit dalk

daardie Jesus kan wees! Die trilling word al hoe meer intens, en dan saggies in die verte hoor hy die geskuifel van duisende voete wat nader en nader kom. Dit móét Hy wees! Bitter stadig harmansdrup die tyd verby. Hy wil die skare tegemoet hardloop, maar sy blindheid keer hom. Nee, dalk moet hy eerder nét hier wag, want hulle móét hier by sy boompie verbykom.

Die gedreun van stemme en geknars van voete op die gruispaadjie raak 'n oorverdowende gedruis soos 'n reuse swerm bye in aantog. "Jesus, Seun van Dawid, ontferm U oor my!" skree hy so hard as hy kan om bo die skare se lawaai te probeer uitkom, maar dit lyk of niemand hom hoor nie. "Jesus, Seun van Dawid, ontferm U oor my!" skree hy weer, oor en oor, uit volle bors. "Aag bly tog stil, jy lawaai!" probeer een hierdie lastige vent stilmaak.

En dan skielik raak dit stil. Die stoet ruk tot stilstand as Jesus gaan staan. "Bring daardie man na My toe", vra Hy sy dissipels. Hulle wil Hom nog onwillig daaraan herinner dat daar nie nou tyd is vir wonderwerke nie, want Jerusalem wag mos....... Maar dan word die blinde deur die beklemmende skare deurgewurm tot by Jesus. Die man voel hy wil flou word. Kan dit ooit waar wees? Sy knieë wil-wil onder hom knak. Dan hoor hy die sagte stem vol deernis: "Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?"

"Here, dat ek kan sien", stamel hy. Daar sak 'n heilige stilte toe oor die skare. Jy kan eintlik hoor hoe die nekwerwels



Gaan Na Inhoud

kraak soos mense hulle nekke rek om te kan sien wat daar gebeur.

“Goed, jy kan sien! Jou geloof het jou gered,” hoor hy weer die deernisvolle stem.

Skielik gaan die ganse wêreld vir hom oop. Verbouereerd kyk hy vas in die gesigte van derduisende mense rondom hom. “Ek sien!” skree hy opgewonde, “Ek sien!” Jubelend, dansend stroom die lofbetuigings teenoor God oor sy lippe terwyl die trane van dankbaarheid oor sy wange stroom. Skielik kom die besef dat hy nou mos nie meer geklooster is aan sy ou boompie waar hy dag-vir-dag moet sit nie. Al jubelende raak hy dus deel van die skare wat Jesus volg. Van hierdie Jesus wil hy hom nooit, ooit weer losmaak nie! Sy opgewondenheid is baie aansteeklik, en in ‘n ommesientjie dans en sing en jubel die ganse skare saam met hom en sing lofliedere tot eer van God.

Wat daardie dag gebeur het is ‘n ware snak-na-jou-asem wonderwerk, en dit kon nie anders nie as om almal daar se verbeelding aan te gryp. Selfs met vandag se ongelooflike mediese kennis, bly dit steeds ‘n asemrowende wonderwerk. Maar as jy mooi gaan dink, dan beleef ons vandag nét sulke groot wondere. Wat ‘n asemrowende wonder is dit nie as iemand wat geestelik blind is, een dag skielik net kan sien. Dit vat net iemand wat deur die Here gestuur is om met die persoon te gesels, en skielik val die skille van sy oë af, en weet hy dat hy ‘n kind van God is - dat sy naam in die Boek



_Gaan Na Inhoud

van die Lewe opgeskryf is. Dit het met my gebeur, en my blydskap het géén perke geken nie. Dit het nou al baie jare gelede gebeur, en steeds wil ek dit uitbasuin vir almal om te hoor: “Jesus het my gered!”

Die groot geheim is dat ek en jy daardie vreugde en opgewondenheid en blydskap op só ‘n manier moet uitleef, dat dit aansteeklik is. Ek daag jou uit om die wonder van jou redding vandag só entoesiasties uit te leef, uit te jubel dat almal rondom jou sal lus kry om saam te sing. Dink net watter uitwerking dit sal hê op die ongelowiges om jou. Dalk kry hulle ook lus vir hierdie heerlike lewe. Wees ‘n ambassadeur (‘n baie opgewonde een) vir Jesus.

Gebed:

Here, ek wil dit vanoggend uitjubel sodat die wêreld dit kan hoor, dat U my blindheid genees het.



Gaan Na Inhoud

## Die Mannetjie in die Boom

## Lukas 19:1-10

Hy is ‘n eensame mens, Saggeus, verstote deur die samelewing. Almal probeer hom vermy net waar hulle kan, maar dit is dikwels moeilik, want die een of ander tyd móét die mense hom sien om tolgeld te betaal. Ja, hy het baie hard gewerk om te kom waar hy is. Sedert hy die dag die kontrak gekry het by die Romeine om tolgeld in te vorder, het hy homself opgewerk tot die onbenydenswaardige pos van Hooftollenaar. Ongelukkig het daar saam met die werk ‘n reuse prys gekom: almal wat hy eens sy vriende kon noem het een-vir-een hulle rug op hom gedraai. Dit het hom aangespoor om net harder en harder te werk.

Vandag is Saggeus ‘n gemaakte man met alles wat ‘n man kan begeer, buiten nou enige vriende. O ja, daar is die ander tollenaars en Romeinse amptenare, maar ‘n mens kan hulle skaars vriende noem!

Maar daar is die afgelope ruk iets wat aan Saggeus knaag. Sedert daardie Johannes-profeet die wêreld aan die brand gepreek het, sit hy nou al met hierdie gevoel van onvergenoegsaamheid in hom. Daar is 'n stemmetjie in hom wat bly sê dat daar iets baie groter in die lewe is as hierdie vals bestaan wat hy voer. Stadigaan het daar ‘n gedagte by hom begin posvat dat daar iewers baie groot fout is in sy lewe, en dat hy wat Saggeus is, op pad is na die ewige verdoemenis. Ja, en nou kan hy nie eers meer met Johannes

daaroor gesels nie, want die simpele ou Herodus het mos die man se kop afgekap. Wonder wat hom besiel het! Maar alles is nie verlore nie: daar is nog die opwindende Profeet, Jesus. Saggeus het baie van hierdie Man gehoor, en hy brand om hom te sien. Hy het juis verneem so al met die druiwerankie langs dat hierdie Jesus op pad is na Jerigo. Wie weet, dalk is daar nou ‘n geleentheid om Hom te kan sien.

Daar heers gróót opgewondenheid in Jerigo: Jesus, die Groot Profeet van God is op pad. Al wat leef en beef stroom na die stadspoorte om Hom te siene te kry. Dalk kom doen hy vandag ‘n paar groot wonderwerke hier in die dorp waar daar nooit, óóit iets gebeur nie. Saggeus is opgewonde: vandag is die dag wat hy dalk ook met daardie Jesus sal kan gesprek voer. Hy waggel-waggel op sy kort beentjies agter die skare aan deur die stowwerige strate van Jerigo. Maar dan sak sy hart in sy skoene as hy die duisende mense sien wat rondom Jesus saamdrom. Met sy kort gestalte kan hy nie eers sien waar Jesus Hom bevind in die skare nie. Hy probeer deurdruk tussen die mense in, maar hulle stamp hom vererg weg: wat het hierdie verraaaier verloor tussen hulle!

Maar Saggeus gee nie moed op nie. Langs die pad wat Jesus moet loop staan daar ‘n reuse ou vyeboom. Al hygende en blasende klouter die koddige ou mannetjie in die vyeboom in. Hiervandaan kry hy ‘n prima-uitsig op die stoet wat verbykom. Hoekom het niemand anders daaraan gedink nie? Natuurlik doen dit niks vir sy waardigheid om boom te staan

en klim op sy ouderdom nie, maar wat-wo!

Stadig beweeg die massas onder hom verby. En dan mis sy hart ‘n slag: Jesus! Dis Hy! En Hy kom staan hier reg onder sy boom! Saggeus wil met Hom praat, maar skielik is daar nie woorde nie. Sy keel is droog en sy hart klop só dat hy nie ‘n woord uitkry nie. En dan gebeur die wonder: Jesus kyk op na hom: “Saggeus, kom gou af! Ek wil by jou tuisgaan vannag.” Saggeus kan sy ore nie glo nie: Jesus het met hom, ellendige ou Saggeus gepraat! En Hy wil by hom kom oorslaap! Is dit moontlik? Is dit nie dalk maar ‘n droom nie?

Daar gaan ‘n gebrom op uit die skare: almal ken tog vir Saggeus, die afperser. Hoe kan Jesus Homself so verneder, so besoedel deur by hierdie ellendeling te wil tuisgaan? Selfs Jesus se dissipels kyk Hom snaaks aan: “Hierdie is ‘n sondige man!” vermaan hulle Hom.

In Saggeus se luukse huis is alles in rep en roer. Alles moet nét reg wees, want Jesus kom! Saggeus het klaar ‘n besluit geneem: hierdie waansinnige glanslewe van hom is nou iets van die verlede! Vandag is die keerpunt in sy lewe, want hy gaan sy rug draai op die gierigheid wat hom tot hier gedryf het. Hy gaan regmaak waar hy verbrou het, en helfte van sy besittings afstaan aan die arme mense wat hy deur die jare so gemelk het vir hulle swaarverdiende ou geldjies. Met trane in sy oë vertel hy later die aand vir Jesus dat hy al baie mense afgepers het. Maar hy gaan dit alles regmaak - hy gaan daardie geld vierdubbel vir sy slagoffers terug gee.

Opregte berou, is wat Jesus in die hart van hierdie gebroke man sien: “Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom”. Jesus se woorde is soos heerlike salf op die rou wonde van Saggeus, die man wat sy hart vir Jesus oopgemaak het.

As jy dalk vandag in ‘n vyeboom sit, onwaardig, kan jy verseker wees dat Jesus reeds daar is. Hy wag alreeds lankal geduldig vir jou. As jy wil luister sal jy hoor dat Hy liefderyk vir jou sê: “My kind, klim af, Ek wil vandag deel van jou lewe wees- Ek wil saam met jou feesvier!” Sal jy nie maar gehoor gee nie? Sal jy nie ook maar soos Saggeus jou hart vir Hom oopmaak nie?

Gebed:

Here, my innige gebed gaan uit vir elkeen wat vandag hierdie dagstukkie lees, wat soekend is na U.

# Tien Goue Muntstukke

## Lukas 19:11-27

Die opgewondenheid is baie groot in die skare wat stadig saam met Jesus beweeg. In die verte doem die indrukwekkende mure van die pragtige stad Jerusalem op. Fluisteringe gaan onder die mense op, dat die Koninkryk van God gaan kom sodra hulle Jerusalem bereik. Jesus praat tog immers kort-kort van Jerusalem, en daar is die afgelope weke al so 'n verskriklike dringendheid by Hom om betyds by Jerusalem uit te kom. Wie weet- dalk is Hy rêrag die Christus, en nou gaan God Hom ophef tot Koning oor Israel. Hy gaan op die troon van Sy voorvader Dawid sit, en Hy gaan Israel verlos van die oorheersing van die haatlike Romeine. Die verwagting onder die mense bereik breekpunt. Enige oomblik nou gaan die Koninkryk kom!

In 'n sekere sin was hierdie mense hééltemal reg - Jesus was (is steeds!) die Christus, die Messias na wie hulle so uitgesien het. Ja, en Hy sou op die troon van Dawid sit en heers as Koning, maar nie alleen oor Israel nie - Hy sou heerskappy verkry oor die ganse heelal. In 'n sekere sin was hulle ook reg oor die verlossing, maar die verlossing wat hierdie Koning hulle sou bied, sou totaal anders wees as die een wat hulle verwag. Wat hulle ook nie besef het (of wóú besef) nie, is dat hierdie Koninkryk-koms gepaard sou gaan met verwerping en lyding en vervolging. Hierdie dinge was alles 'n integrale deel van God se Meesterplan van verlossing.

Jesus het die fluisteringe gehoor, en toe vertel Hy hulle ‘n gelykenis om die koms van die Koninkryk so ‘n bietjie meer in perspektief te stel, en om te verduidelik dat daar ook ‘n groot verantwoordelikheid rus op die skouers van die mense wat so wag vir die Koninkryk om aan te breek. Jesus se boodskap aan Sy volgelinge is in kort, dat die Evangelie aan hulle toevertrou word, en dat hulle daarmee moet woeker om vir God ‘n goeie opbrengs te lewer.

As ons Jesus se storie gaan ontleed, sien ons ‘n paar baie interessante dinge- waarhede wat nie alleen bedoel was om die mense van daardie tyd te inspireer nie, maar wat vandag, tweeduisend jaar later steeds vars is en met elkeen van ons praat.

In die eerste toneel sien ons ‘n man van adellike afkoms wat sou weggaan om sy koningskap te ontvang. Hierdie Man is natuurlik Jesus. Jesus beskryf dan ook dat die Man gehaat is deur Sy landgenote en dat hulle selfs ‘n afvaardiging gestuur het om te laat weet dat hulle Hom nie as koning wil hê nie. Hoe tragies het hierdie “profesie” nie waar geword nie, sodat die oorgrote meerderheid van Jesus se landgenote, die Jode, selfs tot vandag toe nog baklei teen Sy koningskap- iets wat Hy ontvang het ten spyte van hulle verwerping.

Die opdrag wat die Man vir sy slawe gegee het, was om die goue muntstukke wat Hy aan hulle uitgedeel het goed te gaan gebruik. Hulle moes handel dryf daarmee en nog muntstukke genereer.

Slegs enkele maande na hierdie uitspraak van Jesus, was die eerste resultate van die opdrag alreeds sigbaar. Die Apostels was die “organiseerders” in die gemeente, en die gelowiges het gewoeker met die “goue muntstukke” (die Evangelie) wat hulle ontvang het. Elkeen met wie hulle in aanraking gekom het móés net eenvoudig luister na hulle storie, en die resultaat was ‘n ontploffing van die Evangelie in Jerusalem. Kort voor lank raak die Joodse kerkleiers baie bekommerd oor hierdie veldbrand wat hulle nie gekeer kry nie, en toe begin hulle met ‘n vervolgingsveldtog. Die gevolg was dat die gelowiges die wye wêreld in gevlug het. Maar steeds het hulle aangehou woeker met hulle “goue munte”. En so spoel die Evangelie soos golwe ook oor die buitewêreld.

Jesus se storie vertel van daardie slawe wat hard gewerk en gewoeker het en resultate opgelewer het. Maar die tragiese is dat daar ook een was wat sy goue muntstuk gaan begrawe het. Ai! Hoeveel gelowiges begrawe nie vandag hulle muntstukke nie! In die tyd van die Nuwe Testament is mense wreed vervolg omdat hulle met die Evangelie gewoeker het. Nogtans het hulle voortgestoom. Vandag word ons nie werklik daaroor vervolg nie- dalk verwerp ja. Waarom is ons dan so bitter bang om met die Evangelie te woeker? Is ons dan banger vir mense as vir God? Ek sê nie hiermee dat ons in vrees en bewing vir Hom moet leef nie, maar as ons weier om die eenvoudige opdrag wat Hy ons gegee het uit te voer, kan ons beslis nie seën op ons lewe verwag nie. In Mat.

28:18-20 spel Jesus hierdie opdrag uit: “Gaan dan na al die nasies toe en maak hulle My dissipels....”

Ek weet nie van jou nie, maar ek wil beslis nie in die posisie wees waar die Here vir my moet sê: “Jy is ‘n slegte slaaf!” nie. Hy het my die ewige lewe gegee, en daarom wil ek graag dinge doen om te wys dat ek dankbaar is en lief vir Hom. Daarom sal ek ook woeker met my “goue muntstuk.”

Gebed:

Here, gee my asseblief ‘n passie vir die Evangelie - gee my ywer om dit uit te dra en uit te leef.

## Die Groot Intog

## Lukas 19:28-44

Wanneer ek dink aan Jesus se intog in Jerusalem, dan begin die musiek van die Groot Mars uit die opera Aïda onwillekeurig in my kop maal. Daardie ongelooflike mooi musiek wat die groot triomftog uitbeeld, laat hierdie optog van duisende singende, palmtakswaaiende mense wat so opgewonde voor die Koning uitdans lewe kry in my gemoed. Tóg was dit so verskriklik anders.

Ons toneel vanoggend begin waar Jesus en Sy reuse gevolg die buitewyke van Jerusalem bereik. Daar heers nou baie groot opgewondenheid onder die skare, want hier vlakvoor hulle is die eeueoue klipmure van die stad Jerusalem. Teen die Olyfberg loop hulle deur twee klein dorpies, Betfage en Betanië.

En dan kom die hele groot stoet skielik tot stilstand as Jesus gaan staan. Die spanning bou op tot 'n breekpunt: wat gaan Hy doen? Jesus vaardig twee van sy dissipels af om in die dorpie hier voor hulle 'n donkie te gaan haal. Maar dis nie sommer enige donkie nie! Hy beskryf vir hulle presies waar hulle daardie donkie, waarop niemand nog ooit gery het nie, vasgemaak sal kry. "Die Here het hom nodig", verduidelik hulle vir die eienaar van die donkie terwyl hulle haastig die rydier vir Jesus neem.

Nou sal jy dalk vra waarom Jesus se donkie een moes wees

waarop nog nooit gery is nie? In die eerste plek is die Ou Testamentiese voorskrifte vir ‘n offerdier, dat dit een moet wees wat afgesonder is vir die Here, en dus nie vir alledaagse take gebruik moes word nie. In ‘n sekere sin is hierdie donkie ‘n “offerdier”. Maar daar is ook ‘n tweede rede: Die rydier van ‘n koning word slegs deur die koning gebruik. Niemand anders durf op hom ry nie, en hy moet afgesonder wees vir die koning alleen.

Nou waarom dan ‘n simpele donkie? Kon dit nie maar ‘n trotse perd gewees het nie? In die Bybelse tyd het ‘n donkie ‘n baie hoër status gehad as vandag, en dit is beskou as ‘n koninklike dier. Die blote feit dat Jesus Jerusalem sou binnery op ‘n donkie, het vir die skare wat Hom volg Sy koningstatus bevestig. Hulle het baie goed verstaan presies wat hier besig is om te gebeur.

Triomfantlik ry Jesus dus die stad binne, en sê daarmee dat Hy daarop aanspraak maak dat die pragtige stad Syne is. Belangriker nog, sinspeel dit dat ook die tempel in Jerusalem aan Hom behoort!

Die skare is in ekstase: nie alleen gooi hulle hulle klere op die donkie se rug vir Jesus om op te sit nie, maar hulle gooi ook hulle klere op die pad voor die donkie sodat die Koning daaroor kan ry. In my gedagtes sien ek die singende, dansende, juigende menigtes al om Jesus op die donkie. Die groot triomftog het begin. Bo van die Olyfberg af loop die pad ‘n afdraende onder na die stadspoorte toe. Wanneer

hulle hierdie laaste afdraende vat, raak die skare rasend van opgewondenheid. Uit volle bors bulder hulle lofprysings uit oor al die wonderdade van Jesus. "Loof die Koning, Hy wat in die Naam van die Here kom!" jubel hulle Psalm 118 uit sodat hulle lied weerklink oor die klowe. "Vrede in die hemel en eer aan God in die hoogste hemel!" Uiteindelik kry Jesus die eer wat Hom toekom- Hy is immers die Christus!

Maar alles is nie wel in die skare nie. Daar is 'n paar manne wat baie bitter is. Hulle sien die dinge wat besig is om te gebeur as Godslastering. "Maak asseblief jou volgelinge stil!" probeer hierdie Fariseërs bo die lawaai uit vir Jesus oorreed. Maar Jesus maak dit vir hulle baie duidelik dat dit nie sal gebeur nie, want as die mense Hom nie so vereer nie, sal selfs die klippe dit uitjubel!

In die slottoneel sien ons vir Jesus nét voor Hy die stad binnery: Trane stroom oor Sy wange oor Sy geliefde stad wat Hom nie wil erken as die Messias nie. Buite die stad jubel die skares oor hulle Koning; binne wag stroewe gesigte met moord in hulle harte op Hom. Die oordeel wat Jesus uitspreek oor Jerusalem is verdoemend. Nie baie jare later nie, het elke woord van hierdie profesie van Jesus waar geword. Die Joodse historikus Josephus beskryf in sy lywige geskiedenisboek die beleg van Jerusalem in 70 nC. Hy skryf van die verskriklike verwoesting, toe die tempel sodanig afgebreek is dat daar nie twee klippe op mekaar oorgebly het nie, presies net soos Jesus voorspel het. Vandag staan


_Gaan Na Inhoud

daar ‘n Moslem moskee, tot afgryse van elke Jood, waar die tempel eens in glorie gepryk het. Hoe verskriklik hartseer.

Wanneer Jesus die poorte van Jerusalem binnery, wag daar op Hom slegs konfrontasie, teenstand, vervolging en marteling. Doelbewus het Hy letterlik in die leeu se bek ingery, want dit was deel van God se groot raadsplan van verlossing. Die dinge wat hier in Jerusalem gebeur, gryp ons as gelowiges aan die hart, want dit is dinge wat bitter seer maak - hoe ons Verlosser, Jesus, so bitterlik verneder moes word en geslaan en aan ‘n kruis vasgespyker. Hoe bitterlik het Hy nie gely nie, en dit sodat ek en jy kan lewe!

Gebed:

Here, in my geestesoog sien ek die jubelende skare, maar ook die kruis aan die anderkant van die mure. Dankie Here, vir die duur prys wat U vir my as sondaar betaal het.

# Reiniging van die Tempel

## Lukas 19:45-48

Jesus het pas die stad Jerusalem binnegery onder groot gejuig van sy duisende palmswaaiende, lofliedsingende aanhangers. Pas nadat Hy die stadsdrumpel oorsteek kom die eerste konfrontasie. Jesus gaan reguit na die tempel, en die boodskap wat Sy handeling uitstuur is dat Hy aanspraak maak op die tempel as woonplek van God. Van die dag toe Moses die eerste tent van aanbidding opgeslaan het, is hierdie tent, en later die tempel wat dit vervang het, simbolies gesien as God se woonplek.

Wat Jesus egter by die tempel aantref is alles behalwe ‘n heilige terrein. Die probleem het ontstaan by die talle pelgrims wat gedurigdeur die tempel besoek. Hulle moes offers bring vir die Here. Dit was egter baie moeilik om dae of selfs weke lank te reis met offerdiere. Boonop was die voorskrifte vir hierdie diere wat hulle moes offer, dat hulle vlekkeloos moes wees, sonder enige gebrek. ‘n Lang reis het gewoonlik maar sy tol ge-eis en die diere het maar in ‘n gehawende toestand daar aangekom.

‘n Paar manne het hier die potensiaal gesien om ‘n lonende besigheidjie te begin, en in die eerste plek het hulle offerdiere voorsien vir die mense wat nie hulle eie kon saambring nie, teen ‘n prys natuurlik. Tweedens het hulle die gehawende diere wat sommige mense daar aangebring het uitgekyk, en dan vir die mense vertel dat daardie skaap baie

beslis nie vir die Here aanvaarbaar sou wees nie. En toevallig het hulle darem nou 'n lekker vet, aanvaarbare skapie hier agter, en hulle sal dit met plesier verruil vir sy ou maer skaap, teen 'n prys natuurlik! En dan was daar die mense wat uit die buiteland daar aangekom het met vreemde geld, wat natuurlik totaal onaanvaarbaar sou wees in die tempel as dankoffer. Teen 'n prys (natuurlik!) was hulle bereid om die geld om te ruil vir regte egte aanvaarbare Joodse geld.

Mense was uitgebuit, dikwels deur die tempelbeamptes sélf wat moes toesig hou, en dit reg in die tempel voorhof! Dit was natuurlik die arm mense wat die ergste hier moes deurloop. Toe Jesus sien wat hier aangaan, het Hy die spul rowers uitgesmyt. Johannes skryf in sy Evangelie dat Jesus so kwaad was dat Hy 'n sweep gevleg het en die spul daarmee uitgejaag het nadat Hy hulle tafels omgesmyt het. So ernstig was Hy oor die bedrogspul wat besig was om die "woonplek van God" te ontheilig.

Nou kom 'n ander baie interessante verwikkeling: Jesus maak hierdie einste tempel, wat Hy so pas skoongemaak het van konkelaars, Sy hoofkwartier van waar Hy begin om die mense te leer en die finale voorbereidings te tref vir die groot dag. Bedags kry ons vir Jesus in die tempelvoorhof, besig om te preek, en saans gaan Hy en sy dissipels na die Olyfberg waar hulle onder die knoetsige ou olyfbome oornag. In gister se oordenking het ons gehoor dat Hy die stad verdoem in 'n baie hartseer uitspraak. Maar steeds

probeer Hy om die mense van Jerusalem so ver te kry om die evangelieboodskap te aanvaar. Jerusalem kry 'n laaste kans om haar saak met God reg te maak. Die vrag is: sal die stad dit ooit doen?

In die agtergrond sien ons hoe die ringkoppe in 'n kringetjie staan, koppe bymekaar in 'n baie ernstige gesprek. As ons nader gaan hoor ons hoe die kerkleiers, die priesterhoofde, Skrifgeleerdes en volksleiers onder mekaar brom en planne maak om finaal van Jesus ontslae te raak. Hy moet dood! Daar was egter een baie groot probleem, en dit is dat die ganse volk steeds bankvas agter Jesus gestaan het. In die volk se oë het Jesus net baie mooi dinge gedoen. Hulle oë het steeds geglinster oor die asemrowende wonderwerke wat hulle telkens aanskou het. Hulle het steeds krampagtig vasgeklou aan die gedagte dat Hy as Messias hulle sou verlos van die Romeinse onderdrukking. Groot skares het steeds dag-vir-dag na die tempel gestroom om Jesus te hoor. Hulle het gretig aan Sy lippe gehang.

Na aanleiding van die gebeure in die tempel wil ek vanoggend 'n klip in die bos gooi: Is 'n kerkgebou vandag nog 'n heilige plek? Ja, nou sny ek dalk 'n lat vir my eie agterent! Jare gelede het die gemeente waar ek gebly het in Waterbron 'n nuwe kerk gebou. Toe die gebou die dag ingewy word, is die argitek se woorde dat hierdie gebou nie die "huis van God" is nie, maar eerder die Here se werkswinkel. Dit is immers hier waar mense opgelei gaan


Gaan Na Inhoud

word om die Evangelie uit te dra na die ganse wêreld, soos Jesus se opdrag was in Mat. 28. Dit is hier waar gelowiges bymekaarkom om mekaar se geloof te versterk deur saam lofliedere te sing en saam te aanbid.

Inderdaad was die tempel steeds gesien as die woonplek van God, maar dit was in sy laaste stuiptrekkings. Enkele dae later sou alles verander, wanneer God die voorhangsel oopskeur. Dan sou elke gelowige die tempel, oftewel die woonplek van God word. Vandag is ek en jy daardie tempels, nou nie meer kliptempels nie, maar lewende kerke en tempels wat die woonplek van God simboliseer. Ons durf nie toelaat dat hierdie tempel in 'n rowersnes ontaard deur sonde nie. Kom ons gee Jesus vandag vrye toegang om ook ons tempel te reinig sodat ons vir Hom bruikbaar kan wees.

Gebed:

Kom Here Jesus, en reinig my lewe. Ek wil U gehoorsaam en dien met my lewe.

# Jesus se Gesag

## Lukas 20:1-8

Dit was weer een van daardie hyg-na-jou-asem-warm dae in die Laeveld. Uiteindelik sak die son, en ek en Mosbolletjie gaan vir ‘n ou lafenissie op die wal van die Krokodilrivier. Ons is gelukkig om ‘n doringboompie te kry wat darem ‘n skaduweetjie gooi - ôk maar net ‘n ou trosie, want die son het sy tjips gehad. Hy klou verbete aan die randjie van die hemelruim vas om nog vir oulaas ‘n paar giftige strale te spoeg voordat die bosse hom insluk.

Ons vou vir ons gemaklike opvoustoele oop onder die half-skadutjie, en sak behaaglik terug om die laaste lig te geniet langs die rustige, koel water met ‘n glasie lafenis in die hand om die dag se versengende hitte finaal af te spoel. Ons oë word onmiddellik getrek na ‘n groot sandbank in die middel van die rivier. ‘n Paar knorrige ou buffelbulle het hulle intrek geneem op die koel sand, en hulle lê luilekker uitgestrek, kompleet soos sonaanbidders op Ballito se strand. Een ou het dit selfs ‘n stappie verder gevat, en hy lê halflyf in die rivier. Ek wonder so in die stilligheid wat die ou sou doen as ‘n krokodil aan sy tone begin knibbel?

Maar dan trek iets anders my aandag: in die middel van die sandbank staan twee bontkiewiete. Nee, eintlik staan hulle nie - hulle dans opgewonde rond, dán diékant toe, dan dááikant toe. En hulle kwetter en vloek en skel die hele tyd dat hoor en sien vergaan. Kort-kort hol die een tot reg teen

die een ou "daghaboy" se neus, en ek eis vir die slag wat hy sy bek oopmaak en die lastige klein blikskottel insluk.

Met 'n swaar sug val die son as't ware tussen die knoppiesdorings in, en skielik is dit skemer. Dit is asof die ganse Laeveld 'n sug van verligting slaak, om vir nou van die skroeiende son ontslae te wees. Maar vir die buffels is dit ook die teken dat dit nou tyd is om aan te skuif. Een-vir-een begin hulle koers kies, totdat nog net die knorrige ou suurknol wat so deur die Kiewiet getreiter word halstarrig bly lê. Einde ten laaste besluit hy: genoeg is genoeg, en hy hys sy logge liggaam uit die sand uit op. Die Kiewiet raak nou hééltemal beserk, en hy loop die buffel storm. Vir 'n oomblik verbeel ek my hy gee die buffel 'n skop teen die maermerrie, maar dit was seker maar my verbeelding, want so 'n ou buksie sal mos nie so waaghalsig wees nie! Stadig kom die buffel in rat en begin loop. Nou haak Kiewiet totaal uit. Dit skree en vlieg en hardloop en storm, maar buffel lyk asof hy hom nie steur aan die laspos nie, en loop sy loop, sy oog onwrikbaar gevestig op sy bestemming.

Ons sak dankbaar terug in ons stoele as die bohaai uiteindelik bedaar, en Kiewiet op haar nes gaan sit, skaars 'n meter van waar buffel verby gestap het, sonder om daarop te trap.

Hierdie histeriese Kiewiet laat my tog so baie dink aan Jesus se teenstanders, die Fariseërs, Skrifgeleerdes en priesterhoofde. Gedurende die drie jaar van Jesus se

bediening, was hulle knaend aan die raas. Kort-kort sien ons hoedat hulle Hom konfronteer, en dan wonder ‘n mens of hulle dan nou werklik dink dat hulle die wonderlike wysheid van die Seun van God kan aanvat? Wie dink hulle nou eintlik is hulle? Deurentyd sien ons net sulke “stormlopies”, dikwels halfhartig.

Maar skielik skrik hulle baie groot as Jesus hulle hoofkwartier, Jerusalem binnestap. Nou raak hulle fanaties en hulle loots aanval op aanval. Nou raak dinge vir hulle baie ernstig, want dit kom ongemaklik naby aan hulle “nes”. Een van hierdie aanvalle word deur Lukas beskryf: hulle kom konfronteer Jesus met die vraag oor watter gesag Hy dan hierdie dinge mee doen? Jesus het dadelik die gevaartekens gesien. Sê Hy dat Hy die met God se gesag doen (wat inderdaad die waarheid sou wees), dan sal hulle Hom net daar en dan arresteer vir Godslastering. Dus antwoord Hy met ‘n teenvraag wat hulle nie durf antwoord nie, want hoé hulle ookal antwoord, gaan hulle steeds in die moeilikheid kom. “Kom die doop van Johannes van God of van mense af?”, wil Jesus weet. Die spul geleerde manne trap klei, want hulle het vir hulleself ‘n gat gegrawe. “Nee, ons weet nie”, stamel hulle uiteindelik. Jesus se antwoord aan hulle, dat Hy hulle dan ook nie gaan sê met watter gesag Hy die dinge doen nie, het die ringkoppe woedend. Hulle het geweet presies wat die antwoord was, maar hulle het geweier om dit te aanvaar.


Gaan Na Inhoud

Die “kiewiete” het nog nooit ophou broei nie, en selfs vandag loop en raas hulle nageslag steeds. In die hogere teologiese kringe raas en blaas ‘n paar slim manne wat weier om Jesus se gesag te aanvaar. Maar ek dink ‘n mens moet dalk ook hand in eie boesem steek, want soms is ons sélf ook maar skuldig. Soms raak ons kwaad vir Jesus, of raak ons bitter ongelukkig wanneer dinge nie hééltemal wil loop soos ons dit wou laat loop nie. Die Kiewiet het lawaai oor hy gedink het sy nes is in gevaar, maar die buffel het presies geweet waar om te trap. Nét so sien ons dikwels die ergste kom, maar ons wil nie besef dat Jesus van alles weet, en dat Hy presies weet wat om te doen nie. Kom ons vertrou Hom vir ‘n slag!

Gebed:

Here, ek is dikwels só skuldig daaraan dat ek U nie ten volle vertrou nie. Gee my asseblief vertroue.

## Die Boere en die Wingerd

## Lukas 20:9-19

Terwyl Jesus in Jerusalem in angs gewag het op Sy naderende teregstelling, het Hy nie op ‘n hopie gaan sit en jammer voel vir Homself nie. Nee, Hy het elke oomblik aangegryp om die groot skares mense wat steeds by die tempel om Hom saamgedrom het te leer. En ja, die Fariseërs en Skrifgeleerdes was ook daar, maar hulle was teenwoordig met ‘n verskuilde agenda. Hulle wou op Hom spioeneer, en hulle het desperaat gesoek vir iets wat Hy sou sê of doen wat hulle kon gebruik as getuienis teen Hom om Hom te laat doodmaak.

Jesus het dwarsdeur hierdie huigelaars gesien, en toe vertel Hy hierdie gelykenis wat eintlik direk op hulle gemik was. Hy vertel van die grondeienaar wat ‘n wingerd uitverhuur het aan boere, en toe vertrek hy iewers heen, weg van sy eiendom af. Toe oestyd verby is, stuur hy sy slaaf om die huurgeld in te vorder, maar die slaaf word mishandel en met leë hande weg gestuur. Die boer gee nie moed op nie en stuur ‘n tweede slaaf, maar ook hy word hardhandig met skeltaal van die eiendom afgeboender. Steeds probeer die eienaar en stuur ‘n derde slaaf. Die mishandeling wat die arme slawe verduur word elke keer erger en erger, en ook hy kom bedroë daarvan af.

Jesus sê dit nie direk nie, maar dit is baie duidelik dat Hy daarop sinspeel dat hierdie wingerd eintlik die volk Israel is,



_Gaan Na Inhoud

en dat die grondeienaar God is. Die slawe is natuurlik die talle profete wat deur die eeue na Israel gestuur is deur God. As ons maar deur die geskiedenisboeke van die Ou Testament gaan blaai, dan sal ons baie gou sien hoeveel profete reeds deur God na Sy volk gestuur is, en hoedat hulle keer op keer verwerp is én weggejaag en geslaan, dikwels selfs wreed vermoor. Blaai ons deur die bladsye van die Nuwe Testament, dan lyk dit nie beter nie- eintlik lyk dit dalk selfs erger. Die arme Johannes die Doper was die eerste slagoffer. Na hom was dit Stefanus, Paulus en Petrus en nog vele ander.

Die boere het ‘n baie groot fout in die lewe gemaak toe hulle die eienaar nie meer sien nie, en toe dink dat hy nie meer seggenskap oor sy eiendom het nie. Die feit is dat selfs al is die eienaar afwesig, bly hy steeds die eienaar van die eiendom. Die blote feit dat die eienaar nie persoonlik teruggekom het nie, het vir die boere steeds die geleentheid gegee om hulle aksies te heroorweeg. Drie maal het die eienaar hulle daardie geleentheid gegee, en drie maal het hulle dit verwerp. Hoeveel maal het God nie vir Irsrael die geleentheid gegee om te heroorweeg nie, maar telkemale verwerp hulle Hom.

Toe speel die boer sy troefkaart, en stuur sy eie seun om die boere te probeer oorreed. Hulle het hom doodgemaak. Toe Israel nie na die profete wou luister nie, stuur God Sy Seun, en die Jode het Hom doodgemaak. Volgens die reg van

daardie tyd het die eienaar volle reg gehad om die boere om die lewe te bring nadat hulle sy slawe mishandel het en sy eiendom misbruik het. Tóg is hy genadig om die grootste offer te waag deur sy seun te stuur. God het die volste reg gehad om Israel van die aarde af te vee, maar Sy genade is so groot, dat Hy selfs bereid is om Sy eie Seun op te offer om die volk nog 'n kans te gee. Sy genade word egter vertrap. Sy Seun word wreed om die lewe gebring.

Ons lees dat die Fariseërs en Skrifgeleerdes presies verstaan het wat Jesus bedoel het met hierdie gelykenis. Hulle het maar ál te goed besef dat hulle die moderne boere is, en dat dit húlle is van wie Jesus praat. Dit was slegs hulle vrees vir die volk wat so aan Jesus se lippe gehang het wat verhoed het dat hulle Hom summier gevange neem.

Die agtergrond van hierdie gelykenis het egter nie geëindig nadat Jesus tereggestel is nie. Jesus sê dat die wingerd vir ander mense gegee is. Vandag is daardie einste "ander mense" besig om presies dieselfde te doen. Die talle profete wat God die afgelope 2000 jaar gestuur het, is keer op keer mishandel. Vandag gaan dit steeds voort, erger as óóit! Elkeen wat dit durf waag om die Woord van God te verkondig kan verseker wees van teenstand en verwerping. Dikwels word sulke profete vandag in sommige lande selfs wreedaardig vervolg en tereggestel.

Iemand wat so 'n profeet verwerp, verwerp in werklikheid vir God. Ja, en dikwels word Jesus, die Seun van God vandag

steeds bespot, uitgejou en verwerp. Ons leef steeds in genadetyd, want God het die mensdom steeds nie verdelg nie. Maar genadetyd is vinnig besig om uit te loop. Die uurglas het bitter min sand oor in die boonste bol. Die vraag wat ek myself vandag moet afvra, is of ek absoluut seker is dat ek nie een van die boere is wat vir Jesus verwerp het nie. As ek nie positief vir Hom gekies het nie, dan het ek Hom verwerp.

Jesus stel dit in klokhelder-duidelike taal, dat alhoewel Hy verwerp is, Hy steeds die héél belangrikste is. Hy sê verder dat diegene wat Hom verwerp, verpletter en vermorsel sal word. Moenie dat dit met jou gebeur nie. As jy nog nie vir Hom gekies het nie, is dit nóú die tyd!

Gebed:

Here, dankie vir U groot genade en U groot geduld met ons.

# Belasting?

## Lukas 20:20-26

In vanoggend se oordenking staan ons 'n bietjie stil by 'n baie netelige kwessie: die een oor ons verhouding teenoor die regering. Nou ja, net die blote noem van die naam van daardie instansie maak baie manne al warm onder die boordjie. Baie van die lesers wat hierdie e-pos nou in die buiteland kry, is daar waar hulle is juis omdat hulle dit nie meer met hierdie regering kon uithou nie.

In die tyd toe hierdie Evangelie sy ontstaan gehad het, was dit nou nie juis makliker nie. Die ergste van alles was dat 'n mens nie eers kon wegvlug oorsee as dinge totaal onhoudbaar vir jou raak nie, want die Romeinse regering het die ganse wêreld besit! Waar jy ookal gaan is die keiser steeds jou baas, of jy daarvan hou of nie! Vir die Jode was dit nog soveel erger, want deur die eeue is die land regeer deur gelowige Jode soos hulle geliefde koning Dawid. Daar was wel lelike af-tye waar Goddelose konings geheers het, maar ten minste was hulle Jode! Maar nou - nou is die keiser wat heers vanuit Rome 'n totale heiden wat nie eers hulle taal kan praat nie. In plaas daarvan om die God te dien wat hulle ken, dien hierdie man en sy ganse regering vreemde gode waarvan hulle nog nie eers gehoor het nie.

Ek dink die arme Jode moes baie swaar gehad het. Waar jy ookal gaan is daar die alewige Romeinse soldate wat elke beweging van jou dophou. Hulle kan jou selfs dwing om hulle

te help of om hulle bagasie te dra. Durf jy jou net teësit, dan is dit tiekits met jou. Boonop is daar ook al die vreemde kulture wat hierdie heidene die land ingevoer het om die geestelike en kulturele waardes wat die Jode oor eeue mee saamgeleef het te vergiftig. Die ergste van alles is dat hulle wat die Joodse volk is, swaar moet belasting betaal, gedeeltelik juis om hierdie strukture wat hulle so haat in stand te hou. En dan gaan hulle swaarverdiende ou geldjies boonop nog om die keiser in absolute weelde te laat leef terwyl hulle moet krepeer van die ellende.

Dit is onder hierdie agtergrond wat die Fariseërs 'n paar stroopgesig manne stuur na Jesus. Hulle maak asof hulle baie eerlik is met hulle vraag aan Hom, maar eintlik is hulle enigste agenda om Hom vas te trek. Eers kom hulle vir Jesus by met 'n baie stroperige heuningkwas en hulle maak asof Hy in hulle oë so 'n wonderlike Rabbi is. Dit is so ironies dat al die lofsange wat hulle Jesus toedig absoluut waar is. Die tragiese is dat hulle nie 'n enkele woord daarvan bedoel nie. En dan vra hulle of dit (in die lig van wat ons hierbo sien) dan reg is vir 'n gelowige Jood om nog steeds belasting te betaal aan daardie Goddelose keiser?

Hierdie was 'n baie lelike strik waarop Jesus beslis nie net "ja" of "nee" kon antwoord nie. Sê Hy dat jy maar moet betaal, dan sal Sy aanhangers aansienlik krimp, want niemand het ooghare vir die keiser nie. Sê Hy egter nee, dan is Hy in groot moeilikheid by die Romeine. Maar hierdie slim

manne het beslis nie rekening gehou met Jesus nie, en die manier wat Hy die uiters plofbare situasie hanteer kan nie anders as briljant beskryf word nie.

Hy vra vir hulle vir ‘n muntstuk, en iemand bring ‘n Romeinse silwer dinarius te voorskyn. Op die muntstuk is die keiser se kop afgebeeld. “Wie is dit daardie?” wil Jesus van hulle weet. Natuurlik moet hulle erken dat die keiser lewensgroot op die muntstuk pryk - nie dat hulle juis hou van wat hulle moet aanskou nie!

“Nou ja”, sê Jesus vir die klomp huigelaars, “gee dan aan die keiser wat aan die keiser behoort”, maar daar eindig Hy nie, want daar is ‘n baie belangriker deel wat moet bykom, “en gee aan God wat aan God behoort”, speel Jesus die troefkaart.

Hierdie strikstellers wou dit nie openlik erken nie, maar Jesus se antwoord het selfs vir húlle verwonderd gelaat.

“Ja sien jy,” word ons gedwing om te sê wanneer ons hierdie gedeelte lees, “mens moet maar doen wat jou regering sê, al hou jy nie daarvan nie!” Uit verskeie uitsprake in die Nuwe Testament is dit duidelik dat ons as gelowiges nie anders kan as om aan die regering sy deel te gee nie, al is hierdie regering ook hóé korrup en heidens, want die regering is daar omdat God dit toegelaat het. Dit beteken nie alleen die betaal van belasting nie, maar ook om die nodige eer te gee, al is dit ook hóé bitter.

Ons vergeet egter gerieflikheidshalwe die tweede deel van Jesus se uitspraak, naamlik om aan God te gee wat Hóm toekom. Ja, dalk gee ons Hom baie dank en eer en aanbidding, maar Hy vra ook van ons opoffering. Hy vra dat ons ‘n bietjie van die tyd wat Hy ons gegee het moet afstaan vir Sy diens. Hy vra ons om ‘n bietjie van die geld wat Hy ons gegee het op te offer vir ‘n saak wat Hy ons op die hart lê. Hy vra ons om lief te hê en ons harte oop te maak vir ander mense in nood. Hy vra ons om wêreldse plesier op te offer en van die sonde weg te hardloop. Kom ons gee Hom vandag wat Hom toekom.

Gebed:

Here, ek staan baie skuldig voor U, want ek gee nie aan U wat ek moet nie.

## Is daar lewe na die dood?

## Lukas 20:27-40

Hoe verskriklik moet dit nie wees as daar nie ‘n opstanding uit die dood sou wees nie? Dan was daar mos niks om voor te lewe buiten om jouself in wêreldsplesier te dompel nie! In die tyd toe Lukas die verhaal geskryf het, was daar ‘n Godsdienstige groep wat presies net mooi dít geglo het: die Sadduseërs. Die tragiese was dat hulle verskriklik Godsdienstig was! Hulle het die kern gevorm van die priesterdom in Jerusalem. Die Sadduseërs was fanatiese wetsonderhouers, wat die wet tot die laaste kommatjie uitgeleef het. Daar het ongelukkig niks in die wet gestaan van die opstanding na die dood nie, en daarom het hulle dit verwerp. As jy dood is, is jy dood! Die Fariseërs en Sadduseërs het nie om dieselfde vuur gesit nie, want hulle lewensbeskouings was totaal verskillend. Maar hulle het een gemeenskaplike vyand gehad: Jesus.

Die vraag waarmee hulle kom om Jesus te konfronteer het te make met die sogenaamde leviraatshuwelik. Vir die mense van daardie tyd was dit van kardinale belang dat ‘n man se naam voortleef in sy kinders. As ‘n arme man dus kinderloos sterf is dit ‘n baie tragiese storie, want hoe kan sy naam dan voortleef? Dus was daar ‘n plan gemaak, en die man se broer was dan soort-van verplig om met sy oorlede broer se vrou te trou. Die kinders wat dan uit hierdie huwelik gebore word is amptelik nie syne nie, maar sy oorlede broer s’n, want hy

verwek kinders namens sy broer. As dit dan nou sou gebeur dat daardie broer óók kinderloos sterf, dan gaan die onus oor op die volgende broer.

Hierdie Sadduseërs moes seker baie tyd gehad het om die strikvraag uit te werk waarmee hulle Jesus wou vastrek. Hulle gebruik juis die leviraatshuwelik om te probeer sê hoe belaglik hierdie lewe-na-die-dood storie nou eintlik is. Dit kan mos nie werk nie? Dit is nie logies nie! Hierdie Jesus sou nie uit hierdie tamaletjie kom nie, of liewer: so het hulle gedink. G'n mens sou hierdie raaisel kon oplos nie!

Hulle het nie rekening gehou met die feit dat hulle nie maar net met 'n gewone mens te doene het nie, maar met Jesus, die Seun van God. En dan stel Jesus dit onomwonde dat daar wél 'n lewe na die dood is. Alhoewel die Sadduseërs nie in die opstanding glo nie, glo hulle wél in God. Jesus se troefkaart is dat Hy nie 'n God van dooies is nie, maar van lewendes. Moses het gepraat van die God van Abraham en Isak en Jakob. Hy is steeds hulle God, dus kan dit mos nie anders as dat hulle springlewendig moet wees nie!

Watter wonderlike troos is dit nie om hierdie woorde uit die mond van Jesus te hoor nie. Dit sê vir ons dat ons geliefdes wat gelowig gesterf het, nie werklik dood is nie, maar slegs deur die poorte van die hemel aanbeweeg het na die ware lewe. Die ou liggaam het dalk agtergebly, maar die belangrike deel, die gees leef voort. Hoe presies hulle nou lyk, weet ons nie. Dat hulle herkenbaar is, is egter 'n feit. Ons


Gaan Na Inhoud

het gelees van die verheerliking op die berg, toe Petrus, Jakobus en Johannes vir Moses en Elia saam met Jesus gesien het met hulle eie oë. Vir 'n kort stonde het God die gordyn na die hemel oopgetrek sodat hierdie bevoorregte manne vir hulleself kon sien hoe 'n wonderlike werklikheid die lewe na die dood is.

Wanneer Jesus vir die Sadduseërs verduidelik van hoe dit in die hemel werk, dan gee Hy ons ook so 'n klein kykie: Hy trek as't ware die gordyn op 'n skrefie oop sodat ons kan inloer. Ons weet uit verskeie berigte van verskynings van spesifieke engele oor 'n tydperk van duisende jare in die Bybel, dat hulle net eenvoudig voortleef vir ewig. Hulle is nie gebonde aan 'n verganklike liggaam soos ons hier op aarde nie. Jesus sê dan ook onder andere dat diegene "wat waardig geag is" soos engele sal wees wat dít aanbetref. Die groter troos is dat hulle ook kinders van God sal wees.

Skielik merk ek 'n bekommernis: volgens dit wat Jesus sê, sal nie almal hierdie voorreg hê nie. Dit is slegs "dié wat waardig geag is om deel te hê aan die toekomstige wêreld" wat hierdie wonderlike voorreg sal smaak.

"Wie is dan tog waardig?" wil ons vra. "Is ek ooit waardig genoeg? Was my geliefdes wat gesterf het waardig? Leef hulle voort?"

Kom ons kyk 'n bietjie wat die voorwaardes is om daardie waardigheid te bekom: Jesus is ook Sélf aan die woord wanneer Hy by 'n ander geleentheid deur 'n Fariseër met die

naam Nikodemus uitgevra word. "God het die wêreld so lief gehad," het Jesus vir Nikodemus gesê, "dat Hy sy enigste Seun gegee het sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê." Hierdie wonderlike trooswoord is opgeteken in die welbekende Johannes 3:16. Verskeie ander uitsprake sê presies dieselfde, dat as jy in Jesus glo, dan is jy waardig om die ewige lewe te hê. Met ander woorde dit is nie uit jou eie verdienste – hoe mooi en goed jy lewe nie, maar uit die wonderlike, groot genade van God. Laat dit dus vandag vir jou die wonderlike vertroosting wees, dat as jou afgestorwe geliefde in Jesus geglo het, dat hy of sy nou soos 'n engel lewe, en dat dieselfde op jou wag as jy glo.

Gebed:

Dankie vir die wonderlike troos wat U my gee Here.



Gaan Na Inhoud

# Die Grysneushoring

## Lukas 20:41-47

Jesus waarsku teen die arrogante Skrifgeleerdes wat hulleself so heilig hou. As ek daardie manne in my geestesoog sien, dan sien ek Geelbek Neushorings! Buiten nou vir spreeus is neushorings seker die mees opvallende voëlspesies wat jy in die wildtuin teëkom. Héél voor in die ry loop die die astrante, arrogante, bang-vir-niks Geelbekneushoring. Kort op sy hakke marsjeer die parmantige Rooibekneushoring met sy lipstiekbek. In Zoeloeland se wildtuine is dit weer die skreeulelike Boskraai met sy gesanik wat enige regdenkende mens nagmerries gee. Klink op ‘n druppel water nes ‘n babatjie met koliek wat kerm.

Sit ek en Mosbolletjie een mooi oggend by Afsaal en brêkvis eet tydens ‘n dagbesoekie aan Oom Paul se Wille Krugertuin. Rondom ons sit die takke volgepak van neushoringvoëls – lyk kompleet nes 'n spul aasvoëls wat wag vir die regte oomblik. Ons bure laat per ongeluk (?!) ‘n paar krummels van hulle tafel afval, en skielik val ‘n kombers van voëls uit die lug. Dit wriemel en baklei en pik en sluk- almal Geelbekneushorings. Buurman aan die ander kant is besig om spek en eiers te braai op ‘n gasbraai. Buurvrou gil benoud! Ek kyk om, net betyds om te sien hoedat een van die geelbekgevaartes met ‘n stuk spek wegvlieg wat hy van die warm braai af gesteel het. Buurvrou giggel histeries.

Sal daar nou nie een van hierdie arrogante ou Geelbekke reg

oorkant my op die tafel kom plak nie! Hy skuif-skuif reg, totdat hy só sit dat hy my vierkant in die oë kyk. Ek maak asof ek hom nie sien nie, maar hy rek eintlik sy nek om my oë op hom te trek. Kort-kort loer hy na my geroosterde toebroodjie, en die begeerte drup van sy gevreet af. Ek maak hande bak oor die toebroodjie. Hy staar. Ek staar terug. Ek voel skuldig. Hy sien dit onmiddellik raak, en hy sit die ek's-so-verskriklik-honger-gevreet op. Selfbejammering in die ergste graad!

Ek was op die punt om my toebroodjie net so te oorhandig, toe ek skielik tot my sinne kom. Ek onthou hoedat dit hierdie einste ou Geelbekke is wat al die kleiner voëltjies so domineer, en veral die sagmoedige Grysneushoring. As dit by etenstyd kom word die arme ou Grysetjie summier weggejaag. Hy sal daar eenkant gaan sit en soebat en smeek met sy soet fluitjiestemmetjie vir 'n ou happie, maar Geelbek sal sy vlymskerp geel sabel dreigend swaai en die arme ou Grysetjie landuit jaag. Ek eet my toebroodjie alleen op sonder om vir hom 'n krummel te los. Vererg vlieg hy weg!

Laatmiddag is ons terug by ons Boshuisie. Kom sit 'n Grysneushoring op 'n takkie voor die stoep en sing sy ververlang liedjie: "Fie, fieefiee, fioee-fioee..." Ek is diep aangeraak deur sy mooi lied en gooi 'n paar krummeltjies op die stoep. Half apologeties kom sit hy en tel dankbaar die korreltjies een-vir-een op.

Mooi voël, hierdie Grysneushoring. Nou wel nie so swierig



Gaan Na Inhoud

soos sy geelbek neef nie, en hy het ook nie die angswekkende stem van die Zoeloeland-spul nie. Maar hy is delikaat en beeldskoon op sy eie manier. By sy donkergrys baadjie met room-wit veerpunte, dra hy ‘n spierwit hemp. ‘n Amper-swart gesig met spierwit wenkbroue, en dan hierdie lang swart snawel met roomkleur insetsels, gee hom die mooiste gelaatstrekke. En vroulief dra sowaar lipstiek- ‘n rooi snawelpunt! Delikate fyn strepies op sy onderkaak maak die prentjie volmaak. Maar dit is wanneer hy sy bek oopmaak dat jy sy tande sien - ‘n formidabele ry van hulle. Dit gee mens sommer nuwe respek vir hierdie onderdrukte van die voëlwêreld.

Kyk, die Geelbekneushoring is beslis 'n aantreklike kêrel. Hy maak op die oog af dadelik 'n goeie indruk op jou, en dit is veral sy manjifieke geel snawel wat respek afdwing. In vers 46 praat Jesus ook van “geelbekneushorings”, die Skrifgeleerdes. Deftige manne gewees hierdie, en hulle het op die oog af 'n baie goeie indruk geskep. Altyd voor in die koor, en die beste plekke is spesiaal vir hulle gereserveer.

Maar Jesus waarsku dat dit alles net skyn is, want hulle hoogdrawende gebede is niksseggend en agteraf knou hulle die weerlose weduwees af.

Vandag kan ons maklik vinger wys na die skynheiliges van daardie tyd. Maar die Here wil hê dat ek en jy vandag hand in eie boesem steek en baie krities gaan kyk na my eie lewe.

Is ek nie dalk ook maar soos die Skrifgeleerde, met al die

Skrifkennis nie? As ek Maandag die moeilike baas in die kantoor is, dan is ek ook maar 'n arrogante Geelbekneushoring wat op almal trap en dink hy is die enigste met bestaansreg.

Die Here wil hê dat ons eerder soos die Grysbyk moet wees. Ja, ons het al die toerusting om uit te troon bo die ander, maar daar is ‘n baie groter saak wat belangrik is, naamlik die Koninkryk. Daarom moet ons bereid wees om nederig en die minste te wees, al is dit soms bitter moeilik. Om stil te bly en nie terug te baklei as ons te ná gekom word nie- dit verg baie moed!

Gebed:

Here, leer my om die ander wang te draai, en om nederig te wees.

# Twee Muntstukkies

## Lukas 21:1-4

Hulle ou huisie was maar bitter klein, nie eers geverf nie. Daar was nie ‘n kraan in die kombuis wat jy kon oopdraai vir water nie - hulle het water gaan haal vir skottelgoed (die ou bietjie wat hulle gehad het) in ‘n eendedammetjie naby die agterdeur. Vir drinkwater moes hulle ‘n bietjie verder loop tot waar die fonteinwater nog skoon was, om darem die eendemis vry te spring.

Ek was maar ‘n seuntjie in die laerskool toe hierdie verslonsde gesin hulle intrek geneem het in ‘n ou klein huisie net buite ons plaashek. Ek glo nie dat die eienaar hulle ooit huur laat betaal het nie, want hulle het niks gehad nie. Die pa het sy werk op die spoorweë verloor, en toe kry hy kanker. Die verskriklike siekte het sy kakebeen weggevreet, en die dokters kon niks vir hom doen nie. Die ma het haar hande vol gehad om die streep kindertjies aan die lewe te hou.

Ek het ‘n paar keer vir hulle gaan kuier, en dan het die tannie vir ons kinders elkeen ‘n sny tuisgebakte brood gegee met varkvet en sout vir die smaak. Dit was al wat sy gehad het, maar die ou bietjie wat sy kon bekostig het sy met ander gedeel.

Skielik een dag was hulle net weg. Waarheen, weet ek nie. Vandag wil ek huil as ek dink aan die arme mense, en daardie vrou wat ten spyte van haar bittere omstandighede

altyd geglimlag het en steeds vrygewig was al het sy absoluut niks gehad om te gee nie.

In die vorige gedeelte het Jesus gewaarsku teen die Skrifgeleerdes met hulle deftige klere. Hierdie hoogdrawende menere het ál die aandag wat hulle gekry het ingedrink, en daar was altyd ereplekke vir hulle gereserveer omdat hulle darem baie belangrik was. Hulle het almal baie duidelik laat verstaan presies wie en wat hulle was. Skynheilige spul, want terwyl hulle in die openbaar lang, indrukwekkende gebede aframmel, besteel hulle die arm weduwees wat niks in die lewe het nie. Die ou bietjie wat die weduwees het om van te lewe, word uit hulle uitgewurg.

Hierdie uitspraak van Jesus oor die Skrifgeleerdes het die toneel opgestel vir 'n byna onopgemerkte ou voorvalletjie - iets wat niemand anders eers raakgesien het nie. By die ingang van die tempel het 'n pragtig-versierde houtkis gestaan. Hierin het mense hulle offergawes gegooi. Terwyl Jesus en sy dissipels staan en kyk het, het daar 'n stroom van mense verbygeloop, en elkeen het sy bydrae gelewer. Sommige skatryk Jode het met groot vertoon 'n sak vol munte in die kis gegooi, terwyl hulle baie seker gemaak het dat elke muntstuk ruidrugtig in die kis klingel en almal kon sien presies hoe oorvloedig hulle gee.

Ongemerk loop 'n brandarm vroutjie tot by die kis. In haar handpalm is twee klein muntstukkies. 'n Traan loop oor haar wang, want sy weet dat hierdie haar laaste geld is. Waar sy

vandag kos vandaan gaan kry, weet sy nie, maar sy vertrou, want die Here sal voorsien. As die twee muntstukkies in die kis val, word sy met minagting aangekyk. “Dink die ou vrou nou rêrag dat haar ou bietjie geld ‘n verskil sal maak?” wonder een ou suurknol hardop.

As die vroutjie wegstap, kyk Jesus haar met groot deernis agterna. “Hierdie arm weduwee het meer ingegooi as al die ander”, sê Hy terwyl sy dissipels Hom met ‘n groot vraagteken op die voorkop aankyk.

“Wat sou die Meester dan nou met so ‘n opmerking bedoel?” wonder hulle. “Al wat sy ingegooi het is twee nikswerd ou muntstukkies wat nie eers ‘n brood kan koop nie!”

Jesus lees die vraagteken op hulle gesigte, en dan verduidelik Hy dat die rykes wat met soveel vertoon hulle skatte daar kom ingooi het, eintlik maar net ‘n ou klein krieseltjie van hulle rykdom gegee het. Wat lyk na ‘n sak vol geld, maak nie eers ‘n duik in hulle bankbalans nie. Vir hierdie vrou het dit seergemaak om haar muntstukkies te gee, want dit is al wat sy gehad het.

Ek is al dikwels die vraag gevra: hoeveel moet ek gee? Verwag die Here dat ek ‘n tiende van my salaris vir die kerk gee? As ons hierop “Ja” wil antwoord, dan raak ons wetties, nes die Fariseërs. In die eerste plek wil die Here nie ons geld hê nie, maar ons lewe. Hy wil hê dat ons ‘n lewende verhouding met Jesus moet hê. Wanneer dit die dag gebeur,

gee ek nie omdat die wet sê dat ek ‘n tiende moet gee nie, maar ek gee uit dankbaarheid terug aan die Here sonder om te tel. Ek help iemand wat in die nood is en gee my tyd vir diens aan die Here. En as ek geld in oorvloed het, gee ek in oorvloed sonder om ‘n vertoon daarvan te maak. Wat ek gee is ‘n saak tussen my en die Here, en niemand hoef daarvan te weet nie. Ek basuin nie uit (soos die Skrifgeleerdes van ouds) dat ek soveel tyd aan gemeenskapswerk spandeer en soveel duisende vir liefdadigheid gee nie. Dit is natuurlik belangrik om te onthou dat my gemeente ook deel is van die werk van die Here, en dat ek daar ook my deel sal gee om die werk in stand te hou!

Gebed:

Here, gee asseblief vir my ‘n oop hand wat nie sal skroom om te gee nie.



Gaan Na Inhoud

# Die Val van die Tempel

## Lukas 21:5-6

In verwondering staar besoekers die ongelooflike geboue aan: watter knap ingenieurswerk het dit nie geverg om hierdie tweeling geboue op te rig nie. Soos twee vingers toring die wêreld handelsentrum die wolke in, amper tot in die hemel. Boukonstruksie het 'n baie ver pad gekom om hierdie tegnologiese wonderwerk tot stand te bring. En dan gebeur 11 September. Twee passasiersvliegtuie vlieg hulleself te pletter in die geboue. Binne minute is die manjifieke toringblokke 'n miserabele hopie puin, gevul met die vergruisde liggame van derduisende mense. Daar was nie eers tyd vir hulle om te probeer ontsnap nie. Binne 'n oogwink was alles verby.

In verwondering staar besoekers, almal Jesus se aanhangers, na die ongelooflike bouwerk aan die tempel. Pynlik netjies is die klippe gekap deur vakmanne wat meesters is op hulle gebied. Salomo het die eerste tempel gebou op die berg Moria - 'n asemrowende gebou, versier met goud en edelstene. Die tempel is deur die Babiloniërs verwoes tydens die val van Jerusalem. Na die ballingskap is dit herbou, maar dit was maar 'n ou asempie van die glorie van Salomo se tempel. Toe Herodus die Grote aan bewind kom, wou hy die Jode se guns wen, en toe herbou hy die tempel en hy bou sommer nuwe voorhowe en pilaargange en ringmure by. Herodus wou dóódseker maak dat sy naam verewig sou

word in hierdie asemrowende bouwerk wat Salomo se pragtige tempel na ‘n vuurhoutjiedosie laat lyk.

G’n wonder dat Jesus se dissipels so in verwondering na die prag en praal van hierdie gebou gestaar het nie. En dan laat val Jesus die bom: Hier sal nie twee van hierdie klippe op mekaar bly lê nie. Al hierdie skoonheid wat julle hier aanskou sal totaal verwoes word. Dit moes soos ‘n emmer yswater in hulle gesigte gevoel het. “Maar hoe is dit dan ooit moontlik?” moes hulle gewonder het, “dis tog gans onmoontlik!” Dalk het hulle gedink dat dit sékerlik tog maar net beeldspraak moes wees!

‘n Skamele veertig jaar later (70 n.C.) kom die Romeine en verwoes die tempel tot op die grond. Hulle het doodseker gemaak dat hierdie sogenaamde heilige gebou nooit ooit herbou sou word nie. Daar word vertel dat die gebou eers afgebrand is. Van die goud versiersels in die tempel het tussen die klippe ingeloop, en die Romeine het letterlik elke klip omgekeer om by die goud te kom. Nie twee van die manjifieke klippe het opmekaar bly lê nie. Net ‘n hoop rommel- dit is al......

Wanneer Jesus vir sy geskokte hoorders hierdie verdoemende nuus oordra van die tempel, dan word die effek daarvan nog meer dramaties gemaak deur die feit dat hulle binne-in die tempel sit. As hulle in vervoering opkyk, kan hulle hulleself beswaarlik indink dat hierdie vors mure ooit verwoes kan word.

Ek en jy word hierdeur tot die besef gebring van hoe verskriklik verganklik alle mensgemaakte goed werklik is. Toe die tsunami ‘n paar jaar gelede die verre ooste getref het, is totale dorpies binne oomblikke van die gesig van die aarde afgevee. Duisende mense is verswelg deur een enkele golf. Toe die vulkaan Vesuvius uitbars, het die ganse stad Pompeii binne ure verdwyn onder meters vulkaniese as, en daar was geen ontsnapkans vir die inwoners nie. Toe die geweld van die Buffelsrivier Laingsburg tref, is mense en huise binne minute deur die woedende rivier ingesluk. Nog vars in ons geheue is die tsunami wat Japan getref het en binne minute ongekende verwoesting gesaai het wat die ganse wêreld in skok geruk het, Duisende mense verloor hulle lewens in 'n oogwink. 'n Onaantasbare kernkragsentrale raak beskadig besoedel verder alles wat nog nie verwoes is nie.

Hoe verskriklik verganklik is alles nie! En daarom moet ons nie te verknog raak aan ons aardse besittings nie, want in ‘n oogwink kan hulle verdwyn. Die ekonomiese krisis waarin die wêreld hom bevind, het talle stinkryk mense se paleise soos mis voor die son laat verdwyn. En baie arm mense het die ou bietjie wat hulle besit het ook nog verloor. Almal is getref deur hierdie ekonomiese ramp. Hoe verskriklik verganklik is alles nie!

As ons dink aan die pragtige heiligdom van die Jode - hulle tempel waar God woon - wat totale verwoesting in die gesig gestaar het, dan moet ‘n mens ook net weereens besef dat

ons diens aan daardie God nie op uiterlike dinge gebaseer word nie, maar op die innerlike. O, natuurlik is die uiterlike dinge ook belangrik. Soos ons gister gesien het, is dit nodig dat ek opofferings maak met my tyd, my kragte, my gawes, my geld. Maar hierdie handelinge moet spruit uit dit wat binne in my hart aangaan. As my verhouding met die Here reg is, sal die uiterlike dinge van nature kom.

Kom ons begin weer by die begin. Jesus is die Een waarom alles draai. Het ek 'n lewende verhouding met Jesus? Spandeer ek kwaliteit tyd saam met Hom? Is daar liefde - Goddelike liefde - in my hart en lewe? Is ek 'n spieël wat die heerlikheid van God weerkaats, sodat ongelowiges Hom deur my kan sien? Laat ek die Heilige Gees toe om my lewe te beheer? Hierdie is alles die dinge wat saakmaak.

Gebed:

Here, alles is so verganklik - ek wil die onverganklike in my lewe hê.

# Eindtye

## Lukas 21:7-19

Die jaar 2000 was vir baie mense ‘n skrikwekkende jaar. Terwyl die skares die nuwe jaar met asemrowende vuurwerke en sjampanje en groot gejuig tegemoet gegaan het, was daar ander wat in vrees en bewing gesit en wag het op die einde van die wêreld. “Profete” (doemprofete? Beslis vals profete!) het aangekondig dat die laaste dae aangebreek het, en dat die einde in sig was. Nuwe jaar het gekom, en nuwe jaar 2000 het gegaan, en so die ganse jaar, en steeds het die wêreld vrolik (effens mank) voortgehuppel.

Hierdie was nie die eerste keer dat mense sit en wag het vir die einde om aan te breek nie, en beslis ook nie die laaste keer nie! As ons maar net dink aan die talle geloofsgroepe wat oor die afgelope klompie jare soos paddastoele opgeskiet het, waar die groeplede in totale afsondering gegaan het en gewag het vir die einde. Ja, in sommige gevalle het dit tragies geëindig met ‘n massa selfmoord, as hulle profeet of leier begin besef het dat sy berekeninge so ‘n effens skeef was.

Jesus waarsku sy volgelinge oor hierdie soort van ding. Hy verduidelik dat daar allerhande soorte tekens gaan wees, en dat mense gaan dink dat dit aandui dat die einde op hande is. Hy waarsku ook dat daar vals profete gaan wees wat allerhande uitsprake maak oor die einde. Maar wanneer hulle oorloë sien, en hongersnood epidemies en


Gaan Na Inhoud

aardbewings, en dit lyk of die einde aangebreek het, moet hulle nie beangs raak nie. Inderdaad sal die einde van die wêreld voorafgegaan word deur sulke dinge - hulle is almal aanduidings van God se plan vir die laaste dae, maar hulle sê nog nie dat die einde direk op hande is nie.

Kom ons wees nou maar eerlik met mekaar: sou dit vir jou soveel anders wees om die einde van die wêreld te beleef as om byvoorbeeld in ‘n motorongeluk of met ‘n hartaanval om te kom? Op die ou end kom dit amper op dieselfde neer. Die feit is dat wanneer dit gebeur, dan het jy ‘n ontmoeting met Jesus. Eintlik oorvereenvoudig ek dit natuurlik baie, want Jesus se wederkoms sal soveel groter wees, en die wonder van daardie dag sal nuwejaar van 2000 na ‘n kinderpartytjie laat lyk. Maar dit sal natuurlik ook soveel skrikwekkender wees vir diegene wat nie gereed is nie.

Die feit is dat ‘n mens moet lewe asof die wederkoms vandag enige oomblik gaan plaasvind, maar beplan asof dit nog ‘n duisend jaar ver is. Die vraag is of jy gereed is om Jesus te ontmoet as dit sou gebeur dat die hemele vandag sou oopskeur en Hy vandag op die wolke verskyn?

Dan verander Jesus die onderwerp, en Hy sê vir sy volgelinge dat voordat hierdie dinge gebeur, daar eers ‘n groot vervolging sou wees. Hulle sou gearresteer word en opgesluit word in tronke. Hulle sou voor konings en goewerneurs verskyn bloot omdat hulle volgelinge van Jesus is. Maar dan sê Jesus dat Hy persoonlik vir hulle sal bystaan

en vir hulle die wysheid gee sodat so 'n verleentheid in 'n geleentheid omskep kan word. Dit sal hulle die geleentheid gee om te kan getuig teenoor mense wat andersins totaal onbereikbaar vir die Evangelie sou wees.

As ons so 'n bietjie aanblaai in die geskiedenisbladsye van die Bybel, dan sien ons vir Petrus wat in die hof staan en voor die Joodse Raad sy getuienis gee. Nee, hulle wou dit nie hoor nie, maar omdat hulle hom voor die hof gedaag het, was hulle genoodsaak om maar te luister. Ons sien vir Paulus waar hy telkemale getuig het, dikwels voor die hoogste gesag terwyl hy 'n gevangene was. Soms is hy selfs teruggeroep sodat die heerser meer kon hoor. Paulus het sy jare van gevangenskap uitgebuit en elke geleentheid met albei hande aangegryp. Die briewe wat hy geskryf het uit die tronk was van onskatbare waarde, en selfs vandag, tweeduisend jaar later, lees miljoene mense daagliks uit sy wonderlike briewe vir vertroosting en lering en stigting.

Vervolging van Christene het nie opgehou met Paulus en Petrus nie. Dit gaan vandag steeds voort. Ons is in 'n baie bevoorregte posisie om vandag in Suid-Afrika te kan bly waar ons nog vryelik ons geloof kan uitleef. In die meeste Moslem lande is dit 'n totaal ander storie, en dikwels sypel die gru-verhale uit van die wrede vervolging van Christene. Steeds hoor ons van gelowiges wat daar doen wat Jesus van sy volgelinge gevra het, en maak hulle gebruik van hierdie geleenthede om te getuig van Jesus. Die organisasie

Geopende Deure, wat baie nou betrokke is by gelowiges wat vervolg word, vertel aangrypende verhale van hoe Christene tydens die mees afgryslike vervolging steeds staande bly en vryelik getuig van Jesus. Waar kry 'n mens die krag om dit te kan doen? Die antwoord is eenvoudig: Jesus het in Mat. 28 beloof dat Hy tot aan die einde van die dae met ons sal wees. Maar dan is daar ook die Heilige Gees - die Een wat ons wysheid en krag gee wanneer ons dit die nodigste het. Vetrou op Hom!

Gebed:

Dankie Here, dat ek kan weet waar my krag vandaan kom.

# Verskrikking in Jerusalem

## Lukas 21:20-24

Al ooit gehoor van 'n stad met die naam Aelia Capitolina? Of dalk el-Quds? As hierdie name vir jou Grieks klink, dan hoef jy nie alleen te voel nie. Albei is name wat gegee is vir die stad wat eens op 'n tyd bekend gestaan het as Jerusalem. In die jaar 130 n.C. is daar 'n Romeinse kolonie gevestig na 'n besoek van die Keiser aan die vervalle stad Jerusalem. Hulle het dit herdoop na Aelia Capitolina. In 638 n.C. het die Moslems die stad verower en dit el-Quds genoem. Tragies dat die trotse stad van koning Dawid so in vergetelheid moes verval.

Maar dit was vir die volgelinge van Jesus nie 'n verrassing nie, want Hy het dit alles haarfyn voorspel. Jesus se profesie oor Jerusalem het al begin tydens Sy triomfantlike intog. Jy sal onthou hoe Jesus gehuil het oor Jerusalem net voor Hy die stad binnegery het onder begeleiding van duisende singende, palmswaaiende lofbetuigers (Luk 19:41). En nou profeteer Hy weer oor die stad. Hy vertel van leërs wat die stad sou omsingel. Hy vertel hoe baie van die inwoners gewelddadig sal sneuwel en dat ander as krygsgevangenes weggevoer sou word. Die verskrikking van hierdie aanval op Jerusalem word beklemtoon deur die gedagte dat dit veral swanger vroue en mammas is wat sal ly. Dit sal 'n verskriklike tyd wees, nie alleen vir Jerusalem nie, maar vir die hele Judea. "Vlug berge toe", waarsku Jesus.

“Waarom?” wil ons weet, “waarom gebeur sulke dinge?”

Jesus gee self die antwoord: God voltrek Sy straf oor hierdie mooi stad.

Skaars veertig jaar later word Jesus se profesie woord-vir-woord waar toe die Romeine die stad beleër en gewelddadig verower. Die stad is verwoes en die Jode is verstrooi- dié wat daarna nog bly lewe het.

“Is dit nie ‘n bietjie onregverdig van God nie?” wil die vraag by ‘n mens opkom, “was Jerusalem dan soveel slegter as ander stede?”

Kom ons kyk ‘n bietjie na feite, en dan kan elkeen maar vir homself besluit. Jerusalem is in die tyd van koning Dawid aan die Joodse volk gegee as ‘n trotse sierraad, gebou op die einste berg waar Abraham vir Isak moes offer, sodat almal wat die stad aanskou dit nie alleen as die stad van Dawid gesien het nie, maar as die stad van God. Baie jare later het God Sy groot genade op die mensdom uitgestort toe Hy Sy Seun, Jesus na daardie einste stad gestuur het. Hy kon as Koning daar heers vir ewig, as die inwoners Hom net sou aanvaar. Triomfantlik het Hy die stad binnegery om Jerusalem as die Stad van God te proklameer.

Maar wat gebeur? Daar word saamgesweer teen Hom deur die stadsleiers en kerkleiers, en weldra word die ganse volk teen Hom opgesweep. Hy word belieg, bespot, gegésel en gekruisig deur die inwoners van Judea en Jerusalem- Hy, die

Heilige, die Seun van God. Na regte moes die toorn van God onmiddellik die stad verteer het. Dit is net logies dat die Here daardie stad wat vir God Sélf probeer vernietig het, nét daar met die aarde gelykgemaak het. Maar dit gebeur nie, want Hy is genadig. Hy gee die inwoners, kerkleiers en stadsleiers nóg 'n kans om te besin oor wat hulle gedoen het, en om berou te kry oor hulle verfoeilike daad. Veertig jaar lank was Hy hulle genadig. Vir veertig jaar lank het die Here Sy hand van straf oor hulle weggehou - veertig jaar waarin eers die apostels probeer het om die mense te oortuig, en later ook al die ander gelowiges.

Wat het gebeur? Daar was manne soos Saulus wat fanaties tekere gegaan het om elkeen wat 'n aanhanger was van hierdie Jesus te vervolg, in die tronk te stop en selfs dood te gooi met klippe, soos wat met Stefanus gebeur het. Die Jode het hulle ore toegedruk vir die Evangelie wat die gelowiges verkondig het. Hulle het hulle harte verhard en die gelowiges uit die stad uitgedryf tot in die heidense lande.

Veertig jaar later, na talle probeerslae deur volhardende gelowiges wat maar aanhou probeer en probeer het ten spyte van genadelose vervolging, het God besluit dat genadetyd uitgeloop het. Die verskrikking van die Romeinse aanslag was onbeskryflik. Selfs die pragtige tempel is met die grond gelyk gemaak.

"**Jerusalem sal deur die heidennasies vertrap word totdat ook hulle tyd verby is,**" sê Jesus. Die Romeine het

nie vir altyd daar regeer nie. En ook nie die Mohammedane wat die stad in 638 n.C. verower het nie. Ook húlle tyd het verby gegaan, nés Jesus voorspel het.

‘n Persoon wat vandag steeds vir Jesus verwerp, leef ook in genadetyd. Wanneer verwerp jy vir Jesus? As jy nie ‘n persoonlike verhouding met Hom het nie, dan verwerp jy Hom, al glo jy dat Hy werklik bestaan. (Terloops, die duiwel glo ook aan Jesus se bestaan!) Die probleem is dat God se genadetyd uitloop. Eendag is dit te laat. Daardie eendag kan enige dag kom, en dan skielik is daar géén kans meer nie. Jerusalem se einde is ‘n kinderpartytjie teen die verskrikking wat wag op diegene wat Jesus verwerp.

Gebed:

O Here, dankie vir U groot genade, en dat U selfs genadig is oor ongelowiges en hulle nog ‘n kans gee.


Gaan Na Inhoud

# As die Vyeboom Bot

## Lukas 21:25-33

In die dorre Laeveld is dit winter. Al die diere is honger - die gras is al lankal op en die grasvreters kry swaar. Die veld is leeg en morbied. Maar tóg is daar iets in die lug - splinternuwe, kraakvars blaartjies is besig om te vorm in die uitgemergelde bome. Dit is asof alles in afwagting is - alles kom tot breekpunt, want die lente en die somer met sy oorvloed van kos en lewe is op die punt om uit te bars. Klossies spierwit blommetjies pop alreeds in die knoppiesdorings. Al die inwoners van die Laeveld smag na daardie wonderlike tyd van die jaar waar niemand honger hoef te gaan slaap nie.

Maar nie almal sien uit na die somer in die Laeveld nie, want saam met die somer kom 'n ondraaglike hitte wat dikwels diep in die veertigs draai, en af en toe selfs die moordende vyftigs haal. Vir baie mense is hierdie ondraaglike hitte nét te veel. En natuurlik kom daar saam met die hitte die alewige muskiete - dié soort wat dodelike malaria in hulle byt saamdra.

Wat vir sommige 'n verskrikking is, is vir ander weer 'n uitkoms en 'n wonderlike tyd om na uit te sien.

Rondom Jesus sit 'n skare van mense wat hang aan Sy lippe. Met kloppende harte luister hulle na die dinge wat Hy vertel- dinge wat in baie van Sy hoorders se harte 'n verskriklike

angs laat opbou. Hy vertel van natuurfratse wat gaan kom: die son en maan wat gaan verduister en skrikwekkende dinge wat met die sterre gaan gebeur. Maar dit gaan die mensdom nog nader aan die lyf raak wanneer die allerverskriklikste vloedgolwe die aarde gaan tref en die gebulder van die see mense tot raserny gaan dryf. Alles gaan ontwrig wees, die aarde sowel as die hemelruim. Mense gaan beswyk by die blote gedagte van dit wat besig is om te gebeur.

Dink maar net ‘n bietjie aan die gebeure van die afgelope paar jaar, hoe verskriklik alles ontwrig is. Daar is sprake van reuse meteoriete wat op pad is na die aarde toe. Aardverwarming laat ons harte inmekaar krimp: wat gaan gebeur as die pole smelt? Tsunamis saai verwoesting oor die aardbol. Aardbewings, verskriklike reëns en modderstortings eis duisende lewens. Verskriklike epidemies swaai doodsekels op verskeie plekke in die wêreld en eis duisende lewens. Knellende droogtes en hongersnood is die voorland van baie Afrika lande. Lugbesoedeling en die allerverskriklikste waterbesoedeling is besig om ons mooi Suid-Afrika te verswelg. Noodsaaklike instansies soos Eskom en die poskantoor stort in duie en die prentjie lyk maar duister vorentoe.

Ja, dit is ‘n baie donker prentjie wat ek skilder, maar Jesus sê vir Sy bekommerde hoorders: “As hierdie dinge begin gebeur, staan dan regop en lig julle kop op, want dan is julle



Gaan Na Inhoud

verlossing naby." (Luk. 21:28). Dieselfde dinge wat die ongelowige in sak en as laat sit, is vir ons as gelowiges die wonderlikste nuus ooit, want dit beteken dat die wederkoms van Jesus baie naby is, en dat ons al die gloed kan opmerk van die nuwe Jerusalem wat besig is om neer te daal - daardie asemrowende stad van goud waarvan Johannes skryf in Openbaring.

Jesus vertel ‘n gelykenis oor die natuur, iets wat ons almal verstaan. As die vyeboom begin bot, dan wéét ons mos dat die somer aan die kom is. Dis lente, en oral sien ons hoe die bome bot. Hier in Natal sien ons nie werklik die lente uitbreek nie, en ek beny die ouens wat in die binneland bly, die asemrowende ervaring van bome wat oornag ontplof in ‘n massa wit en pienk. In die Laeveld is dit die Mopaniegranate, liederlik-lelike ou deurmekaar boompies wat skielik oornag die vlaktes omtooi in ‘n lushof van reuse liggeel ruikers wat die lof van God se skeppingswonder uitbasuin. So ver as wat die oog kan sien, is dit net een groot geel massa blomme.

As hierdie dinge gebeur, dan wéét ons dat die somer hier is. Aan die begin het ons gesien dat die somer slegte nuus is vir sommige. Ja, die eindtye beteken dat genadetyd besig is om uit te loop vir die ongelowige. Hoeveel keer het die Here nie al boodskappers gestuur op die pad van die ongelowige om hulle te probeer oortuig nie! Nog nooit in die geskiedenis van die wêreld het die boodskap so helder weerklink soos



Gaan Na Inhoud

juis vandag nie. Die TV is propvol kanale wat die Lewende God verkondig. Internet is tot beskikking van feitlik elke mens, en waar hulle nie deur hierdie twee bereik kan word nie, is daar radio uitsendings wat die boodskap van verlossing regoor die wêreld uitbasuin. Boonop waag groot getalle gelowiges hulle lewens om die boodskap te bring aan onbereikbare mense.

Tóg leef mense voort in hierdie vrees vir die eindverskrikking, want God se verlossingsplan is nie vir hulle logies nie.

Liewe medegelowige, hierdie boodskap vandag is nie een van vrees en verskrikking nie, maar vir jou en my is dit die boodskap van verlossing. Ons is amper daar! Nog net ‘n kort tydjie, dan is ons verlos van ons aardse gebondenheid, en kan ons heerlik ontspan saam met Jesus in die onbeskryflike lig van God!

Gebed:

Here, ek sien só uit na U wederkoms - kom tog gou, Here Jesus!


Gaan Na Inhoud

# Wees Waaksaam

## Lukas 21:34-38

Ek was vir baie jare betrokke by die Voortrtekkers. Een van my groot lekkertes was altyd om kursusse aan te bied wat die kinders bewus maak van die strand. Die probleem is dat baie min kinders (en grootmense!) die kompleksiteit van die strand besef of verstaan. Daar het dan groepe van iewers in Gauteng of die Vrystaat hier in Ballito opgedaag. Vir ‘n dag of twee verduidelik ek hulle dan presies hoe die strand se masjienerie werk, en dat die strand baie meer is as net ‘n lappie wit sand waar jy gaan lê om bruin (of is dit nou rooi?) te brand in die son.

En as ek nou dink dat hulle alles mooi verstaan, dan kom die praktiese. Een mooi oggend word hulle vroeg-vroeg uit die kooi gejaag, en met rugsak oor die blaaie draf hulle strand toe vir ‘n opwindende staptog. Elkeen is toegerus met ‘n lisensie om skulpvis van die rotse af te haal, en hulle opdrag is dat hulle tot die volgende dag op die strand moet oorleef. Hulle moet dus begin voorsiening maak vir kos en water soos wat hulle aanstap.

Hierdie uitstappie is elke keer vet pret, en elke seediertjie en plant en rots word deeglik ondersoek en bepraat en bevoel, en weldra begin die kinders die ongelooflike wonder en kompleksiteit van die strand besef. Hulle sien hoedat elke diertjie en plantjie - hoe primitief hy ookal is - in sy spesiale nissie inpas. Hulle begin besef dat dit geweldige aanpassings

verg van die klein seediertjies om maar net te kan oorleef in hierdie onherbergsame en dikwels vyandige wêreld. Hulle begin sien dat die hele strand lewe, selfs die op-die-oog-af morsdooie stuk sand.

Maar weldra begin die kinders ook besef dat goeie beplanning ‘n absolute noodsaaklikheid is vir hulleself om hier te kan oorleef, veral wanneer die hongerpyne begin knaag en die dors hulle oorval, en daar is nie meer ‘n kafeetjie om die hoek waar hulle iets kan koop nie.

Dit is ‘n lang stap op die strand, maar uiteindelik, so net voor sononder, is daar voor die groep ‘n stil, beskutte baaitjie met ‘n klein helder waterstroompie wat uit die duin borrel, weg van die beskawing en weg van ander mense af. Die kinders is opgewonde om te verneem dat hulle die nag in hierdie mooi plek gaan deurbring onder die sterre. Maar dit is net hier waar die moeilikheid gewoonlik begin, want baie van hulle het al lankal vergeet wat hulle geleer is van oorlewing. Ek help hulle ook nie reg nie, want nou moet hulle sélf die mas opkom, en maar foute maak. Hulle sal dit weldra agterkom!

Teen hierdie tyd is die kinders rasend van die honger, en hulle mossels en krappe en seekatte wat hulle deur die dag bymekaargemaak het, moet bitter gou gaarkom. Vuurmaak met klam dryfhout is die eerste struikelblok, en dit blaas en rook en stook om ‘n bietjie warmte onder die kos te kry. Fiemies vir daardie grillerige kos is nóg ‘n groot probleem, en die stadskinders wurg baie vies ‘n ietsie af om die

hongerpyne stil te maak. Party moet honger gaan slaap omdat hulle nooit kos bymekaar gemaak het nie, en eers met hoogwater wakker geskrik het. Hulle het te veel pret en plesier op die strand gehad!

Die derde groot probleem kom met die slaap saam. Een groep het in die middel van die nag wakker geword toe hulle besig was om in die see in te spoel - hulle het nooit gekyk waar die hoogwater merk is nie. 'n Hele paar groepe het sopnat gereën omdat hulle nie vir behoorlike skuilings gesorg het nie. Op die ou end was dit slegs enkele kinders wat ten volle voorbereid was vir die hele strandervaring.

Jesus sluit Sy preke af met 'n waarskuwing om waaksaam en voorbereid te lewe. Die kinders was deeglik vertel presies wat hulle moes doen op die strand, maar min het hulle daaraan gesteur. Die gevolg was dat hulle tweedebeste daarvan afgekom het. Net so kry ek en jy as gelowiges volledige instruksies oor hoe om ons lewens in te rig. Sondae preek die leraar, en deur die week lees ons wat die Woord vermaan. Die probleem is dat ons ons nie rêrag daaraan steur nie, of dat ons dit baie gou vergeet. Dikwels gaan ons onsself te buite met drank en lekker eet, en dan vergeet ons van die Here se opdragte.

Jesus waarsku dat ons dalk totaal onverhoeds betrap sal word, nes daardie groepie Voortrekkers wat so ampertjies diepsee toe is. "Wees waaksaam en bid altyddeur", sê Jesus. Dit is baie belangrik dat 'n mens gedurig in voeling sal bly

met God. Ja, Hy is altyd daar, maar die probleem is dat **EK** nie altyd by is nie. Ek vergeet van Hom en dan volg ek my eie paadjie. Deur gedurig te bid herinner ek myself nie alleen aan Hom nie, maar hoor ek ook Sy wonderbare stem in my lewe. Deur gedurig te bid, onthou ek ook van die dinge wat belangrik is - sien ek die nood in mense raak, en onthou ek dat ek vriendelik moet wees en die liefde van Jesus moet uitstraal. Hoe meer ek in gebed verkeer met Hom, hoe meer gee ek vir die Here plek in my lewe, en hoe meer laat ek die Heilige Gees toe om my te lei op die regte pad. Gebed anker my aan God.

Gebed:

Here, herinner my asseblief daaraan dat ek vandag gedurigdeur met U sal gesels. Dankie dat U altyd luister!



Gaan Na Inhoud

# Judas Struikel

## Lukas 22:1-6

Wat maak dat een van ‘n mens se intieme vriende jou verraai en in die rug steek? Oor Judas Iskariot is daar al baie gepraat en gegis en geskryf. Die vraag is op elke gelowige se lippe: wat het hom gedryf tot daardie verfoeilike daad, om Jesus te verraai?

Daar is baie teorieë, en ons moet dalk ‘n bietjie kyk na die moontlikhede. Lukas noem bloot dat die duiwel in Judas ingevaar het, en dat hy toe na die kerkleiers gegaan het om sy dienste aan te bied. Oor die man Judas word daar bitter min geskryf in die evangelies. Petrus en Johannes is die manne wat elke keer op die voorgrond is, en meeste van die ander dissipels word soms genoem, maar die enigste wat ons sien van Judas, is toe hy geprotesteer het toe Jesus gesalf is, want die geld vir daardie olie kon beter gebruik word. Hy was die dissipels se tesourier, en al het hulle hom toevertrou met hulle beursie, het dit tóg deurgeskemer dat hulle hom nie werklik vertrou het met hulle geld nie. Dit wil tóg vir ‘n mens lyk asof geld vir hom ‘n probleem was. Ons sien dat hy met die kerkleiers onderhandel het vir betaling as hy Jesus sou verraai.

Wat sou maak dat Judas vir drie jaar lank getrou vir Jesus volg? Was hy nie dalk tóg hart en siel saam met die ander elf nie? Ek dink dat Judas aan die begin, toe hy geroep is deur Jesus, nét so opgewonde was oor sy roeping as sy ander

maats. Toe dit begin deurskemer dat Jesus in werklikheid die Messias is, was sy opgewondenheid sekerlik nóg groter. Die teorie is dat Judas dalk ‘n Seloot was. Hierdie was ‘n groep Jode met ‘n baie sterk Joods-nasionale besef. Nou nie dat dit verkeerd is nie, maar hierdie mense was dikwels fanaties oor hulle nasionalisme, en dan was daar moeilikheid. Hulle het gewoonlik nie geskroom om gewelddadig te raak teen vyande van die volk nie, maar dikwels het hulle selfs teen die gematigde Jode opgetree. Ons weet van een van Jesus se twaalf dissipels wat wél ‘n seloot was, naamlik Simon (Lukas 6:15). In Handelinge 5:37 lees ons van ‘n sekere Judas wat ‘n opstand gelei het onder die vaandel van die Selote.

Die Selote het ‘n baie sterk Messiasverwagting gehad, en hulle het geglo dat hierdie Messias die Jode sou kom bevry van die Romeinse oorheersing. Dalk was dit ook Judas se verwagting, maar Jesus het hom bitterlik teleur gestel. Toe Jesus triomfantlik Jerusalem binnery, het daar vir hom darem weer ‘n bietjie hoop opgeflikker, maar baie gou moes hy maar net weer sien dat Jesus nie gekom het om oorlog te maak nie maar om te ly.

En toe knak hy........

Die duiwel se skerp ogies het Judas se teleurstelling baie gou raakgesien, en toe buit hy dit uit. Judas het natuurlik geweet dat die spul priesterhoofde en skrifgeleerdes gebrand het om Jesus in die hande te kry, maar dat hulle vrek bang was vir die volk. Jesus, het ons gesien, het steeds ‘n baie sterk

aanhang gehad by die volk, en daar was gedurig ‘n skare mense om Hom saamgedrom. As hulle nou sou kom en Jesus daar gevange neem om verhoor te word, dan sou die volk hulle verskeur. Dit het Judas ook wel deeglik besef. Die enigste manier om Jesus te kry waar daar nie ‘n spul mense by is nie, is om Hom te gaan uitsnuffel daar waar Hy en die twaalf oornag. Saans, na die gewoel van die dag, het Jesus en sy dissipels vir hulle ‘n lêplekkie gaan soek iewers op die Olyfberg, en slegs een van die intieme binnekring het geweet waar hulle sou wees.

En so bied Judas dan sy dienste aan - teen ‘n prys natuurlik! Hy sou hulle wys presies waar om Jesus veilig te arresteer.

Daar is natuurlik ook die teorie dat Judas nie werklik vir Jesus wou dood hê nie, maar dat hy met sy verraad vir Jesus wou dwing om op te tree teen die Romeine. Judas het dus gladnie verstaan wat Jesus se doel werklik was nie. Oor hierdie teorie kan ons egter maar net gis.

Hierdie verhaal hou ‘n baie ernstige waarskuwing in vir elke gelowige vandag. In die eerste plek moet ons doodseker maak van ons motiewe om Jesus te volg. Waarom doen ek dit? Waarom is ek ‘n Christen? Is dit om my van die hel te red? Of is dit dalk om iets daaruit te kry: rykdom, gawes, voorspoed, geluk, roem ens. As dit jou motief is, dan is jy in die moeilikheid! Ons enigste motief behoort te wees om God te verheerlik.

Tweedens moet ons baie versigtig wees dat ons passie vir


Gaan Na Inhoud

Jesus nie verflou nie. As jy eers teruggesak het, verg dit van jou baie harde werk om weer jou ywer vir Jesus terug te kry. Ek het al so dikwels die tragiese moes aanskou van ywerige gelowiges wat alles deur hulle vingers laat glip het. Dit gee vrugbare grond vir die duiwel om sy saad van vertwyfeling te saai. Die einde kan afgryslik wees. Die duiwel is genadeloos, en sal elke terugsakkende gelowige met al sy krag uitbuit. Judas was een van menige slagoffers van die duiwel.

Dus: sorg dat jou motiewe suiwer is, en moenie (ooit!) ophou om ywerig aan jou geloof te werk nie!

Gebed:

Here, ek wil U dien en aanbid omdat U vir my lief is en omdat U die enigste ware God is.



_Gaan Na Inhoud

# ‘n Opdrag van die Meester

## Lukas 22:7-13

Gestel jy loop in die straat af, aktetas in die hand, en twee wildvreemde mans kom reguit na jou aangestap. Jy wonder nog wie hulle is: Is hulle dalk Jehovah's Getuies wat aan jou ‘n tydskrif wil kom afsmeer? “Nee dankie, ek stel nie belang nie!” begin jy al klaar oefen vir die ontmoetingsoomblik, want jy sien sommer dat hulle op jou en jou alleen gefokus is. As hulle by jou kom, groet hulle vriendelik, so asof hulle jou al jare ken, en jy begin baie ongemaklik raak. Waarheen gaan hierdie manne die gesprek stuur? Maar hulle kom baie gou tot die punt: “Meneer, waar is die plek waar ons vanaand Nagmaal kan vier? Ons Meester het ons na jou gestuur.”

Jou mond val onbeheersd oop: “Maar...... maar waar ken julle Meester my vandaan? Julle is totale vreemdelinge vir my. Hoe weet julle in elkgeval dat ek so ‘n plek het?” Jou gedagtes is verward: wie is hierdie manne? Wat weet hulle van jou af? En wie is hulle Meester?

Ek kan my voorstel hoe die man moes gevoel het wat so trompop deur Petrus en Johannes gevra is vir plek waar hulle die Paasmaaltyd kon gaan eet. Jesus het hulle baie spesifieke opdragte gegee om uit te kyk vir ‘n man wat ‘n kruik dra, en toe hulle hom sien, toe weet hulle sommer. “Ons Leermeester wil weet waar die kamer is wat ons kan gebruik vanaand”, vra hulle vir die verbaasde man, “ons wil daar ons

Paasmaaltyd gaan eet." Ek dink dat die kêrel so uit die veld geslaan is, dat hy nie eers probeer teëstribbel het nie. Wat het in sy gedagtes omgegaan?

Die vraag kom by my op: Wat sou gebeur het as die man geweier het? Dink net aan die katastrofiese gevolge: Alles was presies bestem deur God dat Jesus daardie aand saam met Sy dissipels nagmaal moes vier, want daardie selfde nag nog moes Jesus uitgelewer word. Dit was die enigste en laaste geleentheid wat hulle gehad het, en die horlosie van God se raadsplan het die sekondes afgetik.

Ek en jy kry dikwels opdragte van die Here af. My opdrag was om hierdie dagstukkie te skryf. Dit het beteken dat ek moeite moes doen. Ek moes myself met moeite uit die kooi sleep. O, om net nog 'n uurtjie of wat te kon geslaap het! "Ag, niemand sal tog 'n dagstukkie mis as ek nie vandag een stuur nie," flits deur my gedagtes.

"Iemand het vandag jou dagstukkie nodig!" fluister die Heilige Gees saggies, onhoorbaar vir my.

Ek gaan sit voor die rekenaar: "Here, ek weet nou rêrag nie wat om vanoggend te skryf nie", bid ek, "Waar moet ek begin? Watter boodskap moet ek uitstuur? Lees die mense ooit die goed wat ek stuur?"

En dan kom daardie onbeskryflike bewuswording van die heilige teenwoordigheid van God, en ek weet dat ek maar net moet begin skryf, want Hy sal die woorde in my gedagtes

lê. Al wat Hy van my vra is my gewilligheid om die opdrag uit te voer. Ek hoef my nie te bekommer oor wie die dagstukkie gaan lees, en wie nie. So dikwels wonder ek oor ‘n sekere dagstukkie, en of daardie boodskap ooit vir enigiemand iets sou beteken, en dan kry ek ‘n brief waarin iemand my bedank, want sy het daardie spesifieke boodskap juis op daardie oomblik so bitter nodig gehad.

Die groot vraag wat ek al dikwels gevra is, is: “Hoe weet ek as die Here met my praat? Hoe weet ek dat Hy besig is om my ‘n opdrag te gee?” Hierdie vraag het nie ‘n maklike antwoord nie. Iemand het ‘n ruk gelede vir my gesê dat sy graag die Here se stem hoorbaar wil ervaar. Dit is ongelukkig nie hoe die Here werk nie. Ja, Hy het al hoorbaar met mense gepraat, maar dit is slegs by uiters uitsonderlike gevalle. Die feit is dat die Here op baie verskillende maniere met ‘n mens kan praat. Jy sit miskien in die kerk, en dan weet jy net dat hierdie boodskap vandag presies net vir jou is, en dat die Here baie duidelik met jou persoonlik praat deur die prediker. Dit gebeur dat jy besig is met jou elke dag se stiltetyd, en dan skielik is dit asof die woorde uit die Bybel vir jou uitstaan, en jy wéét! Dit kan gebeur dat vriende, of dalk selfs ‘n wildvreemde persoon, vir jou iets sê, en dan wéét jy dat hierdie woorde van die Here kom.

Die man wat die kruik gedra het in Jerusalem, het net geweet dat hy nie die opdrag van die twee vreemde manne durf ignoreer nie, en hy het gedoen wat hulle gevra het. Ek



Gaan Na Inhoud

en jy durf ook nie die opdragte wat ons van die Here kry ignoreer nie, al klink hulle soms vir ons baie vreemd, en al kan ons nie altyd die sin daarvan insien nie.

Ons moet net onthou dat die Bybel nie ‘n soort “towerboek” is wat jy kan oopslaan en ‘n opdrag van God kry nie. Dit werk ook nie om die Bybel te begin deurblaai en naarstigtelik te soek vir ‘n boodskap van God af nie. Die antwoord is om naby Hom te leef en net geduldig te wees. Op die mees verrassende tyd en manier praat Hy dikwels met jou, en dan moet jy gereed wees om te luister, te hoor en te doen.

Gebed:

Here, maak my asseblief sensitief sodat ek U stem sal herken wanneer U met my praat, en maak my gewillig om U opdragte blymoedig uit te voer.

# Die Nagmaal

## Lukas 22:14-23

Dit is ‘n uiters emosionele oomblik wanneer Jesus saam met Sy twaalf vertrouelinge aan die tafel gaan aansit vir die paasmaaltyd. Saam met Jesus sit twaalf manne wat vir die afgelope drie jaar elke dag by Hom was, manne wat Hy deur en deur leer ken het. Almal was maar doodgewone mense, elkeen met sy foute- rowwe vissermanne, party van hulle.

Daar was Petrus wat gepraat het, en partymaal gedoen het ook, nog voordat hy gedink het. Onverskrokke, hierdie man, maar hy sou later nog knak voor die verskriklike druk, en selfs vir Jesus verloën in die uur waar Hy hom die nodigste sou hê.

Dan was daar Jakobus en Johannes, die twee manne met die verskriklike humeure- Jesus het hulle herdoop na “die Seuns van die Donder”- nou nie juis te vleiend nie!

Een van die manne aan tafel het vermoedelik lang vingers: Judas. Die ander vertrou hom nie so lekker nie, en hy behartig hulle finansies. Maar daar is iets baie erger omtrent hierdie man, want hy het alreeds beplan om Jesus te verraai.

Ja, en so kan ons dalk iets oor elkeen van die manne om die tafel sê. Nie een was volmaak nie! Elkeen het sy swakhede en sonde met hom saamgedra. So dikwels het ons hulle twyfel, hulle ongeloof, hulle angs, hulle onvermoë om te verstaan gesien terwyl hulle saam met Jesus was.


Gaan Na Inhoud

As hierdie manne, wat so naby aan Jesus was, dan dikwels in hulle volgelingskap gefaal het, hoeveel te meer is dit nie dalk ons eie lot nie. Nogtans sien ons vir Jesus waar Hy juis saam met hierdie twaalf sit, en dat Hy vir hulle sê dat Hy baie daarna uitgesien het om hierdie laaste paasmaaltyd saam met hulle te eet.

Wanneer Jesus die brood breek en uitdeel, sê Hy vir Sy twaalf vriende dat hierdie brood Sy liggaam simboliseer. Dit gaan gebreek word, en wanneer hulle dit eet, dan moet hulle aan Hom dink. Dan word die beker met wyn omgestuur, en weereens sê Jesus vir hulle dat hierdie wyn simbolies is van Sy bloed wat vergiet sal word.

Ons moet onthou dat hulle eintlik besig was om die Pasga te vier, die maaltyd wat die Jode moes herinner aan die dag toe God hulle verlos het uit die slawekettings van Egipte. Maar skielik kry hierdie selfde maaltyd nou 'n totaal ander betekenis: dit word nou die Nuwe Verbond waar Jesus alle gelowiges verlos uit die slawekettings van die verdoemenis.

As ons deur die annale van die geskiedenis blaai, dan sien ons dat God met 'n paar mense 'n verbond gesluit het: Adam, Noag en Abraham. Nou kom Jesus egter en sê dat Sy bloed wat gestort sou word die seël is van 'n splinternuwe verbond wat Hy met die ganse mensdom sluit.

'n Verbond is natuurlik 'n ooreenkoms wat tussen twee partye ontstaan. So sal twee lande 'n verbond sluit en sê dat hulle mekaar sal bystaan en nie mekaar sal aanval nie. In


Gaan Na Inhoud

antieke tye is diere geslag om die verbond te bekragtig. As een van die twee partye die verbond sou verbreek, is daar groot moeilikheid! Daar sou met hom gebeur wat met hierdie geslagte diere gebeur het! Bloed het ‘n belangrike deel gevorm van so ‘n verbond, omdat dit die lewe simboliseer.

God se verbond werk ‘n bietjie anders, want dit is ‘n eensydige verbond waar Hy alles gee en ook sekere voorwaardes stel. So lui die nuwe verbond dus dat God die ewige lewe gee (en dit sluit al die voordele daaraan verbonde in), maar as teenprestasie vra Hy geloof in Sy Seun, Jesus. Dit is ook nie ‘n verrassing dat bloed ook in hierdie verbond ‘n baie groot rol speel nie. In hierdie geval is dit egter nie die bloed van diere nie, maar die kosbare bloed van Jesus, enige Seun van God wat as teken (seël) van die verbond gebruik word.

Direk na Jesus hierdie nagmaal ingestel het, maak Hy ‘n skokkende aankondiging: een van hierdie vertrouelinge van Hom, wat nou hier saam met hulle aan tafel sit, gaan Hom verraai. Ek sien in my verbeelding hoe die manne se gesigte val as hierdie bom hulle tref. Hoe is dit moontlik? Hoe kon enigeen so laag daal?

Maar Jesus beklemtoon die feit dat dit volgens die groot raadsplan van God gebeur, en dat dit nie in die hande van die verraaier is nie. God se raadsplan móét sy loop neem, en moet tot in die fynste besonderhede uitgevoer word. Hy bly

steeds in volle beheer, al lyk dit op die oog af of alles buite beheer geraak het, selfs in ‘n situasie soos hierdie wat so tragies en fataal voorkom.

Vandag kan ek en jy die wonderlike wete hê dat ons eie foute en dislojaliteit en swakhede en twyfel en mislukkings nooit ooit God se trou en beheer oor alles kan aantas nie. Vandag kan ons met vertroue die lied sing: “U is in beheer, wonderbare Heer - U wat steeds getrou U skepping onderhou....”

Gebed:

Here, ek kan vanoggend nie anders nie as om in aanbidding voor U neer te val. Ek stel U so dikwels teleur, maar in U groot genade aanvaar U my net soos ek is. Dankie dat ek kan weet dat U in volle beheer is.

## Wie is Baas?

## Lukas 22:24-30

Heilige oomblikke heers terwyl Jesus vir die laaste maal saam met Sy vriende die pasga eet. Nog heiliger en meer dramaties is Jesus se woorde wanneer Hy die eerste nagmaal instel.

Maar die duiwel het al klaar gesien waarheen hierdie intieme gesprek op pad is, en hy is vasberade om dit te verongeluk. Wat tot die stryery aanleiding gegee het, weet ons nie, maar ons kan maar net raai. Dit het waarskynlik gegaan oor leierskap, en wie sou oorneem as die Jode vir Jesus sou vervolg. Petrus, met sy groot mond, sou sékerlik kon aanspraak maak daarop dat hy die regmatige leier van die groep apostels is. Johannes, aan die ander kant, is die een vir wie Jesus baie lief was. Hy het dit laat deurskemer toe hy sy Evangelie skryf. Dalk sou hy die geskikte kandidaat wees om leierskap oor te neem. Dit was nie rustig om die tafel nie!

‘n Mens sou dink dat hulle na drie jaar saam met Jesus darem al die boodskap sou gekry het. As hulle maar net hulle oë oopgemaak het, en gesien het watter voorbeeld Jesus vir hulle stel, sou hulle dalk totaal anders oor die saak gedink het. Jesus was hulle groot Leermeester, en by etlike geleenthede moes hulle aanskou dat Hy die hoogste gesag beklee. Selfs natuurkragte was aan Hom gehoorsaam, en met hulle eie oë moes hulle aanskou hoedat Hy saam met

die grootstes van die grotes, Moses en Elia, op die berg verheerlik word. Met hulle eie ore het hulle die stem van God gehoor uit die hemel. Hy het hulle daardie dag beveel om na Jesus te luister omdat Hy God se Seun is.

Ten spyte hiervan moes hulle telkemale aanskou hoedat hulle Meester Homself verneder en die rol van Dienskneg speel. Die ergste was die dag toe Hy so laag gedaal het om selfs hulle voete te was!

En dan verduidelik Jesus: As jy gaan kyk na die wêreld, dan sal jy sien hoedat mense baasspeel oor mekaar. Gesag word dikwels afgedwing. Ons het dit tog al baie deeglik in ons eie land beleef, regdeur die geskiedenis van Suid-Afrika. Leiers wat beslis nie onder almal gewild was nie, het hulle gesag afgeforseer op diegene oor wie hulle geheers het. Vandag word ons dikwels geterroriseer deur die sogenaamde swartmotor-konvooie. Ek het sélf al 'n slag deurgeloop onder hulle. Mense gryp vir hulleself gesag en dan oorheers of boelie hulle almal wat oor hulle pad kom.

Jesus verduidelik verder dat dit by hulle as gelowiges totaal anders moet wees. "die belangrikste onder julle moet soos die geringste wees", sê Jesus in vers 26. Ek dink dat die manne baie skaam moes gewees het oor hierdie diep woorde van Jesus- dit het tot op die been gesny. Ek dink dat Petrus gevoel het hy kon sy tong afbyt, want hy was die een wat elke keer die verkeerdste dinge op die verkeerdste oomblikke kwytgeraak het, en ek sal nie verbaas wees as die

leierskap-ding alweer van hom af gekom het nie.

Om die minste te wees, veral as jy in ‘n leiersposisie is, is bitter moeilik. Alles kom eintlik neer op nederigheid. As ‘n mens die dag geleer het om waarlik nederig te wees, dan sal die ander dinge ook in plek begin val. Maar selfs in nederigheid is daar ‘n gevaar: jy moet baie versigtig wees oor jou motiewe vir nederigheid. As jy nederigheid bloot uitleef sodat mense jou kan sien as iemand wat nederig is, dan skop jy die bal skoon mis. Nederigheid moet gebore word uit jou besef van totale afhanklikheid van God.

Kom ons begin voor: Waar kom my redding vandaan? Het ek gewerk daarvoor? Is dit omdat ek so ‘n groot geloof het? Nee, beslis nie! Alles, álles is genade, en dit was juis toe ek in sonde gelê het, toe Hy my daar uitgetrek het. Die Heilige Gees het my die geloof in Jesus gegee wat nodig was vir my vryspraak. Hy was ook die een wat my die nodige wysheid en deursettingsvermoë gegee het om my te verhef sodat ek leiding kan neem. O ja, dit het natúúrlik van myself harde werk geverg, maar ál die eer kom die Here toe vir waar ek gekom het as leier. Verder moet ons baie deeglik besef waar die werklike leierskap lê. Jesus is die Een wat die éintlike Leier is, en ek is slegs Sy werktuig.

‘n Voorbeeld: ‘n Koning stuur sy slaaf om sy opdragte te gaan oordra aan sy amptenare. Durf hierdie slaaf hom verhef bo die hoë manne? Besis nie! Hy is slegs die boodskapper, die slaaf, al het hy ‘n baie belangrike taak. So moet ek my



_Gaan Na Inhoud

leierskap sien in dieselfde lig. Ek is maar net die boodskapper van die Here, of die een wat die opdrag van die Here uitvoer, en dus durf ek myself nooit verhef tot “baas” nie. Ek is steeds totaal afhanklik van Hom wat my gestuur het, maak nie saak hóé belangrik die taak is wat Hy my op die skouers gelê het nie.

Die praktiese implikasies hiervan is dat dit nie saakmaak wat jou posisie in die kerk is nie, jy steeds moet besef dat jy net ‘n doodgewone lidmaat (dissipel) is soos al die ander, en dat jy bereid moet wees om in nederigheid jou taak dienend uit te voer sonder om baas te speel oor enigiemand.

Gebed:

Here, vergewe my waar ek myself soms as ‘n trappie hoër as ander sien. Gee my asseblief ware nederigheid.

## Petrus, Petrus!

## Lukas 22:31-34

Dit is die dissipels se heel laaste aand saam met Jesus voor Sy teregstelling, en ‘n beklemming gryp jou aan die hart as jy agterkom dat hierdie manne nog stééds nie verstaan waaroor dit alles gaan nie. Daar is nog al die tyd die onderlinge struwelinge, soos ons gister gelees het, en boonop is daar ‘n adder in hulle midde in die vorm van Judas.

Jesus praat nou direk met Petrus: Ja, die duiwel is nie baie ingenome met hom en sy mede-dissipels nie. “Hy het daarop aangedring om julle soos koring te sif”, sê Jesus vir Petrus. Ek dink die duiwel was desperaat, want hy het gesien waarheen die ding met Jesus op pad was. Hy het so hard probeer om God se verlossingsplan te verongeluk, maar hy was magteloos. Nou wend hy hom tot Jesus se volgelinge, en hy wil begin by die binnekring dissipels, die twaalf manne wat die hele pad elke dag saam met Jesus gestap het, en met wie Hy 'n besonderse verhouding opgebou het. Hy het klaar gesien waar al hulle swak punte is, en daardie dinge wil hy uitbuit sodat hulle uitmekaar sal spat wanneer Jesus se teregstelling verby is. Sy desperate laaste poging is om die hele verlossingsplan nét daar te laat skipbreuk laat ly en te laat doodloop.

Die duiwel het egter nie met Jesus rekening gehou nie: hy het nie gedink dat Jesus na dese nog sou omgee en vir

hierdie manne sou bid nie. Menslik gesproke moes Jesus al lankal moed opgegee het met hierdie klomp, maar Hy het die krag van gebed ál te deeglik besef. Hy het die potensiaal raakgesien van hierdie rowwe visserman, Petrus, die een met die vinnige bek, wat praat voordat hy dink. "Ek het vir jou gebid dat jou geloof jou nie begewe nie", sê Hy vir Petrus. Dan verduidelik Hy dat Petrus die een sal wees wat sterk sal staan en sy mede-dissipels sal versterk wanneer dinge dreig om uitmekaar te val. Maar dit sal eers gebeur nadat Petrus tot bekering gekom het!

Petrus verstaan nie. Het hy dan nie al lankal tot inkeer gekom nie? Hy is immers Jesus se regterhandman! Hy besef nie dat daar swakhede in hom opgesluit is waarvan hy gladnie hou nie. Maar Petrus wil liewer gladnie eers weet van hulle nie! Weereens is dit die Petrus wat praat voordat hy dink, wanneer hy vir Jesus sê dat hy bereid is om saam met Jesus gevange geneem te word, en hy is selfs bereid om te sterf vir sy geloof.

Hoe bitterlik sou Petrus nie nog daardie selfde nag van hierdie troontjie van hom aftuimel nie. "Voordat die haan kraai gaan jy My drie maal verloën", deel Jesus die selfversekerde Petrus mee. "Jy gaan sê dat jy My nie ken nie!"

Petrus kan sy ore nie glo nie! Sy ego is geknak! Hoe kan sy Jesus dan so 'n verskriklike ding van hom sê? Hy word baie hard aarde toe gebring.

Dikwels is dit nodig dat ‘n mens ‘n slag van jou troontjie wat jy vir jouself gebou het moet afval, sodat jy weer jou afhanklikheid van God kan besef. Daardie nag sou vir Petrus seker die bitterste een in sy lewe wees, maar hy sou weer opstaan, Jesus het dit immers Sélf vir hom belowe. Wanneer ek en jy so hard aarde toe neerdaal, dan voel jy seergemaak en verwerp. Maar dan is daar die een Anker van hoop wat keer dat ons nie totaal uithaak nie: Jesus! Soos wat Hy vir Petrus gebid het, so bid Hy ook vir my en ook vir jou. In Matt. 28 het Hy belowe dat Hy met ons sal wees tot aan die voleinding. Wat ‘n wonderlike troos, veral wanneer jy nie meer weet watter kant toe nie.

Soos die duiwel destyds gepoog het om die dissipels tot ‘n val te bring, so probeer hy vandag steeds baie hard om ons as gelowiges te laat struikel en val sodat ons nie weer sal kan opstaan nie. Die ironie van die saak is dat ‘n gelowige wat maar net ‘n passassier op die geloofstrein is, en net lekker saamry, nie sommer groot las van die duiwel sal kry nie. Hy is vir die duiwel geen bedreiging nie, dus los hy hom uit om sy vrugtelose rit te voltooi.

Dit is egter die gelowige wat sélf aan die werk spring en die masjienerie van die geloofstrein aan die gang probeer hou, wat die teiken van die duiwel se aanslae is. So ‘n persoon maak die duiwel baie bekommerd, want al sy harde werk word ongedaan gemaak. Iemand wat mense na Jesus toe lei, word veral geteiken, want so sien die duiwel hoe die siele uit

sy gretige kloue glip.

Wanneer die aanslae van die duiwel jou dus tref, moet jy nie bekommerd wees nie. In die eerste plek weet jy dat jy op die duiwel se tone getrap het, en dat hy nie daarvan hou nie. Maar die belangrikste is dat jy kan wéét dat Jesus by jou is om jou staande te hou. Hy sal jou nooit, óóit begewe of verlaat nie, en Hy bid vir jou. Maar daar is ook die wonderlike wete dat die Heilige Gees in jou is om jou die wysheid en krag te gee om elke situasie te kan hanteer. Dikwels lyk dinge vir ons totaal onmoontlik, en voel jy dat dit ver bokant jou vermoë is. Maar dan is daar die wonderlike wete dat ons die Heilige Gees het wat vir ons leiding sal gee en wysheid en krag om suksesvol anderkant uit te kom. Hy het nooit belowe dat dit maklik sou wees nie, maar Hy sal ons staande hou, selfs deur die swaarste beproewing, en ons as oorwinnaars uit die stryd laat tree.

Gebed

Here, dankie dat U vir Jesus en die Heilige Gees in my lewe gebring het!

## Twee Swaarde

## Lukas 22:35-38

Ons kom by die laaste gesprek van Jesus met Sy dissipels voor Sy teregstelling. En hierdie gesprek is al dikwels baie verkeerd verstaan. Die dissipels was die eerste wat al klaar nie mooi geweet het wat om daarmee te maak nie. Later, gedurende die middeleeue en veral die kruistogte, is duisende mense doodgemaak deur oorywerige Christene wat die Evangelie met die swaard op mense wou afdwing, omdat hulle dalk Jesus se laaste gesprek verkeerd verstaan het.

Dit beklemtoon net weereens die feit dat ‘n mens nie ‘n enkele sinnetjie in die Bybel kan neem en ‘n hele leerstelling daar rondom kan bou nie. Dit is 'n baie gevaarlike praktyk, maar tog het ek al dikwels gesien dat mense dit wel doen. Daar is verskeie faktore wat die verstaan van 'n Bybelversie beïnvloed. Jy moet in die eerste plek die gedeelte wat jy lees in die konteks sien waarin dit geskryf is. In die tweede plek moet jy verstaan wat die agtergrond is van die omstandighede tydens die tyd toe die geskryf is sowel as die tyd waarin die gebeure afgespeel het. Daar kan dikwels honderde of selfs duisende jare verskil wees tussen die twee. Maar jy moet ook jou verstaan daarvan toets met die boodskap van die res van die Bybel. En jy moet ook weet wat dit vandag, tweeduisend jaar later, in ons eie omstandighede beteken.



Gaan Na Inhoud

Toe Jesus aanvanklik Sy dissipels uitgestuur het op 'n "proeflopie" om hulle daaraan gewoond te maak om die Evangelie te verkondig, was Sy opdrag dat hulle absoluut niks moes saamneem nie - nie kos of klere of enigiets nie. Hulle moes ondervind dat Hy in alles vir hulle kan voorsien, en hulle moes ook hulle volle afhanklikheid van Hom op praktiese wyse ervaar.

Dinge gaan nou egter totaal verander, want Hy is binnekort nie meer daar nie. Van nou af is hulle op hulle eie, en moet hulle op hulle eie voete staan, dus moet hulle ook begin leer om selfvoorsienend te wees. Hulle was afhanklik van ander mense se gasvryheid, iets wat daar in oorvloed was, want almal het gedink dat Jesus wonderlik is, en hulle sou Sy dissipels help waar hulle kon. Maar daar was 'n muur van vyandigheid wat besig was om op te bou teen die gelowiges, eers teen Jesus, en daarna ook Sy volgelinge. Van daardie eens-oormatige gasvryheid sou daar weinig oorbly, en mense sou hulle sien as vyande en 'n sekte wat die ganse Joodse volk en Godsdiens bedreig. Kyk maar net hoe fanaties Saulus later was om hierdie "sekte" onder die volk uit te roei, totdat Jesus hom in sy spore gestop het by Damaskus.

As hulle dus wou oorleef, moes hulle sorg dat hulle selfvoorsienend kon wees. Paulus het hierdie beginsel later dan ook uitgeleef, deur sy beroep as tentmaker te beoefen om so sy reise te finansier.

Die tweede aspek wat Jesus noem, en wat totaal verkeerd

verstaan is, is dat hulle ten alle koste wapens (swaarde) moes bekom. “Dit maak nie sin nie!” wil ons dadelik sê, want al Jesus se uitsprake het daarop gedui dat liefde, en nie geweld nie die antwoord is. Wat het daarvan geword? Jesus het dan juis gesê dat as iemand ons aanval, dan moet ons die ander wang draai sodat hulle maar daar ook kon slaan!

Wat Jesus hier vir Sy dissipels gesê het, het Hy simbolies bedoel. Hy wou hulle voorberei op die geweld wat sou kom. Daardie selfde nag nog is Hy gewelddadig gevange geneem, en die vervolging wat kort daarna begin het was skrikwekkend. Die manne moes besef dat hulle sou moes vlug voor die swaard van die Joodse leiers wat hulle ten alle koste sou wou uitroei. As ons Lukas se verhaal in Handelinge lees, dan sien ons ook hoedat hierdie einste manne in die tronk gestop is, gegésel en mishandel is, en telkemale met die dood gedreig is. Ons sien hoedat gelowiges dikwels gestenig is - wreedaardig met klippe doodgegooi is. Stefanus was die eerste wat op hierdie verskriklike manier met sy lewe moes boet, en selfs Paulus het die geweld van die klippe op sy lyf gevoel.

“Here, kyk hier is twee swaarde”, het Jesus se dissipels vir Hom gesê nadat Hy die uitspraak gemaak het. Ek dink dat Jesus menslik gesproke stomgeslaan was deur die manne se onvermoë om te verstaan wat Hy vir hulle wou probeer tuisbring. “Ons laat dit daarby,” het Hy bloot geantwoord, want om nou te probeer verduidelik - daar was nie meer tyd

nie! Getsemane het gewag!

Later het hulle die dinge wél verstaan, maar eers nadat die Heilige Gees in hulle lewens gekom het. Inderdaad het hulle liefde ten volle uitgeleef, en so vir ons vandag die voorbeeld gestel van hoe ‘n mens waarlik jou liefde kan uitleef. Die swaard is nie die antwoord nie, al voel ‘n mens soms dat jy die gebroedsel wil uitmoor. As gelowige moet ons liefde uitleef in sy volheid - dit was Jesus se opdrag regdeur Sy bediening. Dit beteken dat ons steeds vriendelik sal bly, selfs al kasty die wêreld ons. Dit beteken dat ons liefde sal uitstraal selfs deur die grootste vervolging. Stefanus het vir sy moordenaars gebid!

Gebed:

Here, vul my hart - my ganse lewe met U wonderbare liefde sodat dit sal uitstraal en die wêreld Jesus deur my sal sien.

# In Getsemane

## Lukas 22:39-46

Ek woon ‘n klompie jare gelede ‘n kursus by saam met ‘n paar vriende. Die werk wat afgehandel moet word is ‘n reuse berg, en eers na middernag kry ons klaar. Skielik kan ons ontspan, en ons besluit om nou eers ‘n ou vleisie te gaan braai. Om die vuurtjie word daar gekuier tot kort voor dagbreek voordat ons eers begin vaak raak. ‘n Jaar later is ons weer besig met ‘n kursus, en een van die aanbieders kom uit die Vrystaat. Die kursus gebeur iewers aan die Suidkus, en weereens word daar gewerk tot middernag. Die Vrystater besluit dat hy graag die son wil sien opkom oor die see, want hy het dit nog nooit beleef nie. Van vroeg opstaan is daar nie sprake nie, dus gaan ons almal op die strand sit en kuier en gesels tot die son die volgende oggend soos ‘n goue bal uit die see verrys. En toe hou ons verder kursus. Malligheid!

‘n Paar jaar later hou ons gemeente ‘n deurnag gebedsgeleentheid. Teen nege-uur die aand is my fut uit, en kan ek nie meer my ogies oophou nie. Slegs enkele bittereinders het dit gemaak tot die volgende oggend - die res het een-vir-een verdwyn, ek inkluis. Hoe bitter moeilik is dit nie om ‘n nag deur te worstel in gebed nie! Met vriende kan jy deurdruk dagbreek toe, maar met God is selfs ‘n uur te lank. Hoe maklik sit ons ‘n konsert deur vir ‘n volle drie ure, en vra dan vir nog meer, maar as ‘n erediens ‘n uur

aanhou raak dit gans te lank.

Na die spannende pasga en nagmaal stap Jesus en Sy twaalf vertrouelinge oudergewoonte na die Olyfberg, waar hulle die afgelope week of wat elke nag geslaap het. Maar hierdie slag was dit anders, want in plaas van om te gaan kooi maak tussen die olyfbome in die tuin van Getsemane, gee Jesus die manne opdrag om te bid. Hulle moet veral bid dat hulle nie in 'n baie swaar toets kom nie. Hyself stap 'n entjie verder aan om alleen in gebed te verkeer. Ek dink hulle gebed was maar baie halfhartig, want hulle was moeg en die spanning van die aand se gebeure het sy tol geëis. Gevolglik, toe daar later die nag 'n baie groot krisis kom, was hulle totaal onvoorbereid daarvoor. Petrus het in 'n woedebui iemand se oor afgekap met sy swaard en een van die ander het sy klere in die proses verloor en poedelnaak die nag ingehardloop. Nog erger dinge sou gebeur, alles omdat hulle nie Jesus se opdrag om deur te druk in gebed kon uitvoer nie.

Vir Jesus was hierdie tyd die grootste krisis wat Hy tot dusver in Sy 33 jaar op aarde beleef het. Die veertig dae in die woestyn moes verskriklik gewees het, en die versoeking van die duiwel nog erger. Maar dit was kinderspeletjies in vergelyking met wat Hy nou beleef. Dink net: hoe sou jy reageer as jy presies geweet het wat op jou wag - dat jy dwarsdeur die nag verhoor en belieg sou word en daarna gegésel sou word totdat die stukke rou vleis uit jou rug

geskeur is? Ek is seker dat angs jou hart sou omklem as jy presies sou weet van die verskriklike pyn wat op jou wag wanneer die spottende soldate die ruwe ysterspykers deur jou hande en voete kap aan die houtkruis. En as jy alles duidelik vooruitsien van die versengende son wat jou liggaam uitmergel terwyl jy daar hang, jy uitgejou word deur die skare en totaal deur God verlaat sou word.

As Jesus maar liewer nie geweet het wat vir Hom voorgelê het nie, sou dit dalk baie draagliker gewees het. Maar Hy het hierdie dinge al in Sy gedagtes beleef nog voordat dit gebeur het. En Hy was bang! ‘n Doodsangs het Hom omklem. Hy het gebid en vir die Vader gevra of daar nie dalk ‘n ander weg was nie. Kon hierdie marteling wat op Hom wag nie asseblief maar opsy geskuif word nie. ‘n Koorsige sweet het Sy liggaam nat gemaak, ten spyte van die koel naglug. Sy sweet het soos bloeddruppels uit Sy voorkop gepêrel, en op die klipperige grond geplof- ‘n angssweet soos niemand dit nog ooit beleef het nie. “Laat nogtans nie My wil nie, maar U wil geskied,” plaas Hy Homself onder God se wil.

Sy vriende wat veronderstel was om Hom by te staan deur hierdie verskriklike worsteling, lê lankal vas aan die slaap onder ‘n olyfboom. Genadiglik stuur die Vader ‘n engel om Hom te versterk, maar dit was maar ‘n skrale troos. Hy is nie totaal alleen en verwerp nie, maar die volgende dag sou dit anders wees, wanneer Hy daar aan die kruis hang sou daar niemand wees nie, nie eers ‘n engel om Hom by te staan

deur die verskriklike foltering nie.

Ek dink nie ons besef aldag waardeur Jesus alles gegaan het om te betaal vir my en jou sondes nie. Die verskriklike marteling het begin al lank voordat Hy nog aan die kruis gespyker was, alles om vir ons volkome vryspraak te kon gee. Hy het die hel beleef in sy volle, afgryslike velheid sodat ek en jy dit kan vryspring en dat ons dit nie hoef te smaak nie. Hoe sê ons dankie vir daardie onmeetlike groot offer wat Hy gebring het? Dikwels is ons dankie baie halfhartig, slegs die prewel van 'n paar vinnige woordjies. Dalk 'n haastige uur in die erediens. Is ons bereid om waarlik opofferings te maak wanneer ons vir Hom dankie sê? Kom ons gaan dink 'n bietjie vandag na oor wat ons waarlik bereid is om vir Hom te doen.

Gebed:

Here Jesus, ons dankie is maar hol woorde, want ons kan U nooit genoeg dank vir wat U vir ons gedoen het nie.

# Pikdonker Duisternis

## Lukas 22:47-53

Dis donker - pikdonker in die Laeveld se doringbosse. Die maan is nog nie op nie, en dit voel asof die bos jou wil omklem. Ek gooi nog ‘n stukkie hout op die vuurtjie, wat maar net ‘n ou vae trosie is. Kort-kort kyk ek om, net om seker te maak dat ons nie dalk van agter bekruip word deur die een of ander honger vleisvreter nie. ‘n Takkie kraak. “Wat was dit?” sê-vra Mosbolletjie. Die flitslig sny tussen die dorings en ruigtes deur op soek na ’n antwoord, maar daar is niks. Dis doodstil- nie eers ‘n naguiltjie of kriek of padda nie- niks! Onheilspellend.

Skielik word ek net bewus van ‘n beweging: ‘n skim in die buitekring van die flou lig van die vuurtjie. Ek val amper van my stoel af. ‘n Duikertjie! Groot onskuldige bruin oë kyk my vraend aan. Kom maar net soek vir ietsie te ete.....

Die donker kan skrikwekkend wees. Dalk is dit omdat die bose dikwels daarin skuil - dat hy die duisternis gebruik as dekmantel vir sy sluwe, verraderlike handelinge.

Ja, dit was juis in die pikswart duisternis van Getsemane, daar teen die hellings van die Olyfberg, waar die bose sy verraderlike daad kom pleeg het. Terwyl Jesus besig was om te worstel in gebed, het Judas na die Joodse leiers gesluip. “Kom”, het hy vir hulle gesê, “dis nou veilig om Hom te vang! Ek sal julle wys waar Hy slaap.” In die pikdonker van die nag

het hy hulle gelei tussen die olyfbome deur na waar hy geweet het Jesus sou wees. Hy het immers sélf baie nagte daar saam met Jesus deurgebring - aan Jesus se voete gesit terwyl Hy vir hom wat Judas is en sy mede-dissipels geleer het van die dinge van die Koninkryk. Daardie tydjies in die tuin, sonder die alewige skares mense was kosbaar. Maar alles het versuur, en nou is daar net verraad in Judas se donker hart.

Jesus het pas klaar gebid, en Hy was nog besig om Sy dissipels te vermaan omdat hulle nie kon wakker bly nie, toe die klomp mense skielik uit die pikdonker opdoem, met niemand anders nie as Judas aan die voorpunt. Hulle is tot die tande toe gewapen met enigiets wat kon slaan of sny. Gevul met afgryse moet ons sien hoedat Judas vorentoe tree en vir Jesus soen, die soen van verraad, 'n duiwelse soen.

Skielik kry die half-aan die slaap dissipels lewe en pluk hulle swaarde uit om vir Jesus te verdedig. Die voorbok, Petrus, begin wild rondkap met sy vlymskerp wapen, en 'n arme slaaf, wat waarskynlik net daar was om 'n lamp te dra, byt in die stof. Petrus se swaard tref hom teen die kop, en met afgryse moet die arme man sien dat sy oor morsaf is. Hy wil nog kerm, maar dan raak Jesus die man se oor in deernis aan, en word hierdie slaaf die laaste mens wat Jesus ooit genees tydens Sy drie jaar lange bediening.

"**Hou op daarmee!**" bestraf Jesus Sy dissipels. Geweld is beslis nie die antwoord op hulle probleme nie.

“Dag vir dag was Ek saam met julle in die tempel”, sê Jesus vir die priesterhoofde wat Hom kom gevange neem, “en julle het nie ‘n hand uitgesteek om My te vang nie. Maar nou dat die tyd vir die duistere magte daar is, het julle julle kans.”

Die duisternis waarin hierdie manne teen Jesus opgetrek het, was simbool van die verstikkende geestelike duisternis waarin hierdie geestelike leiers verkeer het. In die lig van die dag kon hulle Hom nie vang nie, want Jesus was altyd omring deur mense vir wie die lig opgegaan het, mense wat vir Jesus gesien het vir Wie Hy werklik was. Hulle sou teenstand kry as hulle Jesus sou arresteer. Daarom moes hulle die donker gebruik as dekmantel sodat niemand hulle sou sien nie.

Johannes se Evangelie maak 'n groot ding van hierdie teenstelling tussen lig en duister. In Joh. 8:12 beskryf Johannes een van Jesus se uitsprake: “Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisernis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee.” Hoe ironies is dit nie, dat Jesus, die Groot Lig, juis in die duisternis verraai is, en onder dekking van die duisternis deur dienaars van die duistere magte gevange geneem word. Hoe verskriklik donker moes die harte nie gewees het nie, van daardie manne wat voorgegee het dat hulle mense is van die lig - priesters van God - leiers uit die priesterkring. Hoe verskriklik donker moes dit nie gewees het nie, in die hart van Judas - hý wat ‘n leerling was - ‘n vriend van Jesus, iemand wat drie jaar saam met Jesus geleef het en elkeen van Jesus se duisende


Gaan Na Inhoud

wonderwerke aanskou het. Ons kan maar net gis oor wat presies daar verkeerd geloop het.

In hierdie neerdrukkende verhaal is daar ‘n baie ernstige waarskuwing aan elke gelowige: Pasop dat jy nie ook in die duister beland nie! Al die betrokkenes in die verhaal was mense wat aktief gestaan het in die Godsdiens. Judas was selfs ‘n getroue volgeling van Jesus. Deur sonde het hulle in die duister beland. Moenie dieselfde pad loop nie!

Gebed:

Here, bewaar my asseblief van die duister, dat ek nie sélf ook daarin beland nie.


Gaan Na Inhoud

## Petrus se Verraad

## Lukas 22:54-62

Wanneer Jesus in die tuin gevange geneem word, hardloop al Sy dissipels weg volgens Matteus se beskrywing van die gebeure (Mat 26:56). Hulle het Jesus nét daar en dan in die steek gelaat. Een van hulle het egter die moed gehad om op ‘n afstand agter Jesus se vervolgers aan te stap. Hy kon nou darem nie sy Meester sommer so versaak nie, veral nie nadat Jesus voorspel het dat hy sy Meester sou veloën nie. Ons wil so maklik vir Petrus veroordeel oor die feit dat hy Jesus verloën het, maar ons vergeet van die ander dissipels wat almal totaal afwesig was, wat net aan hulleself gedink het en gevlug het toe hulle Meester hulle die nodigste gehad het. Het selfs Jesus se dissipels nou teen Hom gedraai?

Die toneel verskuif nou na die binnehof van die hoëpriester se huis. Vanaand slaap die mense nie soos gewoonlik nie. Daar is baie aksie in hierdie ruim binnehof, want daardie Man wat die kerk so baie hoofbrekens besorg het is mos gevang, en Hy wag vir die verhoor om te begin. Almal is nuuskierig om te sien wat gebeur, dus is daar van slaap vannag géén sprake nie. Dit is ysig koud. In die middel van die binnehof brand ‘n vuurtjie, en die manne koek daar saam vir ‘n bietjie warmte en geselligheid. Petrus skuif ongemerk tussen die manne in, niemand sal hom mos hier in Jerusalem herken nie, hy is immers 'n vreemdeling hier uit Galilea. Eenkant, in die verste hoek van die binnehof is ‘n paar


Gaan Na Inhoud

manne besig met Jesus.

‘n Jong diensmeisie loop verby die manne om die vuur. Skielik steek sy vas. Daardie vreemdeling tussen die klomp - sy het hom voorheen al êrens gesien, maar waar? Haar nuuskierigheid word geprikkel, en sy bekyk hom behóórlik, en dan onthou sy: “Haai, maar jy is mos een van die kêrels wat altyd so saam met hierdie Jesus was!”

Petrus probeer sy kleed laer oor sy oë trek: “Nee juffrou, jy maak 'n fout, ek ken Hom nie!” stotter hy. Sy hart klop in sy keel - as hulle hom darem nou hier moet herken is sy doppie geklink. Sy draai om en skud haar kop, séker dat sy hierdie man saam met die sogenaamde Profeet gesien het.

Petrus se gedagtes is in ‘n warboel. Hy verstaan nie mooi wat besig is om te gebeur nie. Voor hom sien hy alles wat so mooi was die afgelope drie jaar, besig om te verkrummel. Is dit dan nou die einde van die pad? “Haai jy! Jy is mos ook een van hierdie Man se aanhangers!” konfronteer iemand hom skielik uit die bloute. Petrus skrik hom yskoud: “Man, ek is nie!” blaf hy vererg terug.

Harmansdrup stadig sleep die tyd verby. Dit is die langste nag óóit in Petrus se lewe, waar hy sit en worstel met sy emosies. Dáár aan die anderkant van die binnehof kan hy sien hoedat hulle met sy Meester die spot dryf en Hom verneder. Petrus kry seer diep in sy hart, maar hy durf nie nader staan om Hom te help nie. Hoe verskriklik eensaam moet sy Meester nie voel daar tussen daardie gevoellose

spul skurke nie.

Hy voel mense se oë op hom brand. Petrus kan sien hoe fluister hulle vir mekaar terwyl hulle in sy rigting kyk. “Wat!?” wil hy nog vererg vra, maar dan wys een van die manne ‘n vinger rég in sy gesig: “Jy is mos ‘n Galileër! Sowaar, jy wás saam met daardie Man!”

“Is nie! Is nie!” skree Petrus, rooi van woede. “Ek weet nie waarvan jy praat nie!”

En dan kraai die haan.

Jesus draai stadig om en kyk reguit vir Petrus. “Petrus, Ek bid vir jou”, wil Sy oë sê.

“Wat het ek gedoen!” Rou snikke skeur deur Petrus se verwarde liggaam terwyl hy die nag inhardloop met trane wat oor sy wange stroom.

Daardie verskriklike nag sou Petrus nooit, óóit in sy lewe kon vergeet nie, die nag van sy verraad teen sy geliefde Meester.

Maar die Here is genadig en almagtig, en dieselfde Petrus wat so verskriklik hard geval het word skaars ‘n maand later uit hierdie pikdonker put van ellende opgehef tot die hoogste hoogtes om as onverskrokke leier van die nuwe kerk uit te troon. Toe hy op sy eie krag staatgemaak het, was dit ‘n katastrofe, maar toe hy homself aan die Heilige Gees oorgegee het, was sy Bron van krag onuitputlik, eindeloos.

Dalk sit jy vandag in daardie put waarin Petrus beland het,

en weet jy nie meer herwaarts of derwaarts nie. Dalk lyk dit vir jou na die einde van jou geloofspad, en wil jy ook soos Petrus die nag inhardloop, huilend. Dan het ek vir jou baie goeie nuus: dieselfde Heilige Gees wat vir Petrus later so opgehef het, wag ook vir jou om jouself aan Sy sorg oor te gee. Dieselfde Heilige Gees het vanoggend toe ek vir Hom sê: “Here, ek weet nie wat om te skryf nie!” my gedagtes kom vul met hierdie boodskap aan jou.

Ja, Hy is in jou, en Hy hunker daarna om die bestuur van jou wankelrige lewe oor te neem. Maar Hy sal dit slegs doen as jy vir Hom die stuurwiel gee. Doen dit- jy sal nooit, óóit spyt wees nie!

Gebed:

Here, neem my totale lewe oor, en gebruik dit tot U eer.



Gaan Na Inhoud

## Jesus voor die Joodse Raad

## Lukas 22:63-71

Jesus het nooit geweld gebruik nie, al het Hy dalk baie goeie rede daartoe gehad. Die enigste insident waarvan ons weet, is toe Hy die spul skelm smouse uit die tempel uitgeboender het. Tydens Jesus se Mens-wees, leer ons Hom ken as Iemand wat keer op keer konfrontasie ontlont het deur dit te omskep in 'n positiewe geleentheid om die Koninkryk uit te brei. Selfs toe Hy gevange geneem is, en Petrus die slaaf se oor afgekap het, was Jesus steeds die Een wat vrede gemaak het en selfs Sy gewonde vyand se oor genees het.

Wat ‘n wonderlke voorbeeld het Hy nie vir ons gestel nie- as ‘n mens dit maar net wil navolg! Maar o! ‘n Ou se humeur kan tog so gou opvlam as iemand dit sou durf waag om op jou tone te trap.

Dit maak dit dan juis so verskriklik seer om te moet sien hoe hierdie Jesus, wat gestraal het van liefde en deernis, hardhandig behandel word deur Sy wagte. Nadat die enigste van Sy volgelinge wat dit nog gewaag het om naby Hom te wees, ook die hasepad gekies het, die nag in, begin die veiligheidswagte wat Jesus oppas verveeld raak. Om die tyd om te kry, begin hulle die spot dryf met Hom. Hulle blinddoek Hom en dan slaan een van hulle vir Jesus. Hy word dan uitgekoggel om te profeteer watter een van hulle Hom geslaan het, want Hy is immers die groot Profeet? Dwarsdeur die nag hou hierdie gespot aan. Allerhande

Godslasterlike dinge word Hom toegesnou.

Maar Jesus bly stil en verroer nie ‘n vinger om Homself te verdedig nie. Hy antwoord nie hulle koggelvrae oor wie dit was wat Hom geslaan het nie. Jesus is besig om die wil en plan van God uit te voer, en Hy doen die Meesterlik. Ten spyte van Sy benarde situasie (menslik gesproke) is Jesus in volle beheer van wat hier besig is om te gebeur. Sonder dat hulle dit besef, is hierdie mense besig om presies te doen wat God wil hê dat hulle moet doen, en maak hulle die eeue-oue profesië waarheid.

Uiteindelik breek die dag, en die Joodse Raad word inderhaas saamgeroep vir Jesus se verhoor. Volgens die Joodse wette kon hierdie verhoor slegs in die dag plaasvind. Dit is ‘n skerp teenstelling met die manier waarop Jesus gevange geneem is. Dit moes juis onder die dekmantel van die pikdonker nag gebeur om te verhoed dat die volk in opstand kom. Die volksleiers gee skynheilig voor dat hulle in die lig wandel, maar hulle duistere dade word in die nag gepleeg.

Op die banke sit hulle ingeryg, al die Skrifgeleerdes en priesterhoofde manne van die kerk, die volledige “kerkraad”! Hulle gee voor dat hulle God hier verteenwoordig, maar in hulle harte broei daar moord, want Jesus het hulle eer gekrenk toe Hy hulle daar in die tempel veroordeel het.

Dan word Jesus die hofsaal binnegelei, nie as Regter nie, maar as beskuldigde. Hoe ironies: die Regter wat eendag sal


Gaan Na Inhoud

sit om die mensdom van alle tye te oordeel, moet nou staan as die aangeklaagde voor ‘n regbank van mense wat sélf skuldig is tot die dood toe.

Dit is só belangrik dat ‘n regter absoluut onberispelik moet lewe. Dit is daarom dat die regter wat 'n tyd gelede gevonnis was oor sy dronkbestuur, die regslui so geskud het. Die vraag was gevra, hoe hy nog kon optree as regter, as hy sélf skuldig bevind was? Hoe durf hy dan ‘n oordeel oor ander uitspreek?

Eintlik kom die ding baie nader na my en jou toe, want so dikwels wil ons oor mense oordeel. Ons skinder en praat oor iemand wat gestruikel het in die lewe, en wil dikwels dan sommer die arme mens verdoem. Ons durf dit slegs doen as ons sélf vlekkeloos is, sonder ‘n sweempie van sonde. Ek dink nie hier is ‘n mens op aarde wat kan aanspraak maak op só ‘n rein lewe nie. Paulus stel dit onomwonde in Romeine 3:23: “Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie....” In Lukas 6:37 waarsku Jesus: “Moenie oordeel nie, en julle sal nie geoordeel word nie.”

Die Raad wil poog om Jesus as ‘n “valse Christus” te bewys, maar Hy omseil hulle pogings elke keer. Hulle vra hom direk of Hy dan die Christus is. “Al sou Ek dit vir julle sê, sal julle tog nie glo nie!” slaan Jesus die spyker reg op die kop. Maar dit is soos water wat van ‘n eend afloop, en steeds probeer die dikvellige “heiliges” vir Jesus uitvang. “Dan ís jy die Seun van God?” probeer hulle Hom in ‘n hoek dryf.

“Dis is soos julle sê: Ek ís!” antwoord Jesus hulle vraag so reguit as wat maar kán.

Op grond van die feit dat Jesus die waarheid gepraat het, word Hy veroordeel. Hulle oordeel is dat Sy aanspraak ‘n leuen is.

En so spreek hierdie manne dan eintlik ‘n oordeel uit oor hulleself, want in Joh. 3:18 staan daar duidelik: “Wie in Hom (die Seun) glo, word nie veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel....” Hoe tragies is dit nie, dat dit juis die baie Godsdienstige mense is wat nie hulle harte kon oopmaak vir die Seun van God nie.

Gebed:

Here, dankie dat U my oë oopgemaak het, dat ek U kon herken as die ware Seun van God.

# Pilatus

## Lukas 23:1-7

Die Joodse Raad staan soos een man op en neem Jesus van Kajafas se huis af na die ander uiteinde van die stad, na Pontius Pilatus, sodat Hy eerder deur die Romeine verhoor kon word. Die Jode het nie die mag om die doodstraf op te lê nie, en dus is die enigste manier om vir goed van Jesus ontslae te raak, om Hom vir die Romeine te gooi.

Hierdie manne moes baie desperaat gewees het, want hulle het nou nie juis ooghare gehad vir Pilatus nie. Herodus was natuurlik nog koning oor die provinsie Galilea, maar in plaas daarvan om ‘n koning aan te stel in Judea, het die Romeine besluit dat dit beter sou wees om daar eerder ‘n Prokurator of Prefek in beheer te sit. So is Pilatus dan in 26 nC daar aangestel. Hy was nou nie juis die Jode se liefling nie. Hy was hard, gevoelloos en gierig. By ‘n sekere geleentheid het hy ‘n waterleiding na Jerusalem gebou, en toe verwag hy dat die ryk Jode moet help betaal. Toe hulle weier, het hy summier die geld uit die skatkis in die tempel laat haal! Natuurlik het die mense in opstand gekom, en toe gee hy sy soldate opdrag om hulleself te vermom en tussen die oproeriges in te sypel. Daar het hulle die niksvermoedende mense met knuppels aangeval. Talle mense is daardie dag doodgeslaan of doodgetrap in die warboel.

Dit is dus ironies dat die Joodse Raad hulle tot Pilatus wend vir hulp om van Jesus ontslae te raak. Hulle aanvanklike

aanklag teen Jesus was natuurlik Godsdienstig van aard: Hy beskou Homself as die Seun van God! Volgens hulle is dit mos Godslastering! By Pilatus kom hulle egter met ‘n gans ander prentjie, want hy sou hulle net uitlag as hulle met daardie soort van klag by hom aanklop. Nou skielik het hulle aanklag ‘n sterk politieke kleur. Drie klagte kon hulle formuleer:

1. Jesus het die volk opgehits (mislei).

2. Hy het die volk belet om belasting te betaal.

3. Hy het beweer dat Hy die koning is (die Christus.)

Op die eerste aanklag het Pilatus seker maar net sy kop geskud, want wanneer het Jesus ooit die volk opgehits? Die naaste aan ophitsing waarvan ons weet, is toe Hy hierdie manne wat hom verhoor ‘n spul giftige slange genoem het (addergeslag).

Ook die tweede klag is absurd en absoluut lagwekkend, want Jesus het presies die teenoorgestelde gesê as wat hulle beweer. In Lukas 20:20-26 lees ons dat die skrifgeleerdes vir Jesus probeer vastrek het op die vraag van belasting, en dat Sy antwoord aan hulle was: “Gee aan die keiser wat aan die keiser behoort, en aan God wat aan God behoort.” Duideliker kon Hy dit nie gestel het nie, dat ‘n mens jou belasting maar moet betaal, want dit is reg. Waar het hulle dus aan hierdie leuen gekom? Net hulle sal weet.....

Aanklag nommer drie is egter iets totaal anders, en ek dink

nie dat Pilatus mooi geweet het wat om met hierdie klag te maak nie, want eintlik was dit Godsdienstig van aard, en dus totaal buite sy veld van kennis. Hy vra dus vir Jesus: “Is jy die koning van die Jode?” Hierop gee Jesus eintlik ‘n baie ontwykende antwoord. Jy sal onthou dat Jesus regdeur Sy bediening baie vaag was teenoor die volk oor Sy ware identiteit. Teenoor die binnekring dissipels was Hy egter meer reguit.

Pilatus het dus geen ander keuse as om Jesus onskuldig te bevind nie. Op geen enkele aanklag wat die manne voor hom gelê het, kon Pilatus enige waarheid vind nie. Maar nou begin die manne benoud raak omdat hulle sien dat die ganse verhoor deur hulle vingers glip. “Maar Hy stook die ganse volk op met sy leer”, dring hulle aan by Pilatus. Hy moet asseblieftog net nie nou, na al hulle moeite hierdie saak van die rol skrap nie!

En dan vang Pilatus se oor die woordjie Galilea. “Kom Hy van Galilea af?” wil hy weet, want as dit die geval is, dan is Hy mos onder ou Herodus se jurisdiksie. Pilatus slaak ‘n groot sug van verligting: laat Herodus maar met hierdie tamaletjie opgeskeep sit! Nou is dit dankie-tog uit sy hande uit.

Pilatus het ál die mag gehad om hierdie verhoor net daar kort te knip en Jesus vry te laat, maar hierdie magtige man was te papbroekig om hierdie besluit, wat die waarheid sou laat seëvier te neem.

Ons wil graag vir Pilatus daaroor veroordeel, maar die feit is



Gaan Na Inhoud

dat ons dikwels in dieselfde soort situasie beland, en dan doen ons presies wat Pilatus gedoen het. Sodra ons onseker begin raak, skuif ons liewer die onus oor na iemand anders.

Daar is egter iets anders wat ons nooit mag vergeet nie: God het Pilatus presies laat doen wat God wou hê dat hy doen, want as Pilatus daardie dag sy man gestaan het, sou die geskiedenis dalk tragies anders verloop het, en sou ek en jy nie die vryspraak kon kry wat God daardie swart dag vir ons bewerkstellig het nie. Ja, Hy het selfs die Goddelose Pilatus gebruik om Sy doel te bereik!

Gebed:

O Here, die gebeure daardie dag maak my diep seer, maar ek besef dat alles so moes gebeur vir my vryspraak. Dankie Here!



Gaan Na Inhoud

# Herodus se Ontnugtering

## Lukas 23:6-12

Toe Pilatus hoor dat Jesus uit Galilea afkomstig is, is dit asof ‘n groot las van sy skouers afval. Dan is Jesus mos nie binne sy magsgebied nie! Dan is Hy mos die simpele ou Herodus se probleem. Hy het juis nie ooghare vir daardie wrede man nie. Herodus Antipas was ‘n lid van die berugte Herodus-familie. Sy pa, Herodus die Grote, was verantwoordelik vir die kinderslagting toe Jesus ‘n baba was. Na sy pa se dood is die Koninkryk verdeel tussen Herodus Antipas en sy broers, en elkeen het ‘n gebied gekry om te beheer namens die Romeine. Herodus Antipas het ook maar bloed aan sy hande gehad: Hy was die een wat in die grillerige sage, toe hy in sy dronkenskap so oorweldig was deur sy stiefdogter se verleidelike danspassies, ingegee het aan sy vrou se versoek. Daardie aand laat hy die onskuldige Johannes die Doper onthoof, en kom spog hy voor sy gaste met die bebloede kop van die profeet in ‘n skottel.

Daar was egter ook 'n ander sy aan Herodus: hy wou vreeslik graag vir Jesus sien (Lukas 9:9). Die probleem is egter dat dit nie ‘n man van sy soort status sou betaam om agter Jesus aan te loop nie. En hier val sy begeerte as’t ware in sy skoot toe die man vir wie hy gladnie ooghare het nie, Pilatus, daardie selfde Jesus na hom stuur. Het Pilatus ooit besef watter groot guns hy vir Herodus doen? Herodus is oorstelp van vreugde! Hy kan sy geluk nie glo nie! Nou kan hy

uiteindelik met Jesus gesels en die wonderlike dinge wat Jesus sê, waarvan al die mense praat, eerstehands hoor. Dalk kan Jesus selfs vir hom ‘n paar wonderwerke doen! Herodus borrel van opgewondenheid.

Maar dinge werk so verskriklik anders uit vir Herodus. Al waarin hy belang stel is om Jesus te hoor praat, maar hierdie simpele spul Jode bly tussenin kom met hulle streepsakke vol aantygings wat hulle die hele tyd gooi. Hy voel hy wil skreeu! En as hy dan nog die kans kry om iets vir Jesus te vra, dan bly Jesus net swyg soos die graf! Nie ‘n enkele een van daardie wonderlike woorde waarvan hy gehoor het, kom oor Jesus se lippe nie!

Herodus is ‘n baie gefrustreerde man. Hy kry altyd alles wat hy wil hê, maar hierdie een keer as die één ding wat hy so inniglik begeer, om met Jesus te kan gesels, oor sy pad kom, glip dit deur sy vingers - dan weier Jesus om met hom te praat.

Herodus reageer heftig deur kwaad te word. Skielik is Jesus nie meer daardie Man wat hom met verwondering gevul het nie, maar word Hy vir Herodus ‘n voorwerp van veragting. Hy kry nie uit Jesus wat hy gehoop het nie, en nou verwerp hy Jesus. Sy soldate maak ‘n bespotting van Jesus deur vir Hom ‘n deftige kleed om te hang en te maak asof Hy die koning is.

En so word Jesus maar net weereens teruggestuur na Pilatus, want met só ‘n Jesus wil Herodus niks te doene hê nie. Pilatus kan nou maar verder opsnork!

Ek wonder soms of dit nie ook maar dikwels die geval is in die kerk vandag nie? Mense ontmoet vir Jesus, maar dan sien hulle ‘n totale ander Jesus as wat hulle gehoop het om te sien. Ek wonder maar net: Indien Jesus met Herodus sou gepraat het- wat sou Hy vir hom gesê het? Dalk: “Hou op om te sondig,” of “Neem die kruis op en volg My.” Sou Herodus dit ooit oorweeg het? Ek glo beslis nie! Dalk het Jesus vir diegene wat weggeraak het uit die kerk ook sekere dinge gevra om te doen, maar dat hulle nie daarvoor kans gesien het nie.

Kom ons wees eerlik met mekaar: Jesus se vryspraak is verniet! Dit kos jou niks, want Hy het klaar die volle prys daarvoor betaal. Niemand kan nie die ewige lewe verdien nie! Maar Jesus vra van elke gelowige ‘n teenprestasie wanneer ons **ALREEDS** die ewige lewe gekry het, en dit is om jou ganse lewe aan Hom te wy uit dankbaarheid. Jesus het nêrens gesê: “Gaan sit nou maar agteroor en geniet jou verlossing” nie! Hy het by verskeie geleenthede vir Sy volgelinge gesê dat dit harde werk verg om Hom te volg. Om maar net Sondae kerk toe te kom, is net om jou gewete te sus. Om af en toe die Bybel te lees en te bid, is beslis nie wat Jesus wil hê nie. Toe die ryk jong man vir Jesus kom vertel het hoedat hy al die gebooie getrou nakom, is sy borreltjie gebars toe Jesus hom meedeel dat dit nie eers naastenby genoeg is nie.

Elke gelowige moet aktief in die Koninkryk werk. In die eerste

plek vra die Here jou om nie te sondig nie. Wat is sonde? Dit is om NIE die wil van God te doen nie. Wat is die wil van God? Liefde vir Hom en jou medemens. Om Hom lief te hê beteken dat jy Hom sal eer met jou hele lewe. Liefde vir jou medemens beteken nie alleen om hulle fisies te ondersteun nie, maar gaan ook oor die geestelike, en dat jy ‘n werktuig sal wees op die een of ander wyse om die evangelieboodskap by alle ongelowiges uit te bring, want uiteraard is dit die grootste liefdesdaad wat jy enigiemand óóit kan bewys.

Die vraag is: was jy, soos Herodus, ontnugter oor die Jesus wat jy ontmoet het, of het jy Hom entoesiasties en met blydskap ontvang?

Gebed:

Here, maak asseblief van my ‘n entoesiastiese, aktiewe burger van U Koninkryk.

## Kruisig Hom, kruisig Hom!

## Lukas 23:13-25

Herodus het hom wel bitterlik vererg omdat hy niks uit Jesus kon kry nie, maar die feit is dat hy ook geen skuld in Hom gesien het nie. Herodus het vir Jesus onskuldig bevind, en daarom stuur hy Hom terug na Pilatus vir die finale verhoor, die vierde vir die dag, sodat hy kon uitspraak lewer.

Pilatus laat roep die priesterhoofde en Joodse Raad en almal wat sou belang stel bymekaar vir sy uitspraak. Hy stel dit baie duidelik aan hulle dat hy hulle saak baie deeglik ondersoek het en dat sy finale bevinding is dat Jesus onskuldig is. Dit is bevestig deur Herodus se bevinding wat strook met syne.

Wat egter onverstaanbaar is, is dat Pilatus besluit dat alhoewel Jesus onskuldig is, hy Hom tóg sal laat gésel voordat hy Hom vrylaat. Maar hiermee is die Jode gladnie tevrede nie. Dan moet hy maar eerder vir Barabbas vrylaat. Barabbas was ‘n geharde misdadiger wat in die tronk was vir opstand en moord. Hulle is selfs bereid om iemand wat sulke verfoeilike dade gepleeg het te verruil vir Jesus. Maar Hy moet dood, gekruisig word, want hulle wil die ergste moontlike straf vir Hom hê.

Dit gaan ‘n mens se verstand te bowe dat jy so ‘n verskriklike haat kan opbou teen iemand, veral as daardie Persoon in Sy ganse lewe nooit enigiemand skade aangedoen het nie, maar net liefde uitgedeel het in oormaat.

‘n Tweede keer probeer Pilatus. Hy is vas oortuig dat daar géén skuld in Jesus is nie, beslis nie die soort skuld wat ‘n mens die doodstraf laat verdien nie. Maar hierdie Jode is nou totaal besete, en hulle wil nie eers hoor wat Pilatus sê nie. “Kruisig Hom, kruisig Hom!” hou hulle net aan skreeu.

“Watter kwaad het die Man gedoen?” roep Pilatus desperaat uit. Vir ‘n derde keer probeer hy vergeefs om die Jode tot ander insigte te bring, maar hulle hou net aan skree, al harder en harder: “Kruisig Hom, kruisig Hom!” Nou is dit nie meer net die volksleiers nie, maar hulle het die hele volk saam met hulle opgesweep, ook diegene wat slegs enkele dae tevore nog in verwondering aan Jesus se lippe gehang het. “Kruisig Hom, kruisig Hom!”

Die duiwel was desperaat om vir goed van Jesus ontslae te raak, want hy het gesien waarheen dit gaan, en dat hy baie mag sou verloor as Jesus eers in volle beheer is. Ek dink hy het baie lekker gekry toe hy sien hoe goed sy plan werk, en dat hy dit reg gekry het om die hele volk teen Jesus op te sweep. Hy het al ook sy slag geslaan met Jesus se vertrouelinge. Judas was die eerste wat gesneuwel het, en toe die groot een, Petrus. Hierdie manne is geskiedenis! Hulle sal nooit weer dieselfde wees nie!

Maar die duiwel het nie met God rekening gehou nie, want met sy gemene spel het hy so reg in God se hand gespeel. Hy het nooit besef wat God beplan het nie, en dat Jesus se teregstelling juis die einde van die duiwel se heerskappy sou

beteken nie. Maar daar is ‘n ander element waarmee die duiwel ook nie rekening gehou het nie, en dit is die werking- die WONDERLIKE werking- van die Heilige Gees, want hierdie dissipels wat hy so uitmekaar gejaag het, ook Petrus wat so hard geval het, sou later die heerlike, onmeetlike krag van die Heilige Gees beleef op Pinksterdag. Daar het die Here hulle opgehef uit die ellende waarin die duiwel hulle probeer dompel het, en het hulle kragtige getuies vir Jesus geword. Só groot was die krag waarmee hulle gevul is, dat selfs baie van die volk wat saamgeskree het: “Kruisig Hom, kruisig Hom!” tot nuwe insigte gekom het, en volgelinge van Jesus geword het.

Ons wil ons dikwels so blindstaar teen die werke van die bose, dat ons nie die wonderlike hand van God kan raaksien nie. Maak jy vandag ‘n koerant oop, dan is al wat jy sien die verskrikking van misdaad. Transitorowe, plaasmoorde, kapings, inbrake, rooftogte, verkragtings, gesinsmoorde. En dan hang die donker wolk van aardverwarming ook nog oor ons koppe. ‘n Mens word gekondisioneer om met oogklappe deur die lewe te gaan, en net al die slegte dinge raak te sien.

Dit het tyd geword dat ons as gelowiges ‘n slag daardie oogklappe afruk en begin kyk na die wonderlike dinge wat elke dag rondom ons gebeur, wonderwerke wat om ons plaasvind, wat ons maar net aan die hand van God kan toeskryf. Draai jou kop ‘n slaggie weg van duiwel se werke, en kyk na God se wonderlike werke! Kyk ‘n bietjie mooi na ‘n

eenvoudige blom, en hoe absoluut volmaak dit geskep is. Kyk na die ongelooflike kleurewonder van ‘n klein suikerbekkie, en besef dat dit die onverbeterlike werk van die Skepper is.

Stel dan jou lewe tot beskikking van die Heilige Gees, dieselfde onveranderlike, onverganklike Heilige Gees wat vir Petrus en die ander opgetel en verhef het. Laat Hom toe om jou ganse lewe te vul, en jy sal ook ‘n kragtige getuie van Jesus wees. Dan sal jy ook met nuwe oë begin kyk na die dinge wat besig is om rondom ons te gebeur, en jy sal verby die duiwel se laaste krampagtige pogings tot heerskappy, die Koninkryk van God sien wat besig is om in volle glorie te blom.

Gebed:

Here, vul my hele lewe met U Heilige Gees.



Gaan Na Inhoud

## Die Pad na Golgota

## Lukas 23:26-32

Hier op die plaas waar ons bly, hoog in die koppies, 'n ent buite Ballito het ons die afgelope week 'n paar grys dae beleef. 'n Grys wolkkombers het laag oor die koppies gehang en die klowe onder ons was gevul met 'n miswolk. Sulke weer laat ‘n mens baie mistroostig voel, en dit dra beslis by tot die stemming waarin ek verkeer as ek skryf van die optog na Golgota. Dit was ook ‘n baie grys dag, maar op ‘n héél ander manier. Die grys kombers was op daardie dag nie wolke nie, maar die sonde van die wêreld wat swaar gehang het oor al die gebeure.

Na Jesus se uitmergelende verhoor, waar Hy letterlik van bakboord na stuurboord gestuur is, en toe boonop nog gegésel, gespot, geslaan en verneder is, lei hulle Hom weg na die kopbeenplek om gekruisig te word. Dit was tradisie dat die veroordeelde sélf die dwarsbalk van sy kruis moes dra. Teen hierdie tyd was Jesus egter al so swak en uitgeput van al die fisiese sowel as geestelike mishandeling, dat Hy net eenvoudig nie meer daardie swaar houtbalk waaraan Hy vasgespyker moes word kon dra nie. Iemand anders word opgekommandeer deur die soldate om dit vir Hom te dra.

Daar is oor die jare al baie gegis rondom hierdie Simon van Sirene wat Jesus se kruis moes dra. F A Venter het jare gelede 'n skitterende roman geskryf oor hom getiteld: “Man van Cirene.” Sirene was ‘n stad in Libië, in Noord Afrika, dus

kan ons met veiligheid aanneem dat hy doodonskuldig op reis was deur Jerusalem. Toevallig (?!) beland hy in die optog waar Jesus na Golgota geneem word, en ‘n soldaat gryp hom. Wat moes in die arme man se kop omgegaan het? Stel jouself in sy plek: wat sou jy gedink het? Die arme Simon het nie ‘n keuse gehad nie. Hy moes net eenvoudig deel word van al hierdie gebeure, al was hy waarskynlik nie eers ‘n Jood nie. ‘n Mens sou dink dat hy hierna dadelik sy goedjies sou pak en so gou moontlik terugkom in Sirene, maar blykbaar het dit nie gebeur nie. In Markus 15 word na hom verwys as die pa van Aleksander en Rufes. Dit wil by ons die vermoede laat ontstaan dat hy later ‘n bekende persoon geword het in die gemeente, en dat hierdie deelname wat hy gehad het aan Jesus se kruisiging, so ‘n groot invloed op hom gehad het, dat hy gelowig geword het.

Lukas beskryf vir ons dat daar ‘n groot skare mense was wat kom kyk het wat aangaan. Jesus se teregstelling was beslis baie groot nuus! Baie duisende mense het met Hom te doen gehad, en het Hom dalk eerstehands leer ken, en nou wil hulle kom kyk wat gebeur. Dit is so ironies dat die mense wat enkele dae tevore nog aan Jesus se lippe gehang het, en elke woord van Hom ingedrink het, nou slegs nuuskieriges is, of dalk nog erger, deel van die groot skare wat Hom uitgejou het en saamgeskreeu het “Kruisig Hom, kruisig Hom!”

Maar daar was ook die vroue wat simpatie met Jesus gehad het, en geloop en treur en huil het. Was hulle vroue wat tot

ander insigte gekom het? Of was hulle dalk van die vroue wat alreeds lankal besef het wie Jesus werklik is? Lukas sê nie. Wat ons wél in sy verhaal sien, is dat Jesus baie jammer gevoel het vir hierdie vroue. Selfs terwyl Hy in die verskriklikste pyn en nood verkeer het, en op pad was na die aller-aakligste dood, het Jesus steeds tyd gemaak om met hierdie vroue te praat.

Enkele dae tevore het Jesus triomfantlik die stad Jerusalem binnegery, maar toe voorspel Hy die verskriklike oordeel oor die pragtige stad. Nou is Hy op pad uit die stad uit, en weereens bevestig Hy daardie oordeel. In Sy gesprek met die vroue lê Hy klem op die verskrikking van daardie oordeelsdag. Uit die geskiedenis leer ons dat dit 40 jaar later plaasgevind het, en dat slegs 'n puinhoop oorgebly het van Jerusalem en die pragtige tempel.

Wanneer 'n grys wolkkombers somber oor jou hang, en swaar reën benat die aarde, dan voel jy gewoonlik baie mistroostig! Maar dan moet jy besef dat die reën diep in die grond indring en stikstof en lewe gee vir die plante. Dit is bitter nodig, want daarsonder sal alles doodgaan.

Op dieselfde wyse het daardie verskriklike gebeure daardie dag by die kopbeenplek, wat so neerdrukkend was, lewe gebring. Die wonderlike reën van God se genade het nie alleen lewe gebring vir die huilende vroue wat Jesus gevolg het nie, maar dit het ook lewe gebring vir Simon van Sirene en die misdadiger wat langs Jesus gekruisig is. Dit het ook



Gaan Na Inhoud

lewe gebring vir die splinternuwe kerk wat kort daarna ontstaan het en dit gee steeds vandag lewe vir jou en my.

"*Deur te sien op die kruis, is daar lewe en heil, is daar lewe vir jou en vir my*", sing ons. Ja, ons kan dit uitjubel, want Jesus het oorwin! Hy het al die verskriklike aanslae van die duiwel omskep in die grootste triomftog van alle tye. Jerusalem is wél in 70 nC verwoes, maar in Openbaring lees ons van die nuwe, wonderlike Jerusalem wat gaan kom, en ek en jy gaan deel hê aan hierdie stad van goud en edelstene.

Gebed:

Here, dankie vir die wonderlike troos wat U vir ons gee deur U Woord. Dankie dat ons kan uitsien na 'n wonderlike ewige lewe - die lewe wat U Seun Jesus vir ons (baie duur) gekoop het.

## Jesus Gekruisig

## Lukas 23:33-38

Dit is ‘n hartsverskeurende toneel wat voor ons oopvou, as die massa mense al jouende agter Jesus aanloop teen die koppie uit, die plek van die Kopbeen, Golgota. Die doodsreuk hang swaar om hierdie afgryslike plek, wat maar net een ding vir die besoeker beteken: ‘n aaklige, pynlike, uitgerekte doodsmarteling. Iemand wat daar sy laaste tydjie op aarde deurbring, kan maar net hoop dat die marteling nie te lank gaan duur nie, want dit kan soms dae neem voor die arme mens dood is van dors of uitputting of infeksie in sy wonde.

Daardie lot het Jesus in die oë gestaar, maar dit was nie alleen die fisiese pyniging wat op Hom gewag het nie: die verskriklike geestelike worsteling wat Hy moes deurmaak sal ek en jy nooit kan begryp nie, want dit is gans te groot vir ons eenvoudige menslike verstandjies.

Toe die rolprent “Passion of the Christ” uitgekom het, moes ek myself dwing om dit te gaan sien, want ek wou nie die marteling wat Jesus ondergaan het aanskou nie. Toe die rowwe ysterspykers my Heiland se handpalms deurboor, en die soldaat met die hamer aanhou kap en kap en kap, wou ek dit uitskreeu: “**Stop! Dis genoeg!**” Maar dit het aangehou, en ek het gehuil. Ek het saam met Hom daardie verskriklike pyn beleef. Hoe aaklig moes dit nie wees, toe hulle Hom daar oplig, en Sy volle gewig aan die spykers hang nie. Hoe wreed het dit geskeur deur sy vleis.

Tussen twee misdadigers het hulle vir Jesus, die Seun van die Heilige God opgehang. Hoe verskriklik vernederend, om gereken te word saam met sondige mense wat verafsku is deur die samelewing. Maar dit was voorspel in ‘n profesie, baie jare tevore al, deur die profeet Jesaja (Jes. 53:12). Jesus se reaksie was om te bid vir die mense wat Hom so mishandel het: “**Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!**” Wat hierdie mense aan Jesus gedoen het is in menslike taal absoluut onvergeeflik. Tóg pleit Jesus by die Vader om vergifnis vir hulle. Dit gaan ‘n mens se verstand te bowe!

En dan kom die soldate en beroof Hom van sy laaste bietjie menswaardigheid, wanneer hulle Sy klere vat. Hulle trek lootjies oor wie dit gaan kry. Dit terwyl die Jode daar staan en Hom spot en uitlag. Vir die Joodse Raadslede was dit ‘n reuse oorwinning! ‘n Oorwinning oor wat?

Van Jesus het hierdie volk niks anders gekry nie as liefde. Dag-vir-dag het Hy Hom afgesloof om talle siekes gesond te maak en duiwels uit te dryf en vir mense kos te gee. Hy het hulle geleer, en die liefde wat uit Hom gestraal het was oorweldigend. Tóg het hulle Hom verwerp - op die mees walglike manier moontlik. Van die soldate kon ‘n mens dit verstaan, maar die Joodse volk vir wie Hy so baie gedoen het - dit is onverstaanbaar. Terwyl die volk daar in veragting gestaan en toekyk het, het hulle geestelike leiers Hom uitgejou en maak hulle ‘n bespotting van Hom deur na Jesus


Gaan Na Inhoud

te verwys as "**die Christus wat deur God uitverkies is**". As hulle maar net geweet het hoe absoluut waar hulle bespotting was.......

Om sout in Jesus se wonde te vryf, koggel die soldate: "**As jy die koning van die Jode is, red jouself!**" Hoe verskriklik seer moes dit nie gemaak het nie, want Jesus het geweet dat slegs 'n enkele woordjie van Hom genoeg sou wees om Hom van hierdie ondraaglike situasie te red, maar as Hy dit sou doen, sou alles tevergeefs gewees het - sou God se reddingsplan totaal opgemors gewees het. Hy moes deurdruk en die volle prys betaal, al kos dit dan ook Sy kosbare lewe. Net om nog so 'n laaste spyker in te slaan, word daar 'n haastige "amptelike" kennisgewing aan Sy kruis aangebring: "**Dit is die Koning van die Jode**". Hieroor was die Jode nie gelukkig met hulle "bondgenote" nie, want hulle wou ten alle koste hulleself van Hom distansiëer.

Iets wat 'n mens se hare laat regop staan, is die feit dat die Joodse Godsdienstige leiers en die afgodsdienende Romeinse owerheid saamgewerk het om van Jesus ontslae te raak. Hulle het nie vir 'n oomblik geskroom om die goddelose se hulp in te roep nie, en sodoende met die duiwel saam te werk teen die heilige Gesalfde van God.

Ons mag nooit, óóit vir 'n enkele oomblik vergeet hoeveel Jesus opgeoffer het vir ons sondes nie. Ons durf nie Jesus se opoffering sommer so aanvaar as iets wat maar net gebeur het nie. Die prys wat Hy betaal het, was baie, báie groter as

wat ons menslike verstand óóit sal begryp. Ons is dúúr gekoop! En om daardie rede kan ons nie anders nie as om ‘n lewe van dankbaarheid te leef vir Hom wat so verskriklik baie vir ons gedoen het. Ons durf nie toelaat dat sonde ons lewe besoedel nie, maar die grootste is dat ons Jesus se liefde ten volle moet uitleef. Hy het die grootste liefdesdaad óóit gedoen, en die minste wat ek en jy kan doen, is om ‘n bietjie van daardie liefde terug te ploeg in ons verhouding met God en ons medemens.

Gebed:

Here, U liefde vir my was so groot - hoe sal ek ooit iets daarvoor terug kan gee?

## Twee Misdadigers - Een Belofte

## Lukas 23:39-43

Regdeur Jesus se bediening sien ons dat die slim manne wat ‘n grondige kennis het van die Woord, Jesus verwerp. Dit is nie oor hulle kennis dat Hy verwerp is nie, maar omdat hulle verwagting van die Christus iets héél anders was as wat hulle gekry het. Hulle het in die Messias ‘n groot, sterk leier gesoek wat die Wet van Moses tot in die fynste detail uitleef. Die Messias wat hulle egter hier te siene gekry het was ‘n Dienskneg en ‘n Vriend van sondaars. Hulle kon dit nie verwerk nie! Hulle het heeltemal te hoog probeer dink. Dikwels was dit dan ook die eenvoudige mense wat eg kinderlik vir Jesus as Messias herken en geglo het.

Terwyl Jesus aan die kruis hang, sien ons dan ook al die geleerde manne al spottende daar staan. Ek dink dat hulle vir mekaar gesê het “Ja, ek het jou mos gesê! Nou wys hierdie sogenaamde Messias Sy ware kleure! Al Sy wonderwerke was net oëverblindery.”

Weerskante van Jesus het veroordeelde misdadigers gehang. Die een het in sy laaste sterwensuur saam met die geleerde manne gespot: “Toe, Jy is mos die Christus - red Jouself en dan kan Jy ons twee ook sommer red!”

‘n Mens staan egter stom van verbasing as jy die geweldige insig sien van die ander misdadiger - iemand wat lelik gesondig het en nou boet vir sy dade. Hy het egter besef dat

dit wat hy gedoen het verkeerd was: “Is jy nie bang vir God nie?” berispe hy sy mede-veroordeelde. Hy besef sy verlorenheid, en dat hy op pad is na die ewige verdoemenis. Hy erken ruiterlik daar waar hy hang dat hy verkeerd was, en dat hy die straf wat hy hier kry verdien het. Maar dan kom sy verstommende insig: “Hierdie Man het niks verkeerds gedoen nie”, sê hy oor Jesus. Ek dink nie dat hy werklik die omvang van hierdie opmerking ten volle besef het nie, want Jesus was die enigste mens wat dit óóit kon regkry om totaal sondeloos te lewe. Selfs die heiligstes onder ons sondig daagliks.

En dan kom sy versoek - een wat waarskynlik die geleerde manne daar onder tot in hulle fondamente geskud het: “Jesus, dink aan my wanneer U in u Koninkryk kom.”

Hierdie man sien hoe sy lewenssappe stadig besig is om te dreineer. Die dood staan grynslaggend vir hom en wink. Langs hom hang Jesus, en ook vir Hom staan die poorte van die doderyk reeds wawyd oop. Tóg sien hierdie rower nie die dood (of ten minste Jesus se dood) as die einde nie, maar eerder as die poort na ‘n lewe van heerlikheid en heerskappy. Jesus is op pad na Sy Koninkryk - dit is so eenvoudig soos dit!

Maar dit is nie al nie: in sy eenvoud redeneer hy dat as (nee, wanneer!) Jesus dan in Sy Koninkryk kom, dan is dit nog steeds nie te laat vir hom, die misdadiger nie, want Jesus kan hom mos nog steeds red van die verderf. “Jesus, dink aan

my....", is sy versugting, sy hoop.

Ja, en Paulus hét immers gesê: "die hoop beskaam nie" (Rom. 5:5). En ook hier het die arme man se hoop nie beskaam nie, want Jesus se antwoord aan hom was dat hy verseker kan wees daarvan dat hy nog dieselfde dag saam met Jesus in die paradys sou wees. Dit was 'n belofte van lewe- **PARADYS** lewe- wat Jesus vir die man gegee het, in die aangesig van die dood.

Ons lewe in 'n tyd waar mense alle hoop verloor het. Die dood is die einde van die pad. Die Sadduseërs, van die kerkleiers wat daar by die kruis vir Jesus staan en spot het, het dit al geglo. Hulle het gesê dat daar geen lewe na die dood is nie. Vandag is daar steeds talle skeptiese mense wat so glo. Waarvoor lewe 'n mens dan as daar geen toekoms is nie? Wat is die doel van alles? Daarom is hierdie wonderlike trooswoorde van Jesus aan die veroordeelde aan die kruis, ook vandag vir my en jou soos die heerlikste reukolie.

En let wel: Jesus het nie vir hom gesê dat hy eendag (in die toekoms) daar sou uitkom nie, maar "vandag", hier en nou. In Joh 3:36 is daar vir ons opgeteken: "Wie in die Seun glo, **HET** die ewige lewe". 'n Gelowige het **ALREEDS** die ewige lewe! Hy sal dit nie eendag in die toekoms eers kry nie, maar het dit rééds gekry op die dag van sy wedergeboorte. Ja, hier is dit nog onvolmaak, maar die oomblik wanneer ons deur die poorte van die dood stap word dit 'n volmaakte lewe, oombliklik getransformeer. Hoe presies dit gebeur, en hoe

ons lyk wanneer dit gebeur, weet ons nie. Maar Jesus se beskrywing van ‘n “paradys”, skilder alreeds vir ons ‘n prentjie van absolute volmaaktheid, soos die paradys waar Adam en Eva gewoon het. Die verskil is dat die duiwel in hulle paradys ingesluip het, maar die nuwe paradys is sonder die teenwoordigheid van die verleier. O, ek kan nie wag vir daardie dag nie!

Gebed:

Here, dankie vir die wonderlike beloftes wat U vir ons gee, en dat U selfs aan die kruis nie opgehou het om liefde en genade en beloftes uit te deel nie.

## Jesus Sterf

## Lukas 23:44-49

Twee dramatiese dinge gebeur kort voor Jesus se dood. Die eerste is toe daar skielik duisternis oor die land toesak. "'n gewone sonsverduistering!" sou jy dalk kon sê. Dalk, maar die tydsberekening van hierdie "sonsverduistering" was absoluut perfek. Dit het die hele land geraak, en simbolies het dit vir die volk gesê dat God Sy lig oor die Volk van God uitgedoof het. Hoe verskriklik! Vir 'n volle drie ure hou hierdie duisternis aan - hou die son op om te skyn oor die land.

'n Mens kan baie in hierdie gebeurtenis lees. Wou God dalk simbolies daarmee sê dat Hy hiermee die lig van Sy teenwoordigheid van Sy volk onttrek het omdat hulle Sy Seun verwerp het? Dalk kan ons hierin die verskriklike duisternis van die sonde lees, en die simboliese afwesigheid van God. Hoe verskriklik is die gedagte nie, dat 'n mens op 'n tydstip kan kom waar God totaal afwesig is. Dit is te afgryslik om eers aan te dink, want dit is dáár waar die Bose oorheers. Waarom dink jy is Sataniste so lief vir swart? En waarom gebeur hulle byeenkomste in die nag? Dit simboliseer natuurlik God se afwesigheid.

Wat ookal die simboliek van hierdie duisternis - dit het die volk aan die hart gegryp. Ek dink dat dit baie mense terug geruk het na die werklikheid, en dat hulle besef het dat dit wat hulle so pas gedoen het bitter baie verkeerd is.

Maar terselfdertyd gebeur daar ‘n tweede wonder: die voorhangsel skeur. In die tempel was daar ‘n swaar gordyn wat permanent gehang het tussen die Heilige en die Allerheiligste. Slegs die Hoëpriester was toegelaat om agter hierdie gordyn in te gaan, en dan ook slegs een keer per jaar. Simbolies het die gordyn beteken dat dit die skeiding was tussen mens en God, want agter hierdie gordyn was Sy “woonplek”. Vir die volk van Israel was hierdie Allerheiligste baie kosbaar, want dit het beteken dat God met hulle was.

Toe daardie gordyn dus skeur, is dit vir hierdie volk ‘n verskriklike ramp, want skielik is God nie meer agter die gordyn in hulle midde nie. Matteus skryf in sy Evangelie dat die gordyn van bo na onder geskeur het. Dit wil die feit nog verder beklemtoon dat dit ‘n “daad van Bo” was, en dat God persoonlik hierdie gordyn kom skeur het.

Wat egter vir die Joodse volk ‘n ramp was, sien ons as gelowiges vandag in ‘n totaal ander lig. Dit was nie ‘n negatiewe handeling van God nie, maar eerder ‘n positiewe handeling. In die eerste plek sien ons daarin dat God in volle beheer was van die situasie. Dit is Hý wat die inisiatief geneem het om die gordyn te skeur. Tweedens sien ons hierin dat Hy nou nie meer eksklusief net vir die volk Israel ‘n God is nie, maar dat toegang tot Hom nou oopgestel (oopgeskeur) is aan almal wat Hom wil aanbid. Die derde wonderlike simboliek wat ons hierin sien is dat daar nou nie meer ‘n skeiding is tussen God en die mens nie, want Hy het

die inisiatief geneem om hierdie swaar skeidingsgordyn vir ewig weg te skeur. Nou het ons vrye toegang tot God.

Nadat hierdie dinge gebeur het, roep Jesus hard uit: “Vader, in U hande gee Ek my gees oor!”

Toe sterf Hy.

Tot op die laaste oomblik is Jesus ten volle gehoorsaam aan God, en voer Hy die wil van God uit.

Selfs die geharde Romeinse offisier, wat seker al duisende mense sien sterf het, is aangegryp deur die gebeure, soveel so dat hy God prys en verklaar dat Jesus waarlik onskuldig (regverdig) was. Hoe kan dit anders, want al die tekens uit die hemel wys dit dan!

Die mense wat daar saamgedrom het, was verslae. In die nuwe vertaling staan daar dat die mense teruggegaan het terwyl hulle op hulle bors geslaan het. Dit was ‘n teken van berou oor dit wat hulle toegelaat het om te gebeur. “Wat het ons tog gedoen!” moes menige Jood sekerlik daardie droewige middag vir homself afgevra het. Dit was ‘n bitter donker dag vir die ganse Israel. Die volk van God het God verwerp, en nou het God getoon deur Sy wonderhandelinge dat Hy ook die volk verwerp het.

Maar Jesus se vriende, Petrus en die ander, was ook iewers daar naby. Op ‘n afstand het hulle al die verskriklike gebeure dopgehou. Hulle het alles gesien gebeur. Hulle was ooggetuies van God se handelinge en van Jesus se kruisiging


_Gaan Na Inhoud

en Sy dood. Op daardie oomblik het hulle nie geweet wat om daarmee te doen nie. Hulle was totaal verslae, allen en bitter verward.

Maar later, toe die volle werklikheid eers tot hulle deurgedring het, het hulle kragtige getuies geword, en die blye nuus van Jesus se versoening en verlossing wêreldwyd verkondig. Hulle het dit wyd en syd uitbasuin. Ek en jy is ook getuies van hierdie gebeure. Ons leer dit immers uit die wonderlike Woord van God, en ons het dus ook ‘n verantwoordelikheid om nie te swyg daaroor nie. As gelowiges is dit ons taak om die blye nuus van die Evangelie uit te basuin.

Gebed:

Here, ek durf nie stilbly oor hierdie dinge nie - gee my die moed en ywer om te vertel.

# Josef van Arimatea

## Lukas 23:50-56

‘n Droewige einde van ‘n bitter lang, traumatiese en dramatiese dag - Jesus se begrafnis. Droewig, want nie eers sy vriende was by om Hom te kom begrawe nie. As “misdadiger” sou Jesus se liggaam in ‘n massagraf beland het, en daarmee wou die dissipels hulle seker nie vereenselwig nie. Hulle was magteloos, herderloos, moedeloos, en ek dink hulle het hulpeloos na hulle huise verdwyn, wetende dat alles verlore is. Hierdie droom van hulle het in die allerverskriklikste nagmerrie tot ‘n plotselinge einde gekom. Ja, Jesus het hulle vooraf gewaarsku dat dit sou gebeur, maar niemand was voorbereid op die afgryslike, traumatiese manier waarop alles sou eindig nie.

Maar weereens het God Self voorsien - hierdie slag uit sekerlik die mees onverwagte en onwaarskynlike oord, die einste Joodse Raad wat Jesus laat teregstel het. In ‘n sekere Joodse dorpie met die naam Arimatea het een van die Joodse Raadslede gewoon, sy naam: Josef. Hy het nie saamgestem met die res van sy raad oor Jesus se teregstelling nie. Lukas skryf vir ons dat hy ‘n goeie en opregte man was wat die koms van die Koninkryk van God verwag het.

As een stem in die massa, was dit vir hom gans onmoontlik om die res van die Raad tot ander insigte te oortuig, en toe

gebruik hy maar sy invloed as Raadslid om ná die kruisiging te sorg dat Jesus ten minste ‘n eerbare begrafnis kry. Josef het eintlik sy eie lewe gewaag deur na Pilatus toe te gaan om Jesus se liggaam te gaan vra. As sy kollegas hiervan sou uitvind, was dit klaarpraat met hom. Johannes skryf in sy Evangelie (Joh 19:38) dat Josef baie versigtig moes wees dat die ander raadslede nie uitvind dat hy ‘n navolger van Jesus was nie.

Volgens Matteus was Josef ‘n vermoënde man (Matt. 27:57). Hy het ‘n splinternuwe rotsgraf besit - iets wat nie baie mense beskore was nie. Die gebruik was daardie jare om iemand wat gesterf het in so ‘n graf te laat totdat al die vleis vergaan het. Daarna word die graf weer oopgemaak en die bene word in ‘n kruik gebêre.

Josef moes baie gou maak, want dit was al laat die Vrydagmiddag. Teen sononder breek die Sabbat aan, en dan kon hy absoluut niks meer doen nie. Hy het dus net ‘n uur of wat gehad om Jesus van die kruis af te kry, die lyk te versorg en in die graf te kry. Daar was nie nog tyd vir die gewone balsem en reukolies wat saam met so ‘n begrafnis gaan nie. Die vroue wat die hele dag die gebeure staan en aanskou het, het dankbaar saam met Josef gegaan, dankbaar dat hulle Meester uiteindelik tóg ‘n klein bietjie eer gekry het na hierdie verskriklike dag. Hulle was by toe Josef Jesus se liggaam in die graf neergelê het, en toe dit verseël is deur die groot klip wat voor die opening gerol is. Maria, Jesus se

moeder asook Maria Magdalena het voor die graf gestaan en baie bedroef alles aanskou.

En toe moes hulle baie haastig huistoe, want sononder (en daarmee saam die Sabbat) het aangebreek. Nou moet hulle maar geduldig wag tot die Sondagoggend voordat hulle enigsins iets verder kan doen. Hulle sal maar Saterdagaand by die huis die nodige reukolies en balsem gaan voorberei wanneer die Sabbat verby is, en wanneer die son Sondagoggend opkom, sal hulle die Meester se lyk behoorlik gaan versorg.

Dit was seker die langste Sabbat óóit in daardie vroue se lewe. Om die hele dag daar te moes sit en wag, hande afgekap, want jy durf absoluut niks doen nie, was senutergend. En intussen begin ontstellende gerugte die rondte doen, dat die verfoeilike priesterhoofde besluit het om hulle Meester se graf te laat bewaak deur Romeinse soldate, sodat niemand by Jesus se lyk kan kom nie. Die verskriklike bekommernis het aan die vroue gevreet: "Wat gaan ons doen? Wie gaan ons help om die klip weg te rol? Waar is Jesus se dissipels? Gaan die wagte ons ooit toelaat om die lyk te versorg?" Vrae, vrae, vrae! Kwellinge wat hulle opgevreet het.

God het op 'n wonderbaarlike wyse voorsien deur Josef van Arimatea op nét die regte oomblik te stuur. Maar die grootste verrassing van almal het nog op hierdie vroue gewag daardie Sondagoggend, want wat by daardie graf aan



Gaan Na Inhoud

die gebeur was, was totaal bokant enige mens se verstand. Nie die vroue nie, ook nie die geharde soldate of selfs Jesus se intieme vriende aan wie Hy hierdie dinge voorspel het, was voorbereid op die gebeure van Paas Sondag nie.

Dikwels is dit juis wanneer dinge vir ons die héél donkerste lyk en dit voel asof ons wêreld tot ‘n einde gekom het, wat die lig aan die anderkant op sy helderste skyn. En dan kry ons die verrassing van ons lewe! Persoonlik het ek dit al vele kere ondervind, en dan kan ek maar net in aanbidding neerval en weereens erken dat God baie groter is as die eer wat ek aan Hom gee. Aan Hom kom toe ál die lof en die eer en die aanbidding, want Hy is baie, báie groter as wat ons verstand kan begryp.

Gebed:

Here, waar ons vanoggend voor Jesus se graf staan, kan ons maar net jubel dat daardie graf leeg is en dat Hy lééf!

# Hy het Waarlik Opgestaan!

## Lukas 24:1-12

Ons haak dikwels vas by Jesus se kruisiging, en nét soos die dissipels, dink ons dat dit die einde van die pad is. Vir 'n klompie moderne teoloë is dit dan ook waar Jesus se lewe eindig, want hulle reken dat die opstandingsverhaal 'n mite is, en dat dit slegs in die dissipels se harte gebeur het. Hoe ver is hierdie mense nie van die waarheid af nie!

Persoonlik sien ek die opstandingsverhaal nie as die einde van Lukas se Evangelie nie, maar eerder as die begin van sy Handelinge-verhaal, want dit is waar die kerk sy oorsprong gehad het.

Dit was die Sondagmôre nog bitter vroeg toe die drie vroue, Maria Magdalena, Johanna en Maria (Jakobus se ma), al weg is graf toe om te gaan doen wat hulle Vrydagmiddag al wou gedoen het. Hulle moet hulle gestorwe Meester se lyk gaan versorg. Dit is tog so ironies, dat hulle alles gehoor het wat Hy gesê het – óók dat Hy op die derde dag sou opstaan, maar dit het nie ingesink nie. Só 'n groot wonderwerk was gans te groot vir hulle verstandjies (dis vandag steeds te groot vir 'n paar geleerde manne se verstandjies!)

Met hulle reukolies en mirre stap hulle al huilende na Josef se graf wat hy so goedgunstiglik vir Jesus aangebied het.

En dan die verskriklike skok! Die klip is voor die graf weggerol! Haastig hardloop hulle daarheen, en nog groter is

die skok as hulle sien dat die graf leeg is. “Iemand het ons geliefde Meester se lyk gesteel!” maal dit deur hulle koppe. So groot is die skok, dat hulle nie eers die twee on-aardse wesens sien wat by die graf staan nie - manne met skitterblink klere aan.

Skielik merk die vroue die twee engele, en hulle skrik vir hulle skoon in ‘n ander geloof in. En toe verduidelik die engele omslagtig van Jesus se woorde: dat Hy immers vir hulle gesê het dat Hy sou sterf en dan weer sou opstaan. En dan begin hulle alles verstaan. Hulle onthou wat Jesus gesê het, en nou begin dit alles sin maak. Stadig val dit soos die blokkies van ‘n legkaart inmekaar.

Baie haastig hardloop die vroue terug om hierdie wonderlike nuus vir die ander dissipels te gaan vertel. Ek kan my voorstel hoe die drie vrouens gelyk gebabbel het, en die arme dissipels probeer sin uitmaak van wat hulle vertel. Hulle is baie opgewonde, en Petrus-hulle kan dit net eenvoudig nie verstaan nie. Wat veronderstel was om ‘n bitter droewige dag te wees, is skielik vir hierdie drie “deurmekaar” vroumense ‘n jubelfees.

Wanneer hulle uiteindelik sin maak van wat die vrouens probeer sê, dan kan hulle stééds nie glo dat hierdie dinge werklik waar is nie, en hulle maak dit af as onsin. Dit is alles een groot droom wat in die vroumense se koppe afgespeel het. Jesus is dood! Hulle het dit tog sélf met hulle eie oë gesien! Hy is begrawe. Dis verby! Alles is een groot

nagmerrie!

Vir een man het hierdie dinge nou hééltemal te veel geword. Petrus het só gewens dat dinge anders kon wees - sy verskriklike verraad teen sy geliefde Meester daardie nagmerrie-Donderdagnag. Hy sou letterlik na enige ou grashalmpie gryp om dinge te kon verander. Hierdie nuus van die vroue - hoe verregaande dit ookal mag klink - was vir Petrus ‘n opflikkerinkie van hoop. Haastig spring hy op en hardloop na die graf toe. Wat sal hy daar aantref? Die vroue het seker maar by die verkeerde graf uitgekom! Dit maal deur sy verwarde gemoed. As dit tog maar net waar kan wees. Sê nou maar net....... Die gevolge van ‘n opstanding (as dit ooit moontlik kan wees) is te groot vir sy verwarde verstand om te verwerk.

As Petrus nog ver van die graf af is, gee sy hart ‘n wilde sprong. “Dit is dan tóg waar!” besef hy skielik met ‘n skok. Met bewende knieë strompel hy die laaste treë tot by die oop graf. Sy hele liggaam bewe as hy vooroor buk om by die klipgat in te loer. Binne sien hy die doeke lê, die doeke wat Josef spesiaal gaan koop het om Jesus in toe te draai. Verder is daar niks, géén liggaam nie. Niemand sal tog so mal wees om ‘n lyk te steel, en die doeke waarin dit toegedraai is net daar los nie!

Uitasem hardloop Petrus terug om die nuus met die ander te gaan deel. Hy weet nog nie mooi wat om hiermee te maak nie. Dit is hééltemal te groot vir sy verwarde verstand om te



Gaan Na Inhoud

begryp. Waar sy Meester is, weet hy nie, maar wat hy wél weet is dat Jesus nie dood is nie: Hy léwe! Hy het wáárlik opgestaan!

Raak jy nog opgewonde oor Jesus se opstanding? Is Paas Sondag nog vir jou 'n dag van jubeling en borrelende blydskap? Baie mense is vandag skepties oor hierdie gebeure, maar die feit is dat niemand (nie eers die heidene nie!) praat van "oorlede" Jesus nie. Hiermee word selfs die mees skeptiese persoon gedwing om te erken dat Jesus lééf, en dat Hy waarlik opgestaan het. Vir ons as gelowiges beteken dit nog soveel meer, want dit beteken dat Jesus, soos Hy belowe het, vandag, hier en nou, by ons is!

Gebed:

Dankie, dankie, dankie Jesus, dat U gedoen het soos U belowe het, en dat U nie alleen lewe nie maar 'n lewende verhouding met ons het.

# Die Pad na Emmaus

## Lukas 24:13-35

Twee droewige manne is op pad. Dit is Sondagmiddag, en hulle harte is baie swaar waar hulle loop en gesels oor die verskriklike en uiters onverstaanbare dinge wat die afgelope paar dae gebeur het. Eers was dit Jesus, die Meester wat hulle die afgelope ruk gevolg het, wat deur die Joodse leiers gevang en tereggestel is, en toe, vanoggend die verskriklike ontstellende nuus dat Sy liggaam nou ook onverklaarbaar verdwyn het. Hulle verstaan hierdie dinge net eenvoudig nie. Dit maak gládnie sin nie! Niks maak meer sin nie!

Kleopas en sy vriend het sulke hoë aspirasies gehad. Hierdie Messias was die Een - so het hulle tenminste gedink - wat hulle sou verlos van die Romeinse oorheersing. Daardie dag toe hulle Jerusalem triomfantlik binnemarsjeer het - was dit nie wonderlik nie! Maar toe begin dinge skeefloop, en die kerkleiers het al heftiger teen die Messias begin reageer.

Enkele dae later verkrummel al hulle drome toe Hy gevange geneem word en soos ‘n misdadiger aan die vloekhout-kruis sterf. En nou, vanoggend se ontstellende gebeure! ‘n Paar vroue het vertel dat hulle engele gesien het wat glo vir hulle sou vertel het dat Jesus opgestaan het. Verbeel jou! Hulle was seker so ontsteld oor die leë graf dat hulle vir hulle dinge begin verbeel het! Petrus en Johannes het ook gaan kyk na die graf, en die onverklaarbare ding is dat hulle die doeke gekry het waarin Jesus toegedraai was. Waarom sou

enigiemand die liggaam vat sonder die doeke? Hulle kan dit net eenvoudig nie verstaan nie!

Hierdie dinge het die twee manne só ontstel dat hulle besluit het om liewer uit Jerusalem pad te gee. Hulle bestemming is die dorpie Emmaus, sowat drie ure se stap van Jerusalem af. Hulle het alle hoop verloor, en nou onttrek hulle hulle maar aan die groep gelowiges wat nog hardnekkig vasbyt.

En toe kom Jesus by!

Die Here het eers die twee manne se oë toegemaak sodat hulle nie vir Jesus herken het nie, en toe Hy hulle uitvra oor die bekommernis op hulle gesigte, wil hulle weet of Hy dan die enigste vreemdeling in Jerusalem is? Almal weet tog van die afgelope naweek se gebeure! Dit was voorbladnuus in al die koerante! (sic!?)

Maar weldra kom hulle agter dat hierdie "Vreemdeling" baie meer weet as wat Hy voorgee, want Hy verduidelik vir hulle uit die voorgeskiedenis uit presies hoe hierdie Messias-ding werk, en waar hulle Meester in die prentjie ingepas het. Hy verduidelik vir hulle van al die profete se voorspellings en hoe dit heengewys het op Jesus, en dat Hy waarlik die Messias, die Christus is. Toe hulle weer sien, is dit al skemer, en toe is hulle ook al by Emmaus.

Dan toets Jesus hulle en Hy maak asof Hy verder wil gaan. Hulle slaag die toets, en die "Vreemdeling" word uitgenooi om saam te kom eet en sommer daar te oornag ook by


_Gaan Na Inhoud

hulle. Wat was hulle motief? Was dit maar net gasvryheid wat hulle gedring het om Hom uit te nooi? Of was dit dalk omdat hulle nog meer wou weet - nog meer wou hoor van hierdie wonderlike dinge wat hierdie vreemde Man vir hulle vertel het? Wat ookal die geval, hierdie Man het veroorsaak dat hulle harte warm geword het, letterlik gegloei het, want skielik het hulle begin verstaan van Jesus.

En dan gebeur nog ‘n onverstaanbare ding: Jesus is hulle gas vir die aand, maar aan tafel tree Hy op as die Gasheer! Hy is die Een wat die brood breek en uitdeel. En skielik herken hulle Jesus! Die skille val letterlik van hulle oë af. En dan eensklaps verdwyn Hy net. Maar Jesus se Goddelike teenwoordigheid by hulle, al kan hulle Hom nie meer sien nie, versterk hulle geloof in so ‘n mate, dat hulle net daar en dan opspring en haastig in die donker nag die pad terug na Jerusalem toe hardloop om die nuus te gaan deel met die ander dissipels.

Hulle is opgewonde! Sulke wonderlike nuus mag nie eers bly tot die volgende dag nie. Terug in Jerusalem word hulle begroet met ‘n ewe-opgewonde dissipelkring: “Die Here het regtig opgestaan!” word hulle meegedeel, nog voor hulle eers hulle eie wonderlike verhaal kan vertel. Petrus vertel hulle hoedat Jesus aan hom verskyn het!

Dit is alreeds 2000 jaar later, en ek is steeds opgewonde oor Jesus se opstanding. Daardie “kraakvars” nuus word steeds opgewonde oorvertel deur ‘n skare van gelowiges. Dit

behoort by elkeen van ons ‘n obsessie te wees om dit oor en oor te vertel aan almal wat oor ons pad kom.

Gebed:

Here, ek is vanoggend saam met die Emmausgangers opgewonde oor U opstanding. Jesus leef waarlik! Ek wil dit uitskreeu vir die ganse wêreld!

## Jesus Is Hier!

## Lukas 24:36-49

Kleopas en sy maat het die stukkie pad tussen Emmaus en Jerusalem sekerlik in 'n rekordtyd afgelê, want die nuus wat hulle aan die ander gelowiges moes oordra, kon nie wag nie. Almal moes dadelik daarvan weet. Wanneer hulle by die huis aankom waar die ander dissipels daardie Sondagaand bymekaar was, vertel hulle opgewonde van hulle ontmoeting met Jesus. "Hy leef!" is hulle boodskap, "Jesus het waarlik opgestaan!" Elke klein detail van hulle ondervinding daar op die pad tussen Jerusalem en Emmaus word bespreek en oor en oor vertel. Dit was die grootste ondervinding óóit in hierdie twee manne se lewe. "Hoe brandend was ons harte nie!" vertel hulle.

Terwyl hulle nog besig is om oor hierdie dinge te gesels, hoor hulle die bekende, vriendelike stem van Jesus tussen hulle: "Vrede vir julle!" En daar staan Hy! In lewende lywe staan Jesus tussen hulle. Kan jy jou die skok indink van hierdie mense? Petrus het alreeds vir Jesus gesien, en Kleopas-hulle het 'n middag saam met Hom deurgebring, maar steeds is dit so verskriklik onwerklik. Net drie dae tevore het hulle Hom sélf daar aan die kruis sien hang, en het hulle met hulle eie oë aanskou hoe Hy dood is. En nou staan Hy hier saam met hulle! Is dit 'n Gees? Die manne het gebewe van angs!

Jesus het maar al te goed verstaan hoe hulle moes voel, want hier het hulle skielik die wêreld van die totaal-

onbekende betree. En vir enige mens sou dit skrikwekkend wees. Daarom stel Hy hulle gerus, en Hy verseker hulle dat Hy nog presies dieselfde Jesus is wat hulle onthou - dat Hy steeds ‘n liggaam het waaraan hulle kan vat. Hy eet selfs voor hulle oë ‘n stukkie gebakte vis. Geen spook is tot sulke dinge in staat nie!

Dan begin Jesus vir hulle te verduidelik van die volle betekenis van alles wat hulle die afgelope paar dae beleef het. Hy verduidelik waarom Hy móés sterf (om te betaal vir hulle sondes) en waarom Hy weer moes opstaan uit die dood. Nie alleen gee Jesus ‘n kort verduideliking nie, maar Hy wys hulle uit die Skrif (die Ou Testament) waar al hierdie dinge haarfyn voorspel is deur die verskillende profete. Die verhaal van Jesus loop soos ‘n goue draad regdeur die ganse Ou Testament, van die eerste hoofstuk in Genesis met die skeppingsverhaal tot met die heel laaste boek. As ons met oop oë die Ou Testament lees, sal ons Jesus duidelik daarin herken! Ds. Danie Haasbroek het ‘n boek geskryf met die titel: “Die Wonder van Jesus in die Ou Testament”, waar hy die sluier lig oor Jesus. Jesus kom nie alleen in profesieë voor nie, maar soms het Hy ook Persoonlik in die Ou Testament aan mense verskyn.

In die drie jaar wat die dissipels saam met Jesus was, kon hulle steeds nie verstaan waaroor dit alles gegaan het nie. As hulle geweet het, sou hulle dinge dalk baie anders benader het, en dit sou Jesus se versoeningswerk in die wiele gery

het. Maar nou dat Sy werk afgehandel is, maak Hy hulle verstand oop sodat hulle kan begryp. Skielik is dit asof ‘n helder lig vir hulle opgaan, en hulle verstaan van die vergewing van sondes en Jesus se versoening en alles wat Jesus nog die hele tyd vir hulle gesê het.

Maar dan verduidelik Jesus ook dat alles nog nie hééltemal klaar afgehandel is nie, en dat daar ‘n wonderlike verrassing op hulle wag. Hy gaan vir hulle ‘n “Gawe” gee, maar daarvoor moet hulle geduldig hier in Jerusalem bly wag. Ek dink nie die dissipels het ooit in hulle wildste drome kon dink wat die geweldige omvang van hierdie “Gawe” sou wees nie. Ons lees later in Handelinge dat Lukas beskryf hoe daardie beloofde “Gawe” op Pinksterdag aan die dissipels uitgedeel is. Daardie dag het die Heilige Gees in volle glorie die harte en lewens van almal daar teenwoordig kom vervul, en hulle toegerus met ongekende en onbeperkte krag en wysheid. Hy het lewens totaal kom verander en opgehef tot groot hoogtes.

Die wonder is dat daardie selfde Heilige Gees vandag steeds met ons as gelowiges is, en dat Hy ons vandag steeds toerus en vul met presies dieselfde krag en wysheid wat die gelowiges daardie tyd ondervind het.

Die klein handjievol mense wat daardie aand bymekaar was, was op die punt om moedeloos uitmekaar te spat. Kleopas-hulle was al klaar op pad, en ons weet ook dat Thomas daardie aand ook alreeds nie meer by was nie. Jesus het

egter ‘n verskil kom maak, en skielik het hulle nuwe hoop gekry. Uiteindelik, ‘n maand of wat later, was daar nie minder nie as drieduisend van hulle bymekaar op Pinksterdag toe die beloofde “Gawe” gegee is. Die entoesiasme van die klein handjievol mense was aansteeklik.

Dit is die soort van reaksie wat my en jou lewe ook moet uitlok- dat ons entoesiame oor Jesus so aansteeklik sal wees dat almal sal wil meedoen.

Gebed:

Here, dankie dat Jesus in my lewe gekom het en ‘n verskil gemaak het. Help my om dit entoesiasties uit te leef.

# Die Hemelvaart

## Lukas 24:50-53

Vir meer as vyf maande het jy saam met my hierdie pad gestap wat Lukas met soveel deernis beskryf het. Die verhaal is natuurlik aan my welbekend, en sekerlik vir jou ook, want ons het hierdie boek al talle kere deurgelees. Nogtans was elke perikoop weereens vir my kraakvars en nuut, en ek het elke tree deur die boek terdeë geniet. Ek hoop dat dit vir jou dieselfde was. Ja, daar was bitter pynlike dae en tye wat jy wil skreeu: "Hoe onregverdig!" Maar as jy deur die afgelope vyf maande toegelaat het dat die Heilige Gees met jou praat deur Lukas, dan sou jy verryk gewees het met elke perikoop waardeur ons geloop het.

Aan die begin van Lukas se boek skryf hy aan die hooggeagte Teofilus: "Ek het dit goedgedink om self alles van voor af te ondersoek en die verhaal noukeurig in die regte volgorde neer te skryf. So kan u te wete kom dat die dinge waaroor u onderrig is, heeltemal betroubaar is."

Lukas het baie deeglik navorsing gedoen voordat hy hierdie verhaal opgeteken het, en regdeur die boek staan 'n mens verstom oor die detail waarin hy dikwels die insidente beskryf, al het hy die dinge nie self meegemaak nie. Die boek is veertig jaar na Jusus se kruisiging geskryf, en hy moes skryf soos wat ooggetuies dit vir hom vertel het. Die belangrikste is egter die geweldige groot rol wat die Heilige Gees gespeel het in die skryf van hierdie verhaal. Lukas het geweet wat om

te skryf, want hy was bereid om te luister na die onhoorbare stem van die Heilige Gees.

Aan die einde van Lukas se verhaal, vertel hy hoe Jesus die dissipels uit die stad uitgelei het na die nabygeleë dorpie, Betanië, waar Hy hulle geseën het en toe van hulle af weggegaan het toe Hy in die hemel opgeneem is. Afskeid is altyd ‘n baie droewige ding, maar in hierdie geval beskryf Lukas nie ‘n hartseer prentjie nie, maar een gevul met blydskap. Hy vertel dat die dissipels Jesus aanbid het. Wanneer ons Lukas se boek deurlees, sien ons dat hierdie woord "aanbid" alleen gebruik word wanneer iemand God aanbid. Waarom aanbid hulle nou skielik vir Jesus?

Jy sal onthou dat Jesus in die vorige episode hierdie dissipels se geestesoë oopgemaak het sodat hulle kon verstaan waaroor dit alles gegaan het. Hier moes hulle sékerlik tot die slotsom gekom het dat Jesus nie alleen maar die "Profeet" was wat baie mense gedink het Hy is nie - ook nie maar net ‘n Wonderwerker nie. Jesus is die Seun van die Lewende God, die tweede Persoon van die Goddelike Drie-eenheid. Jesus was nie Iemand wat so pas 33 jaar gelede gebeur het nie, maar Hy was daar van die héél begin af. In Genesis 1:26 staan daar dat God gesê het: "Kom Ons maak die mens as Ons verteenwoordiger". Die "Ons" waarvan hier gepraat word is die Vader, Seun en Heilige Gees. Jesus was dus mede-Skepper. Hy is God, en daarom aanbid hulle Hom!

Iets anders wat ons opval in hierdie perikoop, is dat hierdie

manne “met groot blydskap” terug is na Jerusalem. Hulle was nie bedroef nie, want alhoewel hulle die Meester nie meer fisies kon sien nie, was die wonderlike wete daar dat Hy steeds by hulle is. In Matteus 28:20 lees ons dat Jesus vir hulle by hierdie geleentheid gesê het: “Onthou: Ek is met julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.” Die dissipels is propvol vreugde, want Jesus leef!

Lukas se verhaal het by die tempel begin toe die bejaarde ou Sagaria van God gehoor het dat Johannes gebore sou word. Nou eindig die verhaal weereens by die tempel, waar die dissipels gereeld bymekaar kom om te aanbid en God te prys. Deurgaans speel Jerusalem en die tempel as middelpunt van aanbidding ‘n baie belangrike rol in Lukas se verhaal.

Lukas kom nou aan die einde van sy verhaal van Jesus. Maar dit is gladnie waar dit eindig nie, want hy is klaar besig met ‘n splinternuwe verhaal: Handelinge. Die einde is dit beslis nie! Hierdie is eintlik maar net die begin, want hier by die tempel, waar die dissipels geduldig wag op die belofte wat Jesus gegee het, staan die kerk in sy babaskoentjies. ‘n Spanning bou op vir reuse dinge wat binnekort gaan gebeur.

Die hemelvaart is vir die wêreld onverstaanbaar en dus onaanvaarbaar - ’n mite wat in die gedagtes van Christene leef. Vir ons as gelowiges is daar egter ’n ander werklikheid. Jesus lééf! Maar nie alleen leef Hy nie, maar Hy het opgevaar na die hemel waar Hy regeer! Wanneer die angste en

droefheid en pyn wat die lewe dikwels vir ons gee, besig is om ons onder te kry, moet hierdie wonderlike gedagte vir ons troos en hoop en krag gee. As ons terugdink oor die dinge wat ons die afgelope vyf maande van Jesus geleer het, sien ons dat swaarkry dikwels deel van God se plan is, en dat al verstaan ons nie dan wat die rede is nie, ons met vreugde kan besef dat Hy in beheer is en dat Hy steeds regeer, en dat Hy op die regte tyd en oomblik sal ingryp om Sy wonderlike (dikwels onverstaanbare) wil te bereik. En dan die ongelooflike wete, dat al is Hy in die hemel, is Hy steeds hier en nou met ons!

Gebed:

Dankie Here Jesus, dat U nie weg is nie, maar dat U ook vandag hier by my is.



Gaan Na Inhoud